

**DIE GEBRUIK VAN  
TEGNOLOGIESE MEDIA AS  
OPLEIDINGSHULPMIDDEL  
IN KUNSONDERWYS  
IN SUID-AFRIKA**

deur

**SJ VISSER**

VOORGELê TER VERVULLING VAN 'N DEEL  
VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

**MAGISTER ARTIUM**


IN DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE  
DEPARTEMENT VISUELE KUNSTE EN KUNSGESKIEDENIS  
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

**1999**



'Mag die 'son' van tegnologie help sodat ons kan weet wat die antwoorde is,'  
deur S.J. Visser, 1991 (2,5m x 1,5m)

# DIE GEBRUIK VAN TEGNOLOGIESE MEDIA AS OPLEIDINGSHULPMIDDEL IN KUNSONDERWYS IN SUID AFRIKA



'Human history becomes  
more and more a  
race between education  
and catastrophe'

HG Wells (1866-1946)  
in (Green, 1988:61)

## Voorwoord

*Drome en onrealistiese verwagtinge dat tegnologie op sigself die ontsaglike onderwysprobleme in Suid-Afrika kan oplos is algemeen. In die onderwysafdeling op Internet is die bewering gemaak dat die wêreld deur die aanwending van tegnologie tot 'n gesinskring verklein is maar dat slegs 'n baie klein gedeelte van die bevolking van die Derdewêreldlande in die tegnologiekring beweeg.*

*Ongeag die groot ontwikkelinge van soorte tegnologie, is dit belangrik om die spesifieke probleme en omstandighede in konteks te bestudeer en te verstaan sodat die regte soort tegnologiese hulpmiddels gebruik kan word. Die gebruik van die rekenaar as opleidingshulpmiddel in die skoolsisteem, het die film en video tot 'n groot mate vervang. Om op 'n afgeleë gebied rekenaargeletterd te raak, herstelwerk en instelwerk te laat doen, sagteware te bekom en reg te gebruik, kan gedoen word. Dit verg egter 'n individu met geloof, wilskrag, moed, aanhou- en uithou vermoë en die bereidwilligheid om ook soms finansieel uit eie fondse hydraes te maak tot die opleidingstaak in Suid-Afrika. Die gebruik van televisie en video bly steeds 'n effektiewe hulpmiddel in die onderwys.*

*Die Uitkomsgebaseerde onderwys (OBE) gaan van die veronderstelling uit dat opvoeding nie die vul van 'n leë kruik is nie. Dit is slegs die aansteek van 'n vuurtjie. Daar is enkele onderwysers uit alle bevolkingsgroepe, wat op hul eie die klein kring rondom hulle sal probeer verander of verbeter ten spyte van kritiek of lof, in 'n poging om die vuurtjies aan te steek. As tegnologie tot hul beskikking is om te help sal hulle dit self koop en oppas en gebruik. As tegnologie nie beskikbaar is nie, sal hulle steeds goeie, toegewyde onderwys lewer.*

*Ons dans in 'n kring en maak onself wys,  
Maar die Geheim sit stil in die middel en swyg*  
(Robert Frost)



## **Bedankings**

*Baie dankie aan professor A Duffey van die Departement Visuele Kunste en Kunsgeeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria. Hy het kans gesien om 'n ouer persoon uit 'n verafgeleë gebied as student te aanvaar. Dankie vir geduld met die drome en denke en diskoerse van iemand wat met die Skool onder die boom (Pattatafontein), die Skool in die bos (Boshoek), Suurpapskool (Rating), die Modderskool (Sefoko), die Moeilikeidmakers (Ramolala) en die Pa van die kwaggas-skool (Radikwega) kennis gemaak het en moes leer saamwerk, saamstaan en planne maak. Dankie vir u rustige, positiewe en ondersteunende aard.*

*Dankie aan Louis Visser wat sy vrou los om te werk en met deursettingsvermoë haar bystaan!*

*Dankie aan Koos Visser wat met ongeduld en verwondering oor die onvermoë, probeer het om sy ma rekenaargeletterd te kry en vir Chrisna Visser wat vinnig en netjies kon tik.*

*Dankie aan Marlene Kromberg wat met 'n gewillige en vrolike geaardheid die laaste groot werk van afronding gedoen het.*

*Dankie aan Cecilia Bouter wat uithou om aan te hou glo dat daar hoop vir Suid-Afrika se onderwys is.*

*Dié hoop kom van Bo. Dis God wat in ons werk om te wil sowel as om te werk na Sy welbehag en doen ver bo wat ons bid of dink. Ons eer Hom daarvoor.*

***Opedra aan meneer Modimoeng***

*en al die  
skoolinspekteurs, superintendente, streeksdirekteure*

*wat onderwysers, leerkragte, fasiliteerders  
geïnspireer, motiveer en ondersteun het om  
aan te hou leer, lees en studeer*

*sodat hulle die leerders kan  
inspireer, motiveer en ondersteun  
om aan te hou leer, lees en studeer*

# INHOUDSOPGAWE

<b>Voorwoord</b>		
<b>Bedankings</b>		
<b>Lys van tabelle</b>		<b>iii</b>
<b>Lys van figure</b>		<b>iv</b>
<b>Opsomming/ Summary</b>		<b>vi</b>
<b>Hoofstuk 1</b>	<b>Oriëntering</b>	<b>1</b>
	<i>Inleiding</i>	2
	Doel- en probleemstelling	8
	Navorsingsprosedures: metodes en werkswyses	10
	Terreinafbakening/ Navorsingsgrense	11
	Aanloop en aanvanklike verloop van studie	12
<b>Hoofstuk 2</b>	<b>Onderwys en Opleiding in Suid-Afrika</b>	<b>13</b>
	<i>Inleiding</i>	14
	‘n Terugblik op die ontwikkeling in onderwys en opleiding	18
	Nuwe behoeftes en rigtings in onderwys en opleiding	22
	Afstandonderrig	26
	Onderrigruimtes	29
	Die dilemma wat kultuurverskille en verskillende denkvlakke in die onderwys meebring	32
<b>Hoofstuk 3</b>	<b>Tegnologiese Media in die Onderwys</b>	<b>37</b>
	<i>Inleiding</i>	38
	Tegnologiese media: Geskiedkundige oorsig	40
	Tegnologiese media: Gebruik en effek in huidige situasie	45
	Opleiding van onderwysers met betrekking tot gebruik van tegnologiese media	48
	Die manier van leer wat aangespoor moet word	53
	Samevattende voorstelle vir die hantering van tegnologie in die opleidingsproses	55
<b>Hoofstuk 4</b>	<b>Leerarea: Kuns en Kultuur</b>	<b>58</b>
	<i>Inleiding</i>	59
	Wesensaard van Kuns	60
	‘Nuwe’ en funksionele kuns	64



Kunsonderrig: Algemene en historiese oorsig	67
Kunsonderwys in Suid-Afrika: Huidige situasie	75

<b>Hoofstuk 5*</b>	<b>Video-gesteunde opleiding *(Praktiese navorsing)</b>	<b>82</b>
--------------------	---	-----------

<i>Inleiding</i>	83
Bekom- en beskikbaarheid van video's en kopiereg	86
Evaluering van bestaande kunsvideo's	91
Die skryf van 'n draaiboek (kunsopleidingsvideo deur navorsers)	92
Aspekte van kurrikulumontwikkeling en aanbieding van lesinhoud	97
'n Opleidingsles in Kuns met video as hulpmiddel	100
Uitgewerkte lesplan vir die les in 'lyn'	101
Doel en algemene terugvoer van vraelys (vb van vraelys)	106

<b>Hoofstuk 6*</b>	<b>Toepassing van opleidingsles *(Praktiese navorsing)</b>	<b>110</b>
--------------------	--	------------

<i>Inleiding</i>	111
Geselekteerde fokusgroepe	111
• Vroue-arbeiders: rissie-oesters, Schoongesicht	112
• SA Vroue Federasie	122
• Senior Burgers, Swartruggens	128
• Hoërskole	131
• Laerskole/ Kleuterskole	145
• Onderwysers	175
• Belangstellende persone	194

<b>Hoofstuk 7</b>	<b>Sintese</b>	<b>198</b>
-------------------	----------------	------------

<i>Inleiding</i>	199
Beantwoording van hoofvraag en subvrae	202
Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings	212

<b>Bylae</b>	<b>222</b>
--------------	------------

Bylaag 1	VERKLARING VAN EN UITBREIDING OP VERBANDHOUDENDE BEGRIPPE	223
Bylaag 2	BESKIKBARE VIDEOPROGRAMME	234
Bylaag 3	DRAAIBOEK van die kunsopleidingsvideo	235
Bylaag 4	HANDLEIDING van die video: <i>Wat is Kuns</i>	236
Bylaag 5	VRAELYS - Engelse kopie	237
Bylaag 6	BECK se denkvlakteorie	239
Bylaag 7	KURRIKULUM 2005: Verbandhoudende inligting	246
8*	VIDEOKASSET*ingehandig onder aparte omslag	247

<b>Bronnelys &amp; konsultasie-onderhoude</b>	<b>248</b>
---	------------

## LYS VAN TABELLE

- Tabel 1:** *TRADISIONELE VOORBEELD VAN 'N LESPLAN  
(In konteks van ou-bedeling-onderwys)*
- Tabel 2:** *VOORBEELD VAN 'N 'LEERERVARING' (In konteks van  
uitkomsgebaseerde onderrig)*
- Tabel 3:** *SPESEFIEKE UITKOMSTES EN ASSESSERINGSKRITERIA*
- Tabel 4:** *GESELEKTEERDE FOKUSGROEPE*
- Tabel 5:** *Die totale aantal vraelyste uitgegee en beantwoord per fokusgroep*
- Tabel 6:** *Response van fokusgroep 1: VROUE-ARBEIDERS Rissie-oesters op  
die plaas Schoongesicht (VRAELYS - AFDELING A)*
- Tabel 7:** *Response van fokusgroep 2: VROUE: SA Vroue Federasie (SAVF) &  
Vroue Landbou-unie (VRAELYS - AFDELING A)*
- Tabel 8:** *Response van fokusgroep 2: VROUE: SA Vroue Federasie (SAVF) &  
Vroue Landbou-unie (VRAELYS - AFDELING B)*
- Tabel 9:** *Response van fokusgroep 4: HOËRSKOLE: Rustenburg Ou Hoërskool (Gr 8)  
(VRAELYS - AFDELING A)*
- Tabel 10:** *Response van fokusgroep 4: HOËRSKOLE: Grenswag Hoërskool,  
Rustenburg (Gr 10 leerlinge) (VRAELYS - AFDELING A)*
- Tabel 11:** *Response van fokusgroep 4: HOËRSKOLE: Grenswag Hoërskool,  
Rustenburg (Gr 10 leerlinge) (VRAELYS - AFDELING B)*
- Tabel 12:** *Response van fokusgroep 6: ONDERWYSERS - Swart plaasskool-  
onderwysers (VRAELYS - AFDELING A)*
- Tabel 13:** *Response van fokusgroep 6: ONDERWYSERS - Swart plaasskool-  
onderwysers (VRAELYS - AFDELING B)*
- Tabel 14:** *Response van fokusgroep 6: ONDERWYSERS - Swart hoofde en OBE-  
kursusgangers in die Zeerust-distrik (VRAELYS - AFDELING A)*
- Tabel 15:** *Response van fokusgroep 6: ONDERWYSERS - Swart hoofde en OBE-  
kursusgangers in die Zeerust-distrik (VRAELYS - AFDELING B)*
- Tabel 16:** *Response van fokusgroep 6: ONDERWYSERS - Blanke onderwysers  
(VRAELYS - AFDELING A)*
- Tabel 17:** *Response van fokusgroep 6: ONDERWYSERS - Blanke onderwysers  
(VRAELYS - AFDELING B)*
- Tabel 18:** *Response van fokusgroep 7: BELANGSTELLELENDE PERSONE  
(VRAELYS - AFDELING A)*
- Tabel 19:** *Response van fokusgroep 7: BELANGSTELLELENDE PERSONE  
(VRAELYS - AFDELING B)*

## LYS VAN FIGURE

- Figuur 1a:** *Rissie-oesters in werksituasie; plaaswerker Martiens kyk na die kunsvideo*
- Figuur 1b:** *Oefentekeninge in lyn (deur rissie-oesters)*
- Figuur 1c:** *Uitkomst van die vroue-arbeiders se opleiding in kuns deur middel van 'n video - die maak van kleipotte, weefwerk om kussings oor te trek en gevefde prente op een van hul huise se mure*
- Figuur 2:** *Die besig-wees en gevolglike oefeninge in lyn na 'n kunsles in lyn: SAVFvroue*
- Figuur 3:** *Senior burgers se deelname in die kunsles en tekeninge in lyn*
- Figuur 4a:** *Lyntekeninge deur verskeie kinders na die aanbieding van 'n kunsles met opleidingsvideo en uitstalling van riete as voorbeeld van lyn in die natuur ter stimulasie en aanvulling van kunsles*
- Figuur 4b:** *Oefeninge in lyn en skaduwee (potlood op papier, swart en wit. Bestudering van been, deur Grenswag Gr 12 leerlinge, as voorbeeld van natuurlike lyn*
- Figuur 4c:** *Oefeninge in lyn (gekleurde viltpenne op wit kartonnetjies)*
- Figuur 4d:** *Wentekening aangewys in gemeenskapspolisieform-kunskompetisie*
- Figuur 4e:** *Verskeie tekening-inskrywings in gemeenskapspolisieforum-kompetisie*
- Figuur 5a:** *Gebruik van lyn in tekening met vetkryt en verf. Insettel: Indiërskoolkinders met moskee in agtergrond. 'n Seun van Swartruggens Primary wat met sy selfgemaakte griffel op 'n leiklip skryf.*
- Figuur 5c:** *Lyntekeninge gevef op speelkamer se gordyne (groepprojek:koshuiskinders)*
- Figuur 5b:** *Lyntekeninge om 'n versamelprent te vorm en tekeninge op speelkamer se gordyne (groepprojek deur koshuiskinders)*
- Figuur 5c:** *Tennishuise opgeknap (groepprojek deur tennisleerlinge)*
- Figuur 5d:** *Die opleiding in kuns dmv 'n kunsvideo en die besigwees met tekeninge met lyn as tema*
- Figuur 5e:** *Die gebruik van lyn in tekening van skoenlappers vir 'n groepprent (Radikwega-kindern)*
- Figuur 5f:** *Lyntekeninge van eie keuse deur leerlinge van Radikwega skool*
- Figuur 5g:** *Tekeninge van hulself en hul maats op die skoolbetonmuur (groepprojek: Boshhoek kinders)*
- Figuur 5h:** *Mev Juliana Meyer en leerlinge van Laerskool Boshhoek. Nuwe klaskamer in aanbou*
- Figuur 5i:** *Kleuterskoolkinders besig met tekenwerk (vetkryt, verf en elektronies)*
- Figuur 5j:** *Ongekunstelde kleutertekeninge*
- Figuur 6a:** *Mev Johanna Tumane en Moses Molefe by die eerste skoolgebou van Radikwega, Mev Hannatjie Visser en Johanna by die ou plaasopstal wat tans as skool ingerig is (1996-1999)*

**Figuur 6b:** *Mev Gertrude Modise by Laerskool Rating. Lindleyspoort Laerskool se ablusieblok en gradeklas wat oorgebly het nadat die sandsteen gedeelte verskuif is.*

**Figuur 6c:** *Mev Regina Potsane, Patattafontein plaasskool, met die skool se leerlinge*

**Figuur 6d:** *Lindleyspoort Laerskool wat in Pelgrimsrust as Golfklubhuis opgerig is*

**Figuur 6e:** *Anglikaanse Kerk (Rustenburg). Die saal word as kleuterskool gebruik.*

**Figuur 6f:** *Brakkloof skool wat in 1992 gesluit het en Mev Mabel Legoale met die leerlinge van Ramolala plaasskool*

\*\*\*

## **IN BYLAE**

**Diagram A:** *'The emergent flow of value systems development as presented by Beck'*

## OPSOMMING

### *AGTERGROND*

As 'n persoon uit 'n afgeleë plattelandse gebied wat deels in 'n Derdewêreld-kultuur beweeg, blootgestel word aan artikels en programme van die duiselingwekkende moontlikhede wat moderne tegnologie bied, kan daar baie maklik in 'n strik getrap word deur te dink dat tegnologie op sigself die uitkoms uit die probleme van armoede, agterstande en ongeletterdheid is. Dit het al soveel kere op alle terreine in ons land gebeur dat hoë ideale wel teen die werklikhede verpletter word. As die baie uiteenlopende aannames en uitsprake in die literatuur wat uit alle dele van die wêreld en in Suid-Afrika oor hierdie onderwerp beskikbaar is, bestudeer word, kan algehele verwarring in so 'n persoon se gedagte-wêreld ontstaan. Dit is soms baie moeilik om te bepaal uit watter hoek of perspektief 'n skrywer die onderwerp van tegnologie benader.<sup>1</sup> Uit blanke Suid-Afrika en uit die Westerse wêreld se oogpunt word die gebruik en invloed van tegnologie anders gesien as uit dié van 'n navorser uit Amerika wat in Botswana of Zimbabwe gewerk het. 'n Onderwyser uit 'n stedelike gebied se ervaring van tegnologie verskil van sy eweknie uit 'n landelike gebied. 'n Onderwyser in 'n plattelandse gebied sal anders gemotiveerd wees waarom en hoe hy die wêreld met tegnologie wil verbeter as die ekonoom wat deur werkskepping en finansies gedryf word. Elke persoon is egter oortuig daarvan dat hy of sy die antwoord het om van die wêreld 'n beter plek te maak as daar net aan sy gedagterigting op daardie bepaalde tyd van sy denke gestalte gegee kan word.<sup>2</sup> Om as onderwyser midde-in die realiteit van 'n grootskaalse verandering te staan is tegelykertyd opwindend en beklemmend.

### *DOELSTELLING MET PRAKTIESE UITVOERING*

Die beoefening van kuns en handwerk het deur die eeue heen 'n belangrike funksie in die kultuur en tydsbenutting van die mens vervul. In die komplekse, opwindende en problematiese tyd waarin Suid-Afrika hom tans bevind, kan 'n beter begrip van kuns en kunsbeginsels die lewenskwaliteit en tydsbenutting van al die gemeenskappe in die land bevorder. As 'n mens die tale wat immigrante praat,

---

<sup>1</sup> Beck (1994) noem agt vlakke van denke waarop mense op sekere tye van hul lewe, soms dwarsdeur hul lewe, dink en redeneer (sien Bylaag 7). As Maslow se teorie oor die hiërargie van menslike behoeftes daarmee saam in gedagte gehou word, word dit nog meer duidelik (sien Bylaag 6). Groter begrip vir die raamwerk waaruit persone probleme aanspreek, word hierdeur verkry.

<sup>2</sup> Beck (1994) sien uit 'n Amerikaanse oogpunt die wye verskeidenheid denkvlakke in Suid-Afrika as die probleem en die oplossing.

buite rekening laat, moet voorsiening gemaak word vir 11 amptelike landstale in Suid-Afrika. Om nasionale eenheid te bewerkstelling waar so baie kultuurgroepe naas mekaar bestaan, is moeilik. Kuns praat 'n algemeen-verstaanbare taal.<sup>3</sup> In kunsopleiding het 'n mens 'n bepaalde instrument wat oor taal- en kultuurgrense raakpunte het.

Die rekenaar, TV en video is media wat op die visuele vermoëns van die mens gerig is. Dit is derhalwe by uitstek geskik om kleure en beelde oor te dra wat in kuns van groot belang is. Die onderhawige studie is daarop gerig om persone uit verskillende agtergronde en kulture, deur middel van 'n video<sup>4</sup>, bloot te stel aan kunsbegrippe en kunsbeginsels. Elektroniese media word as opleidingshulpmiddel ingespan om persone uit 'n breë gemeenskapspektrum, uit verskeie beroepe, kulture en werksituasies, byvoorbeeld onderwysers, kinders, bejaardes, vroueverenigings asook arbeiders op te lei en te motiveer. Ouderdomme wissel van 4 tot 80 jaar. Almal is betrek om aan 'n videoles deel te neem en 'n opdrag te doen. Die resultate van hul besig-wees met kuns en die invloed wat hulle in hul omgewing gehad het is dopgehou.<sup>5</sup> 'n Vraelys is opgestel om dié wat die video gesien het, se opinie te monitor. 'n Tweede vraelys is aan persone wat in onderwys belangstel of in die onderwysberoep staan, gegee om hul gesindheid ten opsigte van tegnologiese media te toets. Die spesifieke navorsingsvrae wat ondersoek is het die volgende ingesluit:

- Kan hierdie mense deur middel van die video 'n beter begrip kry van die basiese kunsbeginsels?
- Sal hierdie nuutverworwe kennis help om leiding aan andere te gee om kunswerke en artikels van 'n beter kunsgehalte te skep?
- Is daar hulp en leiding deur die aanbieder van die videoprogram nodig, dit wil sê, moet die persoon wat die video vertoon 'n basiese kennis van kuns hê?
- Wat is die gevoel omtrent tegnologie in die onderwys in 1997?

---

<sup>3</sup> Kuns spreek ook die regterbrein aan wat rustigheid en gebalanseerdheid in die persoonlikheid teweeg kan bring as daar genoeg stimulasie plaasvind.

<sup>4</sup> Deurentyd moet in gedagte gehou word dat die video-inhoud op 'n laserskyf oorgeplaas kan word en in 'n rekenaar gebruik kan word. Die video is in die navorsing gebruik omdat die meeste skole en ouetehuse op die platteland in meeste gevalle wel toegerus is met 'n videomasjien en omtrent almal het TV's. Dit was dan makliker vir die navorser om slegs die videokasset of in party gevalle die videomasjien self te vervoer.

<sup>5</sup> Arbeiders, in hierdie geval die rissie-oesters op die plaas Schoongesicht, in die distrik Swartruggens, is byvoorbeeld gemotiveer om kunswerke te skep en ook om die kinders en mense waarmee hulle in aanraking kom te help en te ondersteun in die vervaardiging van kunswerke. Dit sluit ook die verfraaiing en verbetering van hul wonings in. Die maak van gebruiksartikels soos lepels, komberse, bakke, blomme en babaklere word ook geïnisieer.

## *BEVINDINGS EN AANBEVELINGS*

Die waarde van tegnologie word deur alle bevolkingsgroepe in Suid-Afrika hoog aangeslaan. Op al bogenoemde navorsingsvrae is die antwoord 'n besliste JA. Die praktiese implementering van tegnologiese hulpmiddels in skole en instansies is egter problematies. Die invloed wat die oorskakeling van tradisionele administrasie na rekenaarstelsels op die werkers het moet met omsigtigheid en deernis hanteer word. Die vrees wat die gewone mens vir mislukking het of dat hy/sy deur 'n masjien vervang kan word is vandag nog net so werklik as gedurende die Industriële Rewolusie.

In afgeleë en agtergeblewe gemeenskappe word die implementering gekortwiek deur onkunde, gebrek aan finansies en elektrisiteit asook die onvermoë van mense om sulke apparaat te waardeer, te installeer, te gebruik en in stand te hou. 'n Realistiese siening van die beperkinge wat tegnologie het ten opsigte van die koste van instandhouding, die verkryging van sagteware en die koste van opleiding moet in die regte perspektief gesien word. Minder kinders as wat algemeen aanvaar word, gebruik rekenaars of kyk na opvoedkundige TV-programme om hul vakkennis te verbreed.<sup>6</sup> As 'n fasiliteerder hulle bystaan en aanmoedig binne 'n klaskamerverband, in private klasse of in die skool, leer 'n kind makliker en is die resultate baie beter as wanneer 'n kind op sy eie akademiese werk moet bemeester. Die akademiese of opvoedkundige programme moet baie interessant en spelgemotiveerd aangebied word.

Die inbelprogramme op radio en TV is baie gewild en die Internet skakel hierby in. Dit kan gebruik word om foute uit te wys en die nuwe OBE- onderwysmetodes wyd bekend te stel asook kreatiewe voorstelle en wenke uit die gemeenskap aan te hoor.

---

<sup>6</sup> Die kinders kyk veel eerder na stories en sepies as na die wiskunde of skoolprogramme op TV (bevestig in praktiese navorsing, Hoofstuk 6 - koshuiskinders/plaasskoolkinders, en waarnemings uit vraelyste). Volwassenes en kinders gebruik die Internet verskillend. Volwassenes en instansies verkry kennis en inligting. Kinders is meer ingestel op die vermaaklikheidsaspek.

## SUMMARY

### *BACKGROUND*

When a person from a deep rural area who moves partly in a Third World culture, is exposed to articles and programmes about the staggering possibilities offered by modern technology, it is very easy to fall into a trap, thinking that technology on its own could be the answer to the problems of poverty, deprivation and illiteracy. It has happened so often in all areas in our country that high ideals had been smashed in the face of the realities. When all the diverse suppositions and pronouncements in literature which is available on this subject from all over the world and in South Africa, are studied, total confusion may develop in the mind of such a person. It is sometimes very difficult to ascertain from which angle or perspective an author approaches the subject of technology.<sup>7</sup> From the viewpoint of white South Africa and the Western world, the utilisation and influence of technology are understood differently to that of a researcher from America who has worked in Botswana or Zimbabwe. The experience of technology by a teacher from an urban area differs from that of his counterpart working in a rural area. A teacher in the country will be motivated in a different way as to why and how he or she would want to improve the world by means of technology as an economist who is driven by job-creation and finance. However, every person is convinced that he or she has the answer to making the world a better place provided his or her opinion at a certain time of his or her thinking can be realised. To find oneself, as a teacher, in the midst of the reality of a large-scale change is at the same time exciting and frightening.

### *OBJECTIVE OF PRACTICAL EXECUTION*

Through the ages, the practice of art and craft has fulfilled an important function in the culture of humankind and its use of time. In the complex, exciting and problematic times in which South Africa finds itself at present, a better understanding of art and the fundamentals of art could improve the quality of life and use of time of all the communities in the country. Not taking the languages spoken by immigrants into account, provision has to be made for 11 official languages in South Africa. To

---

<sup>7</sup> From an American viewpoint, Beck (1994) sees the wide variety of thought levels in South Africa as the problem and the solution. Beck mentions eight levels of thought at which people, at certain times in their lives - sometimes all through their lives - think and argue (see Annexure 7). If Maslow's theory about the hierarchy of human needs is kept in mind together with this, it becomes even clearer (see Annexure 6). Through this, a better understanding for the framework from which people address problems, is derived.



achieve national unity where so many culture groups live alongside one another, is difficult. Art speaks a universal comprehensible language.<sup>8</sup> In art-teaching one has a specific instrument that has tangent points beyond linguistic and cultural boundaries.

The computer, TV and video are media directed at the visual capabilities of a person. It is therefore particularly useful for conveying of colour and images that are of great importance in art. The objective of the study in question was to expose persons from different backgrounds and cultures, with the aid of a video<sup>9</sup>, to art concepts and the rudiments of art. Electronic media is used as an educational aid to train and motivate persons from a broad community spectrum, from various professions, cultures and work situations, such as teachers, children, senior citizens, women's organisations as well as labourers. Ages vary from 4 to 80 years. Everybody was requested to participate in a video lesson and to do an assignment. The results of their involvement with art and the influence that they had on their environment were observed.<sup>10</sup> A questionnaire was compiled to monitor the opinions of those who had seen the video. A second questionnaire was handed to those persons who were interested in teaching or who were members of the teaching profession, in order to determine their attitude regarding technological media. The questionnaires were compiled in Afrikaans and English in order to involve a bigger section of the population. The specific research questions that were analysed, included the following:

- Can these people obtain a better understanding of the basic rudiments of art through a video?
- Will this newly acquired knowledge assist them in guiding others in the creation of works of art and articles of a better art quality?
- Are assistance and advice from the presenter of the video needed, that is to say, should the person who shows the video have a basic knowledge of art?
- What is the feeling about technology in teaching in 1997?

---

<sup>8</sup> Art also addresses the right part of the brain which, if there is sufficient stimulation, can bring about tranquillity and balance in the personality (Buzan, 1995:38).

<sup>9</sup> It should always be kept in mind that the content of the video may be transferred to a laser disc and can be used in a computer. The video was used during the research since most schools and old aged homes in the rural areas are equipped with a video machine and almost all of them have TV sets. It was easier for the researcher herself to only transport the video cassette or, in certain instances, the video machine.

<sup>10</sup> The labourers - in this case the chilli-harvesters on the farm 'Schoongesicht' in the district of Swartruggens - were motivated to create works of art and also to assist and support the children and adults with whom they had contact in the creation of art works. This also included the decorating and improvement of their homes. The making of articles in daily use, such as spoons, blankets, bowls, flowers and baby clothes was also initiated.

## *FINDINGS AND RECOMMENDATIONS*

All population groups in South Africa have a very high assessment of the value of technology. The answer to all the above mentioned research questions is a definite YES. However, the practical implementation of technological aid in schools and at institutions is problematic. The impact on workers of the transition from traditional administration to computer systems has to be handled with circumspection and compassion. The ordinary person's fear of failure or the possibility that he or she might be replaced by a machine, is as real today as it was at the time of the Industrial Revolution.

In remote and disadvantaged communities the implementation is hampered by ignorance, a lack of funds and electricity. As well as the inability of people to appreciate such an apparatus, to install it, to use it and to maintain it. A realistic view of the limitations of technology in respect of the maintenance, the acquisition of software and the costs of training must be based on the correct perspective. Fewer children use computers or watch educational TV programmes to enhance their subject knowledge than is generally accepted.<sup>11</sup> When a child is assisted by a facilitator and encouraged within the classroom, during private lessons or at school, he or she learns easier and the results are markedly better than when a child has to master academic work on his or her own. The academic or educational programmes have to be presented in a very interesting and play-motivated manner.


Phone-in programmes on radio and television are very popular and the Internet slots in with this. It can be used to point out mistakes and to widely introduce the new OBE educational methods as well as to learn about creative ideas and hints from the community.

---

<sup>11</sup> Children rather watch stories and soaps than mathematics or school programmes on TV (confirmed during practical research, Chapter 6 - boarding-school children/farm-school children, and deductions from questionnaires). Adults and children use the Internet for different purposes. Adults and institutions derive knowledge and information. Children are more focussed on the entertainment element.

## HOOFSUK 1

# Oriëntering



*'In the simplest of statements  
lie the greatest challenges'  
(Pearn, 1988)*

## INLEIDING

Suid-Afrika is in die huidige tydsgewrig in 'n proses van verandering. Op TV word die wysie: *SIMUNYE Ons is een* gehoor. Baie tyd en aandag word ook aan Masekane, die opbouprogram, *UBUNTU* en *AFRICA RENAISSANCE* gegee. Deur onderwys kan gebou word. Om 'n onderwysstelsel te implementeer wat in die praktyk gelyke geleenthede vir almal skep is 'n demokratiese realiteit. Die OBE (Outcomes Based Education), beter bekend as Kurrikulum 2005 van die Departement van Onderwys, streef daarna om 'n geïntegreerde benadering ten opsigte van Onderwys en Opleiding te volg.<sup>1</sup>

In Februarie 1996 is die besprekingsdokument vir lewenslange leer uitgegee, naamlik: '*Life-long learning through a National Qualifications Framework, Feb 1996, Discussion document*' (South Africa, 1996 b). Hierdie benadering word gebaseer op 'n sisteem van krediete wat vir leeruitkomste toegeken word. Daar word gehoop dat kwalifikasies wat op leeruitkomste gebaseer is, kreatiewe werk sal aanmoedig. Die ontwerp van hierdie leeruitkomste moet in die nuwe kurrikula weerspieël word. In die handleidings en werkboeke wat sedert 1998/99 deur al die verskillende uitgewers bemark word, val die klem sterk op die praktiese gebruik van die verworwe kennis.

Suid-Afrika is egter 'n ontwikkelende land waar mense met 'n Westerse agtergrond, saam met Afrika-kultuursisteme leef. Na alkanste toe is daar 'n proses van kennisuitbreiding en aanvaarding wat veral verblydend meer sigbaar word namate die demokratiese proses vastigheid kry. Dit, tesame met die geskiedenis van Apartheid, het agterstande op onderwysgebied geskep wat soms onoorkomelik blyk te wees. As die ekonomiese posisie en die kultuur van opstand en stryd teenoor die kultuur van leer en studeer in ag geneem word, stem dit baie mense moedeloos. In werklikheid bestaan daar soveel verskillende vlakke van ontwikkeling dat daar in die strewe na gelyke geleenthede tog definitiewe standaarde by verskillende skole aanwesig is. Dit is nie wetenskaplik korrek om te aanvaar dat alle swart skole 'n lae standaard handhaaf nie. Daar is wel skole met 'n oorwegend swart leerlingtal wat goed presteer.<sup>2</sup>

---

<sup>1</sup> Hierdie geïntegreerde benadering word gekoppel aan die Nasionale Kwalifikasie Raamwerk (NQF: National Qualifications Framework).

<sup>2</sup> Orlando West in Soweto het oor die afgelope 30 jaar goeie resultate opgelewer en is bekend vir streng dissipline en hardwerkendheid. Die gesegde: 'Nothing for nothing' het die leerders gemotiveer om werklik hard te werk. Tokyo Sexwale, Premier van Gauteng, is 'n oudskolier van Orlando West (Hlatswayo, 1996:15). In *The Teacher*, Jan 1999, word die prestasies van verskeie skole ook van swart leerlinge vermeld.

Dwarsdeur die geskiedenis is en was dit egter oók waar dat daar individuele onderwysers, skoolhoofde en persone in die privaatsektor was wat uit hul pad gegaan het om opheffingswerk te doen ook deur middel van tegnologie.<sup>3</sup> Geldelike bydraes, skenkings, die oprigting van privaat skole, videomonitors in besighede en rekenaars in plakkerskampe is voorbeelde van hulp deur individue en instansies. 'n Voorbeeld is genoem in die artikel *Container Schools of Hope* (Hlatswayo, 1996:15) waar sewe staalhouers as klaskamers gebruik word in die Diepsloot informele behuisingseenheid. Hierdie klaskamers bied hoop aan meer as 3000 gesinne.<sup>4</sup> In die Lichtenburg gebied hou 'n vrou skool in ou treintrokke wat as klaskamers ingerig is. Hierdie, en vele ander soortgelyke kreatiewe en werkbare skole, is oral in die RSA in gebruik. Die 'Joint Education Trust' (JET) en Kagiso Trust<sup>5</sup> is twee ander hulporganisasies wat genoem kan word. Fondse word geëin deur 'n steenmakery, kersmakery en produkte wat gesweis word.<sup>6</sup> Smiley Kids (1999) is 'n organisasie wat kleuterskole borg.

Ten spyte van byna ongelooflike tegnologiese uitvindings wat kennis en inligting maklik bekombaar maak vir mense wat weet hoe om kennis in 'n biblioteek te ontsluit, wat weet hoe om rekenaars en sagteware te gebruik, wat weet hoe om 'n video en monitor te gebruik, wat weet waar om videos te kry en self op te neem of oor te neem of te vervaardig, is daar in Suid-Afrika op die platteland en plase 'n heeltemal ander wêreld wat met die sogenaamde 'Derde Wêreld' vergelyk kan word. Ten spyte van gebrek aan elektrisiteit, min opgeleide onderwysers, byna geen of verafgeleë hoërskole, armoede, werkloosheid of ongeraaktheid ten opsigte van verbetering van omstandighede, is daar 'n groot hoeveelheid goeie wil by mense. As daar 'n geordende metode gevind kan word om kennis aan mense oor te dra deur elektroniese media, kan 'n hupstootjie gegee word aan diegene wat min geleentheid het om nuwe of eenvoudige kennis te bemeester. In die geval van byvoorbeeld kunstegnieke kan hulle

---

<sup>3</sup>St. Alban's College is 'n multirasige Anglikaanse seunskool in Pretoria. Dit is 'n privaat skool wat finansiëel onafhanklik funksioneer. Die skool moet as besigheid bedryf word om kostes te dek. St. Alban's het 'n studie oor die gebruik van tegnologie in skole onderneem. Die projekspan het 'n tegnologie-sentrum ontwikkel wat twee vrae moes aanspreek, naamlik of onderwyser-effektiwiteit en produktiwiteit bevorder kan word deur die gebruik van tegnologie en of die sentrum genoeg geld kan genereer om kostedoeltreffend te wees. Die projekspan reik ook uit na swart woongebiede buite Pretoria met verstormende positiewe resultate (Lippert, 1993:128).

<sup>4</sup>Dit herinner aan die Anglo-Boereoorlog in 1903, waar die Lord Milner-skole oor die land ontspring het. Daar is skoolgehou in die oorlog se markeetente (Maree, 1990:45) en (Van Jaarsveld, 1966)-opgetekende lewensgeskiedenis.

<sup>5</sup>Tswana woord wat 'vrede' beteken

<sup>6</sup>In 1903 het Emily Hobhouse se weefskole geld probeer in vir dieselfde doel. Vandag noem ons dit die HOP-program (Maree, 1990:45). In die inhuldigingstoetspraak van staatspresident Mbeki, Junie 1999 bevestig hy dat die HOP (Heropbou en Ontwikkelings Program), in Engels die RDP (Reconstruction and Development Programme), en die GEAR (Growth, Employment and Redistribution) steeds die basiese doelwitte van die huidige regering bly om ontwikkeling en groei in Suid-Afrika te verseker.

sodoende in staat gestel word om kreatief te werk te gaan met die middele in hul onmiddellike omgewing om produkte te skep wat gebruik of verkoop kan word of wat die omgewing kan verfraai.

Praktiese ondervindings het die motivering en oorweging vir die navorsing versterk, naamlik:

- Die navorser het opgemerk hoe haar huishulp na die TV-program, 'TV kombuis' kyk. As ongeletterde persoon het sy egter die skywe pampoen net so voorberei soos dit op die program gedemonstreer is. Hierdie gebeurtenis het die gedagte versterk dat eenvoudige aangeleerde tegnieke in kuns en kunsvaardighede deur middel van 'n hulpmiddel soos die video, die element van verveling en doelloosheid by vrouens op die plaas, kan verminder.
- 'n Worsteling met groepklasse en die ondervinding van 17 jaar in 'n drie-man skooltjie te Brakkloof, 'n ou geskiedkundige Lord Milner plaasskool op die Lindleypoort Besproeiingskema, waar alle vakke deur 'n paar onderwysers onderrig moes word, (onderwysers wat in baie gevalle jare lank die pos beklee het, maar wat nie opleiding in daardie vakke gehad het nie) het die begeerte laat ontstaan om uitgewerkte videolesse te gebruik vir vakke soos sang, media-kunde, 'n derde taal, kuns, of liggaamsopvoeding, sodat die onderwyser saam met die kinders kan leer. In baie swart plaasskole op die platteland is daar steeds onderwysers wat met slegs 'n St 8 (Gr 10) of St 10 (Gr 12) sertifikaat, groot klasse behartig met min hulpmiddels. Ver afstande na werkgroepe of kursusse laat die kinders dikwels ook sonder 'n onderwyser in die klaskamer.
- In 1992 is Brakkloofskool gesluit. Tans staan die skool reeds vir sewe jaar onbenut omdat die plaaslike boeregemeenskap nie hulle weg oopsien om die skool vir anderskleuriges oop te stel nie. Die navorser het vir 'n tydperk van ses maande by 'n Indiërskool op Swartruggens afgelos en daarna vir twee jaar verantwoordelikheid aanvaar vir die blanke laerskool koshuiskinders se fisiese en geestelike welsyn. Sy moes sorg vir 'n klerebank en het 'n speelkamer ingerig waar kunsklasse en opvoedkundige videos aangebied en vertoon is om die kinders se skoolwerk op standaard te bring. Sy het vir nog twee jaar skoolgehou by die Gekombineerde skool op Swartruggens en ook op Laerskool Boshhoek. In 1996 het sy weer 'n permanente hoofpos by 'n plaasskool vir swart kinders aanvaar. Sy is tans nog hoof en onderwyseres by Radikwega plaasskool waar sy ook nou saamwerk met die hoofde van die omliggende plaasskole en die nood aan implementeerbare hulp en leiding ervaar.
- Om in 'n groepklas te differensieer sodat die begaafde kind en die kind wat remediëring nodig het albei bedien word, het tot die studie vir 'n verdere Diploma in onderwys met betrekking tot die

begaafde kind gelei, en 'n skripsie met die tema *Die Differensiasiebeleid van die TOD in die P-IV-skool* (Visser, 1988)<sup>7</sup> is saamgestel. In 1999 is die probleem nog net so relevant. Selfs spesiale onderwys word in die hoofstroomonderwys opgeneem en differensiasie is 'n grondbeginsel van Uitkomsgebaseerde Onderwys, aangesien elke leerder volgens eie pas mag werk.

- In Swartruggens is die gedagte in die midde gelê om 'n Indiërsakesentrum as 'n skool te gebruik, eerder as om 'n nuwe skool te probeer bou, aangesien die sakegebied in lintvorm langs die nasionale hoofpad wegneig en die bestaande Indiërsentrum onbenut raak. Daar is talle geboue wat as skool kan dien. Op baie plase, stede en dorpe is daar elektriese krag, 'n leë kamer of 'n gebou waar 'n videomasjien, rekenaar of ander tegnologie geïnstalleer kan word en onder streng toesig aangewend kan word vir die persone wat regtig hul omstandighede wil verbeter deur lewenslange en informele leer.
- Die Departement van Onderwys in Noordwes poog om plaasskole op te gradeer maar stuit teen hul eie ekonomiese posisie en baie plaaseienaars se vrese dat hulle onhanteerbare probleme gaan hê as hulle die grond waarop die skool is, sou skenk. Die wet op verblyfreg (Staatskoerant, 1998: no. 6377, vol. 402) maak hul bevrees dat hulle met hele uitgebreide families wat permanent op hul plaas mag woon, gaan eindig. 'n Boer wat 'n plaasskool op sy eiendom het vind dit moeiliker om sy plaas te verkoop (Kritzinger, 1998).
- Op plase in die Noordwes het die plaasarbeidertal in die afgelope tien jaar drasties afgeneem. In 1985 was daar op die Lindleyspoort besproeiingskema 45 besproeiingsboere. In 1999 is daar slegs 15 wat nog intensief boer. Die afname in waterverbruik word elke jaar groter. In die 1998/1999 boekjaar is slegs 30% van die beskikbare water aangevra. Baie boere gebruik glad nie meer hul kwota water nie (Jordaan, Julie 1999). Plase is deur naweekboere gekoop of persone wat pakkette geneem het tydens die proses van Regstellende Aksie in die veranderde regering. Baie boere het na toerisme, wild en veeboerdery oorgeskakel. Die vryemarkstelsel in die boerderysektor het die subsidiëring van sekere gewasse uitfaseer. Tradisionele produkte soos mielies, koring en sojabone word nie meer winsgewend verbou onder duur besproeiingswater nie. Sewe plaasskole is in 'n radius van 20 kilometer van die navorser se plaas in die afgelope tien jaar gesluit.
- Van die skoolgeboue wat nou leeg staan, is met groot koste deur die staat gebou met belastingbetalers se geld. Sommige van die skole is deur nuwe eienaars gekoop. Dit word as

---

<sup>7</sup>Ongepubliseerde uitgawe, voormalige OKSA (Kollege vir Onderwysersopleiding)

kantore, store of hoenderhokke gebruik. Dit is 'n natuurlike proses van verandering. In tydskrifte verskyn sporadies artikels van die verandering wat 'n ou skoolgebou, hotel of meule kan ondergaan om as 'n huis of 'n ander doel gebruik te word (Sarie Leefstyl, 1998). In die Lindleyspoort omgewing is talle voorbeelde van droogoonde en tabakkelders wat in die eerste helfte van die twintigste eeu, toe tabak 'n lonende bedryf was, opgerig is en nou òf leeg staan òf vir ander doeleindes gebruik word. Op die kontrakte wat by die oprigting van skole gesluit was, is egter soms klousules ingebring dat die grond aan die nasate van die destydse skenkers teruggegee moet word as die gebou nie meer vir onderwys gebruik word nie. Negentig tot honderd jaar later eis agterkleinkinders die grond terug soos die geval met Brakkloofskool.<sup>8</sup> Die regering mag die gebou afbreek. - dit is met geweldige emosionele hartseer met Lindleyspoort Laerskool gedoen. Die wit sandklippe is deur die ouers en werkers gekap teen die rante naby Lindleyspoortdam. In 1977 het die skool gesluit en in 1988 is die klippe gemerk en die skool is afgebreek en op Pelgrimsrust as Gholfklubhuis opgerig<sup>9</sup>. Daar is geen melding in die klubhuis van waar die gebou gekom het nie. Laerskool Rating is ongeveer 400 meter vanaf die grond waarop Laerskool Lindleyspoort gestaan het. Tans is die Laerskool Rating<sup>10</sup> in die proses om deur die plaaseienaar gesluit te word. Die skool bestaan reeds 10 jaar en die regulasie bepaal dat 'n plaasskool na 10 jaar mag sluit. Die grond waarop Lindleyspoortskool gestaan het lê al die jare nog daar. Die ablusieblok, kantoor en grade klaskamer bestaan nog in erg verwaarloosde toestand<sup>11</sup>.

- Die Suid-Afrikaanse Skolewet van 1996 maak in Artikel 51 daarvoor voorsiening dat 'n ouer sy kind tuis mag onderrig. Die wet bepaal dat die standaard van onderrig gelykstaande aan dié in openbare skole moet wees en dat ouers hul eie kinders mag onderrig. Daar is tans tussen ses en tienduizend gesinne in Suid-Afrika waar kinders tuis skoolgaan. Tot drie jaar gelede was die getal slegs driehonderd (Malan, 1999:41).
- In Junie 1999 het die Noordwes Departement van Onderwys met hul herontplooiingsaksie tot die besef gekom dat die eenmanskole op plase (byvoorbeeld Patattafontein),<sup>12</sup> op 'n tweede

---

<sup>8</sup>Verwys na figure van verskillende plaasskole in Hoofstuk 6

<sup>9</sup>Verwys na figure aan einde van Hoofstuk 6

<sup>10</sup>Verwys na figure van plaasskole aan die einde van Hoofstuk 6

<sup>11</sup>Indien dit weer in 'n skool omskep kan word kan dit deur die staat se Departement Werke gedoen word. Die finansiële posisie van die Noordwes Onderwysdepartement is nie so dat daar soveel onkoste vir 50 laerskoolleerlinge gedoen kan word nie. Die leerlinge wat op die plaas self bly is minder as 20.

<sup>12</sup>Verwys na figure aan die einde van Hoofstuk 6



onderwyser geregtig is aangesien die werkslading vir 'n enkele persoon te veel is as al die ursorusse en vergaderings ook bygewoon moet word. Op sulke dae is daar dan geen skool vir die leerders nie (Hoofdevergadering Zeerust kring, Junie 1999). Onderwysers moet bereid wees om meer van hul salarisse af te staan omdat die staat meer as 90% van die onderwysbegroting net aan salarisse bestee (Winnie Mandela, RSG nuus 11 Junie 1999). Wit Afrikaanstalige onderwyseresse ly baie meer aan uitbranding as hul eweknieë in swart skole (Van der Linde, 1998: 185). In persoonlike gesprekke met hierdie onderwyseresse vergelyk hul hulle posisie al hoe meer met dié van die swart onderwyseresse wat nie so gebuk gaan onder buitemuurse bedrywigheide en die druk van ouer en hoofdekant om te presteer nie. Hulle is selfs bereid om persone te betaal om in hul plek Netbal, Sang of Revue af te rig, vir die voorreg om middae vroeër by die huis te wees. Indien daar 'n plan gemaak kan word om twee onderwysers/esse vir so 'n klein groep aan te stel, deur byvoorbeeld vrywillig minder salaris te ontvang, kan dus die voordeel inhou dat so 'n onderwyser/es minder werksdruk beleef. Leerders kan net daarby baat.

- Die eienaar van 'n plaas waarop 'n skoolgebou is, het vanaf 1997 nie meer die pos van bestuurder nie. Die plaasskole word soos enige skool deur 'n Bestuursraad bestuur wat deur die ouers op demokratiese wyse verkies word. Indien die gesindheid goed is en die boer werklik in die skool belangstel, kan hy hom verkiesbaar stel. Hy het 'n keuse of hy betrokke wil wees of nie. Op plase word skole aangetref wat besonder goed presteer. In die Lichtenburg distrik het die Hoërskool op Mnr Steyn se plaasskool die afgelope jare 'n hoë slaagsyfer in matriek gehad. Op 'n skool naby 'n ou uitgewerkte myndorpie werk die blanke hoof saam om spogtuine te maak. Indivuele aanleg en belangstelling in die kunste, in tuinmaak, wiskunde of op ander gebiede is nodig vir sukses.
- Die nood aan kwaliteit onderwys kan verlig word as daar van tegnologie gebruik gemaak kan word.

In plaas daarvan dat die baie negatiewe en beperkende waarhede oormatig beklemtoon word, kan Generaal Smuts<sup>13</sup> se woorde by Komgha in 1935 aangehaal word, naamlik: "Ek is nie bang

---

<sup>13</sup> Jan Christiaan Smuts word in die geskiedenis onthou as 'n staatsman van wêreldstatuur, 'n soldaat, botanis en filosoof. Hy is op 24 Mei 1879 uit 'n eenvoudige boeregesin gebore. Oorlog het 13 jaar van sy lewe in beslag geneem (die Anglo-Boereoorlog en daarna die Eerste- en Tweede Wêreldoorloë). Hy het sy lewe gewy om na die oorlog versoening tussen Boer en Brit te bewerkstellig.

vir die gevare van die toekoms nie. Daar is genoeg 'common sense' en lojaliteit in die siel van Suid-Afrika om haar deur enige probleem te help. Ek is 'n sendeling van 'n nuwe Suid-Afrika. Die Suid-Afrika wat vorentoe kyk en wat 'n groot, vooruitstrewende en verenigde land wil opbou. Ons moet vorentoe beweeg in die gees van onderlinge vertroue en sekerheid" (Botha, 1988:27). Hierdie uitspraak kan in 1999 op Suid-Afrika van toepassing gemaak word deur enige persoon wat poog om 'n positiewe bydrae tot die opleiding van mense in die RSA te lewer.

## DOEL-EN PROBLEEMSTELLING

Die spesifieke tyd waarin Suid-Afrika hom tans bevind leen homself tot kreatiewe denke om unieke oplossings vir die byna onoorkombare probleme te probeer vind. Aangesien die opleiding van mense in kuns die lewensgehalte en die element van verveling in 'n werkloosheidsituasie kan verbeter, is die onderhawige studie daarop gerig om 'n bydrae te lewer tot die navorsing op hierdie terrein. TV- en video en rekenaarprogramme is makliker bekombaar vir 'n baie groter getal skole en mense. Digitale televisie bied 'n wye reeks moontlikhede. Lesse kan ook deur 'n gewone persoon met 'n videokamera opgeneem word. Indien inligting wat op die video opgeneem is aan persone oorgedra kan word, kan kuns en onderwys verbeter word en groter werksbevrediging deur onderwysers ondervind word.

Waarom sou 'n mens uit jou pad gaan om kuns en onderwys op hierdie manier te bevorder? Die element van verveling in die hoë werkloosheidsituasie is genoem. Miskien is die grootste dryfveer die feit dat kreatiwiteit tevrede mense skeep. Gelukkige en tevrede mense is vir hulself en vir die wêreld om hulle 'n bron van vreugde. Deur te doen wat jy kan, met dit wat jy het, waar jy jou ook al bevind, kan 'n positiewe lewenshouding bevorder word.

Aandag word spesifiek op opleiding en onderrig in kuns gevestig deur van 'n video gebruik te maak. Daar word gepoog om mense op te lei om begrippe in kuns en kunsvaardighede te verstaan sodat hulle dit met meer selfvertroue kan toepas en ook aan ander kan oordra. Die video was makliker om te vervoer na skole of inrigtings waar dit vertoon moes word. Die meeste skole en ouetehuse beskik oor 'n videomasjien en die navorser kon dit gebruik.

## Doelstelling:

- **Met hierdie navorsing word dit ten doel gestel om die moontlikheid te ondersoek om onderwysers, kinders, belangstellende persone en ongeletterde mense op te lei om kunsterme beter te verstaan en kunsvaardighede te bemeester deur die video as opleidingshulpmiddel te gebruik.**
- **Met die ondersoek wil gepoog word om 'n bydrae te lewer op formele en informele onderwysgebied in die spesifieke tydvak van unieke probleme en behoeftes in Suid-Afrika, met die hoop om inisiatief en kreatiewe idees aan te spoor wat kan lei tot verhoging van lewensgehalte of selfwerkskepping in 'n werkloosheidsituasie, veral op die platteland.**

Vanuit hierdie doel met die navorsing word die volgende navorsingsprobleem en subprobleme vir die ondersoek gestel:

## Hoofprobleem:

- **Kan die video, as 'n voorbeeldtipe van elektroniese media, 'n bydrae as opleidingshulpmiddel in kunsonderwys lewer om te help met die skep van 'n nuwe leerkultuur in beide die formele en informele onderwys in Suid-Afrika?**

## Subprobleme:

- Is die ouderdom van die persone 'n faktor wat in ag geneem behoort te word by die opleiding in kunsonderwys?
- Is die vlak van geletterdheid en geleerdheid 'n faktor wat in ag geneem behoort te word in die benutting en gebruik van die video?
- Is die persone in staat om sinvol te reageer op vrae en op voorbeelde van 'n eenvoudige kunsbegrip soos 'lyn'?

- Wat is die houding en gesindheid van die verskillende groepe teenoor die video of rekenaar as hulpmiddel?
- Watter mate van begeleiding het die groepe persone nodig om die videostimuli sinvol te benut?
- Is beskikbare videoprogramme en rekenaarprogramme oor kuns geskik vir kunsopleiding?
- Watter moontlikhede bestaan daar om soortgelyke programme te vervaardig?
- Bestaan daar 'n behoefte by onderwysers om met video of rekenaarhulp hul lesaanbiedinge interessanter te maak?
- Is daar 'n behoefte aan tegnologie?
- Word die vermoë van elektroniese media dalk te hoog aangeslaan?
- Is daar nuwe kreatiewe idees by mense in verband met kunsonderrig aanwesig?
- Word daar 'n kunsprodukt van 'n beter gehalte gelewer na opleiding?
- Reflekteer die kennis, van dit wat in die program aangebied is, in die gehalte van die werke wat gelewer word?
- Lei kunsopleiding tot 'n opmerkbare verbetering in lewensgehalte?

## NAVORSINGSPROSEDURES: Metodes en werkswyses

- 'n Literatuurstudie is onderneem om inligting oor al die fasette van die probleem te versamel. Spesifieke boeke wat handel oor mediagebruik in skole en tydskrifartikels oor rekenaars, video's en TV is versamel en bestudeer. Navorsingsverslae oor mediagebruik in skole, die private sektor en ander lande is nagegaan.
- 'n Draaiboek vir 'n opleidingsvideo is geskryf en die video is vervaardig.<sup>14</sup> (Daar is gepoog om vas te stel wat die impak van so 'n opleidingsvideo op 'n wye verskeidenheid kinders, onderwysers, belangstellende persone en so meer, sal wees).
- Die navorsing is baie prakties gedoen. 'n Kunsles is gegee met die video as integreerende hulpmiddel. Die werk wat na die les gedoen is, is geëvalueer.

---

<sup>14</sup> In 1992 het die toenmalige Onderwyskollege van Suid-Afrika (OKSA), nou die South African College for Teachers Education, wat hoofsaaklik met die indiensopleiding van onderwysers behulpsaam is, in samewerking met die navorser die video oor kunsonderrig vervaardig.

- 'n Vraelys is opgestel, wat deur persone wat die les bygewoon het, ingevul is, asook deur persone wat in die onderwysprofessie is of daarin belangstel.
- 'n Fokusgroepbenadering is gevolg waarby die vraelyste as groep geanaliseer en geïnterpreteer is. Dit is nie oorkoepelend gedoen nie aangesien die groepe baie gevarieerd was.
- Kenners op die gebied van kuns, tegnologie en onderwys is gekonsulteer.
- Die gegewens wat ingewin is, is gereduseer en georden met aanbevelings wat moontlike verdere navorsing kan stimuleer.

## TERREINAFBAKENING / NAVORSINGSGRENSE

Onderwys in Suid-Afrika is op die oomblik in 'n proses van verandering. Vir die eerste keer is daar in Suid-Afrika een onderwysstelsel en een onderwyswet naamlik die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet Nr 84 van 1996 (Suid-Afrika, 1996a), wat op 1 Januarie 1997 amptelik in werking getree het. Verskillende provinsies word nou deur 'n oorkoepelende kurrikulum bedien. Die onderwyserskorps is egter so gevarieerd in opleiding en blootstelling aan kunsonderwys dat dit 'n wanvoorstelling sou wees om net op 'n sekere groep onderwysers uit die ou bedeling te konsentreer. Om 'n terrein af te baken waar die onderwys nou volgens wet 'n eenheid is, maar in die praktyk met soveel probleme worstel, is baie moeilik. In die oorskakeling na Uitkomsgebaseerde onderwys word Kuns en Kultuur in een afdeling geklassifiseer. Danse, drama, sang en die beeldende kunste vorm 'n eenheid.

## AANLOOP EN AANVANKLIKE VERLOOP VAN STUDIE

Die verloop van die navorsing het sy aanloop in die opleidingsproblematiek in die aanbieding van alle vakke deur een of twee onderwysers in 'n blanke plaasskool gehad. Hierdie tendens is in baie swart plaasskole en tuisskole steeds aan die orde van die dag. Dit is net veel ernstiger, aangesien hierdie onderwysers nie die voorreg van direkte onderwysopleiding gehad het nie en verantwoordelik is vir die aanbieding van byna alle skoolvakke. 'n Video is 'n redelik eenvoudige tegnologiese medium wat vir opleiding in plattelandse gebiede geskik sal wees. Hierdie studie het

aktief in 1992 begin met die maak van die kunsopleidingsvideo.

In die voormalige bedeling was daar ook baie plaasskole wat groepklasse gehad het. Gr 1 tot Gr 3 is byvoorbeeld gekombineer in klein skole. Huidig is die tendens dieselfde weens die vermindering van onderwysers en die feit dat leerders met leerprobleme<sup>15</sup> of besondere begaafdhede in die hoofstroomonderwys opgeneem moet word. Differensiasie is toegepas sodat kinders volgens hulle vermoë kan werk en vorder. In Uitkomsgebaseerde onderwys word klem gelê op die feit dat leerders volgens vermoë op hul eie pas moet vorder. Dit verg ook 'n groot mate van gedifferensieerde voorbereiding van die fasiliteerder. Dit plaas groot verantwoordelikheid op die leerkrag se vermoë om in 'n groot klas so te differensieer dat almal optimaal bevoordeel kan word. Daar word egter aanbeveel dat leerlinge nie homogeen gegroep word nie. Dit plaas weer bykomende druk op die onderwyser wat 'n groot groep leerlinge in groepe moet laat werk waar daar 'n groot verskil in reeds verworwe vermoëns bestaan. Tegnologie kan 'n bydrae lewer as daar kleiner groepe vir remediëring of verrykende werk by 'n rekenaar of TV geakkommodeer kan word.

\*\*\*

In Hoofstuk Twee word die nuwe benadering ten opsigte van onderwys in Suid-Afrika ondersoek.

---

15 Die feit dat daar in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel kliniekskole is vir kinders met sielkundige probleme of kinders wat 'n onvermoë het om in die gewone klaskamersituasie aan te pas, is aan die verander. Met insluitende onderwys gaan alle leerders met besondere onderwysbehoefes (LSEN- 'learners with special educational needs') in die hoofstroomklaskamer geakkommodeer word. Die buitengewone onderwyskole gaan dus óf gewysig word tot hoofstroomonderwys, óf leerlinge gaan net tydelik gehuisves word in die geboue en dan in die omgewing uitgeplaas word vir onderwysondersteuning.

## HOOFSTUK 2

# Onderwys en Opleiding in Suid-Afrika



*'People do not have to be trained in order to learn. People often learn in spite of the training they receive' (Pearn, 1988 in Landman, 1991)*

## INLEIDING

Suid-Afrika het tans spesifieke onderwysbehoefte en probleme wat nuwe oplossings deur innoverende eksperimentering vra. Min lande het 'n meer ingewikkelde onderwyskundige probleem as Suid-Afrika. So baie struikelblokke moet te bowe gekom word voordat gelyke geleentheid en 'n gelyke peil in die onderwys aan elke landsburger, ongeag ras, kleur, geloof en geslag voorsien kan word. In sy openingstoespraak in die parlement op 16 Junie 1999, het Staatspresident Thabo Mbheki die verskil in kulture ook genoem as een van die struikelblokke wat in die gesamentlike bou aan Suid-Afrika in ag geneem moet word.

In Suid-Afrika is daar baie verskillende vlakke van vaardigheidsontwikkeling. Die blanke werksmag het 'n redelik hoë ontwikkelingsvlak, maar die werksmag van die land as geheel is onderontwikkeld indien dit met ander lande in die Westerse wêreld vergelyk word. Van der Stoep en Louw (1984: 17) het reeds meer as 'n dekade gelede daarop gewys dat daar in 'swart onderwys' 'n konstante toename in leerlingtalle was, 'n gebrek aan opgeleide onderwysers, 'n groot uitsaksyfer en 'n baie lae deurvloei na sekondêre onderwys. Dit is in 1999 tot groot mate nog geldig. Die SADEK verslag meld dat Suid-Afrika in 1998 negentigste uit 152 ontwikkelende lande was en in 1999 honderd-twee en dertigste uit 154 lande. Dit handel onder andere oor die vermoë om op gesondheid, onderwys en veiligheidsgebied diens te lewer. Die probleem is tweeledig van aard omdat die finansiële aspek van toetrede tot verdere onderwys soveel mense in Suid-Afrika kniehalter. Die navorser het uit persoonlike ondervinding vir 25 jaar moes sien hoe byna 100% van die leerlinge wat uit graad 4 op die plaasskool moet weggaan, skoolgaan staak omdat hulle ouers dit werklik nie kan bekostig nie, ten eerste as gevolg van die koste van openbare vervoer na skole wat verdere grade aanbied.

Uit die private en openbare sektor is beleggings in onderwys en opleiding laag. Die Suid-Afrikaanse regering spandeer 22 persent van die jaarlikse begroting en 6,9 persent van die Bruto Nasionale Produk aan onderwys (South Africa Yearbook, 1998:329). Van die begroting word 90 persent op onderwyserssalarisse alleen uitgegee! Internasionale vergelykings toon dat hierdie persentasies van die hoogste ter wêreld is. Byna 85 persent van die totale



onderwysbegroting word deur die provinsiale onderwysdepartemente aan kollege en skoolonderwys spandeer. Tot en met 1996/97 was die Nasionale Departement van Onderwys verantwoordelik vir die verdeling van die onderwysbegroting aan al die belanghebbendes, insluitend die Onderwysdepartemente van die provinsies. Vanaf 1997 besluit elke provinsie oor sy eie onderwysbesteding. Verliese wat deur onverantwoordelike bestuur en besteding van die toegewese gelde gely is en gely word, is vir almal in hierdie land 'n probleem wat positief opgelos moet word. Die verwyte wat heen en weer geslinger word los nie die probleme op nie (Myburgh, 1999:3).

Onderwys en opleiding moet as 'n integrale deel van die sosiale en ekonomiese ontwikkeling gesien word. Die behoefte wat die werkplek het en die algemene behoeftes van die gemeenskap moet deur die onderwys verstaan word en mense moet opleiding kry om by dié behoefte te kan inpas (Curriculum 2005, 1997:13). In die nuwe strategiese raamwerk van die Onderwysdepartement (ANC, 1995:35) word voorgestel dat geleenthede geskep moet word vir 'Lifelong learning'. Die persone wat nie in die skool is nie, die werkloses, die wat werk het en mense op die platteland wat baie min leergeleenthede het, moet toegang hê tot leersentrums. Hierdie leersentrums kan 'n eenvoudige gebou op 'n plaas wees maar wat verantwoordelik deur 'n opgeleide persoon wat ook persoonlike voordeel daaruit kan put, bestuur word.

Kurrikulum 2005 is vanaf 1998 in Gr 1 amptelik toegepas en in 1999 in graad 2. Die rigiede verdeling tussen akademiese en toegepaste kennis word verminder. Die ideaal is om 'n denkende, bevoegde en bekwame persoon die lewe in te stuur<sup>1</sup>. Terug na die Basiese (Back to the Basics). Geletterdheid, Gesyferdheid en Lewensvaardighede vorm die basis vir die Grondslag-afdeling.

---

<sup>1</sup> Fel kritiek teen die land se vermoë om Uitkomsgebaseerde Onderwys te laat slaag is onder andere deur professor Jonathan Jansen (1997:8) van die Universiteit van Durban-Westville uitgespreek. Hy noem die hoofredes onbegrip en onvoldoende voorbereiding vir die implementering van die stelsel, asook te min hulpmiddels ter ondersteuning, as hoofredes vir die probleme wat hy voorsien. In 1999 kan daarop reageer word aangesien die implementering wel plaasgevind het en dat daar uit die gevestigde voorheen net blanke skole, Model C skole en sommige privaatskole groot lof en 'n natuurlike aanpassing en oorgang is. Daar is egter by baie plattelandse plaasskole nog groot verwarring, onbegrip en werklik te min hulpmiddels (Bridgraj, 1999:5).

Onderwys met behulp van tegnologie of tegnologie-onderwys is 'n akademiese dissipline in eie reg. Eisenberg (1996:21) sou wou dat tegnologie-onderwys vir almal beskikbaar en op alle vlakke van die samelewing van toepassing moet wees. Een van die hoofredes, volgens Eisenberg, waarom formele tegnologie-onderwys in die skoolsillabus ingevoeg moet wees is dat ons in Suid-Afrika verseker kan wees van bevoegde mense wat kan deelneem aan die ontwikkeling van hierdie land. Dit wil sê, mense wat hul persoonlike lewenskwaliteit kan verhoog asook dié van hul kinders. Die gebruik van die bandmasjien, 'n truprojektor en die geweldige nood aan fotokopieermasjiene om kennis makliker oor te dra en te versprei is 'n wesenlike nood in die publieke onderwys veral in die plattelandse gebiede en swart plaasskole.

Tydens persoonlike onderhoude met drie maatskaplike werkers in die Noordwes provinsie, mev. Heidie Korb (Rustenburg), Marcelle Hartwigsen (Zeerust) en Santa van Bart (Groot Marico), blyk dit dat die verandering in hul pligte en werksaamhede meer en meer geskoei word op die bemagtiging van mense om hulle self te kan help. Werkskepping is dus van groot belang. Kuns en handwerk, vlyte of vaardighede soos koperwerk, sweiswerk en bouwerk is in 1999 van meer waarde as 'n matrieksertifikaat met Bybelkunde, Aardrykskunde en Geskiedenis. Ook in die rigtinggewing aan leerlinge ten opsigte van hul toekoms word meer klem gelê op die tegniese vakke waar vaardighede verwerf word. Onderhoude met ortodidaktici in Zeerust, Swartruggens, Rustenburg en Pretoria (1999) bevestig dat die klem op selfverwesenliking in die werksituasie moet val in hierdie tye van werkloosheid. Vermeulen het die teorie in die praktyk toegepas deur sy eie seun na graad 7 op Swartruggens Gekombineerde skool na die Tegniese kollege op Rustenburg te stuur om N 1, 2 en 3 te verwerf eerder as 'n graad 12 met vakke wat hom nie sal help om werk te kry nie. Entrepreneurskap het hieruit ontwikkel deurdat baie van die omgewing se stofsuiers nou deur die seun herstel word. SJ Olivier (1994) wat haar doktorsgraad in maatskaplike werk oor die hantering van armoede gedoen het, se navorsing ten opsigte van die Heropbou en Ontwikkelingsprogram (HOP)<sup>2</sup> bevestig die bogenoemde gesprekke. Die probleem van armoede in Suid-Afrika is geanaliseer in terme van aard, omvang, oorsaak en gevolg. Dit is ontleed teen die agtergrond van die probleem in die wêreld en sub-Sahara Afrika. Vyf

---

<sup>2</sup> Die doel van die navorsing was om 'n strategie gerig op die aanspreek van armoede in Suid-Afrika, vir die maatskaplike welsynsektor te ontwikkel binne die raamwerk van die HOP-program.

komponente is geïdentifiseer naamlik: gebrekkige inkomste, gebrek aan voedsel, gebrek aan behuising en basiese dienste, verbandhoudende gesondheidstoestande en ongeletterdheid.

Daar is 'n paradigmaskuif gemaak van kliniese maatskaplike werk met 'n uitdeelfunksie na ontwikkelende sosiale diens. Die tegnieke ten opsigte van kreatiewe ontwerp en laterale denke is verduidelik en toegepas. Volgens dr Brenda Olivier (Onderhoud, Maart 1997) is dit nie moontlik vir 'n klein groep mense om die baie armes te ondersteun nie en dat daar aan vindingryke maniere gedink sal moet word om mense te motiveer en te help om innoverend te dink en te doen om die proses van armoede te stuit. Op die Universiteit van Pretoria is in 1999 'n nuwe graadkursus, Entrepreneurskap, ingebring. Die Hoof daarvan het motivering en nogmaals motivering as die hoofkomponent vir die sukses in enige onderneming genoem (RSG onderhoud, Junie 1999).

Onderwys is onontbeerlik vir die vernouing van die gaping tussen Suid-Afrika se Eerste en Derdewêreld-komponente. Die feit dat die land oor 'n klein Eerstewêreld-komponent en 'n groot Derdewêreld-komponent beskik, het tot gevolg dat 'n klein deeltjie van die bevolking dikwels die las moet dra van die behoeftes van hul volksgenote wat sonder die bestaansminimum oor die weg moet kom. Die slagspreuk 'Liberation before Education' / 'Bevryding voor Opleiding' is reeds deeglik in onguns. Selfs die radikaalste politieke leiers moedig kinders aan om hulle op hul studie toe te spits sodat hulle hul regmatige rol in die samelewing kan speel (South African Democratic Teachers Union, SADTU). Onderwys is egter nog sterk polities gekleur. Die onderwysblad, *The Educators Voice*, SADTU (Mei 1999) het heelwat sosialistiese artikels en gedigte gepubliseer.

## **‘N TERUGBLIK OP DIE ONTWIKKELING IN ONDERWYS EN OPLEIDING TEN OPSIGTE VAN DIE GEBRUIK VAN TEGNOLOGIE**

Dwarsdeur die menslike geskiedenis is die nuwe generasie voorberei vir ‘n produktiewe volwasse werkslewe. Afrika-kulture het in die puberteitsrites die kuns van jag, ruilhandel, landbou en belangrike oorlewingsstegnieke aangeleer. In Bybelse tye moes ‘n vader die Talmud-voorskrifte navolg en sy kinders ‘n ambag leer. In Antieke China en Indië sowel as die Middeleeuse Europa is aan begaafde kunstenaars en ambagsmanne gespesialiseerde tegnieke oorgedra. Ons sou dit vandag informele onderwys noem. Dit is van geslag tot geslag gedoen. Toe gemeenskappe gegroei het en al hoe meer onderling afhanklik van mekaar geword het, het die organisasie en tegnologie van die ekonomieë meer kompleks en gesofistikeerd geword. Die produkte wat eers net vir die plaaslike mark geproduseer is het nou geïntegreerd geraak in die wêreld ekonomie. Al hierdie gebeure het verreikende gevolge gehad beide vir die algemene en tegniese onderwys (Coombs, 1985:127). Voor die Tweede Wêreldoorlog was daar skaars ‘n boek met die woord ‘ontwikkeling’ in sy titel. Vandag word reekse seminare en universiteitskursusse aangebied wat ontwikkelde en ontwikkelende lande raak (Alexander, 1994:1). Na die Tweede Wêreldoorlog het nasionale ontwikkeling die oorheersende doelwit van internasionale politieke beleidsrigtings geword (Coombs, 1985:172). Dit was in hierdie konteks dat die wêreldwye onderwys- en opvoedingsuitbreiding beslag gekry het. Gedurende die vyftiger en sestigerjare het hierdie wêreldwye politieke aannames op die volgende veronderstellings berus:

- Dat ‘n groeiende getal opgeleide mannekrag, gewoonlik sekondêre en hoër opgeleide gegradueerdes, noodsaaklik is vir Nasionale groei.
- Dat die bestaande formele onderwysstelsels wat uit die verlede oorgeërf is, aanpasbaar genoeg was om die soort mannekrag wat nodig was, te produseer.
- Dat die groeiende wêreld ekonomieë ‘n onversadigbare nood aan hierdie opgeleide mense sou hê.

Coombs (1985:172) toon verder dat hierdie aannames 'n besluitvormende invloed in die onderwysontwikkeling gehad het. Leidende ekonome het verkondig dat meer geld aan onderwys 'n goeie belegging vir ekonomiese groei sou wees. Dit het egter in die volgende aspekte gefaal, te wete:

- Vir watter doel en vir wie moes opleiding verskaf word?
- Watter verskillende soorte opleiding en watter hoeveelhede van elk moes verskaf word?
- Wat is die mees effektiewe manier om hierdie opleiding te verskaf.

Trouens, om slegs die bestaande onderwysstelsels uit te brei sou onnodige oorbesteding veroorsaak. In die sestigerjare het sommige ontwikkelende lande meer gegradueerde ingenieurs gehad as gemiddelde tegnisi wat hulle kon ondersteun, meer dokters as verpleegsters; soveel so dat hoëvlak personeel die werk van die middelvlak werker moes help doen.<sup>3</sup> Die United Nations Educational, Scientific and Cultural Organisation (Unesco) het in 1963 nuwe navorsingsgebaseerde planne, konsepte en metodologieë voorgestel om onderwysbeplanners in ontwikkelende lande op te lei. Om 'n land se onderwysontwikkeling in samewerking met sy ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling te beplan het egter geblyk baie meer gekompliseerd te wees as wat aanvanklik gedink is. Deur die eeue heen was daar dié mense wat aanhou glo het dat onderwys en opleiding nuwe lig en lewe bring. Of dit 'n drang is om mense te laat dink en doen soos wat 'n bepaalde kultuur doen en glo of om gebruiksgoed en lewenswyse aan andere bekend te stel om hulle op 'n gelyke vlak met 'n spesifieke denk-of leefpatroon te bring, is 'n vraag wat verskeie antwoorde het.<sup>4</sup> Veral in die nuwe ontwikkelende lande, het voorveronderstellings wat op Westerse ondervinding gebaseer was, klaaglik misluk. Van Niekerk (1996:83-85) stem hiermee saam. Die miskiening van

---

<sup>3</sup>In Ethiopië is daar in 1961 ambisieuse planne vir 'n nuwe vergrote universiteit van stapel gestuur. Te laat is ontdek dat die invloed van gekwalifiseerde hoërskoolleerlinge nie genoeg sou wees om die nuwe plekke te vul nie (Coombs, 1985:173).

<sup>4</sup>Christelike Bybelse waarhede, Moslem, Joodse of Afrika-gelowe word deur sendelinge uit die aanhangers van elkeen van hierdie gelowe met groot opofferinge oor die wêreld heen gestuur en deur donasies of skenkings gedra. Vincent van Gogh het die minderbevoorregtes met groot moeite en kostes uit sy broer se sak, probeer ophef of oorhaal om soos hy te dink. Grootse skilderye het miskien uit die poging voortgevloei. Daar kan egter ook geredeneer word dat hy sy tyd beter sou kon benut het deur net te skilder in plaas van tyd aan die ydele droom te spandeer. Hy het slegs verwerping beleef. Emily Hobhouse is deur baie van haar landgenote verag oor haar pogings om die Suid-Afrikaners te help. Haar weefskole en kantmakerskursusse moes sy ook self finansier sonder veel blywende sukses (Maree, 1990:47).

kulturele krag het al miljoene rande aan ontwikkelingshulp in Afrika tot niks laat kom. 'n Ontnugterde Weste moes agterkom dat hoe goed ook al bedoel, hulp en geld aangebied moet word in samewerking met die kultuur van die mens.

Die voorstelle van 'Lifelong Learning' is reeds in 1968 deur Philip Coombs in 'n onafhanklike ondersoek deur die International Council for Education Development (ICED) gedoen. Dit is deur Unesco so vroeg as 1963 geïnisieer. Die werk was getiteld *The World Educational Crisis: A Systems Analysis* (Coombs, 1968). In 1985 is 'n terugskouing gedoen op die voorstelle in die skrywe *The World Crisis in Education - The view from the eighties* (Coombs, 1985). Hierin is daar verontrustende statistieke ten opsigte van die groot bedrae geld wat aan opvoeding in ontwikkelende lande spandeer is met erg teleurstellende resultate. In baie gevalle was die politieke motiewe groter as die voorafgaande ekonomiese beplanning ten opsigte van die gebruik en doeltreffende benutting van veral elektroniese media. In baie gevalle het die skoolradio vanaf 1921 tot ongeveer 1975 klaaglik misluk (Coombs, 1985:171). Dit korreleer met die navorsing van Briel (1983:210) dat vroeëre skoolradio- en TV-programuitsendings in Suid-Afrika ook nie suksesvol was nie. Na die vooruitskouing van onderwys en werksverkryging in die sestigerjare kom Coombs in die terugblik uit die tagtigerjare tot die ontnugterde gevolgtrekking dat die sombere voorspellings van grootskaalse werkloosheid, ten spyte van opleiding, waar is. Coombs (1985:65) verwys na die 1968 onderwysjaarverslag, oor die wêreldkrisis in die onderwys, waar die onderwysbeplanners direk daarvan beskuldig is dat daar 'n politieke orkaan binne-in die plan van 'onderwys vir almal' toegedraai was. Uit die 1985 ondersoek word die kommerwekkende verskil tussen die werkwêreld, die praktyk en die onderwyswêreld weer eens uitgewys (Coombs, 1985:65). Hunt (1998:33) beklemtoon ook hierdie feit.

Tegniese opleiding is nie 'n uitvinding van die moderne geïndustrialiseerde gemeenskap nie. Reeds in 1946 pleit Dawid Lewis (1946:50) dat meer tegniese opleiding in Suid-Afrika se onderwysstelsel geïnkorporeer moet word. Hy sê dat teorie in noue verband moet staan met die praktyk. Die donker voorspellings van 'werklose' gegradueerdes wat in die 1968 verslag genoem is, is in die sewentiger, tagtiger en negentigerjare steeds aan die orde van die dag. Dit wat die mannekragbeplanners wou vermy, het nie gerealiseer nie. In die Westerse wêreld het die studente-onrus op universiteite ontspring uit die ontnugterende ontdekking dat daar nie

werk vir hulle was nie, al was hulle akademies gegradeer. Sakeleiers het die blaam vir die groeiende werkloosheid onder die jeug aan die voete van die onderwysstelsel gelei. Studente is boekgeleerd maar nie opgelei om broodnodige tegnieke en vaardighede toe te pas nie. As studente praktiese dinge kon doen sou hulle werk kon vind (Coombs,1985:181). Hierdie siening word deur die huidige regering in Suid-Afrika gedeel in sy uitkomsgebaseerde onderrig wat lewenslange leer voorstel deur vaardighede/tegnieke ('skills') aan te leer (Curriculum 2005, 1997-1999). Te hoë besteding is aan onderwys verleen. Meer aandag is aan hoër onderwys bestee as aan die laerskool. Dit wat geleer is in die skole was nie werklik nodig vir die snelveranderende ekonomieë van elke land nie. Hoe goed die beplanners dit ook al bedoel het, het die sosiale eise van die mense 'n groot invloed gehad. In die stede waar baie stemme kon opgaan is meer gedoen as in die plattelandse gebiede. Die navorser ondervind dit steeds in 1999. Dit het 'n politieke proses van gee en neem geword. In die sewentigerjare, uit verskeie verslae uit ontwikkelende lande, het die besef gerealiseer dat daar groot verskille is in die soort opgeleide mannekrag wat verskillende lande benodig. Studente het ondeurdagte keuses gemaak ten opsigte van hul opleiding. Nie-toepaslike opleiding soos om humanistiese studies en die regte te kies, bo die broodnodige tegniese rigtings, is 'n voorbeeld hiervan. Tot 90 persent studente in sommige ontwikkelende lande het in humanistiese rigtings gegradeer, minder as 10 persent in wetenskap en ingenieurswese en dikwels minder as 3 persent in die landbou. Die landbou was dié area waar die nood die hoogste was (Coombs,1985:177).<sup>5</sup>

In die herontplooiingsproses in die Noordwes provinsie is daar vakante poste geadverteer. Meer as 80% vakante poste benodig onderwysers wat wiskunde en wetenskap kan onderrig (Gazette,1999:no1).

Daar is net nie soveel opgeleide onderwysers in daardie vakke in Suid- Afrika in 1999 nie. Poste gaan nou gevul word deur mense wat nie daardie werk kan doen nie. Poste word ook gevul met mense wat nie 'n onderwysdiploma het nie, maar wat kennis van die vak het. In die jare 1996, 1997 en 1998 was daar geen manlike onderwyser met Wetenskap en Wiskunde wat

---

<sup>5</sup>Japan is 'n land waar baie aandag aan ingenieursopleiding gegee word; 40 persent van sy hoërskoolleerlinge neem ingenieurswese as vak (Green et al,1988:38). In Rusland is wiskunde as skoolvak verpligtend vir alle leerders (Hunt,J.et al,1998:163).

aan die Potchefstroomse Onderwyskollege afstudeer het nie (Van der Linde, 1999: persoonlike mededeling).

## **NUWE BEHOEFTE EN RIGTINGS IN ONDERWYS EN OPLEIDING**

Die klem in onderrig moet verskuif vanaf die 'chalk-and-talk' konsep na die toegang, gebruik en toepassing van inligting, meestal met behulp van elektroniese toerusting (Nation, 1994: 13). Om hierdie doelstellings te bereik sal dit noodsaaklik wees om met die nuwe ontwikkelende tegnologie tred te hou, soos byvoorbeeld CD-ROM en Internet-stelsels. Hierdie globale neigings het tot gevolg dat daar opnuut gekyk moet word na die gebruik van onderrigruimtes en die toepassing van die kurrikulum.

Die formele skool, soos mens dit tradisioneel in Suid-Afrika ken, kan tans nie meer alleen in al die behoeftes van die veranderde en hoogs gedifferensieerde gemeenskap voorsien nie. Die skool se taak en rol darf egter nie onderskat (dit bly onontbeerlik), maar ook nie oorskakel (dit het beperkinge), word nie. Die oplossing van die probleem lê daarin dat die krag en swakheid van die skool deeglik geken moet word (Carstens, 1985:63-64). Die verhouding tussen die tradisionele skool en die gemeenskap is dus besig om vinnig te verander. In die 20ste eeu is opvoeding meer en meer geassosieer met formele onderrig. Die algemene persepsie van die skool gee aanleiding tot 'n valse verhouding tussen opvoeding en opleiding, asof dit 'n geïsoleerde en gestruktureerde proses is, spesifiek in die kinderjare, afgesluit van die samelewing en sy dinamiese eienskappe. Leer word daarvolgens beskou asof dit in 'n stadium begin en ophou, terwyl dit tog iets is wat lewenslank duur.

Die nie-formele en informele onderwys<sup>6</sup> kan as volwaardige vennote deel van die onderrigstelsel uitmaak en gesamentlik en gekoördineerd met formele onderrig in die besondere onderwysbehoefte van Suid-Afrika voorsien. Sodoende word die behoeftes van

---

<sup>6</sup> sien definisies in bylaag 1



die volle spektrum van gebruikers, van die skoolgaande jeug af tot volwasse leerders, aangespreek. Daar moet daarna gestreef word om toegang tot onderwys en opleiding vir die grootste deel van die bevolking moontlik te maak deur instansies vir hoër onderwys binne bereik van die meerderheid van die bevolking te stel. Sowel die leerlinge as die gemeenskap het 'n behoefte aan die gebruik van die gespesialiseerde fasiliteite (Nation, 1994:i). Die gebruik daarvan word dus gedeel tussen verskillende gebruikers:

- ingeskrewe leerlinge volgens loopbaankeuse
- volwasse leerders wat op 'n nie formele basis opleiding ontvang, hetsy om 'n sertifikaat in 'n sekere kursus te verwerf, oorbruggingskursusse te doen, skoolopleiding te voltooi of selfs te leer lees en skryf
- Lede van die publiek/gemeenskap wat onafhanklik en op hul eie pas wil leer.

Gesins- en gemeenskapbetrokkenheid in die skoolprogram en die toegang tot die gebruik van die fasiliteite bring mee dat die gemeenskap meer belangstel in die skool en dit begin sien as 'n sentrum van gemeenskapslewe wat lei tot algemene opvoedkundige en sosiale opheffing van plaaslike gemeenskappe (RGN,1981:34). Die optimale benutting van die terrein en geboue deur verskeie groepe gebruikers maak die sentrum 'n effektiewe ekonomiese hulpbron. Die eiendom word ook minder verniel omdat 'n gevoel van trots, belangstelling en besit by die gemeenskap aangemoedig word.<sup>7</sup> Maniere om koördinasie en skakeling tussen onderriginstansies en die wêreld 'daarbuite' te bereik, is onder andere die volgende:

- Koöperatiewe bestuur sodat die skool en gemeenskapsfasiliteite ineengevleg is en dit sodoende die meerdoelige gebruik van fisiese fasiliteite skep om duplisering te voorkom;
- Loopbaangerigte en tegniese opleiding, wat onderrig buite die fisiese mure van die skool aan die gemeenskap en selfs die vervaardigingsektor verbind.

---

<sup>7</sup> Hierdie siening word in die nuwe onderwysbeleid vir Suid-Afrika bevestig.

In regeringskringe word vir groter beroepsgerigtheid in die onderwysstelsel gepleit. Mense moet toegerus word met die nodige en vereiste kennis en vaardigheid wat direk van toepassing sal wees op 'n beroep waar 'n volwaardige posisie in die arbeidsmark volgestaan kan word. Besonder duidelike en volledige opleiding wat gedurende 1998/1999 aan bestuursrade oor die land beskikbaar gestel is, verdien lof (Danida projek. First Steps. School Governance Starter Pack. Departement van Onderwys, 1997). Dit is opmerklik dat dieselfde pleitredes dekdades lank gehoor word. Vanaf Lewis (1946), Coombs (1968), RGN (1981), Bengu (1999) en Kader Asmal (1999) word leemtes geopper en oplossings voorgestel. Byna almal met dieselfde tema en vereiste vir groter belangstelling deur alle lede van die gemeenskap. Daar is besonder lofwaardige geskrewe werk gedoen maar die toepassing in die praktyk faal.

Die Departement Didaktiek van die Universiteit van Suid-Afrika het in April 1993 ook die behoefte aan wetenskaplik gefundeerde opleidingsmodelle vir opleiers uitgespreek. Nie-formele onderrig is doelgerig en pragmaties. Dit is gerig op besondere leer en opleidingsbehoefte en spreek spesifiek geïdentifiseerde kennis, kundighede en vaardighede aan. Daar is egter 'n ernstige tekort aan opgeleide opleiers en behoorlik gestruktureerde opleidingsprogramme vir opleiers. Die voorsiening van sodanige programme, die koördinerende van opleidingsaksies en die professionalisering en akkreditering van die opleiersberoep is gevolglik in die opleidingswêreld as hoë prioriteit geïdentifiseer (Van Rooy & Penning, 1993:139). Daadwerklike navorsing oor en beplanning van opleiding word veral genoodsaak deur tekortkominge in die formele onderwyssektor en deur die dringende behoefte aan opgeleide mannekrag in Suid-Afrika. Die behoefte aan opleiers wat die breë onderwyskorps uit die rigiditeit van die geïkte stelsel kan lig is in die toepassing van Kurrikulum 2005 nog groter. Opleiers wat die vaardighede aan onderwysers kan leer is nodig naamlik, indiensopleiding. Die nypende tekort aan geld om hierdie broodnodige opleidingshulp te verskaf is te betreur. In die Noordwes Provinsie is die opleidingsdatums in 1998 telkemale tot groot ergernis van onderwysers verander, verskuif en later heeltemal afgestel weens 'n tekort aan fondse. Op die geleentheid waar daar wel iets aangebied is, was die aanbieders meer as 'n uur laat en nie goed voorbereid nie. Die gevolg was dat onderwysers in baie gevalle uitgewerkte werksvoorbeelde ten duurste aangekoop het, eie

onafhanklike opleidingsaksies gereël het en op eie inisiatief voortgegaan het. Die verafgeleë plaasskole word die swaarste hierdeur getref omdat hulle nie 'n stewige skoolfonds, fotostaatfasiliteite en kommunikasie met kundige onderwysers het nie. Die boekies wat in 1998 aan skole in Noordwes gegee is kon met groot vrug gebruik word. Die gebrek aan fotostaat fasiliteite, afgesonderdheid van skole en min, indien enige, fisiese en morele ondersteuning van die onderwysvakkundiges in die Zeerust Distrik, hoofsaaklik weens vervoerbeperkings, het die gebruik daarvan belemmer.

Die gebalanseerde kurrikulum onderskei agt verskillende leerareas waaronder Tegnologie, en Kuns en Kultuur, elk 'n gelykmatige plek het.<sup>8</sup> Die verskillende leerareas word soos volg in Kurrikulum 2005 uiteengesit:

- Kommunikasie, Geletterdheid en Taalvaardigheid
- Wiskunde
- Sosiale Wetenskappe (waar kulturele diversiteit in 'n gemeenskap plek het)
- Wetenskap
- Kuns en Kultuur
- Ekonomiese Wetenskappe
- Lewensoriëntering
- Tegnologie

---

<sup>8</sup> Kreatiwiteit, ook in die aanwending of toepassing van hierdie kurrikulum, is van groot belang. Die moontlikhede wat byvoorbeeld in die gebruik of hergebruik van 'n leë koeldrankblikkie lê kan in elkeen van die agt leerafdelings inpas.

## AFSTANDSONDERRIG

In Suid-Afrika is daar oor baie jare heen 'n onderwyskundige probleem, soos in alle Derdewêreldlande, dat duisende swart leerders uitsak in die formele onderwysstelsel in primêre sowel as sekondêre onderwys (Schutte, 1989:8). Indien hierdie jongmense weer wil terugkeer skool toe is hulle weens ouderdom óf oorbevolkte skole, óf finansieel, nie in staat om tot die formele onderwys terug te keer nie. Daar is net soveel agterstande met betrekking tot goed opgeleide onderwysers wat veral onder die swart gemeenskappe ontstaan het dat alles moontlik gedoen moet word om dit te verminder of uit te wis. Elektroniese media is een manier. Nie-formele onderwys is dus 'n moontlikheid. Uit 'n ondersoek deur die RGN (1989) het dit duidelik geword dat 'n multimedia- of sisteembenadering as die mees effektiewe strategie beskou word. In hierdie benadering word die onderskeie komponente van die onderwys wat in die klaskamer as 'n geheel funksioneer, soos onderrig, leer, evaluering, kontrole en inoefening, geïsoleerd en as afsonderlike komponente aan die student gebied. Radio- en televisie-uitsendings kan deur die South African Broadcasting Corporation (SABC) voorsien word en as hoofkomponent van die kursus dien. Ondersteunende studiemateriaal kan in samewerking met die korrespondensieskool opgestel en versprei word. Lesings of aandklasse kan in plattelandse gebiede aangebied word. Hierdie bevindinge strook met die regering se beleid van Lifelong Learning 1997. Byna alle Universiteite, Tegniese Kolleges en Kolleges vir Afstandsonderrig bied kursusse aan om veral die onderwyser wat nie 'n diploma of geldige onderwysertifikaat het nie, te help. Die voorwaarde dat hulle oor 'n matrieksertifikaat moet beskik het ook in 1998 verval. Volgens Netech (1996:2) moet 'n interaktiewe afstandonderrigsisteem aan die volgende vereistes voldoen:

- Dit moet onderwys en opleiding vermenigvuldig sonder enige negatiewe effek op die inhoud.
- Dit moet onderwysgerig ontwikkel word met ander woorde die sisteem moet opvoedkundig en nie slegs tegnologies nie, ontwerp wees.
- Dit moet buigbaar en aanpasbaar wees om die leerders se behoeftes op nasionale en provinsiale vlak te bevredig.

- Dit moet moontlikhede tot kommunikasie in die infrastruktuur bevat.

Afstandonderrig word deur talle onafhanklike instansies gebruik. Die Amerikaanse sisteem van kontakleer is gebaseer op didakties-gestruktureerde geïllustreerde programwerkboeke wat leerlinge op hul eie pas deurwerk (RGN, 1989:66).

'n Goeie voorbeeld van 'n suksesvolle nie-formele afstandsonderrigprogram word deur doktor Petrus Claassen van die ABSA Bankgroep bespreek (Sake Beeld, 1996:1). Die groep het 'n prys ontvang van die Nasionale Produktiwiteits-instituut (NPI) vir hul unieke afstandonderrig en kommunikasiestelsel. Die kommunikasiestelsel het ABSA se opleidingskoste van R60,84 miljoen tot R12,1 miljoen per jaar verminder. Dié besparing in bedryfskoste het die kapitaal verskaf om 'n nuwe maatskappy, African Growth Network (AGN) te stig om die nuwe stelsel te bedryf. Baie mense moes opgelei word in nuwe prosedures, stelsels en benaderings om standaardisering binne die onderskeie banke te bewerkstellig. Om die probleme die hoof te bied, het ABSA gekies om alle opleiding (van opleiding in administratiewe prosedures tot leierskap) te grond op afstandonderrig deur televisie-uitsendings. Die televisie opleiding word deur werkboeke gerugsteun. Dié metode beteken dat opleiding in die takke geskied, eerder as op duur, afgeleë plekke. Kursusgangers kan gevolglik minder van hul werk afwesig wees en alle betrokke werknemers word onmiddellik en gelyk opgelei. Dit bespaar miljoene rande aan huisvesting, reiskoste en salarisse vir vervangingspersoneel. Herhaling deur video was ook beskikbaar.

Afstandonderrig het in die sewentigerjare momentum gekry (Coombs, 1985:130). Die opleier het nie beheer oor die tyd, plek, aandaggee, terugvoering of kontrole oor die leerder nie. Gestruktureerde onderrig en leer is in afstandonderrig in die les ingebou. Die terugvoer kan deur middel van telefoonoproepe, vraelyste, briewe of latere mondelinge gesprek verkry word. 'n Afgebakende, direkte of onmiddellike evaluering van die sukses of foute in die leerproses kan nie verkry word nie (Jorissen, 1993:3).

Wydverspreide leerders van verskillende ouderdomme ver verwyderd van skole en kolleges kon bereik word met 'n multimedia benadering deur radio (baie goedkoper en hanteerbaarder as TV) en gedrukte materiaal en oudiovisuele hulpmiddels.

Kenia het sukses behaal deur 'n radio/korrespondensieprogram wat baie onderwysers en belangstellendes, hoofsaaklik in landelike gebiede, in hoërskoolvakke opgelei het.

Die mees bekende en invloedryke voorbeeld was egter die Open University in die Verenigde Koninkryk wat bewys het dat daar suksesvol en baie goedkoper as in die tradisionele universiteit, grade en diplomas verwerf kon word deur leergierige mense in hul eie huise te bereik. Daar is gebruik gemaak van goedvoorbereide TV- en radioprogramme geïntegreer met selfstudie materiaal en naweekontmoetings deur dosente en studente.

'n Oorvol jaarprogram, groot klasse en te veel buitemuurse aktiwiteite is van die probleme wat die meeste onderwysers ondervind. Die feit dat alle vakke deur dieselfde onderwyser gegee word asook vervoerprobleme, kniehalter die goeie voornemens van veral die ongekwalifiseerde plaasskool onderwyser. Interaktiewe televisiegebaseerde afstandonderrig is deur die Universiteit van Pretoria in 1993 as toetsprojek met die Witbanksatellietkampus gebruik. Die Witbanksatellietkampus is 100 kilometer vanaf die hoofkampus geleë en dosente moet na en van die satellietkampus reis. Reisafstand duur ongeveer 'n uur en is dikwels vermoeiend en koste-intensief. Studente is oorwegend volwasse leeders wat van naburige dorpe inry. Die gemiddelde ouderdom is 32 jaar. Meeste is getroud, het kinders en het verkorte kontaktyd met die dosente. Die tegnologie wat gebruik is het 'n oudiokanaal wat studente in staat stel om met die dosent op die hoofkampus te kommunikeer en vrae te stel.

Dosente se didaktiese kundigheid is van kardinale belang om interaktiewe televisie as medium vir afstandonderrig optimaal te kan benut. Interaktiewe televisie-afstandonderrig is 'n gespreksgeleentheid. Naby skote, beeldsendings vanaf gedrukte dokumente, werksblaaie, video-invoer en oudio-insette vir verdere klanktoevoer kan suksesvol gebruik word (Jorrissen, 1993:5). Die algemene indruk uit studente- en dosentevraelyste was dat dit aanvaarbaar was, mits die dosent duidelik praat en goed voorberei is. Die dosent se klasgeevermoë is van uiterste belang. Heruitsendings deur middel van video kan as hersiening gebruik word. Negatiewe kommentaar was dat die persoonlike verhouding tussen student en dosent verlore gaan.

## ONDERRIGRUIMTES

Die nuwe onderwysstelsel met sy strategieë en visie sal 'n invloed op skoolontwerp hê. Die al hoe meer tegnologies-intensiewe omgewing sal ander onderrigruimtes vereis as die huidige standaardruimtes. Die gemeenskap se betrokkenheid en die konsep van lewenslange studie sal ook 'n groot rol speel in die uitleg en sonering van die ruimtes in 'n skool. Daar sal byvoorbeeld gelet word op die herskedulering van tye en fasiliteite wat gedeel sal word deur alle lede van die gemeenskap, wat dalk ander 'geboutipes' met nuwe akkommodasievereistes tot gevolg sal hê (Nation, 1994: 15). Reeds in 1981 maak die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) voorstelle vir klaskamergroeperings wat idees van die huidige denkproses inhou. Die klaskamers is verbind met stil, praktiese ruimtes en ook buiteruimtes en klaskamers kan verklein word met partisies en is gerangskik rondom die inligtingsentrum wat boeke, tydskrifte sowel as tegnologiese apparate bevat. Dit vorm die kern van die uitleg en is van die mees resente hoofoorwegings.

Spesifieke addisionele behoeftes vir sogenaamde nuwe 'tipes' van die toekoms, kan in die volgende basiese behoeftes gelys word:

- sentrale vergaderruimtes, onderdak of buite, byvoorbeeld 'n plein of 'n saal, asook kleiner subruimtes wat meer intiem is vir kleiner groepe
- toegang tot informasie: sentrale inligtingsentrum (biblioteek en rekenaarwerkstasies)
- toegang tot voldoende sport- en ontspanningsfasiliteite
- toegang tot gespesialiseerde onderrig byvoorbeeld laboratoriums
- praktiese klasse/werkswinkels geskakel met klaskamer
- individuele werkstasies
- groot onderrigruimtes vir omtrent drie of vier groepe van 40 leerlinge elk
- kleiner ruimtes vir projekgebaseerde groepwerk
- gedeelde werkareas vir onderwysers
- studeerruimtes

Al hoe meer klem word gelê op die verkryging van kennis deur die leerling self, in laboratoriums, werksinkels en leeskamers.<sup>9</sup> Toegang vanaf die klaskamer na al hierdie fasiliteite is dus belangrik. Groter variasie van tipes en groottes van ruimtes is nodig. Die oppervlakte van die klaskamer en die meubels moet debatte, toneellessings, besprekings, projekuitstallings en toesprake moontlik maak. Dit lei tot meer oopplan, vryer, buigsamer, aanpasbaarder ruimtes in geskakelde en geïntegreerde groeperings in teenstelling met die tradisionele vaste en rigiede oppervlak standaardklaskamer. Buiterruimtes is net so deel van die onderrigruimte as enige klaskamer of werksinkel.

Met die besef dat hierdie tipe skoolontwerp en fasiliteite glad nie teenwoordig is by die meeste skole in Suid-Afrika nie, moet na hierdie ideale konteks as konsep van skoolonderrig in die toekoms, gestreef word. Die eenvoudigste fasiliteite waar ook al geleë, leen sigself daartoe om ondersteunende tegnologie en nuwe onderwysmetodes te inkorporeer in die huidige sisteem. Dit sal ryker en relevante onderrig daarstel. Dit is hoegenaamd nie die mure van 'n gebou wat die verskil maak nie, maar wel die 'hart' (die kwaliteit van onderrig) wat impak het op mense om 'n verskil te maak in hul omgewing. 'n Kunsles buite onder 'n boom kan net so geslaagd wees as in 'n goed toegeruste kuns-lokaal.

Opsommend kan gesê word dat skole uit die huidige rigiede sisteem moet ontwikkel en beweeg na 'n vryer opleidingsentrum vir almal, wat ook sodanig as 'n gemeenskapsentrum kan dien. Tegnieese opleiding asook toegang tot al die nuwe tegnologiese inligtingsapparatuur en die inkorporering daarvan in die sisteem, is vandag die hoofverantwoordelikhede van enige opleidingsinstansie. Beskikbare media is 'n groot hulp wat gebruik moet word in die opheffing- en opleidingswerk wat tans noodsaaklik is in Suid-Afrika. As daar egter nie elektrisiteit of geld beskikbaar is nie is dit 'n ydele droom. Die toesig en versorging van die gebou en inhoud is problematies.

Dit is interessant om op te merk dat Lewis (1946:44) die klem op die rigiditeit van die kunsonderrig wou verskuif na 'n meer vrye kreatiewe metode maar dat hy kritiek gelewer het

---

<sup>9</sup>Kurrikulum 2005. Die onderwyser word nou 'n fasiliteerder. Groepwerk en individuele navorsing is belangrike komponente om 'n denkende persoon wat met sy medemens kan saamwerk te laat ontwikkel.



op die feit dat, in Suid-Afrika en oorsee, ou geboue in skoolgeboue verander is. Vandag word die benutting van bestaande geboue as onderrigruimtes weer gepropageer soos wat die geval in 1901 in Suid-Afrika, na die Anglo boere-oorlog. Lord Milner het Markee tente beskikbaar gestel waarin skoolgehou is. In 1946, net na die Tweede Wêreldoorlog het Lewis dit ondervind en in 1999 in Suid-Afrika, na die apartheidstryd word mense genoodsaak om kreatiewe maniere te vind om onderrigruimtes te skep.

Die implementering van nuwe en duur geboue met beter ingerigte lokale om nuwe vereistes te pas, is huidig slegs 'n droom. Ten opsigte van fisiese leerspasie bereken teen 40 leerlinge per klas in laerskole en 35 in hoërskole, is daar landwyd 'n tekort van 57 499 klaskamers (Mona, 1997:3). Twee jaar later is daar nie veel verbetering in die posisie nie (Nyaka, 1999:72-75).

Die fisiese omgewing van baie van die bestaande skole is in 'n haglike toestand. Daar is min begrotingsfondse om aan hierdie saak drasties en dadelik aandag te skenk. Volgens die RGN se opname in 1996 (Mona, 1997:3) het die volgende feite na vore gekom:

- **Watervoorsiening:** Minder as die helfte van die skole in die land het toegang tot water op die perseel (41 persent het water); 6 687 van die 27 864 laer- en hoërskole het geen water op die skoolterrein of binne loopafstand van die skool nie; Noordelike Provinsie is die swakste daaraan toe (48 persent skole het geen water nie); Oos-Kaap is tweede met 34 persent.
- **Toilette:** As daar op 'n basis van een toilet vir 20 persone gereken word, is daar 'n tekort van 270,000 toilette in skole landwyd. Sewe-en-veertig persent van die land se skole het net putlatrines en 13 persent het geen toilette nie.
- + **Elektrisiteit:** Drie-en-veertig persent van die skole landwyd het geen elektrisiteit nie
- **Telefone:** Negentien persent van die Oos-Kaapse skole het telefone, 25 persent van die Vrystaat en 32 persent van die Noordelike Provinsie. In Natal en Noordwes het minder as 50 persent van die skole nie telefone nie. Selfone het in die jare 1998, '99 'n oplossing geword.

Die betekenis hiervan is dat in 'n wêreld wat die 'global village' genoem word vanweë fakse, elektroniese pos en Internet, daar duisende skole is wat niks daarvan ervaar nie. Cronjé (1994:52) beweer dat met reg gesê kan word dat Suid-Afrikaanse skole aan byna alles 'n tekort het, behalwe aan kinders.

## **DIE DILEMMA WAT KULTUURVERSILLE EN VERSKILLENDE DENKVLAKKE IN DIE ONDERWYS MEEBRING**

Dit is belangrik dat insig verkry sal word in verband met die verskillende en uiteenlopende kulture in Suid-Afrika se bevolking en die invloed daarvan op onderwys.

As die rol wat kultuur in 'n mens se lewe en optrede speel misgekyk word, word groot misverstande, onverstaanbare teenreaksies en negatiewe kritiek onnodig gekweek. Hoewel daar soveel ontwikkelingsvlakke binne een kultuur self kan bestaan, is dit belangrik om die agtergrond van 'n kultuur te begryp, om dit waaruit meeste mense opgegroeï het en baie steeds in leef, met verligte oë te sien terwyl na oplossings gesoek word.

Daar word aanvaar dat opleiding die oplossing vir baie van Suid-Afrika se onderwysprobleme is. Mense moet opgelei word om die strande te gebruik, om demokraties te wees, om laerooksteenkool te gebruik of om entrepreneurs te wees. Dwarsoor Afrika is die stelsel van skole en universiteite aan die verval. Die oplossing het 'n probleem geword. Die Westerse opleiding word nie sonder meer deur die gemeenskap aanvaar, onderhou, uitgebou, ontwikkel en gekoester nie.<sup>10</sup> Diepgevestigde kulturele patrone word daardeur in die gedrang gebring.

---

<sup>10</sup> In Gabonewe High School, Madikwe, het die jongmense geëis dat die skoolsaal wat in die vorige bedeling gebou is aan die gemeenskap toegesê moet wees. Volgens opdrag moes die hoofde van omliggende skole onderskeie werkstate by dié saal inhandig. Met so 'n geleentheid was die skok en ontsetting by die onderwysers uit naburige skole groot as gevolg van die fisiese toestand van die geboue en terrein. Tien uur in die oggend het al die ligte gebrand. Mak bokke het in die saal rondgeloop, ge-urineer en gemis. Die deure was afgebreek. Die duur rooi fluweel saalgordyne het in die kleedkamers in die water gelê. Geen toilet het gewerk nie. Die water wat uitgeloop het, het die vloerteëls laat opskilfer. Van die 'besoeker'-onderwysers het begeer om van die gebreke te kom en stoele te kon bekom vir gebruik in hul skole waar daar 'n tekort

Die politieke faktor het die afgelope twee dekades diep erosieslote in die onderwysstelsel gebring. Die jeug het die ouers en onderwysers se gesag verwerp.<sup>11</sup> Van Niekerk (1996:52) noem dat aan die begin van die 20e eeu toe plaasboere vir hul werkers skole begin bou het, die swart mense beswaar gemaak het. Hulle het gesê dat hul kinders van hulle weggevat word. Die gesagstruktuur van die ou mense sal weggeneem word, want die kinders sou dan nou 'slim' wees (slimmer as die pa's en ma's, oupa's en ouma's wat nie kan lees of skryf nie). Meer as 'n derde van die swart gesinne in Afrika is matriargaal. Die pa werk elders of daar is nie 'n pa nie.<sup>12</sup>

In 1995 is daar in 'n groeps gesprek deur Soweto-ouers gepleit dat laerskoolkinders hul Afrika-tradisies geleer moet word veral hoe om met respek teenoor grootmense op te tree, hoe om te groet en wat die waardes en gewoontes van hul eie tradisie is. Kleintjies moet met die hande werk, klei speel, matte vleg. Hulle moet verhale, liedere, spreuke en danse in hul eie taal en tradisie leer, sodat die moderne dinge wat hulle ook moet leer, met hul tradisies versoen kan word (Van Niekerk, 1996:55). Teen dié agtergrond word daar deesdae dikwels bedenkinge geopper deur wit skole, waar swart leerlinge nou aanvaar word. Wit ouers vrees hul kinders sal heeltemal van hul eie kultuur vervreemd raak.<sup>13</sup> Hulle pleit dat ouers moet terugkeer na dissipline (Le Roux, 1999:85). Julia Grey (1997:4) skryf 'n artikel in 'The Teacher' oor die probleme wat swart en blanke skoolkinders met integrasie ondervind. Blanke hoërskoolleerlinge dink dikwels oor die verlede en wonder of hul swart klasmaats hulle daarvoor verwyt of verwerp. Sandile Ntshakala (1997:5) verklaar dat swart leerlinge in gemengde skole ernstige probleme ondervind weens taal- en kultuurverskille.

---

of geen was nie In Radikwega-plaasskool word afgesnyde dromme gebruik vir stoele om die probleem van 'n tekort aan meubels op te los. 'n Positiewe oplossing kan dalk wees deur van tegnologie gebruik te maak. Byna elke swart huishouding besit 'n radio en 40 persent TV. Inbelprogramme is gewild. Jeugleiers kan aangewys word deur 'n demokratiese stemming onder die kinders en hulle moet verantwoordelikheid aanvaar. Situasies soos hierdie by Gabonewe High School kan onder mense se aandag gebring word en raad en wenke van gemeenskappe kan aangehoor word.

<sup>11</sup> In baie kulture is en was die pa die gesagsfiguur. As 'n kind stout is sal Ma vir Pa sê hy moet straf uitdeel of as die kind iets wil hê moet Ma met Pa daarvoor praat.

<sup>12</sup> Twaalf uit 32 leerlinge in een klas in Radikwega Plaasskool, Swartruggens distrik in Noordwes provinsie, het net 'n ma wat na hulle kyk. Hulle ken nie hul pa nie.

<sup>13</sup> Die opmerking van Van Niekerk (1996:54) dat net soos swart ouers aan die begin van hierdie eeu baie skepties gestaan het teenoor die skade wat die skool aan hul bestaande kultuurorde en -goedere kon doen, so ervaar die blanke ouer die vrees dat 'n te vinnige oopstel van skole die onderwysstandaarde drasties sal laat daal en weer hulle kultuurgoed kan bedreig.

Modernisasie en Afrikanisasie vind saam plaas, albei op groot skaal, albei met krag, ook in die onderwys. Die onderwys is gerig op die individu wat ontwikkel, wat studeer, wat presteer of misluk. In Afrikakultuur is die individu wat werk vir sy eie ideale, sy eie selfverwesenliking, sy eie welvaart, iemand wat deur die gemeenskap gewantou word. 'Die individu, bestaan daar so iets?' vra 'n Vrystaatse Metodiste predikant, Gabriël Setiloane in 1986 (Van Niekerk, 1996:55). Individualisme is 'n afwyking van die groepsnorm. Die individualis word as 'n towenaar beskou wat nie vriende het nie. Die verset teen die stelsel wat die individu bo die groep plaas, laat studente eis: 'Pass one, pass all'. As so 'n gees posvat kom moderne onderwys tot stilstand. Selfs geharde aktiviste was in die pekel as hulle probeer het om gevestigde onderwysbeginsels toe te pas, soos om 'n druppunt in 'n eksamen toe te ken.<sup>14</sup>

Van der Linde (1998:185) se navorsing toon dat die kollektiwistiese aard van die Afrikakultuur daartoe lei dat swart onderwyseresse minder eise ervaar, beter onderlinge ondersteuning in die familie-opset geniet en dus minder stres en uitbranding beleef as wit Afrikaanstalige onderwyseresse.

Volgens die Afrika-beginsel van die interafhanklikheid en ineengeskakeldheid van alles, is daar nie 'n skerp onderskeid tussen die wetenskap en toordery of geestelike magte nie. Vir die Westerse onderwys is iets net werklik as dit 'n natuurlike orde het en dit ontleed en begryp kan word deur die menslike verstand. Voorbeelde van sulke Afrika-geloofwaardighede wat sonder twyfel geglo word, word aangehaal en handel oor weerlig, druppunte en begrafnisgewoontes (Van Niekerk, 1996:56). As iemand deur weerlig getref word is hy aan die gode geoffer. As 'n wetenskaplike deur middel van 'n eksperiment die elektrisiteit in weerlig demonstreer, is daar in die Afrika-kultuur nie 'n verskil tussen die twee nie. Almal benut die krag van weerlig. 'n Swart student sal aan sy lektor sê: 'Ek het 'n druppunt in my toets gekry omdat ek nie my oupa se begrafnis bygewoon het nie'. Dit word nie toegeskryf aan onbegrip of te min studie nie. Dit was sy straf. 'n Voorbeeldige kerkganger uit 'n swart woonbuurt met netjiese huise, spaar jare lank vir 'n motor. Toe hy reeds R10 000 gespaar het sterf sy broer in die Vrystaat.

---

<sup>14</sup> Dit het daartoe gelei dat 'n aantal dosente op Turfloop byna twee jaar lank in lewensgevaar verkeer het as hulle universiteit toe sou kom. Geen klag is teen die studente gelê nie (Van Niekerk, 1996:30). In Augustus 1997 is 'n rewolwer teen 'n dosent (Vaaldriehoek Technikon) se kop gedruk met die boodskap: 'Jy het my broer laat drui, jy sorg dat hy deurkom' (persoonlike mededeling).

Sonder murmuring dra hy byna al sy spaargeld by vir die duur kis en begrafnis. Dit sit hom jare terug in sy doelstelling om 'n motor te kan koop. Hy doen dit gelate (persoonlike mededeling).

Uit die navorsing van Polson (1996) blyk dit dat blanke en swart leerlinge uit hoë en lae statusgroepe aanvanklik verskillend daar uitsien ten opsigte van groepsidentifikasie en tussengroepverhoudings en ook verskillend op die intervensie reageer het. Spesifieke kultuurkennis is nodig vir alle lede van die samelewing om hul eie groepe en ander groepe beter te verstaan en te aanvaar. Die navorsing wys daarop dat groepsdinamika nie beperk is tot die spesifieke area wat bestudeer word nie, maar dat 'n intervensie wye implikasies het in die gemeenskap waar dit geïmplementeer word. Versnelde integrasie in Suid-Afrikaanse skole na jare van etniese segregasie lei tot gespanne interkulturele kontak in skole. Die ideaal is om werksinkels aan onderwysers aan te bied om onderlinge begrip te bevorder. Polson se navorsing is slegs in een Engelse skool op Rustenburg gedoen. Die meerderheid lede van die verskillende groepe het erken dat die werksinkel hulle daarop gewys het dat lede van verskillende groepe unieke individue is, wat hulle vantevore nie besef het nie. 'n Persoon reageer bewustelik of onbewustelik vanuit die vlak van ontwikkeling, vlak van analitiese denke, vlak van kultuurwaardes, ingebore talente en aangeleerde gewoonte. In Suid-Afrika is agt denkvlakke teenwoordig volgens Beck se teorie.<sup>15</sup> Beck (1994) skryf baie van die diversiteit en teenstrydigheid in Suid-Afrika se situasie toe aan die verskillende vlakke van denke waaruit oortuigings kom.

Kurrikulum 2005 trag om 'n denkende mens met positiewe lewenswaardes en vaardighede wat hom of haar kan help om sy of haar eie toekoms te bou, die lewe in te stuur. Die Westerse kultuur bied soveel aan wat aantreklik is: gerief, beweeglikheid, vermaak, nuwe kennis, vryheid van vrees vir geeste en eindelose geleenthede. Die stryd tussen Afrika se tradisies, die moderne Weste, die Christelike geloof en ander magte is 'n stryd om die siel van Afrika wat in hoë mate op skoolvlak beslis word (Van Niekerk, 1996:55).

---

<sup>15</sup> In Bylaag 7 is 'n opsomming van Beck et al (1994) se teorie oor die verskillende denkvlakke van die mens. Dit sal die leser baat om eers Bylaag 7 te lees ten einde die konteks van wyd-uiteenlopende menings en sienings van persone uit Afrika en Europa op die studie van toepassing te maak.


Samevatend kan gesê word dat ten spyte van die diversiteit en dikwels teenstrydigheid van die sieninge van die kundiges wat met onderwys en opleiding in Suid-Afrika te doen het, met of sonder tegnologie, bly die hoop op 'n werkbare oplossing tog daar. Om oor hierdie dinge konsensus te bereik, sal daar begrip moet wees vir elkander se kultuurgebruike. 'n Gewilligheid en openhartigheid om doelgerig na mekaar te luister en dan tot 'n besluit te kom is nodig. Deur met begrip en deernis na die standpunte en oplossings van andere te luister sal ons almal meer deel van èen span kan wees!

\*\*\*

In **Hoofstuk 3** sal die problematiek rondom elektroniese media in die onderwys, aandag geniet. Opleiding met betrekking tot die gebruik van elektroniese media word ook nader toegelig.

## HOOFSTUK 3

# Tegnologiese Media in die Onderwys



*"Apartheid education policies have left us with a legacy of ten to fifteen million illiterate adults. Technology, with its promise of accelerated, effective training, presents itself as the obvious solution" (Andrews, 1995:7)*

## INLEIDING

Ons lewe vandag in 'n informasie era. Tegnologie het 'n wêreldtaal geword. Die laaste dekades van die twintigste eeu het getoon dat die wêreld waarin ons lewe al hoe meer onder die kontrole van die mens gekom het. Die mens beïnvloed sy omgewing ten goede of ten kwade met die hulp van tegnologie.

Tydens 'n internasionale konferensie van 10-14 Oktober 1994 in Midrand, Suid-Afrika, het verskeie sprekers hul mening gelug oor die voordele en redes vir die gebruik van tegnologie spesifiek vir Suid-Afrika met sy unieke behoeftes. Die huidige unieke omstandighede in Suid-Afrika tel in die guns van die gebruik van tegnologie in die onderwys. Spesifieke omstandighede word genoem (Andrews, 1994:12):

- 'n Kombinasie van Eerstewêreld finansiële en tegnologiese infrastruktuur tesame met 'n Derdewêreld-behoefte in terme van Volwasse Basiese Opleiding en/of afgeleë plaaslike gemeenskappe met behoefte aan gevorderde onderwysmetodes en toerusting.
- 'n Politieke klimaat van oorgang en vloeibaarheid waar alle onderwerpe oop is vir onderhandelings en mense ontvanklik is om probleme te definieer en nuwe idees en oplossings te vind.
- Buitelandse regerings wat na areas soek waar hulle 'n bydrae kan lewer om foute uit die verlede reg te stel.
- Die industriële sektor wat tot 'n bewustheid kom van hul verantwoordelikheid teenoor werknemers en die voordele van 'n opgeleide arbeidsmag.
- Belangrike vakbonde het 'Adult Basic Training' as prioriteit op die onderhandelingsstafel.
- Tegnologie wat eers onlangs ontwikkel het tot 'n punt waar dit werklik bruikbaar is in terme van literatuur- en taalonderwys.



Die belangrikste voordele vir die gebruik van tegnologie word genoem:

- 'n 40-60 persent versnelling in leerkoers
- vier keer meer effektief as normale onderrigmetodes
- nie-diskriminerende onderrig word korrek ontwikkel
- hoë kwaliteit, gestandaardiseerde onderrig, gebaseer op 'n nasionale sillabus wat goedkoop en vinnig gereproduseer, op datum gehou en versprei kan word.

Al hierdie faktore het die potensiaal om tegnologie kostedoeltreffend oor die langtermyn te maak, omdat die aanvanklike hoë koste van toerusting 'n hoër slaagsyfer en 'n vermindering in 'leertyd' kan meebring (Andrews, 1994:9).

In sy toespraak gelewer by die internasionale konferensie oor rekenaargesteuende onderwys en opleiding in ontwikkelende lande, sê Professor JC Cronjé van die Universiteit van Pretoria (1994:52) dat dit baie moeilik is en vergesog kan klink om die gebruik van rekenaars in skole te motiveer in 'n land waar daar skaars genoeg geld is om elke leerder van 'n lei en griffel te voorsien. Elektroniese media is duur. Mense kan hul werk verloor as 'n rekenaar die werk vinniger en beter kan doen. Daar is elektrisiteit nodig. Rekenaars raak gou verouderd en waardeloos. Hoogs gekwalifiseerde tegnisi is nodig om die aparate te installeer, te hanteer en in stand te hou. Hierdie besware is nie sonder meriete nie.<sup>1</sup> Cronjé (1994:52) sê die fokus moet verskuif word van die verkryging van kennis na die prosessering van kennis. Dit is ten opsigte van die aanwending van kennis dat die gebruik van elektroniese media in skole gemotiveer moet word. Die koste-effek kan in 'n mate bygelê word as besighede hul ou rekenaars tot die beskikking van skole kan stel.<sup>2</sup> Hierdie masjiene moet in 'n plek binne 'n gemeenskap geplaas word waar dit die nuttigste gebruik kan word - as 'n skool die gemeenskap die beste dien, dan in 'n skool, die gemeenskapsbiblioteek of anders selfs 'n algemene bymekaarkomplek, solank daar toesig is en gemeenskapstrots om die duur en delikate toerusting te versorg en te gebruik. Omgewingskolleges en universiteitsuitbreidings wat met behulp van TV-programme en instruksietelevisie hul volwasse studente se

---

<sup>1</sup> Selfs uit Indië kom die klag van die probleme wat gereelde kragonderbrekings veroorsaak.

<sup>2</sup> Cronjé (1994:53) beveel aan dat uitgediende rekenaars van groot maatskappye dikwels nog goeie diens in 'n skool kan lewer.

onderwysopleiding wou verbeter, het gewild geword. Die TV-generasie is geleidelik besig om in ons skole gevestig te raak. Die verskuiwing van TV na digitale televisie, video en rekenaar was die grootste verandering. In 'n TV-program oor beleggings, *The Africa Resources Investment Fund of Zimbabwe*, (TV2, Aug 1997), sê die aanbieder dat Afrika se hoop op die Suid gerig is. Suid-Afrika probeer om uit eie bronne tegnologiese opheffing te doen en die ander Afrika-lande se oë en hoop is in 'n groot mate op Suid-Afrika gevestig. In Zimbabwe word maandeliks meer as 1000 skottels in woonstelgeboue, huise en skole geïnstalleer wat digitale televisie sal kan opvang (TV2, Sept 1997).

## TEGNOLOGIESE MEDIA: GESKIEDKUNDIGE OORSIG

Twee keer binne die afgelope vyf eeue het kommunikasietegnologie so dramaties ontwikkel dat dit die hele menslike bestaan verander het. Dié veranderinge was die uitvinding van boekdrukkuns in die vyftiende eeu en die algemene beskikbaarstelling van die rolprent en elektroniese kommunikasie aan die begin van die twintigste eeu. Drukwerk kon kennis verder uitdra as die menslike stem en het voorsiening gemaak vir 'n liniêre, verbale, abstrakte kode. Hierdie kode was so effektief dat dit wydverspreide geletterdheid, onderwys, groei van die wetenskap en nywerheid en die verbreding van menslike horisonne moontlik gemaak het. Rolprent en elektroniese kommunikasie, veral televisie, het weer vir ander kodes voorsiening gemaak. Die menslike stem kon opgeneem en versprei word in teenstelling met slegs gedrukte taalsimbole, en die abstrakte bladsy kon deur die realiteit van oorgeseinde visuele beelde en klanke aangevul word. In die laat twintigste eeu by die eeuwenteling, het die tegnologie sover ontwikkel dat CD ROM-programme, faksmasjiene en Internet-rekenaarstelsels die wêreld werklik tot 'n 'gesinskring' verklein het. Moderne tegnologie bevat die vaardighede om kognitiewe vermoë, analitiese denke, probleemoplossing en handvaardighede te verbeter.

In die debat oor die suksesse en mislukkinge ten opsigte van elektroniese media het Tiffin (1989:139) van die Victoria Universiteit in Wellington, Nieu-Zeeland, beskryf hoe hy

opvoedkundige televisie in die veraf geleë gebiede gepropageer en ondersteun het. Soos so baie persone voor en na hom het hy gedink dat hy die lig van kennis deur opvoedkundige televisie na die verre hoeke van hierdie aarde sal help uitdra. Opvoedkundige televisie (ETV-Educational Television) sou die weg baan vir 'n nuwe era in die onderwys. In so baie opsigte het die navorsing oor dit wat fout was in opvoedkundige televisie egter op die verkeerde vlak gelê. Die eksperiment met ETV in Ghana het in 1979 tot 'n einde gekom. Dieselfde mislukking het in die woude van die Amazone in Suid-Amerika tot by die heuwels van Porto Alegre voorgekom. Die revolusie wat in Sierra Leone, Pernambuco, Argentinië, Chile, Fernando Po, Uganda en Ethiopië gekom het, was nie op opvoedkundige gebied nie, ten spyte van al die goedbedoelde opvoedkundige pogings. Tiffin het tot die gevolgtrekking gekom dat die Europeërs die Bybel en Sifilis in die 19e eeu na die Stille Oseaangebied gebring het. In die 20e eeu het die Europeërs opvoedkundige televisie na die kinders van Samoa en videonarighede na die jeug van die Stille Oseaan-gebied gebring, maar nie langer om daardeur te leer nie. Soos die res van ons sit hulle vandag passief na die talle sepies en kyk en die geweld in die eens stil strate neem toe (Tiffin, 1989:139).

Die Verenigde State van Amerika het miljoene rande bestee aan reuse opvoedkundige uitsaaiprojekte in El Salvador en Nicaragua sonder dat daar werklike resultate was. Die Franse benadering was die mees verbeeldingryke projek ten opsigte van televisie-uitsendings. Hulle het 'n eksperiment in Niger gedoen en dit was so geslaagd dat die televisie-studente hul medeskoliere wat nie televisie gehad het nie, ver uitgestof het. Dit het die onderwysers so opstandig gemaak dat hulle die Minister van Onderwys gedwing het om die televisie sisteem te stop! Dit was deel van die Franse poging om die voordele van televisie na die mees onderontwikkelde lande van die wêreld te bring.

Die Multinasionale projek in Opvoedkundige Televisie is deur dr John Clayton en John Tiffin in 1978 in die tien beste televisiesentrums op die Afrika-kontinent ondersoek en die resultate was teleurstellend (Tiffin, 1989:140). Die veronderstelling was dat die tegnologie van die televisie op sigself die probleem was. Daar is ook gemeen dat videobande die groot probleem van die TV-programuitsendings wat nie in die skoolrooster inpas nie, sou oplos, maar dit het nie. Bestuur en voorafbeplanning het die grootste struikelblokke blyk te wees. Die Opvoedkundige Televisie-bestuur het té dikwels slegs op hoop en optimisme alleen probeer

om die mas op te kom eerder as om die werklikheid in die oë te staar. Vervolgens moet daar bewese navorsing gedoen word oor hóé om die televisie met die tradisionele onderwys te integreer. Tiffin (1989:141) beweer dat die grondige ondersoek en ontwikkeling wat die TV-program *Sesame street*, voorafgegaan het, plus die goeie produksie daarvan reg was. *Sesame street* was 'n sukses omdat dit juis op die opvoedkundige nood in 'n area gekonsentreer het wat nie in konflik met tradisionele onderwysstelsels was nie. In sy ondersoek het hy op die pad van Mexico Stad na Puebla die televisieskole besoek. Dit was klein plattelandse skole wat deur die omgewing se mense onderhou is. Die gemeenskap het die TV-stelle aangekoop en 'n para-onderwyser gehuur wat net toesig gehou het. Die instruksie is deur die TV gegee.

Die suksesse van sy 'mislukkings' was vir Tiffin 'n bittersoet ironiese ondervinding. Die TV-programme wat hy in 1976 opgestel het en as sy mislukkings bestempel het, was steeds in skole in gebruik in 1989 en deur onderwysers aangehang net soos hulle aan uit-gediende handboeke bly vaskleef het (Tiffin, 1989:139). Die belangrikheid daarvan om verkeerd te wees is wanneer 'n mens beseft dat jy verkeerd is. As mens leer uit foute en die verkeerde betyds regmaak kan tragedies voorkom word<sup>3</sup>.

'n Volledige geskiedenis deur Briel (1976:55-68) oor die gebruik van elektroniese media in die onderwys wys daarop dat 'n skoolradiodienst slegs vier jaar nadat daar in die VSA en Brittanje met gereelde uitsendings begin is, ook in Suid-Afrika 'n plek gekry het. Op 15 September 1924 is in Kaapstad met uitsendings begin en vanaf 10 Desember 1924 is vanaf Durban uitgesaai. Die verskillende provinsies het elkeen hul eie proefnemings vanaf die betrokke uitsaaistelsels gedoen. Geesdrif vir hierdie kommunikasiemiddel het nie by die owerhede ontbreek nie. Die beseft by die ou TOD (Transvaalse Onderwysdepartement) dat dit weining sal baat om radio-uitsendings te propageer as daar nie radio's in skole is nie, het vroeg reeds gerealiseer. Toelaes vir die aankoop van radio's is op 'n pond-vir-'n-pond-stelsel toegestaan. Vir elke pond wat ouers ingesamel het, het die Onderwysdepartement ook 'n pond gegee (Briel, 1976:61).

---

<sup>3</sup> *Sesame street* word 'n dekade later in 1999 steeds met groot sukses in Suid-Afrika gebruik.

'Mislukkings' kan tydloos wees in die sin dat dit die basiese begrippe bevat. Boeke wat die basiese beginsels van lees, spel en reken bevat bly tydloos. Ajith Bridgraj doen verslag oor Janine Mommers se vergelykende studie oor Uitkomsgebaseerde onderwys in Suid-Afrika en Nederland. Sy bevestig dat die skoolbeginners in Nederland die tradisionele grondbegrippe indril (Mommers, 1999:7).

In 1939, onder leiding van dr W de V Malan, Kaapse superintendent van onderwys, is oorkoepelende lesuitsending vir alle provinsies oor al die senders tussen 11:15 en 12:00 ingestel (TOD jaarverslag, 1939). In Transvaal alleen het 152 skole in daardie jaar van hierdie diens gebruik gemaak. Daaglik is twee lesse, een vir laer- en een vir hoërskole om die beurt in Engels en Afrikaans uitgesaai. Breedvoerige wenke is ondermeer aan die onderwysers gegee met betrekking tot programme, inpassing by skoolrooster, voorbereiding van leerlinge en opvolgingswerk.

Uit die jaarverslae van die verskillende provinsies se Onderwysdepartemente is daar baie verskil in mening oor die sukses al dan nie van die radiolesse. Dit word as 'n algehele mislukking en 'n verspilling van tyd en geld bestempel. Die terugvoer van die suksesse al dan nie is moeiliker bepaalbaar omdat min mense moeite gedoen het om terug te rapporteer. Insidentele leer vind wel plaas, maar dit is moeilik om te bepaal hoeveel. Dit wat teruggevoer word, is redelik teleurstellend. Volgens die TOD-jaarverslae van 1951 en 1953 word gemeld dat daar nie een keer melding gemaak is van die gebruik van radiolesse deur die kringinspekteurs nie, wat nog te sê die voordelige gebruik daarvan (Briel, 1983:203). In 1953 was daar tog 353 TOD-skole ingeskryf as lede van die skooluitsendingdiens en het die TOD jaarliks £900,00 aan die SAUK vir sy deel van die diens betaal.

In 1957 is daar in 'n verslag oor die doeltreffendheid van die gebruik van radiolesse in skole in Transvaal tot die gevolgtrekking gekom dat slegs 3 persent van Transvaalse skole daarvan gebruik maak. Geen hoërskool het dit gebruik nie. Die tekortkominge is aan tegniese en professionele tekortkominge toegeskryf. Tegniese aspekte soos die tye van die radiolesse wat nie in die rooster ingepas het nie, te min radio's in die skool en die ontvangs wat dikwels onduidelik was, is aangehoor. Professionele tekortkominge is gewyt aan die feit dat leerstof behandel is wat nie in die leergang voorkom nie, onderwysers is nie van aantekeninge voorsien nie, die inhoud van die lesse was te algemeen en dat slegs die gehoorsintuig van die leerlinge betrek is. Die aanbevelings was dat die lesse op bande en grammofoonplate opgeneem moet word sodat onderwysers dit na eie goeddunke in die periodes kon aanwend.

Na 30 jaar is die skoolradiodienst aan die einde van 1964 gestaak omdat altesaam slegs 6 persent van die skole uit al vier provinsies daarvan gebruik gemaak het. Die subsidie van die

onderwysdepartemente wat jaarliks R10 500,00 bedra het, het toe verval. Strookfilms en skriftelike lesse sou deur die Nasionale Raad vir Oudiovisuele Onderwys self aan die skole beskikbaar gestel word. Dit sou dieselfde doel dien en goedkoper wees. Die belangrikste faktor was dat **geesdrif** by onderwysers ontbreek het (Briel, 1976:68). Ander faktore was dat die vier provinsies nie dieselfde leergang gevolg het nie, dat blanke onderwys 'n hoë standaard bereik het met oorvol programme, tuiswerk en middagaktiwiteite.

Die Nasionale Filmoteek (in Didakta-gebou, Pretoria) is die filmdiens van die Staat. Dit is in 1936 gestig. In 1997 is die naam verander na Sentrum vir Onderwystegnologie en Afstandsonderrig (SOTAO). In 1938 is £5 000,00 bewillig vir die aankoop van filmprojektors vir skole. Die prinsipaal van die Pretoriase Normaalkollege, waar onderwysers opgelei is, skryf in 1938 in sy memorandum wat aan die Transvaalse Onderwysdepartement gestuur moes word, dat die moontlikheid van hierdie medium 'ontslaglik' is (TOD-jaarverslag, 1938).

Die belangrikste **voordelige** punte in verband met films wat in 1938 genoem is geld steeds in 1999, naamlik:

- dat kinders iets gouer verstaan wanneer hulle dit in 'n rolprent sien as wanneer dit net in 'n klas mondeling meegedeel word
- dit is tydbesparend
- klank en beweging bevorder die leerproses.

Verdonkeringsprobleme en die taalprobleem was die grootste **nadele** wat genoem is (Briel, 1983:77). Hierdie nadele word vandag grootliks uitgeskakel omdat TV, video en die rekenaar nie verdonkering nodig het nie en Engels oorwegend as skooltaal verstaan word. Die aankoop van truprojektors om die films te vertoon is deur die Staat gesubsidieer. Omsendbrief 10 van 1938 noem dat £2 500,00 vir die jaar toegestaan is om op die pond-vir-pond-basis aankope te doen. Vyftig skole het aansoek gedoen. Slegs 39 kon gehelp word. Baie skole het self fondse ingesamel en sonder staatshulp aangekoop. Uit onderwysverslae word die volgende deur Briel (1986:84) vermeld:

<b>Boekjaar</b>	<b>Getal skole wat op die pond-vir-pond-basis gehelp is</b>
1937-1938	28
1939	39
1940	121
1941	11
1942	23
1943	2

Die invloed van die Tweede Wêreldoorlog het 'n waarneembare rol gespeel in die verskaffing van rolprenttoerusting. Dit is gestaak weens gebrek aan skeepsruimte en sommige skepe is gekelder. In sommige streke op die platteland was ouers so arm dat skole dit moeilik gevind het om die skoolfonds met net 'n paar sjielings te styf (TOD- jaarverslag, 1945). In 1967 is die rand-vir-rand (pond-vir-pond) stelsel gestaak.

In 1999 is, in sommige streke, die ouers so arm dat hulle dit moeilik vind om die skoolfonds van R20 per jaar te betaal

## **TEGNOLOGIESE MEDIA: GEBRUIK EN EFFEK IN HUIDIGE SITUASIE**

Die pogings oor die afgelope eeu om tegnologie in die onderwys en opleiding oor die wêreld te inkorporeer is 'n baie wyd geskrewe onderwerp. Uit jaarverslae, konferensies, artikels, TV-programme en mondelinge gesprekke word dit duidelik dat daar twee wêrelde is. In die meeste lande is daar persone wat toegang het tot rekenaars, faksmasjiene, Internet en E-pos. Vir hulle het die wêreld werklik verklein tot 'n knoppie op 'n rekenaar wat pos, leergeleentehede, kennis en inligting van dwarsoor die wêreld voor hul oë in hul huise of werkplekke bring. Hierdie tegnologie word aangetref onder die luukse grasdak van 'n

toeriste-aantreklikheid in 'n verre Afrika-staat soos Botswana, Zambië, Malawi of Zimbabwe tot in Antartika, Indië of in 'n kantoor in 'n wolkekrabber in Amerika. Dis 'n verstommende, byna onwerklike werklikheid, soos die maanlanding vir baie mense in 1969 was. Terselfdertyd bestaan daar net so 'n werklike wêreld van armoede - 'n wêreld sonder noodsaaklike infrastruktuur soos elektrisiteit en telefoon-netwerke; een waar basiese behoeftes vir oorlewing as eerste prioriteit hoogty vier bo enige ander vlak van 'n hoogs gevorderde lewensstandaard. Alvorens die basiese behoeftes van kos, klere en sekuriteit nie bevredig is nie, sal enige belangstelling in ander en gevorderde geleenthede min sukses behaal.<sup>4</sup> Uit die RGN-verslag van 1996 wat in *The Teacher* deur Vusi Mona (1997:3) bespreek word, blyk dit dat die meerderheid Suid-Afrikaanse skole in 'n haglike toestand is.<sup>5</sup> Waar gaan finansies gevind word vir elektrifisering van skole om rekenaars en ander elektroniese apparaat te koppel?

Die verbale metode alleen word egter steeds deur die massa-onderwys gebruik. By die meeste skole het mediagebruik stagnant gebly. Dieselfde uitsprake wat in 1937 oor radio-uitsendings vir skole gedoen is, is in 1977 ten opsigte van TV-skooluitsendings herhaal en weer in 1999. Praat en skryf ('Talk and Chalk') voer in die RSA nog opperheerskappy in die onderwys ten spyte van die wêreld wat 'n 'Global Village' geword het vanweë die vinnige verspreiding van kennis deur tegnologie. Net soos die voorstel dat skoolradio deur kasette vervang moet word, kan die videokasette en die CD ROM-diskette die TV-skoollesse vervang. TV skool word huidiglik tussen 10:00 en 12:00 elke weeksdag op TV2 vertoon. Al elf tale moet bedien word. Dit bemoeilik die gebruik daarvan in die verskillende provinsies.

Gedurende die sewentiger en tagtigerjare is daar in blanke onderwys baie gedoen om die mediasentrums in skole toe te rus met elektroniese media soos videomonitors, kassetspelers en rekenaars. Daar was ook superintendente wat net na die mediasentrums en media-onderwys omgesien het met raad en wenke. Briel (1983:2) merk dat dit merkwaardig is tot watter mate die onderwys immuun gebly het teen die magte van die tegnologie. Rekenaars en ander tegnologie is lankal erken as agente wat ons onderwysstelsel kan verander. Tog het

---

<sup>4</sup> sien Bylaag 6: Maslow se teorie oor die hiërargie van menslike behoeftes

<sup>5</sup> Vir uitbreiding en niteensetting van statistieke sien Hoofstuk 2, onder die afdeling *Onderrigruimtes*.



geen vorm van tegnologie nog enige fundamentele veranderinge meegebring nie. Ten spyte van die baie demonstrasies oor die jare het tegnologie nog nie werklik sy potensiaal in skole getoon nie, selfs nie in sogenaamde blanke onderwys nie (Kearsley, 1992:43).

Mödinger (1994:183) noem dat min skole nog rekenaars besit maar dat dié skole wat wel rekenaars het dit nie met die gewone klaswerk integreer nie. Hy beveel aan dat rekenaars 'n integrale deel van die klaskamer behoort te wees. In skole waar rekenaarwetenskap as vak aangebied word neem net 'n klein leerlingtal dit as vak.<sup>6</sup> Me Elmarie Mostert van die Eenheid vir Rekenaargebaseerde Onderrig van die Universiteit van Pretoria (1994:189) sê dat die grondoorsaak van studente met leerprobleme baie dikwels 'n ernstige taalprobleem is, veral met betrekking tot lees en skryf. Die rekenaar is by uitstek geskik om hierdie agterstand reg te stel maar dan moet die rekenaar in die klaskamer geïntegreer word.

In 1998/1999 het die meeste voormalige Model C-skole hulle mediasentrums so afgeskaal dat dit in sommige gevalle glad nie meer funksioneer nie. In skole waar die klaskamers diefwering het is van die media soos rekenaars en videomasjiene in die betrokke klasse geplaas. Swartruggens Gekombineerd, Grenswag en Rustenburg Hoër is voorbeelde. Hans Strijdom Hoër in Naboomspruit, Laerskool Rustenburg en Swartruggens se Mediasentrums is grootliks in onbruik omdat daar nie meer 'n personeellid is wat spesifiek aan media gekoppel is nie (persoonlike navraag en ondervinding).

As teenargument kan aangevoer word dat verbalisme die oudste vorm van kommunikasie is wat die toets van die tyd deurstaan het. Drama, sang en danse is deel van die Kuns-en-Kultuur Afdeling in die skoolkurrikulum. Huidiglik is daar persone in ons land wat die 'storie' terugbring. Storie-vertellers, geskiedenisoordrag, kultuurwaardes word op sinvolle, begrypbare wyse deur verskillende volke en kulture verbaal beoefen veral waar daar geen radio, rekenaars of TV's beskikbaar is nie. Andrews (1994:7) konstateer die feit dat die praktiese implementering van die eerste rekenaargebaseerde geletterdheidsprogram vir volwasse Zulu-leerders 'n groot ontugtering vir die aanbieders sowel as vir die opstellers

---

<sup>6</sup> Kleiner skole op die platteland neem soms hul leerders na die groter sentra vir ekstra klas. Die moeite en koste laat heelwat ouers en leerlinge uitval langs die pad. Na-uurse klasse bots dikwels met buitemuurse aktiwiteite soos sport. 'n Kind moet werklik belangstel en sterk gemotiveer word om so 'n vak as sewende vak suksesvol enduit te neem.

was. Dié ondervinding het die leemtes wat daar bestaan ten opsigte van die kulturele verskille, die vermoë om tekens te verstaan en die wantroue en intimidasie van die gemeenskap, blootgelê. Van Niekerk (1996:51) beklemtoon ook hierdie kultuurverskille en lig die effek en werklikheid uit.

Die individuele leerder, onderwyser, ouer of aanbieder speel 'n belangrike rol. Die tendens is dat meer mense hul eie rekenars aanskaf en dat leerlinge daarop werk. Bekombaarheid van video- en rekenaarprogramme is gewoonlik nie 'n probleem vir mense wat werklik in die bedryf belangstel nie. Agente en verkoopassistente staan hulle by. Sageware is ook by biblioteke, mediasentrums en die Sentrum vir Onderwystegnologie verkrygbaar. Opvoedkundige programme kan ook van die SABC en die RGN verkry word.<sup>7</sup>

## **OPLEIDING VAN ONDERWYSERS MET BETREKKING TOT DIE GEBRUIK VAN TEGNOLOGIESE MEDIA**

Mense is geneig om die tegnologiese omgewing as vanselfsprekend te aanvaar. Selfs onder volwassenes word die ontwikkelinge, uitvindings en tegnologiese skeppinge as deel van die wette van die natuur aanvaar. Navorsing het getoon dat daar 'n onderliggende besef in die industriële lande is dat dit deur tegnologie alleen is dat enige land ooit kan hoop om kompetend te wees (Eisenberg, 1996:22). In Suid-Afrika sal die gegradueerdes 'n relevante opleiding moet hê. As Suid-Afrikaners hoop om 'n tegnologiese denkwysse te bekom moet ons begin om die onderwysers in die gebruik van tegnologie op te lei. Elke onderwyser sal dan op sy beurt honderde studente oplei in die gebruik van tegnologie. Trouens, die spreuk 'Elkeen leer een' ('Each one teach one') kan hier van toepassing gemaak word. In *We Teach with Technology* (Kearsley, 1992:17) kom dieselfde gedagte na vore. Hoe meer onderwysers hul eie rekenars besit en gebruik, hoe makliker gebruik hulle die rekenaar in hul onderrig.

---

<sup>7</sup> Sien Hoofstuk 5 onder die afdeling *bekombaar- en beskikbaarheid van video- en rekenaarprogramme*.

Baie is egter bevrees en bang vir tegnologie. Hulle is onbewus van die feit dat die mens tegnologie beheer (Lippert,1993:182). Iets so eenvoudig soos ‘n sakrekenaar kan vir ‘n onderwyser wat nog nooit daaraan blootgestel was nie, ‘n bedreiging wees. In plattelandse gebiede is die meeste onderwysers nog rekenaarverskrik. Baie onderwysers is bang dat die rekenaar, TV en/of radio hulle uit hul beroep sal druk (Van Niekerk,1996:56). Wanneer onderwysers en leerlinge geleer word om hierdie tegnologie in te span om te help met opleiding en onderrig kan merkwaardige resultate behaal word. ‘Kinders moet nie geleer word wat om te dink nie maar hoe om te dink’.<sup>8</sup>

Die beste kurrikulum, die mees gesofistikeerde en duur fasiliteite sal nie ‘n onderwysstelsel voorsien sonder gemotiveerde, gekwalifiseerde en verantwoordelike selfstandige onderwysers nie. ‘Die swakste skakel in ‘n ketting bepaal die sterkte daarvan’. Die onderwysers, die menslike hulpbron in die onderwysstelsel in Suid-Afrika, is die swakste skakel. Tegnologie-onderwys is ‘n akademiese dissipline en moet net soos enige ander vak deur onderwysstudente en onderwysers-in-diensopleiding bemeester word.

In Suid-Afrika is daar egter ‘n Eerste- en ‘n Derdewêreld in die onderwys teenwoordig. Die finansies wat in hierdie land aan onderwys bestee word is nie voldoende om werklik sinvolle veranderings ten opsigte van tegnologie in die onderwys vinnig te laat gebeur nie (Lippert,1993:180). Dr Eli Eisenberg (1996:21) beweer dat die proses van verandering in Suid-Afrika op die opleiding van onderwysers moet konsentreer. In ‘n onderwysstelsel is die onderwyser die agent vir die verandering. Briel (1976:84) beweer dat studenteopleiding die voorvereiste vir die opleiding van mense in die gebruik van die rolprentprojektor moes wees. In 1996 beweer dr Eli Eisenberg (1996:22) in die *Educator* dat studente- en onderwysersopleiding die allernoodsaaklikste taak ten opsigte van die gebruik van elektroniese media in skole is. Dieselfde probleme wat in 1938 gegeld het, is steeds met ons, 60 jaar later. Van Niekerk (1996), Coombs (1985), Briel (1976) en Beck (1992) voer verskillende redes aan vir die probleme. Dit strek vanaf kulturele verskille, denkpatroon verskille, politieke inmenging in lande sonder om die persone in daardie lande vooraf te raadpleeg, en indiensopleiding van onderwysers.

---

<sup>8</sup> Aanhaling uit *Medicine Woman* TV-reeks, Sept1997. Ook ‘n kritieke uitkoms van Kurrikulum 2005.

Eisenberg (1996:21) bepleit rekenaargeletterdheid vir elke student by die opleiding van onderwysers in kolleges en indiensopleiding. In *We Teach With Technology* (Kearsley, 1992) word die werk van individuele onderwysers beskryf. Wanneer 'n onderwyser/persoon sy eie rekenaar koop en bemeester, begin hy die waarde daarvan besef en filter die gebruik daarvan deur na die klaskamer in alle vakke. Hoe meer onderwysers egter persoonlik met rekenaars vertrou raak en hul eie rekenaars kry om hul werk mee te doen of hul werk te vergemaklik, hoe meer kom hulle agter dat rekenaars 'n kreatiewe media is. Dit dien as administratiewe hulp, informasiebronne, kommunikasie-netwerke, dataversamelingsinstrumente en/of laboratoriumwerkbanke. Rekenaars is dan nie meer net 'n leerhulpmiddel nie maar 'n integrale deel van die klaskameraktiwiteit.

Om 'n persoon rekenaargeletterd te kry is 'n komplekse proses. Persone of onderwysers wat oop is vir verandering en in hulleself die wil het om te leer, slaag redelik maklik daarin. As 'n persoon egter nie sy eie rekenaar besit nie en van die skool se rekenaarsentrum gebruik moet maak in sy eie tyd sonder iemand om hom of haar op te lei is dit 'n baie moeilike stryd. Kursusse is duur en afstande en tyd dikwels 'n probleem. Baie onderwysers wat nie oor eie vervoer beskik nie kry dit moeilik reg om klasse by te woon. Die individuele onderwyser wat hom/haarself werklik daarop toelê om sukses te behaal ten opsigte van tegnologie, sal sy/haar eie kennis ten opsigte van die verstaan, gebruik, instandhouding en reparasies van rekenaars en videomasjiene moet inwin. In die TV-program *Woman on the move* (Des 1996) word die sukses van die 'Freeze All'-masjiene toegeskryf aan die feit dat die lede van die maatskappy en alle werkers deel gemaak word van die trots om defekvrye masjiene te verkoop. Elke werker word ook opgelei om sy masjien of die afdeling waaraan hy werk self na te gaan vir foute. Hy word geleer hoe om die foute self te herstel.

Die onderwyser was vir baie eeue die enigste bron van kennis vir die kind. Miskien daarom dat hy 'Meester' genoem is (Briel, 1983:4). Media word egter al eeue lank deur onderwysers gebruik maar in die sestigerjare van hierdie eeu is mediaseleksie as probleemarea geïdentifiseer. Met die toename in die verskillende media wat hul weg na die klaskamer gevind het is pogings aangewend om algemene riglyne vir mediaseleksie op te stel. Die onderwyser is 'n medium. Waar hy ander media inskakel, bly die onderwyser self steeds die

beplanner, koördineerder, organiseerder en implimenteerder, maar dit lyk of elke geslag gedurig weer die stryd in mediaseleksie en gebruik aanknoop (Briel, 1983:4).

As onderwyseropleiding die professionaliteit van elke individuele onderwyser sterk beklemtoon sal die entrapreneurseienskappe<sup>9</sup> in die onderwysprofessie sterker na vore kom. As die onderwysers met ondernemingsgees en visie, dit wil sê dié wat entrapreneurseienskappe het, geselekteer kan word vir opleiding of indiensopleiding ten opsigte van elektroniese mediagebruik, kan veel vermag word.<sup>10</sup> Du Preez (1991:16) noem die volgende faktore wat 'n entrapreneur kenmerk:

- Aanvaarding van chaos, veral tydens die aanvanklike fases van die ontwikkelingsprojek
- Die feit dat gedetailleerde beheer nie toegepas kan word nie, weer eens tydens die ontwikkelingsfases van die projek. Aanvaarding van die aard van risiko's (hy laat hom nie afsit of onderkry deur mislukkings nie)
- Die lang tydhorison. Sy visie is so sterk dat hy nie omgee om dit te bereik nie al sou dit lewenslank duur.<sup>11</sup>
- Die behoefte aan sukses en prestasie.

Daar is 'n algemene aanvaarding dat versnelde verandering in die nywerheidswese en die samelewing in die algemeen deur die aanwending of gebruik van tegnologie ontstaan het. Die proses om vaardige leerders op te lei om die tegnologie te hanteer en te beheer is deur

---

<sup>9</sup> Du Preez (1991:46) tref onderskeid tussen entrapreneur ('n besigheidsinnoveerder, 'n persoon wat iets nuuts/gevorderds binne 'n reeds gevestigde konsep, raamwerk of besigheid begin of doen) en 'n entrepreneur (iemand wat 'n nuwe uitvinding/projek buite 'n gevestigde besigheid begin en realisties en daadkrachtig deurvoer ongeag omstandighede). Clem Sunter (vyfde herdruk in 1990:63) wys daarop dat afgestudeerde studente uit die Harvard Sakeskool, Amerika, hulle by groot ondernemings aangesluit het. Vyf-en-tagtig persent van hierdie sogenaamde 'yuppies' wil nou hul eie ondernemings hê. Hulle werk dalk tydelik in 'n bank of konsultante-firma om hul studieskuld te betaal maar hul ideaal is om hul eie sakeonderneming te begin. Die groot ondernemings probeer nou munt slaan uit hierdie neiging deur klem te lê op 'entrapreneurskap', dit is deur ondernemerskap binne hul eie ondernemingstrukture te bevorder.

<sup>10</sup> Indien onderwysers met entrapreneureienskappe en visie in die onderwyskorps opgeneem kan word sal deer meer skole wees wat uitmuntend presteer.

<sup>11</sup> Alexander Graham Bell het aangehou om te glo en te werk om iets uit te vind om dowe kinders te leer en Edison het die elektriese gloeilamp na die 700ste poging ontwikkel. Hulle is voorbeelde van die mens wat aanhou probeer.

Michael Pearn en Sylvia Downs (1988:7) beklemtoon tydens 'n konferensie oor die opleiding van mense om die nuwe tegnologie te gebruik. Daar is ooreenstemming dat versnelde verandering in die gemeenskap, die skool, industrieë en die landseconomie dikwels ook deur nuwe tegnologie veroorsaak word. Hierdie tegnologiese verandering het 'n bepaalde invloed en effek op onderwys en opleiding. Pearn en Downs (1988:8) beweer dat die sleutelstrategie in die ontwikkeling van vaardige, opgewasse leerders moet lê. In die hede en toekoms bevind ons onself en sal ons ons in 'n permanente proses van verandering bevind. Hulle beklemtoon spesifiek die mens-faktor in die geslaagdheid al dan nie van die gebruik van die tegnologie. Behalwe hardeware en sagteware onderskei hulle ook mens-ware! <sup>12</sup> Deel van die uitdaging tot verandering lê in die identifisering, die raaksien van en hantering van diè dinge wat die noodsaaklike verandering kan kortwiek. Sommige mense se geaardheid is so dat hulle makliker by veranderde omstandighede kan aanpas, maar die meeste mense kan verandering wat hy/sy nie verstaan nie, of wat hy/sy meen té vinnig verander, nie maklik hanteer nie. Die grootste struikelblokke in die pad van verandering by die mens of individu lê onder andere in:

- vrees vir die onbekende
- vrees om nie in staat te wees om te slaag nie
- 'n geneigdheid om eerder die bekende en vertroude aan te hang - die getoetste en deurleefde bekende patrone en werkwyses laat die mens vertrou en veilig voel
- agterdog en vrees dat alles nie aan jou vertel is nie
- 'n gebrek aan vertrouwe in die persone wat aandrang op verandering
- 'n emosionele weerstand teen verandering op sigself
- die gevoel dat jy nie meer jou eie werk sal verstaan nie of nie beheer gaan hê oor jou werk nie.

Van Niekerk (1996:55) noem ook die feit dat daar in die Afrika-kultuur sterk antagonisme teen die individu is wat uitstyg bo sy eweknie. Persone sal gelei moet word om die verskille

---

<sup>12</sup> 'n Maatskappy wat met verouderde tegnologie gewerk het, wat dateer uit die begin van die eeu, het besluit om met die nuutste tegnologie te werk. Hulle het by die motivering van hulle personeel begin. Vergelyk ook die ontevredenheid en vrees van die onderwysers teenoor TV-lesse in die Niger (Tiffen, 1989:139).

in kulture te begryp en hulself dan daarteenoor te oriënteer ten opsigte van hul toekomstige doelwitte. As mense gehelp kan word om hulle kapasiteit/vermoë om te verstaan te vergroot en hulle die selfvertroue gee om te probeer, dan mag hulle 'n wapen hê om te leer om met verandering saam te lewe. Persone wat doelbewus 'n vaardige, toegewyde leerder word sal aanspreeklikheid aanvaar vir sy eie leer en ontwikkeling. In 'n deurlopend veranderde omgewing sal leerders wat vaardigheid in die leerproses bemeester het, nuwe dinge aanvaar en probeer wat hulle voorheen instinktief sou weier. Hulle mag dinge wat hulle voorheen gevrees het as geleenthede en uitdagings ervaar. Hulle sal hul leerervaringe van een situasie na 'n ander kan verplaas. Mense hoef nie opgelei te word om te leer nie en mense leer dikwels te spyte van die opleiding wat hulle gekry het (Pearn, 1988:8).

## **DIE MANIER VAN LEER WAT AANGESPOOR MOET WORD**

Die duiselingwekkende potensiaal van die nuwe tegnologie in opleiding en die opgewondenheid wat dit ontketen mag die aandag weglei van die regte soort leer. Die hardeware en sagteware is ondergeskik aan die nood om die regte soort leer te bekom. Dit word soms gesê dat ons met die opleidingsnood en nie met die tegnologie nie, moet begin. Ons moenie byvoorbeeld met interaktiewe video begin net omdat dit beskikbaar is nie. Die leerontwerp moet eerste wees. In 'n agt jaar lange studie by Cambridge se Industriële Navorsingseenheid het mense vasgestel wat opleiers doen as hulle mense oplei en hoe leerders werklik leer. Vaardige leerders gebruik verskeie maniere van dit wat aan hulle gebied word en kies hoe hulle gaan leer. Hulle:

- aanvaar self verantwoordelikheid vir hul eie leer en vervul 'n aktiewe rol in die leerproses
- onderskei tussen dinge wat hulle moet memoriseer, dit wat hulle moet verstaan en dit wat hulle prakties moet doen
- val nie terug om dinge te memoriseer wat hulle moet verstaan nie

- maak bewuste keuses oor hoe hulle 'n spesifieke ding moet doen
- leer ten spyte van swak onderwys
- vra baie vrae en ook spesifieke vrae wat hulle in staat stel om behoorlik te leer
- wil terugvoer hê oor hul gelewerde werk
- is realisties oor die feit dat moeilikhede in die leerproses nie altyd te wyte is aan 'n gebrek in hul eie vermoë nie
- gryp nuwe leergeleenthede met vertroue aan.

Kurrikulum 2005 (1997:9) onderskryf net soos Pearn die veranderde manier van leer wat nodig is, naamlik die MUD-metode, soos volg: M - Memoriseer (verskillende maniere), U - 'Understand'/Verstaan, en D - Demonstreer. Die leerders dink oor redes waarom hulle wil verstaan, dink oor dinge wat kan verkeerd gaan, wat gedoen kan word as iets sou verkeerd loop, kyk uit verskillende perspektiewe na dinge en vergelyk opsies. Die demonstrasiegedeelte van die MUD-tegniek is deur bevraagtekende demonstrasie gedoen. 'n Taak is in stilte gedemonstreer. Die leerders is vooraf gevra om vrae te vra oor dit wat hulle wou weet of nie verstaan het nie. Hierdie vrae is op kaarte geskryf en dit is dan gebruik om dit wat die meeste sou help om die taak te bemeester makliker te maak. Leerders leer sodoende dat sekere tipe vrae baie meer waardevol is as ander. Die leerders leer ook hoe om foute te identifiseer en reg te stel. Die waarde daarvan om foute te maak wat die leerders help om die apparaat se werking beter te verstaan word ook verduidelik. Hulle leer hoe om terugvoer te kry sowel as om waar te neem, te luister en op te teken. Die metodes wat deur opleiers gebruik word is om leerders te help om beter leerders te word:

- Leerlinge word byvoorbeeld dikwels gevra om in pare te werk. Werksvelle word gebruik. Dit is minder angswekkend vir die individu. Die leerders ontdek die voordele van gesamentlike leer. Dit sluit die motivering van mekaar in en die idees wat deur hulle ingevoer word om leer te verbeter.
- Dinksessies word ook ingebring. Leerders besin oor die redes waarom hulle geleer het en die doelwitte en doel waarvoor hulle leer en hoe hulle dit wat hulle geleer het of gaan leer gaan toepas en gebruik. Die hele oefening is op innerlike motivering gemik.



Leerders neem self verantwoordelikheid vir hulle leer. Dit kan met die Kurrikulum 2005 vergelyk word waar uitkomsgebaseerde doelwitte lewenslange leer en individuele leer bepleit. Daarin word groepwerk spesifiek uitgesonder as 'n metode om innoverende denkers op te lei.

Baie van die blokkasies tot leer kom direk van die opleiers self af. Opleiers wat swak opgelei is of wat nie by magte is om 'n ander mens geduldig te leer nie, of wat nie noodwendig 'n opgeleide opleier is nie, kan dikwels meer skade berokken as wat hy mense motiveer en help om 'n taak baas te raak. 'n Aansienlike deel van opleiding word deesdae en sal in die toekoms deur nie-gespesialiseerde opleiers gedoen word met behulp van tegnologie (Pearn, 1988 in Landman, 1991:10).<sup>13</sup>

## **SAMEVATTENDE VOORSTELLE VIR DIE HANTERING VAN TEGNOLOGIE IN DIE OPLEIDINGSPROSES**

Neil Butcher (1997:9) van die South African Institute of Distance Education (SAIDE) waarsku teen die oorhaastige aanwending en aankope van nuwe tegnologie. 'n Wye verskeidenheid beleidmakers in die onderwys wend hulself tot die sogenaamde 'nuwe tegnologie' in die hoop om 'toer'-oplossings vir die land se onderwysprobleme te vind. Baie inisiatiewe het bewys dat die gebruik van tegnologie nie noodwendig die koste van onderwysvoorsiening inkort nie. Nuwe tegnologie sluit die laat twintigste eeuse interaktiewe satellietuitsendings, rekenaargebaseerde multimedia, die Internet en verskeie kombinasies van telekonferering in.

---

<sup>13</sup> Hierdie siening is prakties gedoen deur die ABSA Bankgroep wat miljoene rande gespaar het aan reis- en verblyf-koste deur van opleidingsvideo's gebruik te maak. Die klem word op die leerder gelê om self aktief verantwoordelikheid te aanvaar vir sy eie opleiding. 'n Opleidingsvideo kan in 'n groep of deur 'n persoon wat teen sy eie pas wil werk gebruik word om sy prestasie te verbeter.

Die mees realistiese manier is om te aanvaar dat daar nie 'n enkele tegnologiese oplossing vir Suid-Afrika se onderwysprobleme is nie. Veeldoelige oplossings wat op verkskillende vlakke binne die onderwysstelsel geïmplementeer kan word is die enigste haalbare opsie. Daar moet baie goed vooraf besin word oor wat geleer moet word en hoe dit geleer moet word. Leerbehoefte en leeruitkomst moet heel eerste bepaal word en dan kan die toepaslike tegnologie bygevoeg word. Dit is belangrik dat tegnologie as 'n **benadering** oor die wye spektrum van onderwys gesien word en nie as 'n metode wat 'n rigiede stelsel vasstel nie.

Televisie is 'n klassieke voorbeeld van 'n tegnologiese medium wat as 'n uitvindsel beloof het om 'n koste-effektiewe oplossing vir alle onderwysprobleme te wees. Dit het groot verwagtinge ontken wat baie geld gekos het. Op die ou einde het dit 'n wêreldwye nalatenskap van mislukte onderwysstelsels tot gevolg gehad (Coombs, 1985:57). Van Niekerk (1996:23) bevestig dit ook. Die instelling van nuwe tegnologie in die onderrig en leeromgewing het in die meeste gevalle nie die verwagte resultate opgelewer nie. Die radio's wat vir swart skole teen hoë koste aangekoop is, is nie in die klas gebruik nie, maar deur onderwysers tuis vir ontspanning opgebruik (persoonlike ondervinding en onderhoud met mev J Tumane, November 1997).

Punte wat uitgelig word as positiewe hanteringmetodes met betrekking tot tegnologie is die volgende:

- Mense (leerders en fasiliteerders) is die middelpunt van die leerproses en daar moet seker gemaak word dat die gekose tegnologie die onderrig en leerdoelwitte dien.
- Weerstaan die geneigdheid om tegnologie as die oplossing vir onderwys en opleiding te sien. **Die waarde van tegnologie word bepaal deur die mate waartoe dit in die leerproses geïntegreer word.**
- Moenie tegnologie inbring as die gebruikers daarvan nie goed opgelei is in die hantering daarvan nie.
- Beplan vir die ontwikkeling of byvoeging van relevante toepaslike ondersteuning van die tegnologie. Dit sluit paaie en elektrisiteit in en rekenaarprogramme wat buigsaam in hul toepassing is.

- Die instandhouding van die tegnologie is baie belangrik. Sluit evaluasie en bystand van die begin af in die leersisteem in.
- Verseker dat die tegnologie-bronne bekostigbaar en koste-effektief is.


Om besluite op hierdie basis te neem is dikwels 'n uitgerekte moeilike proses. Op die lang duur is dit egter die vinnigste manier om 'n standhoudende tegnologiese onderwys-oplossing te vind.

\*\*\*

In Hoofstuk Vier sal die wesensaard van Kuns en Kunsonderwys nagegaan word

## HOOFSUK 4

# Leerarea: Kuns & Kultuur



'Culture is the authentic wisdom  
of human ends and means'

*(Mahatma Ghandi)*

## INLEIDING

In die vroegste tye is kuns as 'n blote handvaardigheid beskou. Die Egiptiese woord wat kuns beteken, naamlik 'Hemwt' het die betekenis van 'n messelaar se troffel gehad (Gombrich, 1972:128). In die Klassieke tydperk en in die Middeleeue is die woord 'ars' gebruik om 'n bepaalde beroep of professie te beoefen. In Frans is dit *l'art*, in Italiaans *l'arte*, in Spaans *el arte*, en in Engels *art*, wat op die aanleer van 'n vaardigheid, professie of ambag dui byvoorbeeld 'The art of building'. Die Engelse en Franse woord *artisan* en die Italiaanse woord *artefice*, die Duitse woord *Kunst* en die Afrikaanse woord *Kuns* word ook gebruik om 'n kuns van vaardigheid aan te toon.

Vanaf die vroegste tye het die mens kunswerke vir verskillende doeleindes geskep. Telkens het die klem op 'n sekere aspek geval. Die meganiese ritueel van die son en maan wat as gode aanbid is, het sy neerslag in kunswerke gevind. Stangelowe word byvoorbeeld in Afrika-maskers versinnebeeld.<sup>1</sup> Die kunstenaar self is as geheimsinnige bewerker van iets wonderbaarliks gesien.<sup>2</sup> Antieke Griekse kuns het die harmonie tussen die vlees en die gees beklemtoon, die skoonheid van die lewe in hierdie wêreld. Die ideaal van orde en harmonie is nagestreef.<sup>3</sup> Die realiteit is egter dat die lewe veranderbaar is. So verander kuns ook. Die Romeinse kuns was baie meer prakties en realisties as dié van die Grieke.<sup>4</sup> Die Christendom het sterk op die geestelike mistisisme gesteun. Dit was nie realisties soos die Griekse kuns nie. Daar was selfs 'n verbod op realisme wat tot 'n streng formele styl aanleiding gegee het. Hierdie styl het na die jaar 1000 ontwikkel. In Italië het Giotto se ietwat stywe figure majesteit en teerheid uitgestraal. In die katedrale is figure verbeeld wat met gewone alledaagse take besig was. Gedurende die 17e eeu het die Landskap 'n onafhanklike onderwerp geword. Daar het 'n poëtiese element in die alledaagse gekom. Rembrand van

---

<sup>1</sup> Die voorvadergeeste moet neerkyk op die agtergeblewe lewendes. Die kunswerke het ook die idee van mag oor vyande versterk. Die oorwinningsdade is vir die nageslag in beelde vasgelê.

<sup>2</sup> Dit is tog 'n soort wonder om uit 'n stuk hout die wese van 'n mens of dier te skep of om 'n landskap met diepte op die plat vlak van 'n seildoek te skilder of om in 'n masker die tasbare van die ontasbare/onsienlike te kan ervaar.

<sup>3</sup> Die ideale liggaam simboliseer die ideale mens.

<sup>4</sup> Die militêre glorie is deur middel van kunswerke as belangrike bakens vir die mense opgerig.

Rhijn het in die 17e eeu die gewone mens geskilder. Die mens as wese van rede en emosie (diep in gedagte) is uitgebeeld. Die Franse Impressioniste het in die 19e eeu die doen en late van gewone mense geskilder. In die 20e eeu is kunstenaars van chaotisme, sinloosheid en 'n gebrek aan kommunikasie beskuldig. As kuns die uitbeelding van die gees van elke tydperk is, is die kuns van die 20e eeu miskien die persoonlike individuele ervaring van elke kunstenaar - sy eie uitbeelding van die klein gedeeltes van die lewe waarin hy spesialiseer.

Die rol wat kuns in die lewe van mense speel is belangrik. So kan kuns ook 'n baie belangrike rol speel om die belange van 'n gemeenskap te dien. In hospitale en in hulpklasse by instansies of kerke, word dieselfde tipe vaardighede deur arbeidsterapeute, onderwysers of vrywillige persone aan mense geleer in 'n poging om spiere te oefen, vryetydsbenutting te verbeter of lewenskwaliteit te verhoog. Kuns kan 'n terapeutiese effek hê om die leerders 'n gevoel van samehorigheid te gee. Alle leerlinge, met en sonder leerprobleme, word tans in die hoofstroomonderwys geakkomodeer. Vakke soos kuns en musiek het dikwels nie die element van 'verloor' in nie. Hierdie leerders kan spontaan deelneem aan die aktiwiteite.

## DIE WESENSAARD VAN KUNS

Kuns is 'n visuele vorm van kommunikasie. 'n Mens moet na kuns kyk voordat jy daarvoor lees of skryf (Harmsen, 1990:1). Die plesier en vervulling, of die afgryse en verwarring wat die aanskouer van 'n 'kunswerk' ervaar, het deur die eeue heen gelei tot vele geskrifte, resensies, besprekings en redenasies oor kuns. Die kunsresensent, kunskritikus en kunshistorikus is mense wat kuns, kunswaardering en kunskritiek hul werk gemaak het. Hierdie mense het oor die afgelope tweehonderd jaar 'n belangrike bydrae ten opsigte van die bewaring, die beskrywing en die geskiedenis van kunswerke gelewer. Die werk self, die kunstenaar en sy omstandighede en die tydsgewrig waarin dit gedoen is, is alles faktore wat in ag geneem moet word by die bespreking van 'n kunstenaar en 'n kunswerk. Hierdie uitinge, asook die skryfkuns en gebruiksartikels van elke periode word saam bestudeer en vergelyk.

Kuns word in 'n wye veld indringend en wetenskaplik ontleed en bestudeer tot so 'n mate dat sommige wetenskaplikes reken die einde van die pad is bereik terwyl andere van mening is dat hierdie wye spektrum van rigtings slegs die begin is.

Daar kan filosofies gepraat word oor kuns. 'n Diepgaande studie kan gemaak word oor die verskillende vorme van kritiek oor die afgelope tweehonderd jaar waarin kunsgeskiedenis as wetenskaplike dissipline beoefen word. Baie boeke kan geskryf word oor kuns, maar vir die meeste mense is kuns 'n natuurlike genieting of 'n natuurlike kulturele gebruik. Hulle beoefen dit sonder om bewustelik daaraan te dink dat hulle met kuns besig is of kuns beoefen. Kuns is 'n refleksie van die gemeenskap wat dit skep. Die kuns van ou Griekeland en Egipte vertel ons baie van die gemeenskap waarin dit geskep is. Van Dyk en Van der Stoep (1977:1) stel dit dat 'n bepaalde tydsgewrig of tyd-epog duidelik aanwysbare eise aan die mens van daardie tyd stel. Hierdie eise beïnvloed elke aspek van die mens ingrypend. Ons beskou dit wat in 'n bepaalde tyd gebeur het as geskiedenis, maar besef nie altyd dat ons self baie direk beïnvloed is deur ons verlede en deur die eeue van Westerse geskiedenis wat dit voorafgegaan het nie. Vandag leer ons ook die geskiedenis van Afrika-volke ken. Hulle is deur 'n kulminasie van Westerse geskiedenis plus hul eie tradisies, kulture en oorgeërfde gebruike beïnvloed. Of ons wil of nie, word ons in Suid-Afrika deur die mense en kulture om ons heen wedersyds beïnvloed op die tyd en plek waar ons is.

Enige kuns wat in 'n kategorie of tydgleuf ingepas word moet ook in eie reg ondersoek word. Dit mag wees dat daardie werk die saad van verandering of progressie bevat wat dit uitlig bo strakke kategorisering. Harmsen (1985:193) maak onderskeid tussen 'periode' en 'styl'. Periode is 'n tydgleuf en styl is die manier hoe kunstenaars uitdrukking aan hul idees gee. Dit is gerieflik, paslik en soms nodig om kunstenaars en kunswerke in 'n periode in te deel omdat die karakter van 'n sekere periode en daarom ook die style wat in daardie periode gewild was, beïnvloed is deur gebeurtenisse in daardie tyd in die geskiedenis. 'n Kultuurgroep sal in sy interafhanklikheid, saambindende geestelike, intellektuele en sosiale voorkeure openbaar.<sup>5</sup> Met die verloop van tyd sal kuns wat in 'n sekere tyd ontstaan het makliker gekategoriseer

---

<sup>5</sup> Die Impressionistiese periode wat in die laaste kwart van die 19e eeu floreer het is so 'n voorbeeld. Ook die kuns van die 'townships' of die 'Resistance Art' soos in die boeke van Gavin Young, Sue Williamson en Joshua Manaka, kan aan sekere gebeurtenisse in ons Suid-Afrikaanse kunsgeskiedenis verbind word.

kan word. Die invloed van die Westerse kultuur op sekere van hierdie kunstenaars en die saad van verandering en vernuwing of die mate van egtheid en ongeraaktheid van die tradisionele en kulturele kuns in afgeleë areas in die 20e eeu sal duideliker uitstaan. In elke periode was die ‘Nuwe Kuns’ of die ‘Moderne Kuns’ nie deur die massas waardeer en verstaan nie. Die werk van baie kunstenaars, ook in ons tyd, is baie meer uiteenlopend en moeiliker om te kategoriseer (Harmsen, 1985:194).

Die 20e eeu het ‘n byna verwarrende reeks ‘realismes’ opgelewer.<sup>6</sup> Realisme verteenwoordig in alle tye die illusie van die visuele werklikheid en sal met ons wees deur die eeue heen. Realisme, spesifiek akademiese realisme, vorm die wortels van ons Suid-Afrikaanse kunsgeskiedenis. Die vroeë 20e eeuse Suid-Afrikaanse realistiese kuns het die laat 19e eeuse akademiese kunsskole se idees vervat. Kuns het die morele funksie gehad om die natuur idealisties weer te gee sodat mense dit met verwondering en nadenkend kon bekyk. Kuns moes ‘n morele funksie vervul en alle lelike en immorele temas is vermy. Terselfdertyd moes kuns ook die illusie van die werklikheid weergee. Dit moes maklik herkenbaar wees sodat die toeskouer daarmee kon identifiseer. Hierdie akademiese realiste was hoogs selektief en het die ideaal van die werklikheid nagestreef (Harmsen, 1985:204). Metodes en tegnieke om hierdie akademiese en klassieke realisme te bereik is deur die jare byna vervolmaak en het teen die einde van die 19e eeu ‘n stadium van stagnasie bereik in die erkende kunsskole.<sup>7</sup> Naturalisme wat as teenvoeter vir die akademiese realisme gesien kan word het die tema van armoede en die werklikheid van die Suid-Afrikaanse toneel weergegee.<sup>8</sup>

Benett Reimer soos aangehaal deur Landman (1992:14) sê die doel van kuns is om die mens se kwaliteit van lewe te verryk deur hom insig in die subjektiewe realiteit van die menslike gevoel te gee. Landman som dit wat kuns doen soos volg op uit sy navorsing oor dit wat

---

<sup>6</sup>Nuwe Realisme - 1913; Neo Realisme - 1930 (‘n Groep Franse skilders); Pop Art - 1960 (ook as nuwe realisme gesien); en Foto realisme in die laat sewentiger, tagtigerjare.

<sup>7</sup> Hierdie metodes en tegnieke is ook in ons Suid-Afrikaanse skole en kunsskole toegepas. Stillewes, afwerking, tekentegnieke en afronding word tot vandag toe in ons skole as ‘kuns’ aangeleer.

<sup>8</sup> Marianne Podlaschuc, Amos Langdown, Peter Clarke en baie van ons sogenaamde ‘township’-kuns weerspieël hierdie werklikhede byvoorbeeld PD Mogano se ‘Townshipscene’ (1981).



verskillende skrywers oor kuns sê:

- deur kuns word vorm geskep wat simbolies is van menslike emosie
- kuns maak persoonlike emosie aan ander bekend sodat hulle dieselfde emosie as die kunstenaar kan beleef
- kuns help om persoonlike konflik op te los
- kuns verskerp persepsie, onderskeidingsvermoëns en verbeelding wat kreatiwiteit bevorder
- kuns maak die subjektiewe werklikheid toeganklik
- kuns is 'n lewensverrykende menslike aktiwiteit.

Volgens Nietzsche word genot in die estetiese ervaring deur konstruksie en dekonstruksie ervaar. Hierdie vreugdevolle ervaring van die konstruksie en dekonstruksie van die verbeelding (soos 'n kind wat sandkastele bou en weer afbreek), sorg dat daar voortdurend nuwe beeldpatrone geskep word.<sup>9</sup> Kritici soos Duffey, Hagg en Degenaar reken dat daar in die woorde 'being fully a human being of this time and this place ...' 'n ryk ervaring van verkenning, beleving en ontdekking is. Professor J Degenaar (1987:18) van Stellenbosch vat die nuwe benadering saam deur te sê dat al sou ons graag wou vashou aan Nietzsche se idee dat kuns die ewige vreugde van die menslike wese is, ons dit nie ten koste van 'n historiese bewustheid en sensitiwiteit vir dit wat in ons land gebeur, moet doen nie. Ons moet trag om volledig mens te wees in die tyd en plek waar ons is.

---

<sup>9</sup> Volgens hierdie beskouing word genot beleef deur die ervaring van 'n teks (die geskepte estetiese produk) deurdat die leser/toeskouer van die teks vreugde of spel ervaar in die afbreek en heropbou van beelde wat die kunstenaar gebruik het. Die estetiese ervaring kan vanuit die filosofiese beskouing van Nietzsche gesien word as die kreatiewe gebeure, waar die mens deur kuns sy eie leefwêreld eksploreer (Degenaar, 1988:153).

## NUWE- EN FUNKSIONELE KUNS

In Antieke Griekeland was kuns 'n spesiale vaardigheid. Dit het gestrek van matte weef tot medisyne. Geen werklike ag is geslaan op 'n kuns wat nie 'n praktiese doel in die samelewing vervul het nie. In Wes-Europa is daar geen onderskeid getref tussen kunstenaar en ambagsman tot in die sewentiende eeu nie. Die verskil tussen die onderrig van kuns en die aanleer van 'n kunsvaardigheid of vak het in die sestiende eeu duidelik geword. Michaelangelo, Leonardo da Vinci en Raphael se werke kon nie meer bloot as 'n meganiese kunsvorm beskryf word nie. Vir die eerste keer is dit as 'n produk van intellektuele besinning gesien. Teen die laat agtiende eeu het die genieting en skepping van kuns 'n plesier van die 'elite'-groep geword terwyl die praktiese kuns wat gebruik kon word, deur ambagsmanne beoefen is. Die ontwikkeling van die estetika tot 'n aparte dissipline het tot gevolg gehad dat kuns in die negentiende eeu verwyderd van die alledaagse lewe gesien is. Die gaping tussen kunsvlyt en kuns het gedurende die industrialisasie periode in Europa groter geword. Gedurende die twintigste eeu het die gaping weer vernou deurdat vlyte weer deel van die hoofstroomkuns geword het.

Die hedendaagse kuns, kunsgeskiedenis en kunskritiek bemoei sig nie net met tradisionele kunsskeppinge soos skilderye, beeldhouwerke en argitektuur nie, maar sluit keramiek, fotografie, boek-illustrasies, tekstiele, poppe, motors en matte in (Duffey, 1993:1). Gedurende die afgelope dekade is die kunshistoriese dissipline, net soos in oorsese lande, besig om te verander. Kunsgeskiedenis en kunskritiek is 'n baie 'jong' wetenskap. Ons kan die afgelope tweehonderd jaar uitsonder as die tyd toe kuns en kunsgeskiedenis en die kunskrywers en kritici 'n bloeitydperk beleef het. Dit is 'n verrykende ervaring om die geskiedenis van die kunswetenskap na te gaan - van Kant en Hegel tot die hedendaagse kuns wat so wyd en verruimend is dat dit baie meer insluit as die tradisionele opvatting dat kuns net skilderye, beeldhouwerke en argitektuur insluit. Die term 'herskryf van die geskiedenis' word ook vir geruime tyd gehoor in die geskiedenis- en kultuurgeskiedenisringe in Suid-Afrika. Dit word onder andere in die toenemende aantal nuwe boeke oor die geskiedenis van kuns in Suid-

Afrika weerspieël. Gavin Young se *Art of the South African Townships* (1988), Die Johannesburgse Kunsmuseum se *The neglected tradition: Towards a new history of South African Art* (1988) met Steven Sack as kurator, EJ de Jager se *Images of Man-Contemporary South African Black Art and Artists* (1992) en Sue Williamson se *Resistance Art* (1989) is 'n paar voorbeelde hiervan. Die nuwe benadering sien kuns as nou verbind met die gemeenskap wat dit produseer, gebruik en verbruik, eerder as iets misterieus wat as gevolg van die vernuf van die kunstenaar tot stand gekom het. Akademiese navorsers het moeg geword vir die eng definisies van kuns wat uit die modernistiese era gespruit het. 'n Geheel herwaardering van hierdie definisies het 'n wyer benadering teweeggebring. Gavin Young het die kuns in die sogenaamde 'town-ships' van Suid-Afrika bestudeer (Young, 1988:54).<sup>10</sup> Min is oor hierdie onderwerp gepubliseer.

Daar is 'n merkbare verskil in die kuns van die selfgeleerde kunstenaars en opgeleide kunstenaars (Sack, 1988:27). Hierdie verskil word die duidelikste waargeneem in die 'nuwe' beeldhouwerk wat in die tagtigerjare geskep is. Gedurende die tagtigerjare het die werk van verskeie beeldhouers in Noord-Transvaal, Gazankulu en Venda onder die aandag van navorsers en kunsgalerye gekom. Van 1949 tot 1962 is die kunswêreld deur die Polly Street Kunssentrum in Johannesburg gedomineer. Van 1962 tot 1970 was die Rorke's Drift-sentrum hoog in aansien. Noemenswaardig is die lys van belangrike kunssentrums wat sedert die sewentigerjare ten bate van swart kuns ontstaan het.<sup>11</sup> Saam met die baie swart onderwyseropleidingsentrums wat almal in 1987 by die Staatsteater in Pretoria aan 'n

---

<sup>10</sup> Gavin Young het in 1984 met Nelson Mukhuba en Jackson Hlungwani bevriend geraak en gemerk hoedat hulle werk die ondervinding van hul gewone werk in die stede weerspieël het. Talle van hierdie kunstenaars het nie in galerye uitgestal nie. 'n Diep simboliese benadering word in die werk van baie kunstenaars ten opsigte van die politieke situasie verkies in stede van 'n direkte betrokkenheid en aksie. Dikwels is hierdie kuns op óf van arm óf weggooi-materiaal gemaak. Afrika-kunstenaars het egter nooit staatgemaak op duur kunsmateriale nie. Emily Motsoeneng het byvoorbeeld nie skool bygewoon nie, maar het geleer hoe om te verf. Huise se buitekante is gewoonlik in poeierkleure geverf. Meel en melk is gebruik as binder

<sup>11</sup>

1970's	Mofolo Art Centre, Soweto
1972	Johannesburg Art Foundation
1977	Community Arts Project (CAP), Kaapstad
1977	Katlehong Art Centre
1987	Fuba Academy, Johannesburg
1979	Nyanga Arts Centre
1983	Community Arts Workshop (CAW), Durban
1983	African Institute of Art (AIA), Soweto
1986	Alexandra Art Centre

uitstalling deelgeneem het, is die aantal kunssentrums steeds aan die toeneem. Ondersteuning deur kerkgroepe, staatshulp, buitelandse donateurs en individuele bydraers het tot groot mate bygedra tot die suksesvolle totstandkoming en onderhouding van hierdie kunssentrums. Die Tributaries uitstalling is deur Rickey Burnett in 1988 in Pretoria gereël, en het 'n opmerklike roering in kunstgeledere veroorsaak. Hier was kunswerke wat nog ongeraak was deur wit leermeesters of die mag van die wit koopkrag. Baie belangrik was die gewaarwording dat daar 'n inheemse vitale kuns in Afrika bestaan en dat dit jare lank floreer het ondanks die meganismes van die kunswêreld in die algemeen.

Skielik egter het dié kuns gesog geword en ook die voor- en nadele van die kommersiële mark beleef. Die enorme diversiteit van kreatiewe aktiwiteit het plaasgevind deur die proses van kulturele en ekonomiese interaksie in Suid-Afrika. Die mag van markkragte en die herdefiniëring van kuns het in die tagtigerjare begin. Die kunsmark het verbreed en uitgebreid geraak. Verskillende soorte materiale is gebruik en verbeeldingrykheid is verder gevoer. Daar het 'n herwaardering en heringebruikneming gekom van funksionele voorwerpe in die beeldende kuns-arena.<sup>12</sup> Museums en galerye stal 'n reeks 'funksionele voorwerpe' uit. Baie hiervan was nooit bedoel om voorwerpe van kontemplasie te wees nie, maar was gemaak om gebruik te word.<sup>13</sup> Die werke van swart kunstenaars was die eerste wat in hierdie nuwe versamelings opgeneem is.

Kuns word in baie dele van ons land geproduseer en dit vertoon streeks- en individuele style. Daar is tans 'n baie dieper gesprekvoering tussen kunstenaars in Suid-Afrika. Werkwinkels word gereël waar kunstenaars vanoor die land kennis en idees uitruil. Kruisbestuiwing vind plaas wat positiewe resultate in die hand werk. Gemeenskapsgebaseerde kuns word infiltrer deur swart kunstenaars, opvoeders en administrateurs. Die verspreiding van kuns het buite die galerymure uitbeweeg. Politieke plakkaat het selfs op T-hemde verskyn. Muurskilderye en uitstallings in die parke en op strate het die breër publiek betrek. Die begeerte om kuns met

---

<sup>12</sup> Kwilte, geverfde tafeldoek, teepotte, lampskerms, gekerfde en geverfde stoele, tafels en kaste word byvoorbeeld op straatmarkte aangebied.

<sup>13</sup> Byvoorbeeld: Doe Molefe se geverfde posbusse, die motorfiets van gemengde media deur David Moteane of die sangoma- poppe van Johannes Maswangenyê. Hierdie en baie ander funksionele voorwerpe is geïnkorporeer in kunsversamelings.

‘n bruikbaarheids- of gebruiksfunksie te kombineer het ook uitloop op besprekings oor konsepte van toerekenbaarheid en verantwoordbaarheid.

Emile Maurice (Young, 1988:26) meld dat ‘n kunstenaar in die Westerse tradisie net aan homself rekenskap verskuldig is. Hy is vry om te besluit hoe en wat hy wil skilder en waarvoor. Bill Ainslie voeg ‘n nuwe dimensie by die debat deur te sê dat alle mense die vermoë besit tot artistieke uitdrukking. Ons staan tussen die pole van die hooggeagte tradisionele kuns en die voetsoolkuns wat aanvaar dat alle mense in staat is tot ekspressiewe kuns.<sup>14</sup>

## **KUNSONDERRIG: ALGEMENE EN HISTORIESE OORSIG**

Alle kunstenaars het hul vaardigheid by iemand geleer - deur te kyk hoe ander werk, deur self te probeer en deur ‘n meer ervare leermeester se leiding. Die tradisionele vorme van kuns was die skilderkuns en beeldhoukuns. Kinders is deur hul ouers onderrig. ‘n Leerling is by ‘n sogenaamde gilde ingeskryf waar hy gehelp, gekyk en later geverf of gebeitel het. Definitiewe reëls, regulasies, apparaat en tegnieke was van wesenlike belang om die kuns wat aangeleer is onder die knie te kry. Daar kan dus met reg gesê word dat ‘n onderwyser en ‘n leerder betrokke is by die aanleer van ‘n kunsvorm. Dikwels het persone wat in dieselfde kunsvorme belanggestel het bymekaargekom om saam te werk, idees uit te ruil of tegnieke te beproef en te verfyn.<sup>15</sup>

Kunsonderrig veronderstel die onderrig of die onderwysing in kuns. In die inleidende hoofstuk is die opmerking gemaak dat daar van media gebruik gemaak kan word in oplei-

---

<sup>14</sup> In die uitkomsgebaseerde onderwysbeleid (Curriculum 2005, 1997) word die spesifieke uitkomst vir kuns en kultuur baie wyd gedefinieër. Die spesifieke uitkomst vir kuns en kultuur sluit die verskeie kunsvorme soos dans, drama, musiek, die visuele kunste, media en kommunikasie, kunstegnologie, ontwerp en literatuur in. Elkeen van hierdie kunsvorme bied ‘n unieke wyse van leer in daardie area aan.

<sup>15</sup> Die Franse Impressioniste in Parys is een voorbeeld. Kunstenaars het vir die eerste keer buite hul ateljees gewerk en die effek van helder lig op die dinge om hulle bestudeer en probeer verbeeld.

ding. Hierdie gebruik is eeue oud. Die grotbewoner het persoonlik met sy seun gepraat en ook gedemonstreer hoe om 'n rotstekening te maak (personale en nie-personale media). Briel (1983:211) haal Davies aan wat sê dat alle instruksies en onderwysers gebruik maak van een of ander soort media. Daar is 'n ryke verskeidenheid, want media omvat die werklike wêreld. Briel (1983:19) is van mening dat die onderwyser self 'n medium is, want in sekere gevalle gaan die onderwyser 'n medium wees om byvoorbeeld gedrags-menslike eienskappe by die kind tuis te bring. Die voorbeeld wat die onderwyser of ouer ook al stel as persoon, is 'n medium. In die opvoedkunde noem ons dit die personale medium. Die opleier of onderwyser, die personale medium, kan nie-personale media soos byvoorbeeld verf, 'n videoband of voorbeelde uit die natuur gebruik om 'n doelwit te bereik. Dit is 'n opleier se plig om van media gebruik te maak wat onderriginstrumente en inhoudsinstrumente is. In kunsonderwys is dit byna onmoontlik om te dink dat opleiding sonder media kan geskied. Landman (1991:17) gee baie insiggewende voorbeelde van verskillende media wat die kunsonderwyser kan gebruik om sy kunslesse aan te bied dat die kind werklik leer.

Deurlopend word kuns as iets gesien wat inherente waarde as uitdrukking van menslike ervaring, menslike kennis en die menslike gees het (Krut,1983:97). Krut konstateer dat kontekstualistiese kuns onlosmaaklik as deel van die gemeenskap wat dit produseer, gesien is. Hierdie siening was die oorheersende filosofie oor openbare kunsonderwys in Europa gedurende die 19e eeu. Kunsopvoeding in die 20e eeu (kunsopvoeding vanaf 1950) het verander van die aanleer van 'n vaardigheid na 'n opvoedingsituasie waar die leerling op ekspressiewe wyse uiting gee aan sy beleweniswêreld. Die aanleer van vaardighede, byvoorbeeld hoe om te teken of hoe om 'n kwas te gebruik, is nog steeds belangrik, maar die medium moet die leerling ondersteun in die beoefening of uiting van sy ekspressiewe moontlikhede (Landman,1991:84).<sup>16</sup>

Immers is kuns die skep van vorms wat simbolies van die menslike gevoelslewe is. Kuns kan veral 'n bydrae maak tot die persoonsgevormdheid van die kind, te wete perseptuele

---

<sup>16</sup> Daar kan tog op gelet word dat daar in kunsonderwys in Amerika in die sewentiger- en tagtigerjare 'n terugkeer na die sosiale mikpunte was. Kunsonderwys het weer eens belangrik geword. In populêre media soos films, televisie en advertensies in tydskrifte en koerante word die visuele kunste as vorm van kulturele kommunikasie gesien.

sensitiwiteit, kreatiwiteit, estetiese ervaring en affektiewe volwassewording (Landman, 1991:361). Die estetiese veronderstel nie slegs die skoonheidsleer nie, dit bevat ook 'n spelende moment waardeur die mens idees in nuwe beeldpatrone konstrueer en dekonstrueer. Deur hierdie kreatiewe eksplorasië van die eie menswees vind individualisering van die persoonlikheid plaas. Dit is 'n uiting van diep menslike emosie en kan vir die opvoedkundige vele moontlikhede inhou omdat die kind se gevoelslewe deur sy kuns leer ken kan word. Estetiese kunsopvoeding kan beskryf word as die begeleiding van die leerder deur die onderwyser/leerkrag om deur spel (as didaktiese grondvorm) gedagtes en idees te konstrueer en te dekonstrueer. Namate die leerder sy eie persoonsmoontlikhede en kreatiewe potensiaal ontdek begin hy/sy konsekwent volgens 'n unieke waardesisteem handel (Landman, 1991:9-11).

Landman (1991:1) haal aan uit Redfern, Pointon, Brown en McKeon se navorsing in Engeland en Australië. Redfern beweer dat dit nie oordrywing is om te sê dat daar beide in onderwys-praktyk en onderwysteorie meer verwarring is oor estetiese onderrig as oor enige ander area van die kurrikulum nie. Pointon noem drie redes waarom die waarde van kunsonderwys in die Britse onderwysstelsel bevraagteken word:

- die vermindering van staatsubsidie vir die beeldende en uitvoerende kunste
- die hoë werkloosheidsyfer onder kandidate wat in die beeldende kunste studeer het
- die veranderende struktuur van die vakwetenskap self.

Volgens Brown en McKeon word die volgende probleme in Australië ondervind:<sup>17</sup>

- die waarde van kunsonderwys in die breë kurrikulum word bevraagteken
- kunsonderwys en vlytonderrig word verwar
- die vak 'Kuns' op skool word as 'n makliker opsie beskou as kandidate nie oor 'n sterk akademiese vermoë beskik nie.

---

<sup>17</sup> Hierdie besware skyn ook deur in die kritiek op die nuwe onderwys soos in Kurrikulum 2005 vervat. Daar is nie fondse vir duur kunsmateriale nie. Die korrelasie met kuns en kultuur open nuwe moontlikhede wat minder fondse vereis.

Navorsing wat gedoen is deur Rhoda Krut (1983:81) openbaar interessante feite oor die oorsprong en ontwikkeling van 'n metode van instruksie in tekenkuns wat die grondslag gelê het vir kunsonderwys in Suid-Afrika. Hierdie metode het in Engeland versprei van die middel van die 19e eeu af deur die departement van kuns en wetenskap in Suid-Kensington Kollege, London, en het bekend geraak as die Suid-Kensingtonse metode. Hierdie metode het ontwikkel as 'n poging om kinders van die werkersklas kuns te leer om hulle voor te berei vir beroepsopleiding in 'n geïndustrialiseerde omgewing. Vaardigheid en tegnieke in buitelyntekeninge is verkry deur opeenvolgende reekse oefeninge wat die vermoë geveer het om buitelyndiagramme te teken en om akkurate afbeeldings van gipsgietsels te maak. Al die tekeninge moes volgens rigiede gegewe aanwysings gedoen word en potlood was die enigste medium wat gebruik is. Hierdie Suid-Kensingtonse metode is in die 1860's in die staatskunsskole en in die laerskole in die Kaapkolonie ingestel, en later in Natal en in die Boererepublieke. Private skole het ook kuns volgens hierdie metode onderrig en dit was inderdaad die enigste aanvaarde metode in daardie tyd. In die tyd voor Uniewording in 1910 het hierdie metode van liniêre tekeninge die Suid-Afrikaanse kunsonderwys op elke terrein oorheers en selfs in die vyftigerjare van hierdie eeu was dit nog in gebruik in inrigtings en tersiêre onderwys.

Rhoda Krut (1983:85) het verskeie onderhoude met oudonderwyseresse gehad, soos byvoorbeeld met Hettie Sandler (1894) wat eers in Rusland gewoon het totdat sy op tienjarige ouderdom saam met haar ouers na Suid-Afrika gekom het. In 'n private huisskool het sy tale, kuns en wiskunde volgens die Engelse vroue-akademiese skole geleer. In die Kaap is sy in 'n gewone staatskool geplaas waar sy kuns volgens die Suid-Kensingtonse metode geleer het en later het sy dit self só aan die leerlinge onderrig. Dit het hoofsaaklik bestaan uit noukeurige nagetrekte vorme van die skoolswartbord af. Uit die vertellinge was daar nie veel entoesiasme by leerling, student en later onderwyseres, ten opsigte van kuns nie. Hoewel daar in Europa vanaf 1914 verandering ten opsigte van kunsonderrig gekom het, was kuns in die Suid-Afrikaanse kunsskole sterk in die verlede veranker. Daar is in die laaste twee dekades van die 19e eeu kunsskole in die RSA gestig en in 1881 en 1882 is 'n South-African Fine Arts Association in die Kaap gestig. Dit was 'n private kunsskool wat die Suid-Kensingtonse metode oorgeneem en 15 jaar lank beoefen het. Ook in 1881 is daar in Grahamstad so 'n



kunsskool geopen en een in Port Elizabeth in 1882. Die regering se bydrae tot hierdie kunsskole was 'n eenmalige jaarlikse bedrag wat die kunsmeester se salaris was. Die kunsskole is deur plaaslike komitees gesteun wat die daaglikse gebeure by die skool gemonitor het. Algemene studente van die middelklas het volle lesgelede betaal en het soggens onderrig ontvang. Studente van die industriële stand wat hul kennis moes gebruik om 'n lewensbestaan te maak en meestal kunstenaars, skoolhoofde, onderwyseresse en/of goewernantes was, het verminderde tariewe betaal. Sosiale afstand is behou deur die groepe apart klas te laat neem - algemene studente soggens, onderwysers smiddae en kunstenaars saans.<sup>18</sup> In die eerste dekade van die 20e eeu is daar in Grahamstad en Port Elizabeth met kunshandwerke begin. Die mees algemene kunsvorms wat in daardie dae beoefen is was breiwerk, skoenmakery, vlegwerk en kerfwerk. Glasvensterwerk, etswerk, juwelierswerk, boekbindery en pottebakery wat in die oorsese lande aan studente geleer is, het ook in Suid-Afrika beslag gekry. Van 1908 tot 1911 was die gemiddelde getal studente in Kaapstad 44, Grahamstad 54, en Port Elizabeth 47 (Krut, 1983:93). Breedweg is die Suid-Kensingtonse model gevolg maar elke skool het in sy eie reg ontwikkel.

Die invloed van die Kunsvlyt-beweging (Arts and Crafts Movement) teen die einde van die 19e eeu het oral in die kunsskole deur die land verskyn byvoorbeeld die Royal School of Needlework in Kaapstad. In die publieke skole was daar egter nog net naaldwerk wat al deur maar as 'n geskikte vak vir die kinders van die arm mense beskou is. Tegniese instruksie vir kinders in St 5, 6, en 7 en handwerk vir kinders in St 1 tot 4 is teen 1910 in skole aangebied. Ná die Anglo-Boereoorlog is huisindustrieë in die Oranje Vrystaat gestig in 'n poging om die verarmde vroue uit die konsentrasiekampe te help. Kantwerk en weefwerk is onder andere deur Emily Hobhouse en AM Wilson onderrig. Die opgeleide vroue in Engeland het hierdie vaardighede aan die minderbevoorregtes oorgedra in 'n poging om hulle op te hef (Maree, 1990:45). Kleimodellering en kartonwerk is in skole aangebied in navolging van die Engelse voorbeeld.

---

<sup>18</sup> Uit alle soorte werksagtergronde het mense kunsklas toe gekom, byvoorbeeld bouers, hoteleienaars, horlosiemakers, kleremakers, skrynwerkers, advertensieverwers, argitekte, juweliers, litograwe, fotograwe, grafsteenmakers, klerke, tuiniers en winkeliers.

Die boekie *A course of Hand and Eye Training* (1880) en herdruk in 1922, het knipwerk en papier- en kartonkonstruksie in die onderwysersopleiding gebruik. Die kreatiewe aspek is nie beklemtoon nie. Rigiede navolging in die voorbeelde van die klassieke is vóór eie ekspressie gestel. Byna 'n eeu lank het die Suid-Kensingtonse metode 'n groot invloed op Suid-Afrikaanse kuns en skole gehad. Trouens, dit was die enigste metode van instruksie op 'n formele vlak.

In 1930 het RE Green, dosent in kuns by die Johannesburgse Onderwysopleidingkollege, 'n paar boekies vir kunsonderwysers en studente die lig laat sien. Voorbeelde van die boekies was *Brush Drawing, Nature Drawing, Object Drawing* en *How to Teach Drawing* (1930).<sup>19</sup> Die verblydende hier was tog die wegbeweeg van die rigiede meganiese proses van reproduksie. Green (1930) beweer dat elke kind 'n individu is wat sy eie idees op sy eie manier wil uitbeeld. In hierdie uitbeelding vind hy 'n vreugde wat so merkwaardig is dat dit die aanskouer ontroerd laat. Alle leerlinge is nie potensiele kunstenaars nie, maar alle kinders besit 'n innerlike vermoë om hulself en hul idees deur middel van tekening uit te druk. Hierdie vermoë ontbloot sigself op 'n baie vroeë ouderdom, selfs voordat 'n voorbeeld aan 'n kind gegee is. Green beskou die weerhouding van hierdie vrye uitdrukking van 'n kind as 'n wreedheid. In die laaste gedeelte van Green se opleidingslesse, wat handel oor voorwerptekeninge keer hy egter terug na die rigiditeit wat kenmerkend van die Suid-Kensingtonse metode was. Hy sê 'n kind moet weggelei word van sy verbeeldingswêreld en die werklike feite in die gesig staar wanneer hy met voorwerpteken besig is (Green, 1930:37). Hy deel voorwerpteken soos volg in:

- St 2 (Gr 4) behoort te begin met voorwerpteken, plat voorwerpe wat slegs twee vlakke het
- St 3 (Gr 5) - ronde voorwerpe
- St 4 (Gr 6) - vierkantige voorwerpe met perspektief
- St 5 en hoër (Gr 7+) - groepe voorwerpe waar ronde en vierkantige voorwerpe gekombineer word.

---

<sup>19</sup> Hierdie boekies is deur JL van Schaik uitgegee.

David Lewis (1946:38) se sienswyse oor kunsonderwys stem ooreen met die siening van Green (1930) oor die vrye ongekompliseerde tekeninge van die kleiner kind. Hy verwerp egter die rigiditeit van die voorwerptekeninge wat Green voorgestel het. Lewis se siening ten opsigte van die onderwys stem ooreen met dié van die negentigs - oop vrae, selfontdekking en selfwerkzaamheid. Hy was sy tyd 50 jaar vooruit. Hy sê ook dat kunsonderwys en gewone onderwys nie ten opsigte van basiese beginsels verskil nie. Die essensie van onderwys is om die intelligensie te verskerp deur die selfekspressiewe moontlikhede inherent in die kind. Kinders moet toegelaat word om self te ontdek. Die onderwyser vervul die rol van gids en nie instrukteur nie.<sup>20</sup> Die tradisionele metodes van onderwys, sê Lewis, is nog net dieselfde as 50 jaar gelede (met die eeuwenteling). Onderwysers moes kennis inpomp en van die leerlinge is verwag om hierdie kennis weer te herhaal op 'n manier soos deur die onderwyser voorgeskryf. Na 'n gegewe tydsbeperking moes daar eksamen geskryf word en as die leerling slaag kry hy die titel 'geleerd'. Die leerling het met ander woorde óf reg óf verkeerd herhaal wat hy geleer is. Of hierdie aangeleerde herhaalde kennis van enige waarde in sy volwasse lewe sou wees, is betwisbaar (Lewis, 1946:39). Leerlinge leer nie om te dink en kreatiewe oplossings vir bestaande probleme te gee nie. Lewis (1946:42) noem ook die geval van Cizek van Wene, wat homself die taak opgelê het om die kunsopleidingsmetodes te verander.<sup>21</sup> Cizek was nie geïnteresseerd om van die kind 'n kunstenaar te maak nie. Hy was geïnteresseerd in hul ekspressiwiteit, individualiteit en ontwikkeling tot volwassenheid.

Die gesegregeerde onderwysstelsel in Suid-Afrika kan teruggevoer word tot die 17e eeu waar aparte skole vir slawekinders gestig is. In 1897 het gespesialiseerde kunsskole hul verskyning gemaak. Hierdie skole het slegs blanke kinders toegelaat. Pogings om kultuur in 'etniese identiteit' te definieer het diep verdeeldheid in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel

---

<sup>20</sup> Kurrikulum 2005 onderskryf dat die onderwyser as fasiliteerder optree. Hy help, lei en rig die kind maar is nie meer die enigste bron van kennis soos tradisioneel die geval was nie.

<sup>21</sup> As jong kunsonderwyser het Cizek agtergekom dat die leerlinge sy opdragte in die klas uitvoer maar buite op die mure en deure vrye ekspressiewe tekeninge met stukkie kryt gemaak wat baie meer van hul innerlike weergegee het as in sy opdragwerkstukke. Hy het toe sy leerlinge geleentheid gegee om te kies wat hulle wou doen en hulle die vryheid gegee om te werk soos hulle wou. Later het hy hulle gevra om te verduidelik wat hulle gedoen het. Hulle moes sê wat die tekeninge beteken. Die kinders moes hom volkome vertrou as 'n volwasse vriend, nie as 'n onderwyser, ouer of leermeester nie. So kon hy 'n kind lei in sy ontwikkeling tot volwassenheid.

veroorzaak (Young, 1988:18).<sup>22</sup> Die eerste kunsgeöïenteerde skoolvak wat vir swart mense toeganklik gemaak is, is in 1916 ingevoer toe die nuwe vak 'Teken' in die sillabus in Natal, Transvaal en Kaapprovinsie ingesluit is, dog slegs in die primêre skole. Die Vrystaatse skoolsillabus het dit glad nie aangebied nie. Daar is 25 minute per week aan die vak toegewys. Industriële werk het modellering in klei, naaldwerk en mandjiewerk ingesluit, tot en met die vierde skooljaar. Daarna is die vak verander na aanleiding van die geslag. Seuns is die hantering van eenvoudige gereedskap en dogters is kookkuns en eenvoudige huishoudelike werk geleer. Daarna het ook die sendingskole hieraan meegedoen.<sup>23</sup> In 1951 het die Eiselin Kommissie se verslag verskyn en is die swart skole geleidelik onder die jurisdiksie van die kerke (en nie staatsinstellings) verwyder. In 1953 was daar meer as 5000 staatsondersteunde sendingskole. Teen 1965 was daar net 509 uit 7 222 swart skole wat nog aan kerke verbonde was. Drie aparte onderwysdepartemente is gestig naamlik Onderwys en Kultuur, Onderwys en Opleiding en die Departement van Indiër-onderwys. Die Bantoe Onderwyswet is in 1953 deurgevoer asook die Kleurling- en Indiër-onderwyswette. Die tuislandbeleid is ook deurgevoer waar etniese groeperinge hul eie onderwys moes behartig. Pogings om die swart mense te hergroepeer in stamverband het misluk. Vanaf April 1955 was daar weerstand teen Bantoe-onderwys. Wegbly aksies het plaasgevind, skole is afgebrand in Aliwal Noord en in Bethal, Transvaal, en in Natal is die Ndalení Industriële Skool wat al sedert 1850 bestaan het, ook tot op die grond afgebrand.

---

<sup>22</sup> Tot 1979 is die naam Bantoe Onderwys gebruik. Die skole van die 'townships' het die swartes die arena gebied om politieke te organiseer. Die Freedom Charter van 1955 het in sy wese 'People's Education' bevat: 'The doors of learning and culture should be opened to all'. In die verlede en huidige (1988) tyd het swart kunstenaars min of geen toegang tot formele kuns onderrig gehad nie, terwyl die kunstenaars van Afrika nooit veel erg aan formele kunsskole of duur gespesialiseerde kunswinkels gehad het nie.

<sup>23</sup> Die skoolleerplan het dinge soos morele waardes soos stiptelikheid en eerlikheid en vaardighede soos houtwerk, tuinmaak, 'n werkbare kennis van Engels of Afrikaans en basiese lees en wiskunde, ingesluit.

## KUNSONDERWYS IN SUID-AFRIKA: HUIDIGE SITUASIE

Die konflikterende doelwitte in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel vul steeds, net soos in lande oor die wêreld, nie die geskoolde werkerskorps aan nie. Die Suid-Kensingtonse poging om leerlinge vaardig te maak in tekenwerk het daardie doel voor oë gehad. Dit was tot en met 1910 pertinent op die voorgrond. In 1999 poog die huidige Regering om weer in pas te kom met die nood aan opgeleide tegnisiërs. Mense wat die land kan opbou. Vaardighede moet lewenslank aangeleer word. Lewenslange leer en uitkomsgebaseerde onderrig word huidiglik sterk beklemtoon (Kurrikulum 2005,1997). In 1974 was die doelwitte in die hersiene kunssyllabusse in al vier provinsies gemik op selfekspresie en kreatiwiteit met klem op die eksplorasië van die essensiële elemente van die vak. 'Skilled manpower' word vanaf die begin van die tagtigerjare deur byvoorbeeld die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) as een van die belangrikste hoekstene beskou om die ontwikkeling van Suid-Afrika te rugsteun.

Kunsonderwys soos ons dit vandag ken is 'n redelike nuwe dissipline en het onlangs maar eers 'n onderwerp vir navorsing geword. As daar van kunsonderwys gepraat word, word 'n skoolsituasië in gedagte geroep. Die vak kuns en/of kunsvlyt is sedert die begin van onderwys in Suid-Afrika se skoolgeskiedenis aangebied. Vanaf 1910 tot 1930 is Kuns hoofsaaklik aan die groter skole as vak onderrig. Die baie kleiner skole en skole op die platteland het weinig blootstelling aan kuns gehad. Kunsvlyt is in die verlede as 'n mindere afdeling van kuns gereken dog dit het in die afgelope twee dekades verander. Kunsvaardighede kan as vlyt vertolk word. In die sogenaamde Nuwe Kuns word kunsvaardighede of werke wat onder die naam 'kunsvlyt' geskep is, as geldige kuns gereken. 'n Kwilt, geweefde werk, sweiswerk, piaterwerk, laslapwerk, draadwerk, collage, of 'n werk wat uit meer as een medium saamgestel is, val alles onder die term 'kuns'. Vroeër was die woord 'kuns' net op tradisionele kunswerke, naamlik skilder en beeldhouwerk, van toepassing. 'n Beeld wat van papier, vel, afvalyster, draad of iets anders as hout, brons of klip gemaak is, was kunsvlyt. Kunsvlyt is vanaf die dertiger- tot die tagtigerjare in die skole doseer. Soms het net die seuns kunsvlyt gehad en die dogters naaldvlyt

(naaldwerk/breiwark).<sup>24</sup> Daar moes spesifieke periodes vir die vak op die rooster ingeruim word. Gewoonlik is die vak op die Vrydag rooster ingedeel. Daar was voortdurend 'n probleem om genoeg en geskikte voorraad beskikbaar te hê. Baie min onderwysers het die kennis of vermoë om die vak positief en opbouend aan te bied.

In 1995 is daar deur die Departement van Onderwys 'n nuwe kernsillabus aan al die skole in Suid-Afrika beskikbaar gestel. Dit is verblydend dat kuns en kunsopvoeding 'n belangrike plek in die nuwe onderwysdepartement se sillabus inneem. 'Art' en 'Art Education' dek 'n wye veld. Individualiteit word aangemoedig. Meer klem word op kreatiwiteit eerder as op perfekte afwerking gelê. Die tyd wat aan kuns of kunsopvoeding bestee moet word is 90 minute per week. Dit is drie periodes van 30 minute elk wat verkieslik as een werkseenheid in die rooster ingedeel behoort te word. Die aktiwiteite wat aanbeveel word is baie prakties en kan deur 'n kreatiewe persoon met groot vrug in sy of haar skool aangewend word. In Suid-Afrika is kuns as skoolvak verpligtend tot die sewende skooljaar naamlik Gr 7.

Daar is heelwat wetenskaplike werke oor kunsonderwys en die kuns van die kind tot en met die ouderdom van 12 jaar.<sup>25</sup> Die kurrikulum vir sekondêre skole is egter op 'volwasse' kuns gebaseer.<sup>26</sup> In Suid-Afrika was daar in die ou bedeling heelwat hoërskole wat kuns as matriekvak aangebied het. In 1999 is daar baie minder skole wat kuns as matriekvak aanbied. Die getal onderwysers wat vir hoërskoolvakke beskikbaar is teenoor die leerlingtal sal die aanbieding van hierdie vak op sekondêre vlak baie diep raak. Opleiding op kunsvlak in die sekondêre skool sal al meer en meer buite skoolverband geskied. Om kuns as vak in skole aan te bied is baie duur. Die aanbevole leerlingtal per klas in hoërskole is 35 en in laerskole 40

---

<sup>24</sup> Rottangwerk, papierknip en plakwerk, sinkwerk of elementêre houtwerk is aan die seuns geleer afhange van watter kennis en gereedskap beskikbaar was. Die basiese tegnieke is aan die leerlinge geleer. Die vaardigheid of tegniek om met olie verf, waterverf, pastelle, potlood of houtskool te werk kon slegs in skole waar 'n opgeleide kunsonderwyser was of by private kunsklasse aangeleer word. Groter vryheid in die keuse van patroon en tegniek is toegelaat maar die werke wat gemaak is, is as 'vlyte' gereken.

<sup>25</sup> Gedurende die sestigerjare was die boeke van die Leuchner broers (1966) baie gewild as voorgeskrewe werke vir kunststudente en onderwysers. 'n Studie is gedoen van die ontwikkelingsstadia van die kind. Die sillabusse vir kuns in die sewentiger- en tagtigerjare was meer gerig op die vrye ekspressie van die kind (TOD-kunsonderwys sillabus, 1980) asook sillabusse vir kunsonderwys van Natalse, Kaaplandse en OVS-onderwys, soos ingevoeg in die Doktorale proefskrif van AA Landman (1991:11). Twee werke wat die toets van die tyd deurstaan het is die werk van Washowiak en Ramsay (1971) en Lowenfeld en Brittain (1975).

<sup>26</sup> Die kuns van die adolessent het in die literatuur nog nie veel aandag geniet nie. Oor die algemeen word volwasse kunsstandaarde op die kuns van die adolessent toegepas, wat die eiesoortigheid van die adolessent en sy kunskepping misken (Landman, 1991:16).

(Onderwys-wet, 1996). Die verhoogde leerlingstal per klas maak die aanbieding van die vak baie moeilik.<sup>27</sup>

Kuns as 'n vak, of kuns op sigself, word in laerskole by hoë uitsondering deur onderwysers wat spesifiek in kuns opgelei is, aangebied (Clark, 1998:23). Die onderrig of instruksie word meestal deur onderwysers gegee wat min of geen opleiding of agtergrond in kuns het nie. In die Zeerust Kring het meer as 60 persent van die onderwysers by plaasskole òf nie onderwysopleiding nie òf die persone hou skool met 'n St 6, St 8, of St 10 (Gr8, Gr10 of Gr12) sertifikaat of die mees elementêre onderwysersopleiding. Aan onderwyskolleges word onderwysers 'n algemene kunsagtergrond gegee sodat hulle die kinders op 'n sinvolle manier kan onderrig in die tyd wat aan kuns toegewys word. Die sogenaamde praktiese vakke soos kuns, menslike bewegingskunde en musiek het 'n definitiewe mate van vaardigheid, belangstelling, talent en liefde aan die kant van die onderwyser nodig om suksesvol onderrig te word. Die navorser het dieselfde reaksie van belangstelling ten opsigte van die aanbieding van al drie hierdie vakke by verskillende onderwysers oor die afgelope 25 jaar opgemerk. 'n Sekere mate van aanleg en liefde of belangstelling in die bogenoemde vakke maak 'n groot verskil in die gesindheid teenoor en in die aanbieding van die vak.

Kuns as vak is in die uitkomsgebaseerde onderrig (OBE) van Kurrikulum 2005 as kuns en kultuur ineengeskakel.<sup>28</sup> Volgens die nuwe kernsillabus sal kunsgeeskiedenis 'n meer hanteerbare en geldige komponent van kuns word omdat die onderwerpe meer relevant en toeganklik vir leerders aangebied sal word. Die nuwe multidissiplinêre benadering ten opsigte van kunsgeeskiedenis sien die interpretasie van kuns as deel van 'n wyer kulturele konteks:

- kuns wat in die klaskamer geskep word
- historiese en kontemporêre voorbeelde van kunsprodukte en kunsgeskrifte
- leerlinge moet 'n kritiese benadering ten opsigte van kuns aankweek - kuns is deel van 'n wyer kultuur van geloofsisteme, ekonomiese strukture, klas, ras en geslag.

---

<sup>27</sup> Ruimte en spasie per leerling is alreeds 'n probleem in die oorvol klasse wanneer die gewone vakke aangebied word. 'n Praktiese vak soos kuns, waar die leerkrag moet sorg vir kwaste, verf, water en ander benodigdhede, kan die lus en moed uit 'n onderwyser mergel.

<sup>28</sup> Kuns en kultuur is een van die agt leer-areas waaruit kritiese leernitkomste gekies kan word.

Groepwerk word aanbeveel. Die onderwyser wat formele kunsonderrig gehad het sal as individu waarskynlik meer groepwerk met 'n kunstema aanbied. Dit sal ook verligting bring vir die onderwyser wat geen opleiding het nie. Hy of sy kan minder uit die kunsaktiwiteite afdelings kies. Rigiditeit word uitgeskakel en individuele voorkeure, buigsaamheid en 'n innoverende of kreatiewe benadering word aangemoedig. 'n Onderwyser of fasiliteerder wat innoverend en kreatief te werk gaan het 'n besondere geleentheid om kuns te bevorder. Daar is 'n wye verskeidenheid om van te kies uit die agt spesifieke uitkomst wat in die kunsafdeling aangebied word:

- Gebruik kennis, tegnieke en vaardighede om kuns te skep en krities betrokke te raak in kuns- en kultuurprosesse en produkte.
- Sosiale en interaktiewe vaardighede van kuns en kultuur moet gebruik word.
- Raak krities betrokke met kunservaringe en kunswerke.
- Demonstreer en verstaan die oorspronge, funksies en dinamiese aard van kultuur.
- Ervaar en analiseer die rol van die massamedia in populêre kultuur. Wys op die impak op verskeie vorms van kommunikasie en uitdrukking in die kunste.
- Gebruik kuns en kultuur om ekonomiese bydraes vir 'n persoon self en die omgewing te maak.
- Kunsvaardighede en kulturele uitdrukkings moet aangewend word tot heling van die land en mense en om selfwaardigheid te bevorder.
- Leer om die historiese waarde van kuns en kultuurgebruike te waardeer.

'n Loodsprojek op skole wat ingestel is om die 'Outcomes-Based'-model te implementeer, het teen die helfte van 1999 nog nie met 'n helder omlynde werkplan vorendag gekom nie. Weens finansiële tekorte kon daar nie 'n voltydse projekbestuurder aangestel word nie, maar geslaagde werkswinkels is in die Gauteng Provinsie gehou en kunsonderwysers word aangemoedig om hierdie benadering in hul lesaanbiedinge te gebruik. Daar nie baie nuusbriewe of gereelde omsendskrywes vir die Kunsonderwyser nie. Die Art Educators Assosiation voer die afgelope vier jaar 'n verbete stryd om in hierdie veranderende proses waar staatsondersteuning min is, te bly voortbestaan. Die Duitse borge het ook onttrek. Op 8 Mei 1999 is 'n nuwe bestuur verkies waar die sprekers meer was as die paar onderwysers



wat opgedaag het. Net minder as tweeduisend uitnodigings is uitgestuur. Hoofsaaklik aan onderwysers. (van Veuren, 1999:2) Die geskiedenis van Kunsjoernale en tydskrifte in Suid-Afrika het dieselfde tragiese pad gevolg. Die *African Art Journal* is in 1907 gepubliseer en net een uitgawe het die lig gesien. In 1994 is weer 'n poging aangewend en ook net een uitgawe van *Ventilator*, wat as 'n eietydse kunstydskrif adverteer is, het verskyn. *De Arte*, wat deur Unisa uitgegee word deur sy Beeldende Kuns en Kunsgeskiedenisdepartement en die *SA Journal of Art and Architectural History* bestaan al baie dekades. Storm Janse van Rensburg meen dat die twee tydskrifte die wit liberale en die wit konserwatiewe faksies in die kunstwêreld van Suid-Afrika verteenwoordig en nie 'n wye leserskring het nie. Hy stel 'n nuwe internasionale kunstydskrif bekend in die *Art Paper* (no. 2 van 1999), naamlik: *Co Art News* (Van Rensburg, 1999,20). *The Teacher* is 'n koerant wat na alle skole in al die Provinsies van die land gestuur word. Gereelde kunsartikels en wenke sal op so 'n wyse baie meer persone bereik. Die *Art Paper*, 'n blad vir kunsonderwysers in Suid-Afrika, voer die afgelope vier jaar 'n stryd om oorlewing weens geldelike nood (Clark, 1997/1998: voorsittersverslag). In die Gauteng Provinsie is opnames gedoen oor kunsgeskiedenis. (Sher, 1997:5). Verskeie onderwysers het gevra dat die kunsgeskiedenisillabus vereenvoudig en meer toepaslik gemaak moet word om aan te pas by die uitkomsgebaseerde benadering. Aanbevelings vir die kernsillabus vir kuns kom op die volgende neer:

- Die onderwyser tree op as fasiliteerder<sup>29</sup>
- die onderwyser aanvaar dat leerders verworwe kennis en ondervinding het waarop voortgebou kan word deur nuwe leerervaringe te skep
- leerders word aktiewe deelnemers in die leerervaring
- leerders word aangemoedig om te bevraagteken en kreatiewe oplossings te soek
- alternatiewe vir formele lesings en die afneem van aantekeninge word in groepwerk, werk in pare, besprekings, debatte en selfstandige individuele navorsingswerk gevind.

---

<sup>29</sup> Tradisioneel is onderwysers gesien as die verspreiders van kennis. Leer, onthou en weergee van feite was belangrik. 'n Paradigmaskuif vind nou plaas.

Die voordele van hierdie uitkomsgebaseerde benadering is dat die fasiliteerder nie minder verantwoordelik word nie maar ook 'n plek as leerder in die klaskamersituasie inneem. In baie skole is hierdie benadering baie jare lank al in die praktyk toegepas. Begaafde-kind onderrig en die oopvraag-metode om denke te stimuleer, word eeue lank al deur individuele onderwysers en navorsers toegepas. As skeppers van betekenis en insig word onderwysers betrek in die praktyk van interpretasie - hoe kuns wat in die klaskamer geskep word, asook historiese en eietydse kunsskeppinge, geïnterpreteer word. In kunsgeskiedenis word die onderwyser en leerders aangemoedig om te dink en in praktyk die inhoud van 'n kunswerk te interpreteer (Monk,1997:60). Leerervaringe moet leerders aanmoedig om 'n kritiese benadering van bevraagtekening ten opsigte van kuns te bekom. 'n Paradigmaskuif na denke eerder as om geheel nuwe inhoude te voorsien vind plaas. Die 'hoe' leerlinge geleer word is belangriker as dit 'wat' hulle geleer word. Die leerervaring is nie meer slegs op die geheue, toepassing en weergee, gebaseer nie. Die tyd wat aan kunsonderrig in skole in die Grondslag Fase/'Foundation Phase' (Gr1 tot Gr3 Department of Education, 1997:AC-3) toegeken word, word geïntegreer en aangebied in drie leerareas/afdelings naamlik:

- geletterdheid (literacy)
- syfervaardighede (numeracy)
- lewensvaardighede (life skills)

In die sogenaamde "skiktyd"(Flexityd), kan daar aan kunsaktiwiteite aandag gegee word. Groepwerk word aangemoedig byvoorbeeld in 'n les oor familie sal een groepie 'n opdrag kry om hul familie te teken, terwyl 'n ander groep 'n drama sal opvoer oor byvoorbeeld 'n familie-krisis.<sup>30</sup>

Daar kan byvoorbeeld op advertensies gelet word. In 'n les oor wiskunde kan 'n fasiliteerder die kuns en kultuur leerarea kies om 'n spesifieke leeruitkoms (nr 5) te bereik naamlik om die rol van die massamedia in die populêre kultuur en sy veelvoudige vorms van kommunikasie te verduidelik. Spesifieke uitkoms (nr 6) van die leerarea kuns en kultuur, noem die gebruik

---

<sup>30</sup> Die les oor 'lyn' wat in die navorsing vir die fokusgroepe gebruik word sal in 'n geïntegreerde les op vele kreatiewe wyses gebruik kan word. Almal sal nie op dieselfde tyd al hulle aandag en tyd aan 'n tekening wy nie.

van kunsvaardighede om 'n ekonomiese bydrae vir die persoon self, of die gemeenskap, te maak. Die ontwerp van 'n stoel, 'n tafel, klere, of materiaal waarin lyne voorkom, kan hier as leerervaring gebruik word. Die stoel, soos dit in verskillende kulture diens doen, kan verskillende ontwerpe ontlok. In die leerarea, wiskunde, kan die spesifieke uitkoms (nr 8) ook in die les oor lyn gebruik word. Die uitkoms lees soos volg: ontleed en analiseer natuurlike vorme, kulturele produkte en prosesse as voorstellings van vorm, ruimte en tyd.


\*\*\*

In **Hoofstuk Vyf** word die praktiese navorsing begin deur te kyk na die huidige gebruik en plek van elektroniese media in skole. 'n Opleidingsles met video as hulpmiddel word opgestel vir gebruik in die verdere toepassing van Hoofstuk Ses.

## HOOFSUK 5

# Video-gesteunde opleiding

*\* (Praktiese navorsing)*



*'Education is the driving issue and NOT technology' ...*

*'The importance and the challenge of teacher empowerment*

*must not be underestimated' (Van Staden, 1995:ii)*

## INLEIDING

Kuns het met vorm en kleur te doen en die video, wat vorm en kleur goed kan weergee, is as onderwysmedium gebruik om die vlak van motivering van die leerder te beïnvloed. 'n Video is gebruik omdat dit in die aanbieding van die lesse die media was wat met die minste ontwinging gebruik kon word. Begeleidende opleiding vind plaas as die onderwyser of opleier die video as ondersteunende middel gebruik. Die opleier is in beheer van die situasie. Die video kan gestop word. Gedeeltes van die video kan weer vertoon word. Die opleier kan die werk mondelings breedvoeriger omskryf. Daar kan eers van ander media gebruik gemaak word. Sekere gedeeltes van die video kan heeltemal uitgeskakel word en net dit wat as aanvullend tot die les is, kan vertoon word. Oogkontak word met die leerders behou en aandaggee kan afgedwing word. Die onderwyser/es moet 'n baie positiewe, ernstige en belangstellende medekyker wees in so 'n klassituasie. Doelwit-kyk moet bevorder word. Vrae kan vooraf gegee word aan die leerlinge.<sup>1</sup> Hulle moet die antwoorde dan raakkyk. Maak abstrakte materiaal toepasbaar op konkrete situasies. Herhaal die belangrikste punte weer voordat die leerlinge begin werk. Dan word makliker onthou.<sup>2</sup> Herhaling in die tyd wat verloop direk na die oorspronklike leer plaasgevind het, is daarom so belangrik. Die organisasie en rangskikking van die onderwerp maak 'n verskil in die inneeem van inligting. Klein gedeeltes wat deeglik onderrig word, word beter onthou. Positiewe motivering soos prys, aanmoediging en advies help om die leerder te laat voel dat hy aanvaar word, dat hy sukses kan behaal en dat hy simpatie en liefdevolle hulp gaan kry.

---

<sup>1</sup> Net soos met 'n begripstoets moet die vrae eers gelees word. Dit is dan makliker om die antwoorde met die eerste leesgoging raak te lees.

<sup>2</sup> Ebbinghaus het reeds in 1885 ontdek dat 'vergeet' die vinnigste plaasvind binne een uur nadat iets geleer is (Avenant, 1986:44).

Wanneer 'n les aangebied word met die video as integrale deel van die les moet die onderwyser of aanbieder die videomasjien en die video vooraf in perfekte orde gereed hê.<sup>3</sup> Die videomasjien moet vooraf opgestel en die videokasset getoets word en so ingestel wees dat die gedeelte wat gebruik gaan word met die druk van die afstandbeheer kan begin. Die sukses al dan nie van 'n les wat elektroniese media as hulpmiddels het, hang af van die aanbieder se vermoë om sy media, die rekenaar of videomonitor, te gebruik en te beheer. In menige skole moet die klasse na die mediasentrum gaan vir die videoles of met moeite moet die videomasjien of rekenaar na die klas gedra en gekoppel word. As die onderwyser nie self die instelling en koppeling kan doen nie is die les tot mislukking gedoem. Diefstal en vandalisme noodsaak ook die veilige bewaring van die duur sensitiewe apparaat.

Die video leen sigself om 'n hele groep kinders gelyktydig aan nuwe kennis bloot te stel. Die video is 'n redelik maklike medium om te bemeester en 'n onderwyser kan 'n hele klas kinders daarna laat kyk. Video het 'n relatiewe goedkoop en direkte manier van opname en herkyk van gebeure wat voorheen slegs op direkte observasie geskoei was. Rugby, sokker, krieket, operasies en nuusgebeure kan opgeneem en op 'n geskikte tyd teruggespeel word. Opleiding wat vroeër op beskrywing berus het kan nou realisties gedemonstreer word deur middel van video op 'n daaglikse basis. Voorheen kon mense net fisies gekyk het hoe persone 'n vaardigheid beoefen. Nou kan hulle herhaaldelik op video na 'n demonstrasie kyk. Ook kan hulle hul eie vertoning, demonstrasie of optrede krities beoordeel omdat 'n video-opname direk teruggespeel kan word. Opleiding in professionele vaardighede wat baie velde dek, vanaf onderwys tot terapie, het nuwe dimensie gekry deur die aanwending van video-terugvoering. Leerders is nou in staat om hul eie optrede te analiseer deur in detail na hul gedrag te kyk eerder as om net daarvoor te praat (Hansen, 1989:7).

---

<sup>3</sup> Voorafbeplanning is dus van die allergrootste belang Die afleibaarheid van die persone, die aandaggee van die leerders, die motivering, die wil om te kyk en meer te leer, kan skipbreuk ly as die video nie as deel van die ontsluitingsmoment natuurlik invloei nie. Maak seker dat die leerders die werk as 'n sinvolle eenheid ervaar. Die affektiewe staat waarin die leerder hom bevind is belangrik. 'n Rustige ontspanne atmosfeer bevorder leer. Traumatisiese emosionele ondervindinge net voordat 'n les aangebied word soos raas, verwyte en dies meer, belemmer leer. Indien die onderwyser rondskarrel om die videomasjien in te stel of eers na die gedeelte wat vertoon moet word soek, verloor hy die aandag van die leerders.

Clarke (1987:8) sê dat die grootste deel van die algemene publiek baie blootgestel word aan nuwe inligting deur hul spesifiek gekose programme, vanaf sepies, komedies, dramas, nuus en huidige gebeure, sport, dokumentêre- en/of 'Quiz'-programme, te volg. Hierdie vorme van leer is belangrike nuwe-effekte van die gebruik van video maar in isolasie is hulle nie voldoende of objektiewe leerdoelwitte nie. As video in opleiding gebruik word moet dit 'n sterker regverdiging hê as blote plesier of toevallige leer. Voordele en implikasies van videogebruik wat ook op ander oudiovisuele tegnologie van toepassing gemaak kan word, word soos volg aangehaal deur Pennington (1992:7):

- verleng menslike ondervinding
- verleen sinvolle informasie/inligting
- stimuleer belangstelling
- lei studente-terugvoering/reaksie
- oorkom fisiese beperkinge
- stimuleer probleemoplossing
- voorsien diagnostiese en remediërende gereedskap
- ontwikkel gedeelde begrip
- bevorder toewyding
- behaal resultate

Ten spyte van die feit dat die meeste mense gewoon daaraan is om 'n verskeidenheid oudiovisuele media in ontspanning en in opleiding te gebruik, het video die mag om belangstelling te stimuleer en 'n aanbieding te gee wat die aandag van die kykers kan behou. Die mag van die medium kan egter nie die aandag van mense behou as dit te moeilik, oninteressant, onsamehangend of vervelig aangebied word nie. 'n Te jong leerder soos byvoorbeeld 'n kleuterskoolkind sal nie baat vind as die leerstof bokant sy/haar ontwikkelingsvlak en begrip lê nie. In opvoeding kan video-opnames die kritiese kyk na televisie verbreed. Die begrip, bewondering of verwerping van die weeklikse TV-kyk word verbreed. Die vermoë word ontwikkel om terug te staan, te analiseer en 'n eie siening te reflekteer op dit wat gesien is (Masterman, 1983:17).

Differensiasie is die metode om leerlinge volgens hul vermoë te onderrig. Lesse op band, leeskaarte en videolesse kan 'n groot leemte vul op hierdie gebied. In die ontsluiting of beskikbaarstelling van hierdie ryke bron van hulp lê 'n groot uitdaging. Die RGN het al baie navorsing gedoen op die gebied van lees en remediërende lees.<sup>4</sup> In vakke waar 'n aanleg of spesiale belangstelling nodig is, soos kuns, naaldwerk, houtwerk, musiek en liggaamlike opvoeding sal sulke video's baie help. Uit ondervinding is geleer dat:

- die belangstelling om na skoolwerk te kyk op TV of video
- die belangstelling in remediëring
- die belangstelling om werklik spesiale lesse in 'n vak wat vir die aanbieder vreemd en onbekend is
- die werklike aanhou-uithou om 'n kind te leer wat nie verstaan nie, is 'n ingebore behoefte, aanleg of drang by slegs 'n klein groepie mense.

## **BEKOM- EN BESKIKBAARHEID VAN VIDEO'S EN KOPIEREG**

Die Sentrum vir Onderwystegnologie en Afstandonderwys (SOTAO), voormalige Nasionale Filmoteek, met sy hoofkantoor in Pretoria, bied 'n besondere diens aan sy lede. In Bellville en Pietermaritzburg is daar ook takke. Onderwysers moet vooraf beplan watter video's of rekenaarprogramme hulle nodig het en dit dan per pos bestel. Die diskette en kasette word stewig verpak en met die pos versend. Lede kan dit ook persoonlik by die sentrum gaan afhaal en terugbesorg. Indien 'n persoon naby woon is dit 'n maklike manier om te verseker dat die video wat jy wil gebruik vir jou les beskikbaar is. Dertig persent van die video's van SOTAO het nie 'n beperking op kopiereg nie en 'n skool of onderwyser wat twee videomasjiene het kan 'n kopie maak wat hy vir sy persoonlike gebruik kan hou. Die ledegeld vir skole is in 1999 nog slegs R33,00 per jaar. Die katalogusse vir rekenaarprogramme, video's en CD's

---

<sup>4</sup> Daar is by die RGN besondere remediëringspakkette vir die rekenaar beskikbaar, naamlik *LEESPRET* en *LEESFEES* in Afrikaans, en *WORLD OF WORDS* in Engels.



word gratis bekikbaar gestel.<sup>5</sup> 'n Onlangse ondersoek wat deur SOTAO uitgevoer is, het getoon dat verskeie praktiese probleme 'n groot oorsaak is daarvan dat skole nie media bestel en gebruik nie. Probleme wat by skole self ondervind word is té groot klasse, periodes wat te kort is, 'n media-onderwyser wat nie bestellings kan hanteer nie, probleme met apparatuur en leerlingroepe wat te heterogeen ten opsigte van voorkennis en taalvaardigheid is. 'n Ander belangrike rede is dat die programme nie beskikbaar is vir die spesifieke tyd waarvoor dit benodig word nie. Wanneer 'n onderwyser sy jaarbeplanning moet wysig om 'n spesifieke video- of rekenaarprogram te kan vertoon eers wanneer dit sou beskikbaar raak (as dit reeds uitgeneem is), word dit 'n probleem en besluit die onderwyser om liever sonder media te werk (Nelson, 1997:9).<sup>6</sup> SOTAO se inligtingsdiens meld dat daar 4 600 ingeskrewe lede in 1999 was (persoonlike mededeling). Staatskole, privaatskole, privaat instansies en persone, kleuterskole en tuisskole kan lidmaatskap verkry. In 'n onderhoud met 'n administratiewe personeellid van SOTAO bevestig sy dat die tuisskole vanaf 1997-1999 baie meer sagteware uitgeneem het as ooit tevore. Die grootste toename in die uitneem van media was dus deur tuisskole! Baie swart skole het vanaf 1996 aangesluit, hul lidmaatskapsgelede betaal maar geen video's of rekenaarmateriaal uitgeneem nie. Die naam van die verantwoordelike persoon mag nie op die rekenaar ingetik word nie aangesien die personeel by skole baie wissel. Daar word egter gevind dat die hoofde of direkteure nie kennis dra van die bestaan en die diens wat aan skole gelewer kan word nie en dat niemand werklik by name die pos by so 'n skool ontvang nie. Die besonderhede van die verskaffers van die programme word deur SOTAO aan belangstellendes verskaf indien 'n persoon self die program wat nie gekopieer mag word nie, wil aankoop.

Die beskikbaarheid van video- en rekenaarprogramme in kuns en kunsonderwys het by SOTAO vanaf 1985 baie verbeter. In die videokatalogus van 1996 is daar onder die afdeling Beeldende Kunste ongeveer 100 video's beskikbaar in beide Afrikaans en Engels. Dit sluit musiek, ballet en danse uit. Baie daarvan is baie kort en mag gekopieer word. Die onderwyser

---

<sup>5</sup> Sien Bylaag 3

<sup>6</sup> Nelson (1992:17) se ondersoek bevestig die opmerking deur Kearsley (1992:17) dat hoe meer onderwysers persoonlik eie rekenaars koop en bemeester, hoe makliker is dit vir hulle om dit in hul skoolwerk te integreer.

wat moeite wil doen wat video's betref kan werklik baie hulp van SOTAO kry. Daar is ook rekenaarprogramme in kuns.

Op 1 Julie 1976 het daar 'n afdeling Hulpdienst Oudiovisuele Onderwys in die Transvaalse Onderwysdepartement tot stand gekom, met mnr BJ Venter aan die hoof. Sy taak was onder andere om op hoogte te bly van die ontwikkeling van oudiovisuele apparatuur. Hy moes ook hulp verleen aan die departement en onderwysers ten opsigte van die gebruik van media (Briel, 1976:103). In 1999 is hierdie afdeling steeds in werking. Die massa skole wat bedien moes word deur die klein voorligtingspersoneel het die taak om sinvol en suksesvol daarin te slaag, haas onmoontlik gemaak. Die Direkoraat Afstandonderrig, Media en Tegnologiese Dienste, sal die sentrum bystaan (Naidoo, 1997:14).

Die herorganisasie van SOTAO in 1997 het innoverende nuwe doelstellings as mikpunte gestel, onder andere:

- 'n Navorsing- en ontwikkelingsfunksie wat die rol van opvoedkundige tegnologie in die leer- en onderrig-interaksie sal vasstel.
- 'n Uitreikingsaksie na die opvoedkundige instansies van die verskillende provinsies.
- Die koördinasie en logistieke afdeling sal sorg vir 'n verspreidingsnetwerk en die ontwikkeling van nuwe opvoedkundige tegnologie.

Min van hierdie planne het tot uitvoer gekom. Daar is sedert 1997 geen nuwe addendums vir rekenaar of video beskikbaar gestel nie. Die laaste Informedia, die tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Onderwystegnologie, het in April 1997 verskyn. Daarin is die naamsverandering en die nuwe komitee met die reeds vermelde innoverende nuwe doelstellings aangekondig.

By die Kollege vir Onderwyseropleiding (voormalige Onderwyskollege van Suid-Afrika/OKSA), kan 'n verdere diploma in onderwys verwerf word deur private studie. Daar is 'n afdeling waar video's vervaardig word om indiensopleiding van onderwysers te bevorder. As 'n amptenaar van die vakadviesdiens 'n afdeling van sy vak of byvoorbeeld die werk by 'n spesiale skool wil bekend maak, doen hy aansoek dat tyd ingeruim word op die rooster van

die video-afdeling. Hierdie video's word aan skole verkoop teen ongeveer R60,00 per video (1999 tarief). 'n Katalogus is beskikbaar waaruit die onderwysers kan kies en bestel. In 'n onderhoud met die hoof van die Kollege vir Onderwyseropleiding in Groenkloof, Pretoria, in Julie 1999, het dit geblyk dat die situasie sodanig verander het dat baie private instansies van die diens gebruik maak. Hierdie instansies betaal vir die diens wat gelewer word om die finansiële uitgawes te dek aangesien die fondse vir onderwys deur die staat tot op die been gesny is. Daar is geen nuwe videos in die afgelope twee jaar vervaardig nie.

Die onderwysmediadiens in Van der Waltstraat, Pretoria stel die video's van die Kollege vir onderwyseropleiding gratis beskikbaar vir uitleen aan onderwysers. 'n Onderwyser het net sy Persalnommer nodig om as lid te registreer. Ongelukkig wou die ander provinsies nie bydra tot die instandhouding van die diens nie. Vanaf 1996 mag net die onderwysers van Gauteng van daardie besondere diens gebruik maak.

Die RGN het 'n afdeling wat in tale en wiskunde spesialiseer. Kunsprogramme is egter nie daar verkrygbaar nie. 'n Lys van die SABC se programme is ook beskikbaar teen 'n koste van R15,00 per kopie. Daar is egter ook nie programme oor kuns beskikbaar nie.

Mediaseleksie is derhalwe van die uiterste belang. Die evaluering en seleksie van harde- en sagteware is 'n moeilike proses selfs vir kenners op die gebied. Daar blyk 'n menigte modelle, opsies en pryse te wees. Die taak word selfs meer kompleks as die snelle verandering en ontwikkeling in die tegnologie in aanmerking geneem word. Wat vandag nuut is, mag môre dalk verouderd wees. Sorge (1993:19) voorsien lyste waarvolgens instrukteurs en leerders die benodigdhede vir harde- en sagteware voor en na aankope kan evalueer.

Ter wille van meer effektiewe onderrig en leer is die ideaal dat 'n onderwyser of skool sy eie mediaversameling besit en verder uitbou. Om die agterstand ten opsigte van opgeleide onderwysers deur middel van tegnologie te probeer uitwis, is vanweë die finansiële tekorte en die onvermoë van onderwysers om die tegnologie te gebruik en/of te bekostig, 'n groot probleem. Vir 'n persoon wat kwalik die registrasiegeld en boeke vir 'n kursus kan bybring, of die reisgeld en verblyf vir 'n vakansieskool kan bekostig, is die aankoop van 'n rekenaar of videomasjien vergesog. Om 'n rekenaar te koop vir 'n verblyfplek waar daar nie elektrisiteit, 'n installeerder of 'n persoon is wat dit kan herstel nie, is nutteloos. Diefstal, vandalisme en vernielsug vier ook hoogty in talle gebiede. Om rekenaargeletterd te word is

‘n persoon nodig wat self al die tegnieke verstaan, ‘n persoon wat geduld en tyd het om dit aan ‘n ander te leer, en dit is ‘n skaars en duur kommoditeit!

Die Instituut van Opvoedkundige navorsing het in 1987 ‘n publikasie uitgegee onder die titel *Outeursreg en onderwys en opleiding in die RSA* (RGN,1987). Die problematiek rondom outeursreg en die benutting in die onderwys van materiaal waarop outeursreg geld, het onder die aandag gekom. Na die verslag, deur die RGN, *Die benutting van radio en televisie in onderwys en opleiding* wat in 1984 verskyn het, het die voorstel gekom dat ‘n ondersoek na outeursreg in onderwys onderneem moes word aangesien die benutting en moontlike opname van opvoedkundige uitsendings deur onderwys- en opleidingsinstansies ‘n aktuele aangeleentheid is. Wet Nr 98 van 1978 is die Wet op Outeursreg. Die doelwit van die RGN was deurgaans die verruiming van die Wet, wat onderwys en opleidingsinstansies in staat sou stel om sonder benadeling van die regte van outeurs of vrees vir vervolging op ordelike wyse outeursregmateriaal, hetsy gedrukte materiaal, films, video, opvoedkundige uitsendings of musiek te gebruik.

Herman Nelson (1997:9) bepreek in SOTAO se tydskrif, *Informedia*, die verbetering van mediagebruik deur wettige kopiëring. Wettige kopiëring van media-items kan meehelp om sommige probleme rondom mediagebruik uit te skakel.<sup>7</sup> Die gemelde ondersoek het ook aan die lig gebring dat kopiëring van media deur lede vinnig besig is om toe te neem. Daar is reeds ‘n beduidende groep lede wat besig is om ‘n eie mediaversameling op te bou deur self programme aan te koop of te kopieer. Ongeveer 30 persent van SOTAO se voorraad video- en rekenaarprogramme mag wel deur lede gekopieer word.

Die Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie het in 1998, die jaar van Wetenskap en Tegnologie, ‘n pragblad uitgegee waarin minister Mtshali in die voorwoord sê dat daar nie ‘n Afrika Renaissance kan wees sonder Wetenskap en Tegnologie nie. (Mtshali, 1997:4). In 1999 is daar ‘n nuwe inbeldiens vir onderwysers, wat aan die Internet gekoppel is, in Suid-Afrika ingestel. Dit is nou moontlik om inligting vinniger te bekom.<sup>8</sup>

---

<sup>7</sup> Video’s wat nie beskikbaar is vir spesifieke tye op die jaarplan nie sal onderwysers laat besluit om eerder sonder media te werk as om die jaarplan te verander. Dit is nog meer frustrerend wanneer bespreekte media nie betyds of glad nie opdaag nie.

<sup>8</sup> ‘Educational Tutor Services’: Tel (011) 886-9631 of (021) 418-1825 (O’Connor, 1999:6).

## EVALUERING VAN BESTAANDE KUNSVIDEO'S

Die evaluering van die bestaande kunsvideo's (van SOTAO)<sup>9</sup> sal wissel na gelang van dit waarvoor die onderwyser dit wil gebruik.

- Die video KT VKE C 0002 *Seun skep/Boy creates* 1971 (12 min), wys slegs hoe 'n swart seun uit afvalmateriaal konstruksies saamstel. Hierdie video mag kreatiewe denke by kinders aanwakker. Hulle mag met 'n ander gesindheid na rommel kyk. In 'n les oor 'maskers', kan 'n gedeelte van hierdie video baie beteken aangesien die gedeelte oor masker maak die mees bruikbare vir 'n kunsles in 'n skoolsituasie is.<sup>10</sup>
- Die video *Waskryt/Crayon* 1964 (15min), is verbasend relevant vir 'n verskeidenheid van maniere waarop waskryt gebruik kan word. Dit kan in skole, waar waskryt soms die enigste kleurmedium is wat deur die departement voorsien word, 'n waardevolle bydrae lewer tot die aanbieding van kunslesse. Hierdie video bevestig die tydloosheid wat eie aan baie kunsvaardighede is. Slegs die gebruike en tegnieke word vertoon en nie die persone self wat dit demonstreer nie.
- Die reeks van Robert Hugh *Shock of the new* 1979, kan in kunsgeeskiedenis 'n werklikheid, lewendigheid en begrip inbring wat andersins moeilik net met woorde en boekvoorbeelde bereik sou kon word. Die reeks bevat agt afdelings van een uur elk en dek 'n wye veld.
- *Art: What is it? Why is it?* 1963 (29 min), deur John Canady,<sup>11</sup> toon aan hoedat kuns en argitektuur die visuele geskiedenis van die mens se gedagtes, ideale en geloof is. Wat is die diepste dryfvere van kunsuitinge? Wat is die rede of oorsaak van 'n kunswerk? Waarom word 'n kunswerk vervaardig? Sommige van die antwoorde word gegee in dié video.

Uit die aard van die saak is die meer resente video's beter in samestelling en fotografie. Die ouer video's het egter beslis 'n plek in die klaskamer uit historiese oogpunt en uit die feit dat

---

<sup>9</sup> Sien Bylaag 3 van die onderhawige studie, die nuutste katalogus van SOTAO waarvan bestel kan word.

<sup>10</sup> Kurrikulum 2005 of OBE onderwys kan so 'n video nuttig gebruik in verskeie afdelings soos byvoorbeeld taal en wetenskap.

<sup>11</sup> Kunskritikus van *New York Times*

daar tog iets universeel en tydloos aan kuns is. Onder aan elke video of CD ROM- pakket wat bestel kan word is 'n kort opsomming van die inhoud. Die verskillende skool-vlakke waarvoor dit geskik is word soos volg aangedui: JPF - Junior Primêre Fase (Gr1-3), SP - Senior Primêre Fase (Gr 4-6), JSF - Junior Sekondêre Fase (Gr7-9), SSF - Senior Sekondêre Fase (Gr10-12). Die tydsduur van elke video word ook aangegee en die jaartal waarin dit vervaardig is. Een rede waarom kunsonderwysers nie van video's gebruik maak in hulle lesse nie is die baie tyd wat dit neem om vooraf die video te besigtig, te evalueer, die dele wat gebruik kan word in die les uit te soek, op die tellertjie te lees hoeveel minute en sekondes die betrokke deel duur en te reël dat die videomasjien en monitor presies gereed en reg is vir gebruik. As die voorbereiding egter een maal gedoen is, die videomonitor permanent in gereedheid in die kunsklas staan en die videoband die onderwyser se eie besit is, is dit makliker.

## **DIE SKRYF VAN 'N DRAAIBOEK**

In 'n vergelykende studie oor die gebruik, voordele en voorkeure van elektroniese media beweer Renate Lippert (1993:182) dat daar nog nie werklike diepgaande geldige navorsing gedoen is oor die voordele en voorkeure van video- en TV-lesse in die skoolsisteem nie. Sy sê dat die draaiboekskrywers meestal nie voldoende opleiding het nie en dikwels lukraak opnames laat maak. Die navorser kan hierdie stelling bevestig. Sy het die gebrek aan kennis in vakke waarvoor sy en mede kollegas geen aanleg of opleiding gehad het nie, frustrerend gevind. Op 'n plaasskool, in 'n afgeleë gebied, sonder voldoende kommunikasie met groter sentra, het sy die moontlikhede van opleiding deur middel van video besef. Oningeligtheid ten opsigte van die problematiek rondom die skryf van 'n draaiboek, die vervaardiging van videos en die koste daarvan, het die besef gebring dat die moontlikhede en mag van tegnologie geïdealiseer word. Die koste van toerusting, opleiding, installering, en instandhouding word nie in berekening gebring nie. Daar is ook nie koördinering ten opsigte van die pakkette wat beskikbaar is nie. As gevolg daarvan oorvleuel die lesse in sommige lande baie en is die inhoud ook nie altyd getoets nie. As die bewerings van toepassing gemaak word op dit wat

in Suid-Afrika beskikbaar, is sal ons dalk tot dieselfde gevolgtrekking kom. Van Rooy en Penning (1993:142) staaf hierdie stelling in 'n artikel oor die opleidingsbehoefte van opleiers in die nie-formele onderwyssektor. Sistematiese besinning oor opleiding in die nie-formele onderwyssektor is 'n kontemporêre tema wat tans al hoe meer vanuit opvoedkundige en bedryfsekonomiese perspektiewe na vore kom. Die opleier staan sentraal in die opleidingsgebeure en dit is vanselfsprekend dat die opleiding en vaardighede van die opleier ook deel sal vorm van die indringende besinning oor opleiding. Daar bestaan 'n dringende behoefte aan 'n bevoegdheidsgerigte opleidingsmodel vir opleiers in Suid-Afrika. By die skryf van 'n draaiboek vir 'n video wat deur 'n opleier gebruik gaan word, sal daar indringend gekyk moet word na die inhoud. 'n Kenner op die betrokke vakgebied moet geraadpleeg word. Hierdie kenner moet toegang hê tot inligting en persone wat die nuutste ontwikkeling, metodes en taal van die dag ken. Die persone wat hom/haar help moet belangstel in elektroniese media sodat die draaiboek wat geskryf word werklik gekontroleer kan word. Inligting wat in die video of rekenaarpakket vervat word moet optimaal gebruik kan word. Die inligting (soos wiskunde, 'n taal of kunsbeginsels) moet tot 'n groot mate tydloos wees. Om 'n disket (sagteware) te verander of te vervang kos baie geld. Dit is byna net so duur as om 'n nuwe disket te maak (Lippert, 1993:185). Die probleem met so 'n video is dat die modes van byvoorbeeld kleredrag en brilrame, vinnig verander. 'n Video waarin slegs die stem, beelde en musiek opgeneem word se leeftyd sal baie langer wees. Oorklanking in ander tale geskied so ook makliker. Daar moet dus gestreef word na 'n tydlose beeld en boodskap<sup>12</sup>. 'n Program moet styl, pas, ritme en 'n gevarieerde verskeidenheid van 'skoot-tipes' hê. Om belangstelling te stimuleer moet die programvervaardiger tonele skep wat die regte graad van realisme het, byvoorbeeld om die onderwerp suksesvol te ondersteun en toe te pas, en 'n bietjie drama om die positiewe emosionele betrokkenheid te kry. Sinvolle informasie is slegs sinvol tot die mate waarin die leerders die informasie kan assimileer. Die inhoudnavorsing en aanbieding kan baie tydrowend wees en is 'n uitdagende en kreatiewe taak om die informasie op die beste manier op die video op te neem. Deeglike beplanning en voorafstudie is dus nodig. Die integrasie van die opleidingsaspek en die gebruik van leerlinge om die toepassing te illustreer kan as 'n swak skakel geïdentifiseer word.

---

<sup>12</sup>Die koste om 'n bestaande opname op te gradeer loon nie die moeite nie. (Lippert, 1993:184)

Die produksie van sagteware neem baie tyd. Dit wissel van 30 tot 500 ure se inset vir een uur se gebruik (Lippert, 1993:178). In 1999 kos dit R350.00 per minuut vir enige instansie, maatskappy of skool om by die Kollege vir Onderwysersopleiding 'n program te maak wat 15 minute lank is. Dit sluit die redigering en kamerawerk in.<sup>13</sup> Dit is nie meer vir hulle moontlik om deur die Departement van Onderwys hulle bestaan te regverdig nie. Die volwasse leerders wat indiensopleiding ontvang, het in 99 persent van die gevalle nie 'n videomasjien of 'n rekenaar om 'n kasset/CD ROM te speel nie. In 'n persoonlike gesprek met Mev Louise Taute (Julie 1999) het dit geblyk dat hulle hulself beskikbaar stel om advertensies vir maatskappye te maak.<sup>14</sup> Die kollege moes ook vir twee jaar nie nuwe studente inneem nie en die kompetisie met die Tegniese Kolleges en Universiteite wat almal toegetree het tot afstandsonderrig het hul studentegetalle skerp laat daal.

As die koste, tyd, afstand en organisasie in ag geneem word om byvoorbeeld 'n video te vervaardig waarvan die inhoud se relevansie nie eers 'n vier jaar leeftyd het nie, kan dit vir 'n maatskappy of skool baie makliker wees om met 'n gewone videokamera 'n opname van 'n goed voorbereide les te maak en die video tot die beskikking van die onderwyser of leerder te stel. Daar word gewaarsku teen 'n pratende kop of dat die persoon wat die les gee rooi klere dra omdat rooi 'n steurende bewing op die oog veroorsaak. As slegs die inhoud of kennis uit byvoorbeeld 'n videoles benodig word, sal die persoon wat werklik belangstel slegs in die herhaling van daardie inhoud belangstel. Opnames van 'n kerkdienst of 'n kinderpartytjie vir 'n oorsese ouma is voorbeelde van so 'n tydelike lae-koste video.

Menslike hulpbronne om tegnologie gebaseerde leer te ontwikkel en te implementeer is skaars in Suid-Afrika. Kennis en vaardigheid in 'n verskeidenheid areas is nodig insluitend klaskamerbestuur, projekbestuur, instrukturele ontwerp, onderwerp kennis, kursusontwikkeling en oudiovisuele produksie (Lippert, 1993:180). Tegnologie gebaseerde leer word die beste benut wanneer die stabiele informasie soos feite en prosedures op video en rekenaar geberg is. Om 'n kursus deur middel van tegnologie ekonomies aan te bied moet daar ten minste 150 tot 200 leerders wees. Die getal leerders moet uitgewerk word volgens die hele lewensduur van die sagteware en nie net vir die aanvang van die kursus nie. Lippert

---

<sup>13</sup> By die SAUK kos dit R4 000 per minuut (TV-reklame om lisensies te betaal, Sept 1997).

<sup>14</sup> 'n Persoon wat 'n wasmasjien koop kry deesdae 'n video daarmee saam om te sien hoe dit werk. 'n Vrou wat lapverf wil doen, koop 'n video vir R70.00 om haar met die tegniek behulpsaam te wees.



(1993:182) haal Knowles aan wat sê dat volwasse leerders die beste vaar in omstandighede waar hulle self kontrole en 'n gevoel van deelname het in die leerproses. Die hardeware, sagteware én menseware moet deeglik in berekening gebring word. Vir die meeste volwasse leerders is dit vervelig om algeheel van die rekenaarinstruksies afhanklik te wees. Die leerstof moet afgewissel word deur werksopdragte.

Amit Schitai (1989:48) is van mening dat die skep van 'n videokasset vir interaktiewe video versigtige en akkurate beplanning verg. Die gebruik van so 'n les in die klaskamer moet ook verskillende planfasies volg. Hy beskryf 'n gevallestudie en die gevolglike vervaardigingsproses van 'n IV-les (interaktiewe videoles) wat vir die aanleer van 'n vreemde taal gebruik kan word. Interaktiewe video het die voordeel dat rekenaar-respons met die leerder beheer kan teweegbring. Dit het tot dusver 'n baie stadige groei in Suid-Afrika getoon, miskien omdat dit so duur is en die beperkte kykertaal die gebruik nie opstoot nie. Papiergebaseerde ondersteuning bied die mees normale vorm van studente-respons waar video gebruik word. Opleidingsvideo's kan geslote of oop wees in die take wat aangemoedig word. 'Geslote' video's is geskik waar die doel feitelik is, soos waar 'n leerder 'n spesifieke gedeelte feitelike inligting in 'n kort periode moet baasraak. 'Oop' video's is toepaslik waar die opleiding verskillende situasies moet oordra. Hierdie tipe video's moedig die student aan om te deel en te luister na mekaar en take te doen.

Om 'n kunsopleidingsvideo te maak sal van dieselfde basiese beplanning, soos uit die bogenoemde gevallestudie, gebruik gemaak moet word. Al die reëls en beplanning wat vir 'n gewone les geld word hierin ook gebruik. Die doelwitte, die mediakeuse, die lesbeplanningsvel moet net soos vir 'n gewone les vooraf deeglik en noukeurig uitgewerk word. Televisie is ongelukkig vir die oorgrote meerderheid mense 'n ontspanningsmedium en kinders leer makliker as die inhoud baie interessant, spelenderwys of in storienvorm aangebied word. Daar sal gevolglik met heelwat omsigtigheid en kreatiwiteit navorsing gedoen moet word voordat draaiboeke vir opleiding aanvaar word. Die mate van interaktiwiteit, individualisering van instruksie en die mate van leerderkontrole is aspekte wat in ag geneem moet word by die opstel van 'n video.

Weens die eiesoortige aard van bevoegdheidsgerigte opleiding in kuns word besondere eise aan die skrywer van so 'n draaiboek gestel. Die skrywer moet oor 'n deeglike kennis van sy vakgebied

beskik maar moet ook oor die opleidingskundigheid vir die effektiewe implementering van bevoegdheidsgerigte opleiding beskik. Die vermoë om goed oor te kom op televisie, die kleure wat gebruik moet word, die handeling in klein afgeslote gedeeltes wat moet invloei in die groter geheel, lê dikwels op 'n vlak ver bo die ervaring of vermoë van die gewone onderwyser. Die tegniese inhoud onderliggend aan die vervaardiging van 'n video is vir die kunsonderwyser wat die draaiboek skryf dikwels onverstaanbaar. Die filosofiese nadenkende aard van die kunsonderwyser is in kontras met die inhoud van die praktiese meganiese aspekte van die opnemer. Die tradisionele onderwyser beskik nie oor die kennis wat nodig is om 'n videoprogram te maak nie. Indien daar persone beskikbaar is om die kreatiewe gedagtes van die kunsonderwyser te orden en in 'n praktiese, sinvolle, konstruktiewe patroon te giet vir opnames, kan baie onnodige en duur foute vermy word. 'n Persoon wie se regterbrein en linkerein geïntegreerd is, sal die beste draaiboekskrywer uitmaak! Persone wat 'n balans tussen kreatiwiteit en gestruktureerde denke het, is skaars.

In die lesse vir die draaiboek<sup>15</sup> het die navorser gekonsentreer op 'n paar kunsbegrippe of kunsbeginsels soos lyn, vorm, kleur, tekstuur en ruimte. Die sogenaamde kunselemente word verduidelik in 'n poging om die oningewyde 'n elementêre kunswoordeskat te gee. Die noodsaaklikste apparaat wat nodig is vir 'n kunsles en die klaskamervoorbereiding word ook behandel om 'n onderwyseres wat nog nooit kunsopleiding gehad het nie, te help. Elke les moet net soos 'n gewone les, goed deurdag en stap vir stap, byna woord vir woord, neergeskryf word. Deurentyd moet in gedagte gehou word dat gedeeltes van die les gefotografeer sal word. Om die effek van 'n 'pratende kop' te vermy moet insetsels van dit wat beskryf word, gemaak word. Die draaiboekskrywer moet dus praktiese voorbeelde uitdink en volledig beskryf sodat dit in die les invloei. Nuwe begrippe en kennis moet in klein hoeveelhede op 'n slag aangebied word. Dit wat ingeoefen en herhaal moet word moet versigtig geselekteer word en die opdragte moet duidelik en prakties aangedui word. Om 'n oningewyde onderwyser vertrouwd te maak met kunstaal en begrippe en 'n lesopdrag in te bring is twee byna onversoembare take. Die ideaal sou wees om kort inleidende voorbeelde te vertoon en dan 'n direkte opdrag te gee. Hierdie opdrag moet uit een van die voorbeelde gekies word en daardie spesifieke gedeeltes wat oor die opdrag handel moet weer

---

<sup>15</sup> Sien ingeslote bladsye van die Draaiboek vir die kunsopleidingsvideo *Wat is Kuns?* deur navorser

vertoon word of ander voorbeelde daarvan, sodat dit wat verwag word baie duidelik is. Dit laat die kind uitsien na die praktiese werk en hy ondervind nie vrees of huiwering nie.

Die video *Wat is Kuns?*<sup>16</sup> is reeds in 1992 gemaak, voordat die nuwe Kurrikulum 2005 geïmplementeer is. In uitkomsgebaseerde onderwys sou die draaiboekskrywer 'n geïntegreerde benadering volg. Die videomateriaal moet so saamgestel wees dat dit vir meer as een leerervaring en in verskillende leerareas gebruik kan word - taal/ wiskunde/ lewensvaardighede/ groepwerk moet in die opdragte ingebou word.

## ASPEKTE VAN KURRIKULUMONTWIKKELING EN AANBIEDING VAN LESINHOUD VIR DIE OPSTEL VAN 'N LESPLAN

Landman (1991:7) noem die voordele van 'n wetenskaplik verantwoordbare kurrikulumontwikkeling:

- Leerinhoud word uit kultuurinhoud geneem.
- Deur kurrikulumgrondslae in ag te neem word verhoed dat 'n eensydige kurrikulum opgestel word. Nie slegs vakspesifieke eise nie maar ook opvoedkundige doelstellings moet in ag geneem word.
- Die bepaalde persoonsmoontlikhede van die kind en hoe hy leer word in ag geneem. Die seleksie van leerstof word volgens die vermoë van die leerder gedoen. Hierdeur word differensiasie van leerstof moontlik.

Die didaktiese grondstrukture wat in die aanbieding van 'n kunsles voorkom, word soos volg saamgevat deur Landman (1991:359):

- gesprek
- spel
- voorbeeld of eksemplaar

---

<sup>16</sup> Videokasset is ingehandig onder aparte omslag.

- herhaling wat deur inoefening bereik word om vaardigheidsverbetering, verfyning van insig en perseptuele inskerping tot gevolg te kan hê
- opdragte wat innoverend en skeppend moet wees, met die doel om kreatiewe en ekspressiewe werk te lewer.

Belangrike aspekte van leer met betrekking tot 'Leer en onthou op skool' word bespreek in die boek *Klaskamerpraktyk* (Louw, 1992:55). Die leerling het die nuwe leerinhoud waarnemend, denkend, voorstellend/fantaserend en memoriserend leer ken en by sy bestaande kennis gevoeg. Leerinhoud word in die langtermyngeheue bewaar al word daar nie met hierdie leerinhoud gewerk nie. In die korttermyngeheue gaan dit verlore of raak vergete as daar nie daarmee gewerk word nie. As daar sin en betekenis aan die leerinhoud gegee word, word dit beter onthou. Leerstof wat verstaanbaar is word beter onthou. 'n Leerder se gevoelens en gemoedstoestand het 'n kragtige invloed op sy leer- en onthou-vermoë (Louw, 1992:55). Leer vind stapsgewys plaas. Niks is geleer as dit nie onthou word nie. Leer vind makliker plaas wanneer die inhoud in kleiner hoeveelhede aangebied word - 'stap vir stap'. Die korttermyngeheue word dan nie oorlaai nie. Die korttermyngeheue is die werkgeheue waar die volgende kognitiewe leerwyses vergestalt word: waarneem, dink, voorstel en fantaseer, memoriseer (verstaan, ken, insig, kognitiewe geordendheid). Inhoud gaan dus om twee redes uit die korttermyngeheue verlore, naamlik indien inhoud ongeorganiseerd en in té groot hoeveelhede aangebied word. Gewaarword en aandaggee is twee gevoelsmatige leerwyses en skakel ten nouste met die gevoelsmatige beleving van die leerder. Dié leerwyses word begeleidend genoem omdat hulle die kognitiewe leerwyses altyd begelei en vergesel. Gewaarword is die eerste gevoel wat die leerder oor die leerinhoud voël, byvoorbeeld: ek vind hierdie situasie aangenaam, interessant en maklik óf onuithoudbaar. Deur aandag te gee, kies die leerder uit die veelheid van sensoriese inligting. Die korttermyngeheue en die langtermyngeheue kan onderskei word maar nooit geskei word nie.<sup>17</sup> Die leerwyses waardeur die leerder die leerstof ervaar, leer ken, verwerk en in die

---

<sup>17</sup> Dit is twee fases of sisteme in die verwerkingsverloop van leerinhoud. Elke keer wat leerinhoud uit die sensoriese geheue die korttermyngeheue bereik, word leerinhoud ook uit die langtermyngeheue na korttermyngeheue herroep om aan die nuwe inkomende leerinhoud sin en betekenis te gee.

korttermyngeheue stoor, is die kognitiewe leerwyses (soos hierbo genoem). Sien en kyk gaan oor in waarneem - 'n neem van dit wat waar is ten opsigte van die leerinhoud! Die noodsaaklike moet uitgelig word om leer te bevorder naamlik betrokkenheid van die leerder by die inhoud. Goeie visuele voorstelling dra by tot verhoogde motivering wat lei tot versterking van leer (Kachelhoffer, 1994:65). Grafika moet aanpas by die teikengroep en moet te alle tye funksioneel in die aanwending wees. Hoewel die omvang van hierdie inligting groot is kan slegs 'n klein gedeelte hiervan na die korttermyngeheue of verwerkingsgeheue oorgeplaas word (Sonnekus, 1986:27). Dikwels is die inhoud op 'n video so baie en gevarieerd dat dit die leerder verwar. Sterk klem moet dus gelê word op die 'klein gedeelte' wat in die verwerkingsgeheue oorgeplaas moet word.

**Reduksie van inhoud** is vir die videolesse gedoen deur:

- **Inventarisering** van bronne wat vir 'n spesifieke les byvoorbeeld 'lyn' van pas sal wees.
- **Analise en seleksie** is gedoen uit die inhoud om te besluit wat werklik nodig is vir die les.
- **Strukturele voorstelling.** Die video is tydens die eksposisiefase geïntegreer om die nuwe inhoud helder en kleurryk aan te bied.
- Vier **didaktiese grondvorme** is in elke les geïntegreer naamlik gesprek, voorbeeld, spel en opdrag. Dit is verder opgedeel soos deur Kachelhoffer (1994:88) uiteengesit is:

<b>Gesprek</b>	<b>Voorbeeld</b>	<b>Spel</b>	<b>Opdrag</b>
Bespreking	Demonstrasie	Dramatisering	Geprogrammeerde onderwys
Klasgesprek	Drie-dimensionele modelle	Rolspel Projekte	Take/opdragkaarte
Vraag & antwoord	Kompetisie	Koöperatiewe spel	

- 'n Vyfde didaktiese grondvorm soos geponeer deur Landman (1991:359) naamlik **herhaling**, is ook ingesluit.

## 'N OPLEIDINGSLES IN KUNS MET VIDEO AS HULPMIDDEL

n Les oor Lyn is gekies om aan die fokusgroepe te wys.<sup>18</sup> Die **lesdoel** was om die leerders tot die besef te bring dat lyn méér is as net 'n potloodstreep. Die voorbeelde van die lyne in die video sal hulle motiveer om lyne in voorwerpe en in die natuur raak te sien. Die opdrag sal hulle plesier en skeppingsvreugde laat ervaar. Die einddoel is om hulle kreatief en innoverend te laat dink. Die **aktualisering van voorkennis** is voorafgegaan deur gesprekvoering onderwyl die leerders deur die stokke, drade, toue en ander voorwerpe loop wat op pad na die leslokaal gerangskik is. Op die belangstellingstafel is takke, bene, skulpe en prente wat lyn bevat neergesit. Leerders mag daaraan raak en iets kies om te bestudeer. Die **probleemstellingsfase** is deur oop vrae in wedersydse gesprek gekenmerk, sodat die leerders kan besef dat daar 'n tekort in hul kennis is en gemotiveer kan word om meer te wil leer.

- **Reduksie van inhoud:** Wanneer 'n les met behulp van elektroniese media beplan word, is dit wenslik om die videomateriaal as 'n geïntegreerde deel van die les te gebruik. Die video is dus nie as geheel of alleen gebruik nie. Dit is gereduseer tot dit wat vir een les nodig was. By sommige fokusgroepe is twee video's gebruik naamlik *Wat is Kuns* (Kollege vir Onderwyser Opleiding, OKSA 1991) en *Lyn* (SOTAO) en waar die tyd beperk was, slegs eersgenoemde. Relevante inhoud en inligting is uit die bronne wat vir die les geraadpleeg is, versamel. Deur **analise en seleksie** is besluit wat essensieel vir die betrokke les oor lyn gaan wees. Die video-inhoud is tydens die eksposisiefase geïntegreer sodat die nuwe inhoud telkens visueel aangebied is in die **strukturele voorstelling**.
- Formulering van leerdoelwitte is in die volgende drie domeine uitgevoer: kognitief (intellek), psigomotories (bewegingsvaardighede), affektief (gevoelsmatig).
- 'n Keuse van didaktiese grondvorme is uit vyf didaktiese grondvorme gemaak naamlik: **gesprek, voorbeeld, spel, opdrag en herhaling**<sup>19</sup>.

---

<sup>18</sup> Die les oor lyn is die volledigste as demonstrasieles uitgewerk en daarom is die betrokke les gekies as die integrerende video vir die les wat in die navorsing gebruik is.

<sup>19</sup> Herhaling as didaktiese grondvorm volgens Landman (1991:359).

**UITGEWERKTE LESPLAN VIR DIE LES IN LYN:**

- **TRADISIONELE VOORBEELD VAN 'N LESPLAN**

*(In konteks van ou-bedeling- onderwys) - Sien tabel 1*

- **VOORBEELD VAN 'N 'LEERERVARING'<sup>20</sup>**

*(In konteks van uitkomsgebaseerde onderrig) - Sien tabel 2 en verwys na tabel 3*

\*\*\*

In Hoofstuk Ses word die verslag van die praktiese navorsing voortgesit deur die opleidingsles soos in Hoofstuk Vyf bespreek toe te pas op verskillende fokusgroepe en die reaksie en resultate te analiseer en te evalueer volgens vergelykende kriteria.

---

<sup>20</sup> 'n Les soos dit in die verlede bekend gestaan het word vervang met die woord 'leerervaring'

**Tabel 1: TRADISIONELE VOORBEELD VAN 'N LESPLAN**  
*(In konteks van ou-bedeling-onderwys)*

LESFASE	LESVERLOOP DOELWITTE	METODES & MEDIA	LEERDER AKTIWITEITE	DIDAKTIESE GRONDVORM	TYD
<b>Inleiding</b>	Aktualisering van voorkennis	Vorms op vloer/ vorms en lyn wat hang in deuropening/krale/bene skulpe	Leerders stap deur paadjie van sirkelvormige lyne op vloer en gaan deur die deuropening wat met 'lyne' behang is.	Spel Gesprek Voorbeeld	7 min
	Probleemstelling	Kyk na lyne in die voorwerp	Elke leerder tel een skulp en/of been op en hou dit by hom/haar.	Gesprek Voorbeeld	
<b>Ontsluitingsmoment</b>	Eksposisie van nuwe inhoud	Videoprogram: <i>Wat is kuns?-</i>	Individueel	Genot / spel Voorbeeld	15 min
	Kontrole van program deur aanbieder van die les		Elke leerder kyk in die groep na die video  Bespreking en beantwoording van vrae	Herhaling  Gesprek Herhaling	
<b>Toepassing</b>	Funksionalisering	Die maak van 'n eie prent met viltpenne, vetkryt en verf op gekleurde karton A4/A5, eie keuse. Gesels, aanmoedig, gesprek. Gesamentlike gesprek oor watter groot projek daarmee gemaak kan word: mat/skildery/kombers/groetekaartjies.	Individuele uitvoering van opdrag  Innoverende denke  Die uitstal van die voltooide stukke deur leerders.	Spel / Opdrag Gesprek	30 min



**Tabel 2<sup>21</sup>: VOORBEELD VAN 'N 'LEERERVARING' (In konteks van uitkomsgebaseerde onderrig<sup>22</sup>)**

<b>LEERPROGRAM</b>	Lewensvaardighede (in Gr 1 - 3) - junior primêre fase Kuns en kultuur (in Gr 4 - Gr 12 )
<b>FASE-ORGANISEERDER</b>	Omgewing/ persoonlike ontwikkeling
<b>PROGRAM-ORGANISEERDER</b>	Kuns en kultuur: Kreatiwiteit - Assesseringskriteria 1 (AK1), Assesseringskriteria 2 (AK2)
<b>SKIPTYD</b>	60 minute les per week
<b>KRITIEKE UITKOMSTE</b>	KK#SU 1 - AK 1: Die toepassing van toepaslike kennis en vaardighede in die proses en produk. KK#SU 1 - AK 2: Betrokkenheid, toewyding, deelname en genot word getoon. KK#SU 2 - AK 1: Sosiale en affektiewe vaardighede soos erkenning en aanvaarding van diversiteit en gemeenskaplikheid. KK#SU 3 - AK 2: Interaktiewe vaardighede soos kommunisering, luister en mededeelsaamheid.
<b>SPESIFIEKE UITKOMSTE</b>	KK#SU 1: Toepassing van kennis, tegnieke en vaardighede ten einde krities en skeppend by die kuns- en kulturele prosesse en produkte betrokke te raak KK#SU 2: Gebruikmaking van die kreatiewe prosesse van kuns en kultuur om sosiale en interaktiewe vaardighede te ontwikkel en toe te pas KK#SU 3: Besinning en kritiese betrokkenheid by die kunservaring en -werke

<sup>21</sup> Verwys ook na tabel 3

<sup>22</sup> Sien Hoofstuk 4 onder die afdeling *Kunsonderrig in Suid-Afrika: huidige situasie*, vir agtergrond en verduideliking van die nuwe multidissiplinêre benadering in uikomsgebaseerde onderrig ten opsigte van kuns

<p><b>VOORAFKENNIS INLEIDING</b></p>	<p>Leerlinge stap deur toue/drade          Leerlinge kyk na artikels op uitstaltafel          Leerlinge vat aan skulpe/klippe/bene/riete          Leerlinge beantwoord vrae deur fasiliteerder:          Waar kry ons voorbeelde van 'lyn' om ons?          Wie het dit vervaardig?          Kan ons onderskei tussen mensgemaakte en natuurlike lyn?</p>
<p><b>VERLENGDE AKTIWITEIT</b></p>	<p>Vertoon video's van lyn. Leerders let op na dit wat vooraf bespreek is</p>
<p><b>ADDISIONELE AKTIWITEITE: (GROEPWERK)</b></p>	<p>Teken lyne: verskillende lengtes en diktes          Teken lyne: met verskillende tekeninstrumente          Maak 'n lys van natuurlike en mensgemaakte lyne          Maak blomme van draad (voorsien draad en tange aan 'n groep)          Lyne in dans: rukkerig en soepel - een groep oefen en voer 'n lyndans op          Lyne in musiek: swaar/lich en kort/lank - een groep maak 'n lied met kort en lang note          Soek in tydskrifte en advertensies na die gebruik van lyn (gee tydskrifte en gom) - uitstalling en opvoering van die opdragte</p>
<p><b>ASSESSERINGS- KRITERIA VIR DIE LEER- ERVARING OOR LYN</b></p>	<p>Was die leerlinge in staat om te kommunikeer oor die tema 'lyn'? (AK 2 van KK#SU 1)          Was die leerlinge in staat om te deel? (AK 1 en 2 van KK#SU 2)          Kon die leerlinge die verskil tussen natuurlike en mensgemaakte lyn onderskei? (AK 1 van KK#SU 3)          Was die leerlinge in staat om 'n kunswerk te skep wat die verworwe kennis sinvol uitdruk? (toepassing van toepaslike kennis en vaardighede in AK 1 van KK#SU 3)          Evalueer (AK 1 van KK#SU 3)</p>

**Tabel 3: SPESIFIEKE UITKOMSTES EN ASSESSERINGSKRITERIA  
Kurrikulum 2005**

<b>KK#SU 1:</b>	<b>Toepassing van kennis, tegnieke en vaardighede ten einde krities en skeppend by die kuns- en kulturele prosesse en produkte betrokke te raak</b>
Ak 1:	Die toepassing van toepaslike kennis en vaardighede in die proses en produk.
Ak 2:	Betrokkenheid, toewyding, deelname en genot word getoon.
<b>KK#SU 2:</b>	<b>Gebruikmaking van die kreatiewe prosesse van kuns en kultuur om sosiale en interaktiewe vaardighede te ontwikkel en toe te pas</b>
Ak 1:	Sosiale en affektiewe vaardighede soos erkenning en aanvaarding van diversiteit en gemeenskaplikheid.
Ak 2:	Interaktiewe vaardighede soos kommunisering, luister en mededeelsaamheid.
Ak 3:	'n Bewuswording van rolle en gedragspatrone.
<b>KK#SU 3:</b>	<b>Besinning en kritiese betrokkenheid by die kunservaring en -werke</b>
Ak 1:	'n Verduideliking van die reaksie (respons) tot eie en ander se werk deur van toepaslike woordeskat gebruik te maak.
<b>KK#SU 4:</b>	<b>Bewyslewing van 'n begrip van die oorsprong, funksies en dinamiese aard van kultuur</b>
Ak 1:	Bewustheid van diverse kultuur.
Ak 2:	'n Begrip van die funksies en oorsprong van kultuur.
Ak 3:	'n Bewustheid van individuele, groep- en kulturele identiteit.
Ak 4:	'n Bewustheid van erfenis, bewaring en preservering.
<b>KK#SU 5:</b>	<b>Ervaar en analiseer die rol van die massamedia in die populêre kultuur en sy inpak op die populêre kultuur en op die veelvoudige vorms van kommunikasie en uitdrukkings in die kunste</b>
Ak 1:	Kennis van verskillende vorms van kommunikasie.
Ak 2:	Die vermoë om verskillende vorms van kommunikasie te identifiseer.
Ak 3:	Die kreatiewe gebruik van veelvoudige vorms van kommunikasie.
<b>KK#SU 6:</b>	<b>Gebruik van kunsvaardighede en kulturele uitdrukkings ten einde 'n ekonomiese bydrae vir uself en die gemeenskap te maak</b>
Ak 1:	Die vermoë om inisiatief te neem en om innoverend te wees.
Ak 2:	'n Bewustheid van loopbaangeleenthede in die kunste en kulturele terreine.
Ak 3:	Toepaslike (relevante) tegniese vaardighede.
<b>KK#SU 7:</b>	<b>Bewyslewing van die vermoë om kreatiewe kuns en kulturele prosesse te benut ten einde 'n selfbeeld te ontwikkel en gesondheid (genesing) te bevorder</b>
Ak 1:	Vertroue en selfstandigheid (onafhanklikheid) in die kunste en kulturele prosesse.
Ak 2:	Groei, genesing en rehabilitasie deur kreatiewe aktiwiteite.
Ak 3:	Waardigheid en selfvertroue.
<b>KK#SU 8:</b>	<b>Erkenning van, en die verstaan en bevordering van historiese gemarginaliseerde kunste en kulturele vorms en gebruike</b>
Ak 1:	Kuns- en kulturele vorms en prosesse en voorwerpe wat nie gewoonlik gesien en ervaar word nie.
Ak 2:	Gedokumenteerde veldstudies rondom verwaarloosde/gemarginaliseerde/ verdwynende kuns- en kulturele vorms.

## DOEL EN ALGEMENE TERUGVOERING VAN VRAELYSTE

Die vraelys (sien opvolgende bladsy) is opgestel met die doel om persone wat in die onderwys-professie is, of daarin belangstel, se gesindheid ten opsigte van die besit en gebruik van elektroniese media te bepaal. Die vraelys is in Afrikaans en Engels<sup>23</sup> opgestel om sodoende 'n groter getal onderwysers en kinders uit die breër gemeenskap te betrek. Die taal van onderrig is hoofsaaklik Engels. Die vraelys is in maklik verstaanbare<sup>24</sup> Engels opgestel sodat kinders en onderwysers wat Engels as tweede taal gebruik, dit sonder hulp kan invul.<sup>25</sup> Die vraelys is in twee afdelings opgestel sodat persone wat die video gesien en aan die les deelgeneem het, slegs die eerste deel kon invul. Onderwysers en persone wat in onderwys belangstel is gevra om die tweede deel ook in te vul. Die vraelys is op 'n A4-formaat met 'n Afdeling A en Afdeling B aan weerskante gedruk om hantering te vergemaklik.<sup>26</sup> Advertisies oor die video is deur die voormalige Onderwyskollege vir Verdere Opleiding na 800 skole gestuur. Inligting word na skole uitgestuur by wyse van pamflette, boekies of stroobiljette. Honderd-nege-en-twintig kopieë van die kunsopleidingsvideo *Wat is Kuns* is deur skole gekoop in die jare 1993-1996.<sup>27 28</sup>

### Voorbeeld van vraelys (Afdeling A en B onderskeidelik)<sup>29</sup>

<sup>23</sup> Sien Bylaag 6 vir Engelse kopie

<sup>24</sup> Selfs die keuse van woorde moet so wees dat mense dit maklik sal kan verstaan (Greene, 1988:65).

<sup>25</sup> Daar was steeds baie probleme ondervind deur die navorser by swart plaasskole op die platteland waar die onderwysers nie Engels of die vraagstellings kon verstaan nie en sodoende nie die vraelys sonder moeitevolle hulp kon voltooi nie. Dit word meer breedvoerig genoem onder die betrokke fokusgroep-analises in Hoofstuk 7.

<sup>26</sup> Die interpretasie en analises sal afsonderlik vir elke fokusgroep gedoen word en nie oorkoepelend nie. Die interpretasie vir die skoolkinders en onderwysers sal wel ook oorkoepelend gedoen word om 'n globale indruk van die skoolkind en onderwysers as geheel te kry ten opsigte van televisiekyk-tye en die belangstelling in tegnologie.

<sup>27</sup> Op navraag vir vergelyking van soortgelyke terugvoer, is verneem dat die leesprogram 'Wordwise' wat deur 'n uitgewersfirma bemark word, se terugvoer op navrae ook baie gering was.

<sup>28</sup> RGN-opnames in 1996 bevestig die gebrek aan infrastruktuur by die meerderheid skole in Suid-Afrika (Mona, 1997:3).

<sup>29</sup> Soos uitgedeel is aan al die fokusgroepe. Die uitkomst van die antwoorde is in tabelle verwerk en by elke fokusgroep onderskeidelik in die opvolgende hoofstuk (Hoofstuk 6) ingevoeg. 'n Algemene verslag en gevolgtrekking is gemaak.

## AFDELING A

### REKENAAR EN VIDEO-GESTEUNDE OPLEIDING -

#### VRAELYS : \*KUNS\*

(U hoef nie u naam en adres te verstrek as u nie wil nie. Dit kan egter help indien ons later inligting aan u sou wou deurstuur)

#### NAAM EN ADRES

.....  
.....  
.....

#### ID NR. OF OUDERDOM .....

#### BEROEP .....

#### HOOGSTE KWALIFIKASIE .....

#### HUISTAAL .....

- 1 Het u enige opleiding in kuns? .....
- 2 Besit u elektroniese media? .....
- 3 Toon aan wat u wel besit:  
TV .....Rekenaar ..... Videomasjien .....  
CD ROM ..... Ander .....
- 4 Kyk u TV? .....  
- Hoeveel uur per dag?.....  
- Watter tye meestal?.....
- 5 Het u al ooit voorheen enige opleiding in kuns deur elektroniese media ontvang?  
.....
- 6 Het u die video *Wat is Kuns* gesien?.....  
- Indien ja, sou u sê dat u 'n beter begrip van die algemene kunsbeginsels gekry het ?  
.....  
- Tot watter mate? *Swak/ gemiddeld/ goed/ uitstekend* (merk die toepaslike)
- 7 Stel u belang in elektroniese media? .....

*Blaai om*

## AFDELING B

(INDIEN U IN DIE ONDERWYSPROFESSIE IS, OF DAARIN BELANGSTEL,  
BEANTWOORD ASB. DIE VOLGENDE VERDERE VRAE):

- 1 Dink u dat die spreuk: 'Terug na die basiese' ('Back to the Basics') nl. lees, skryf en reken, die belangrikste mikpunt in die onderwys moet wees? .....
- 2 Kan die mikpunt sonder elektroniese media bereik word? .....
- 3 Is u skool of klas ingerig om 'n TV, video of rekenaar sonder moeite te gebruik? .....
- 4 Watter struikelblokke ervaar u in die gebruik van elektroniese media? (Toon aan watter van toepassing is en noem ook u eie ondervindings t.o.v. probleme daarmee): .....
  - Geen elektrisiteit nie .....
  - Ek/die skool besit nie elektroniese apparaat nie.....
  - Ek weet nie hoe om dit te gebruik nie .....
  - Ek kan dit nie regmaak as dit breek nie .....
  - Dis 'n ingewikkelde en omslagtige proses om dit in my klas te kry .....
  - Ek moet baie moeite doen en reël om my leerlinge in die mediasentrum te kry .....
  - Te min programmatuur om dit te regverdig .....
  - Te veel leerlinge in die klas .....
  - Ek sien nie kans om verantwoordelikheid te aanvaar vir sulke duur apparaat nie as gevolg van: *onveiligheid/ geen diefwering/ diefstal/ onhandigheid van leerlinge/ vandalisme* (onderstreep wat van toepassing is).....
- 5 Toon aan watter van die volgende u graag in u klaskamer sou wou hê:  
 TV : ..... *Ja / Nee*  
 Video: ..... *Ja / Nee*  
 Rekenaar : .. *Ja / Nee*
- 6 Sou u sê dat 'n onderwyser wat in elektroniese media belangstel sy eie apparaat moet aanskaf en oppas? ..... *Ja / Nee*
- 7 Dink u dat elektroniese apparaat eerder in privaatskole tuishoort? *Ja/Nee.*
- 8 Dink u dat elektroniese apparaat van groter waarde in remediërende as in gewone onderrig is? .....
- 9 Dink u dat elektroniese apparaat van groter waarde in verrykende as in gewone onderrig is? .....
- 10 Het kuns as vak nog plek in die onderwysstelsel? .....
- 11 Bied u kuns aan? .....
- 12 Is daar kunsapparaat (verf, papier) in u skool beskikbaar? .....
- 13 Dink u die aanbieding van kuns:
  - is te duur .....
  - die leerlingtal te groot .....
  - die lokale nie geskik vir kunsaanbieding nie .....
- 14 Het u enige kreatiewe voorstelle om kunsaanbieding prakties moontlik te maak?  
 .....  
 .....  
 .....  
 .....

## HOOFSUK 6 \*

# Toepassing van opleidingsles

*\*(Praktiese navorsing)*



**“We start where we are”**

*(Helen Smuts, 1998:3)*

## INLEIDING

Sewe fokusgroepe word beskryf in terme van *agtergrond* naamlik hul omstandighede en huidige lewensstandaard en -geleenthede. Die video-geïntegreerde kunsopleidingsles (sien Hoofstuk 5) met die video *Wat is kuns*<sup>1</sup> is vir al die groepe gewys, en as herhaling, die video *Lyn* van SOTAO vir sommige van die groepe (kinders sowel as volwasse leerders) en die *reaksie en resultate* (vraelyste en kunsprodukte) van die verskeie groepe is gemonitor.<sup>2</sup> Hul vermoëns word geëvalueer in terme van vaardighede, begrip, wilskrag, motivering en belangstelling in die nuwe kennis en idees wat aangebied word asook die toepassing daarvan in kunsprodukte. Daar word gelet op vermydingstrategieë en die *uitkomst* in terme van die bydrae tot die gemeenskap is opgevolg. Elke fokusgroep (1 tot 7 soos hierna genoem) word individueel bespreek in Tabel 4:

**Tabel 4: GESELEKTEERDE FOKUSGROEPE**

• Fokusgroep 1:	VROUE-ARBEIDERS: Rissie-oesters op die plaas Schoongesicht
• Fokusgroep 2:	SA VROUE FEDERASIE (SAVF) & Vroue Landbou-unie
• Fokusgroep 3:	SENIOR BURGERS: Tehuis, Swartruggens
• Fokusgroep 4:	HOËRSKOLE: a) Hoërskool Rustenburg b) Hoërskool Grenswag, Rustenburg c) Reebone High School, Swartruggens
• Fokusgroep 5:	LAERSKOLE: a) Swartruggens Primary (Indiërskool) b) Indiërdogters, vakansielesse in kuns c) Swartruggens Gekombineerde skool (koshuis) d) Radikwega-plaasskool, Schoongesicht e) Boshok Laerskool & KLEUTERSKOLE: Tinini Mini, Swartruggens Kleuterskool, Baptiste kerk ELC
• Fokusgroep 6:	ONDERWYSERS
• Fokusgroep 7:	BELANGSTELLEDE PERSONE

Die vraelystoedeling per fokusgroep word in Tabel 5 uiteengesit:

<sup>1</sup>Die basiese inligting met betrekking tot 'lyn' op die video *Wat is kuns* is aan die groepe vertoon.

<sup>2</sup>Die vooraf motivering wissel soos byvoorbeeld meer sukses is moontlik as die volwasse leerders as 'volwassenes' onderrig word en deel gemaak word van die leerproses. Die kinders se les het meer spel-aktiwiteite in die inleidende gedeelte bevat. Die aktualisering van voorkennis van die lesse sal dus verskillend wees vir verskillende groepe (Lippert, 1993: 182).



**Tabel 5: Die totale aantal vraelyste uitgegee en beantwoord per fokusgroep**

<b>FOKUSGROEPE</b>	<b>Getal vraelyste uitgedeel</b>	<b>Getal vraelyste ontvang</b>	<b>% beantwoord</b>
<b>1 Vroue-arbeiders: rissie-oesters</b>	13	13	100
<b>2 SA Vroue Federasie (SAVF)</b>	12	12	100
<b>3 Senior burgers</b>	0	0	0
<b>4 Hoërskoolkinders</b>	120	55	46
<b>5 Onderwysers: kleuterskole</b>	3	3	100
<b>6 Onderwysers: Swart plaasskoolonderwysers</b>	6	6	100
<b>Onderwysers: Swart hoofde &amp; OBE-kursusgangers</b>	100	48	48
<b>Onderwysers: Blank</b>	100	68	68
<b>7 Belangstellende persone</b>	50	38	76

**• Fokusgroep 1: VROUE-ARBEIDERS: Rissie-oesters op die plaas Schoongesicht**

*Aantal leeders: 13*

*Ouderdomme: 16-55 jaar*

*Rassegroep/e: Tswana-vroue*

*Doel:* Met hierdie fokusgroep navorsing word gepoog om vas te stel of 'n ongeletterde arbeider sy/haar lewensgehalte kan verhoog deur video-opleiding. Lees en skryf is nie daarvoor nodig nie.

*Agtergrond:* Op die plaas Schoongesicht word die afgelope 15 jaar rissies geplant. Die area is bekend vir sy lang, warm, droë somermaande. Die Lindleypoort Staatswaterskema voorsien water aan die 20 km lange skema. Daar is heelwat werk op die plaas tydens die rissie-plant- en oestyd. Eers word die rissiebeddinkies skoon getrek van onkruid. Nadat die rissieplantjies geplant is en groei, skoffel die arbeiders dit skoon. Van April tot Augustusmaand pluk hulle die ryp en droë

rissies met die hand af. Hierdie sowat 20 vroulike werkers - oumas, tannies, ma's, dogters en hul kinders - is deel van die inwonertal op die plaas. Die meeste ouer mense kan nie lees of skryf nie en kan as ongeletterd beskou word. Die arbeiderstal op die plaas is bykans 20 jaar lank al dieselfde. Op die meeste plase in Swartruggens distrik is die tendens dieselfde. Die kinders wat grootword gaan na die dorpe en stede om 'n heenkome te soek. Werk is en bly skaars. Baie keer kom die kinders weer terug omdat hulle nie vaste werk kry nie. Winkels is ver. Leesstof is skaars. Daar is vasgestel dat volwasse leerders binne ses maande weer ongeletterd raak as hulle nie aanhou om te lees of te skryf nie. Dit is prakties bewys deurdat die aanbieding van die basiese geletterdheidskursus van die voormalige Departement Onderwys en Opleiding in 1991, nie blywende resultate opgelewer het nie. Elf uit die 12 leerders uit hierdie arbeidergroep wat die kursus bygewoon het op die plaas, het geslaag maar omdat hulle nie aanhou lees en skryf het nie, is min daarvan tans sigbaar. As die wil en 'n doelwit daar is om te leer sal hulle baie meer sukses behaal.<sup>3</sup> Dit bevestig die navorsing van Olivier (1994) en Van Niekerk (1996) dat geleenthede geskep moet word uit die behoefte wat daar is en nie afgeforseer word omdat die aanbieder 'weet' dat dit vir die leerder goed sal wees om te kan lees en skryf nie. Die aanbieding van die kursuses is op dieselfde manier aangepak. Die leerders is die vrye keuse gegee om na die video te kyk. Hulle het dit in hul werkstyd gedoen. Net 13 van die 20 het na die video kom kyk en het die les bygewoon. Die video is op twee agtereenvolgende middae vertoon. Hulle het met vetkryt en/of verf gewerk.

**Ontleding van die fokusgroep:** Omstandighede wat direk van toepassing op hierdie fokusgroep is, soos armoede en ongeletterdheid is verder ondersoek. Die agtergrond van hierdie mense se ontwikkelingsvlak en blootstelling (verwysingsraamwerk) het noodwendig 'n effek en invloed op

---

<sup>3</sup> Isak Masiangwa is 57 jaar oud. Hy wou nie die lees- en skryfkursus bywoon nie: 'Nee wat, dis kinderspeletjies. Wat sal ek daarmee maak?' het hy gesê. Hy het duidelik nie die behoefte gehad om te leer lees en skryf nie en is vandag nog die hoofwerker op die plaas met 'n positiewe vrolike geaardheid. Isak Morake, 30 jaar oud, wou so graag leer lees. Sy woorde was: 'Ag hoe lekker sal dit wees as ek op die trekker kan lees wat daar staan en weet wat dit beteken sodat ek dit kan afskryf'. Hy het gereeld klasse bygewoon en het geslaag. Willemina Morake, 45 jaar oud, het 'n dogtertjie van ses maande aangeneem. Haar naam is Bithumelo wat 'blydschap' beteken. Sy is nou vyf jaar oud. Sy gaan kleuterskool toe en begin nou in lees belangstel. Willemina wil nou ook graag leer lees en skryf sodat sy vir Bithumelo kan help. Sy het aanvanklik nie die geletterdheidsklasse bygewoon nie omdat dit saans om 6 uur was en sy nie weer wou terug stap vir die klasse nie. Sy het ook 'n TV gekoop en wil graag Engels leer om meer programme te kan volg. Die innerlike motivering by die laaste twee persone is die sleutel tot hul sukses.

die samewerking en reaksie van die leerders op die videoles, asook die uitkoms en motivering van volgehoue entoesiasme en inisiatief met projekte. Meeste van die punte wat hierna genoem word uit die onderskeie ondersoeke van armoede is wel geldig vir die omstandighede en agtergrond van sommige van hierdie fokusgroep. Ten spyte van die verskeidenheid en verskillendheid in omstandighede van die gemeenskappe wat deur die SA-PPA (South African Perceptions of the Poverty in Africa) ondersoek is (1996:36), is daar verbasende algemene vaste eienskappe oor wat armoede is. Arm mense het gewoonlik die volgende omstandighede in gemeen:

- Die mense is geïsoleerd van die gemeenskap en het 'n onvermoë om maklik met ander mense te meng
- Hul kinders is ondervoed en die voedsel wat wel beskikbaar is, is van swak kwaliteit
- Die huise is oorvol en word nie in stand gehou nie
- Slegs die mees basiese vorms van energie word gebruik
- Niemand in die huishouding het vaste werk nie (sic)
- Die families is opgebreek - die vaders is nie teenwoordig nie en die kinders lewe iewers anders.<sup>4</sup>

Uit die ondersoek (May, 1996:38) blyk dit dat rykdom geassosieer word met:

- goeie behuising
- die beskikbaarheid van gas of elektrisiteit
- die besit van 'n TV, radio of yskas
- in uiterste gevalle, die besit van 'n motorvoertuig.

Uit die navorsing van Olivier (1994) kan die volgende opsommend genoem word as noodmaatreëls om armoede wat 48 persent van die bevolking in Suid-Afrika raak, aan te spreek:

- Werkskepping, ontwikkeling van entrepreneurskap, kredietfasiliteite vir vroue uit landelike gebiede en 'n bekostigbare sosiale veiligheidsstelsel.
- Die bekombaarheid en bekostigbaarheid van voedsel deur hul vermoë om voedsel te koop of self te verbou, te ontwikkel, aan te spreek.

---

<sup>4</sup>Eensame ou mense en vroue wat alleen bly sonder die ondersteuning van hul familie of kinders word geag as die ongelukkigste mense (May, 1996:31).

- Verbetering van gesondheidstoestande deur opvoeding en die primêre gesondheidsdienste tot by die huise en skole te bring. Vervoer, gebrek aan geld en ongeletterdheid maak dit vir sovele onmoontlik om byvoorbeeld gereelde voorbehoeding te bekom.<sup>5</sup>
- Huiseienaarskap en basiese dienste te bevorder.
- Hersiening van die skoolkurrikulum om lewensvaardighede en toepaslike tegnologie in te sluit.<sup>6</sup>
- Volwasse leerders aan die basiese geletterdheidsprogramme bloot te stel.
- Elke arm persoon te bemagtig om sy eie toekoms te skep deur 'n mentor wat daardie toekoms visualiseer en die persoon help om dit self te laat realiseer.

Maslow se teorie dat die mees basiese behoeftes eers bevredig moet wees voordat daar na selfverwesenliking gestreef word, is waar. Die nood om net die basiese behoeftes te bevredig, waaronder dikwels meer as 'n derde van die maandelikse inkomste aan drank en tabak bestee word, is groot. Madzamba(1999:19) bevestig dat daar 'n besliste korrelasie tussen lae inkomste huishoudings en lae onderwys-motivering bestaan. Hy skets die situasie van Beestepan High School, Mpumalanga, in die artikel '*Culture of poverty*' and school underachievement, gebasseer op die stelling dat armoede die mees opvallende beperking tot leer is. Huishoudings word onderhou deur ongeskoolde volwassenes wat nie die vermoë besit om 'n gestimuleerde omgewing te skep waarin leer kan plaasvind nie. As gevolg van tekort aan materiële bronne, sowel as opleiding, is die agtergeblewende ouer nie in staat om die lewe en denke van hul kinders te verryk en hul aan te moedig om aan te bly in die skool of verder te leer nie.

**Reaksie/resultate/uitkomst t.o.v. die lesdeelname:** Dertien Tswana vroue tussen die ouderdomme 16 en 55 jaar het die les bygewoon. Die video's is twee keer vertoon op verskillende dae aangesien die kyk na 'n video vir baie 'n heel eerste ondervinding was. Die tyd wat hulle gehad het was beperk. Hulle het eers baie huiwerig die vetkryt hanteer. Heelwat hulp was nodig. Die

---

<sup>5</sup> Die Departement van Gesondheid se bussie in die distrik Swartruggens is in 1996 onttrek weens geldelike nood en besparing. Vir 16 jaar was die mense op die plaas Schoongesicht gewoon aan die bussie wat elke drie maande die plaas besoek. Hulle was gewoon aan die bussie vir inspuitings, medisyne en immunisasie. Die vroue kon nie lees op hul kliniekaarte wanneer hulle weer voorbehoedinspuitings moes kry nie. Hulle het nie agtergekom dat die tyd vir die volgende inspuiting verbygegaan het nie. Die plaaseienaar is nie in kennis gestel van die opskorting nie en geeneen het kom kla nie. Sedertdien het drie onbeplande babas die lig gesien.

<sup>6</sup>Reeds in Kurrikulum 2005 ingevoeg 1997

gegiggel en gesels het egter bevestig dat dit vir hulle nuut en genotvol was. Die eerste resultate was baie soos wat Gr 0 en 1 leerlinge met skrifoefeninge bereik - onsekere sigsag en reguit lyne. Die tweede werkstukke het reeds beter gelyk.<sup>7</sup> Voorbeelde van oorgetrekte komberse, geweefde matte en mandjies asook gehekelde lappies is vir hulle gewys as motivering vir wat gedoen kan word met kunsvaardighede. Die begrip van 'lyn' as 'n faktor is beklemtoon. Die Tswana is nie soos byvoorbeeld die Venda of Ndbele bekend vir hul patrone op huise se mure nie. Hulle dra ook nie versierde krale en armbande nie. Kommersiële klei is wel aan twee talentvolle vroue in die groep voorsien, maar die artikels moes die aanbieder self terugkoop omdat daar nie inisiatief was om self 'n mark te soek om dit te verkoop nie en hul eie mense in die omgewing te arm is om geld te spandeer op artikels wat nie lewensnoodsaaklik is nie. Slegs een vrou het self klei gekoop en het probeer om haar artikels te bemark, maar met min sukses. Daar was tog een persoon wat begin het om voëls op haar huis se mure te verf. Heelwat van hulle het komberse begin oortrek met afvallappies wat ook verskaf is. Een het begin hekel met plastieksakke. Vier het die weefkuns bemeester. As die aanbieder die artikels koop word daar met soveel mening gewerk dat daar byna dadelik 'n ooraanbod is. Die feit dat daar nie 'n mark is nie moet in ag geneem word. Daar sal kreatief gedink moet word aan dit wat wel benodig word in die gemeenskap self, soos byvoorbeeld klere. Die navorser het gedink dat deur motivering om handvaardighedsartikels te maak 'n nuwe dimensie aan die lang tye wat daar nie werk op die plaas is nie, gegee sal word. Dit het egter net soos by die Vroue Landbou-unie en SAVF-vroue 'n beperkte effek. Dié wat werklik tot 'n mate belangstel in kuns en handwerk het die geleentheid om meer te leer, aangegryp en artikels van goeie gehalte gemaak. Die baaltoue, wol en rame vir die weefwerk moes voorsien word. Die verf waarmee die huise geverf is was 'n geskenk van die bure. Die klei vir die klei-potte moes voorsien word. Daar is natuurlike klei op die plaas wat deur die mense self uitgehaal en dan goed gebrei moet word. Dit kan in 'n gat in die grond of langs die pappot in die aande gebak word. Niemand het moeite gedoen om vir homself klei te brei, voorwerpe te maak en langs die staproete op die plaas te bemark nie.

**Terugvoering (ingevulde vraelyste):** Die vraelyste het uit die aard van die ongeletterdheidsaspek nie veel opgelewer nie. Die vraelyste is vir hulle ingevul deur die navorser in 'n 'onderhoud'-sessie

---

<sup>7</sup> Sien Figuur 1a vir voorbeelde van die werk (p 112)

met elkeen afsonderlik (*slegs Afdeling A is ingevul*). Die aanduiding was dat hulle die sessies geniet het maar dat dit eintlik maar 'kinderspeletjies' is. Net twee vroue het hul eie TV en dié kyk hulle met behulp van batterye wat gou-gou klaarraak. Die deel oor onderwys is nie ingevul nie, maar almal reken dat 'n TV hul lewens sal verryk en wens dat so iets mag realiseer. Almal luister graag na die radio en daar is in elke huis iemand wat 'n eie radio besit. Tabel 6 bied die resultate van die vraelysondersoek.

***Gevolgtrekking/aanbeveling:*** Daar was definitiewe begrip en insig ten opsigte van die raaksien van lyne in die klere, meubels en natuur. Die maak van kunsartikels word egter gedemotiveer deurdat daar nie 'n mark vir die voltooid werk is nie. Goeie visuele voorstelling dra by tot verhoogde motivering wat effektiewe leer bevorder (Kachelhoffer, 1994:43). Die voordeel wat die video en die verskeie artikels waarna die vroue kon kyk, ingehou het, is dat dit die regterbrein wat afhanklik is van visuele stimuli, ontwikkel. Dit lei tot interaksie met die linkerbrein wat kognitiewe ontwikkeling veral op taalvlak bevoordeel. Hul visie word verbreed en die innerlike motivering wat plaasvind verhoog die moontlikheid dat hulle oorgehaal kan word om aktief te begin werk. Leer vind makliker plaas wanneer die inhoud stap vir stap aangebied word en deur herhaling en op repetering versterk word sodat die leerder dit kan onthou (Louw, 1992:51). By vier vroue wat dikwels by die aanbieder aan huis kom en wat ekstra kursusse in kleremaak, huishou en poppemaak bygewoon het, het die stimulasie blywende resultate opgelewer.<sup>8</sup> Hulp word deurentyd verskaf om 'n mark vir die artikels te kry. Die navorser hou skool op die plaas vir van die arbeiders se kinders. Deur die situasie het sy die geleentheid benut om die Noordwes Kamerorkes vir die afgelope twee jaar te kry om op te tree. Dit is 'n diens wat hulle gratis lewer. Al die arbeiders wat wou, kon die opvoering bywoon. Hierdie en soortgelyke geleenthede soos die werksinkels wat dr Gerhard Verdoorn oor tarentale, aasvoëls en ander bedreigde spesies en ongewenste probleemdiere gee en die Departement van Gesondheid se lesings oor vigs en algemene gesondheid het al verblydende resultate gelever in die lewenskwaliteit en kennis uitbreiding van klein en groot op die plaas. 'n Videomasjien is in 'n ou tabakkelder geïnstalleer en videos oor sokker, netbal, stories, diere en plante word gereëld vertoon. Ongelukkig moet daar altyd kontrole en toesig wees. Die pogings om eie groentetuine te begin, slaag nie.


---

<sup>8</sup> Sien Figuur 1b (p 113) vir resultate wat opgelewer is deur verskeie vrouens

**Tabel 6 : Response van fokusgroep 1: VROU-ARBEIDERS Rissie-oesters op die plaas Schoongesicht (VRAELYS - AFDELING A)**

AFDELING A		JA	NEE	Geen Respons	TOTAAL
<b>Vraag 1</b>	Kunsopleiding	0	13	0	<b>13</b>
<b>Vraag 2</b>	Besit van elektroniese media	1	12	0	<b>13</b>
<b>Vraag 3</b>	Besit van: TV	2	11	0	<b>13</b>
	Rekenaar	0	13	0	<b>13</b>
	Videomasjien	0	13	0	<b>13</b>
	CD ROM	0	13	0	<b>13</b>
<b>Vraag 4</b>	Kyk van TV*	8	5	0	<b>13</b>
<b>Vraag 5</b>	Kunsopleiding vroeër ontvang mbv elektroniese media	0	13	0	<b>13</b>
<b>Vraag 6</b>	Video <i>Wat is Kuns</i> gesien	13	0	0	<b>13</b>
	- beter begrip van **				
<b>Vraag 7</b>	Belangstelling in elektroniese media	13	0	0	<b>13</b>

		0-1	1-2	2-3	3-4	4-5	5-6	
<b>4*</b>	Getal ure TV per dag			8				
		15h-18h	18h-21h	21h-24h				
	Tyd		8					
		<b>Swak</b>	<b>Gem</b>	<b>Goed</b>	<b>Uitstekend</b>			
<b>6**</b>	Beter begrip kategorie	0	0	13	0			



*Figuur 1a: Rissie-oesters in werksituasie; plaaswerker Martiens kyk na die kunsvideo*





*Figuur 1b: Oefentekeninge in lyn (deur rissie-oesters)*



*Figuur 1c: Uitkomst van die vroue-arbeiders se opleiding in kuns deur middel van 'n video - die maak van kleipotte, weefwerk om kussings oor te trek en geverfde prente op een van hul huise se mure*

• **Fokusgroep 2: VROUE: SA Vroue Federasie (SAVF) & Vroue Landbou-unie**

*Aantal leerders: 16 dames*

*Ouderdomme: 27 - 86 jaar (gemiddelde ouderom: 58 jaar)*

*Rassegroep/e: Blank, Afrikaanssprekend*

*Doel: Om te kyk of die stimulering in kunsbeginsels en kunsgebruike die SAVF-vroue kan help met inisiatiewe en kreatiewe gedagtes om weer in hul eie werk met verskeie projekte in die gemeenskap mense op te bou en te motiveer.*

**Agtergrond:** Die dames wat na die vergadering kom, kom uit verskillende vlakke van die samelewing. Hul ouderdomme en belangstellings wissel. Die meeste dames het nog 'n volle verantwoordelike lewe met baie verpligtinge. Die lede se hoofsaak is die onderhouding van die plaaslike ouetehuis. Hierdie ouetehuis wat tans ook swart inwoners huisves, is deur die oudste lid, Marietjie Marshall (86), geïnisieer. Deur funksies, kollekte, skenkings en verkopings tydens vendusies en straatmarkte is die ouetehuis in 1980 gebou. Die lede van die SAVF-tak is almal geletterd en bestaan uit boervroue, onderwyseresse en vroue van die meer welgestelde lede van die omgewing. 'n Gesindheid van diensbaarheid en Christelike naasteliefde is 'n wesenlike kenmerk van hierdie vereniging. Niemand het opleiding in kuns gehad nie. Van die dames het egter nog volle huishoudings en selfs skoolgaande kinders. Die meeste se kinders is egter al klaar met skool en daar is meer tyd vir welsynwerk. Uit die geselskapafdeling 'lief en leed' van die vergadering kom die prestasies van kinders en kleinkinders na vore of die afsterwe van 'n ouer of 'n lewensmaat. Die Landbou-unie dames het dieselfde tipe agtergronde as die SAVF-dames en hul belangstellings lê op dieselfde vlak. Van die dames behoort aan albei verenigings.

**Opmerking:** Die vervoer van die videomasjien oor 'n gedeelte grondpad het die beeld verswak en die 'sneeu' het gehinder. Gelukkig was daar 'n kundige persoon besig om die buisligte in die saal te vervang en hy kon help om die beeld op die monitor beter in te stel. As dié man nie daar was nie sou die belangrikste deel van die aanbieding, die video-insetsel, misluk het. Nie een van

die dames kon 'n instelling maak nie en die aanbieder kon dit ook nie regkry nie, al het sy geweet wat om te doen.

**Reaksie/resultate/uitkomst t.o.v. die lesdeelname:** Die dames van die plaaslike Landbou-unie tak het tydens 'n algemene vergadering met kuns as tema, na gedeeltes van die video *Wat is Kuns* gekyk. Daar was 'n uitstalling gereël met die tema 'lyn' waarna die dames voor en na die vergadering kon kyk. Vyftien dames het daarna gekyk. Die reaksie was goed, maar van die vorms wat uitgedeel was is net drie terugbesorg en min werk het teruggekom. Daar is nie direk 'n werkopdrag aan hulle gegee nie. Die jaarverslag oor die vergadering wat gehou is, met 'kuns' as tema, was vir hulle belangrik. Die vergadering was in 'n ongebruikte skoolgebou gehou met min plek vir praktiese werk.<sup>9</sup> Die ondervinding met die Landbou-unie dames het gelei tot 'n meer prakties geordende aanbieding by die SAVF-dames. Die SAVF-dames het 'n vergadering se demonstrasietyd afgestaan aan die projek.<sup>10</sup> Twee dames het opleiding in kuns gehad. Die dames wat 'n belangstelling in 'n kunsrigting het, het die grootste belangstelling getoon en twee het die video geleen om dit weer te gaan kyk. Die verf, papier, kaartjies en ander benodigdhede soos riete, lyne, prente, skulpe en droë bene van beeste was uitgestal en reggesit voor die aanvang van die les. Slegs 16 van die 22 lede was teenwoordig. Die videoles is met volle aandag gevolg maar toe die praktiese toepassingsdeel volg, het sewe dames kleinkoppie getrek. Hulle het verskoning gemaak dat hulle haastig was of nie kon teken of verf nie weens te min talent daarin. Die nege wat agtergebly het, het aanvanklik huiwerig begin maar later met baie meer entoesiasme, vrolikheid en plesier 'n hele paar werkstukkie voltooi.

**Terugvoering (ingevulde vraelyste):** Net soos die haastigheid van die kykers na die videoles, so haastig en onbetrokke is van die vraelyste ingevul. Baie van die antwoorde is uitgelaat maar almal het ingevul. (*Twaalf dames het Afdeling A ingevul en ses van hulle wat in onderwys belangstel het Afdeling B ingevul*). Die tye wat die vroue TV kyk, wissel, maar meeste kyk na die sepies en

---

<sup>9</sup> Daar was elektriese krag beskikbaar en die aanbieder moes 'n eie TV- en videomasjien aanry en instel.

<sup>10</sup> Die videomasjien en monitor moes deur die aanbieder 30 kilometer ver aangery word omdat die lokaal waar hulle verrigtinge gehou word (ouetehuis se sitkamer), se videomasjien kort tevore gesteel is.

die nuus. Die gemiddelde kyktyd van die dames is twee uur per dag. Byna almal besit TV's en radio's. Agt van hulle besit 'n videomasjien en vier het 'n eie rekenaar met CD ROM.

***Gevolgtrekking/aanbeveling:*** Indien daar nie 'n direkte opdrag gegee word nie, is dit moeilik om resultate te evalueer. By die Landbou-unie dames was die plek waar die les aangebied was, ontoereikend in die sin dat daar nie tafels beskikbaar was om op te werk nie. Die ouderdom, lewenswyse en belangstelling is een rede vir die haastigheid en onbetrokkenheid. Die ouderdom en belangstelling van die dames het beslis 'n invloed op die geesdrif ten opsigte van deelname en die gehalte van werk. Net soos die dodelike roetine en rigiditeit van die 'tradisionele skool' die kreatiwiteit in 'n begaafde kind kan strem, kan die aanvaarding dat almal eenders aan 'n projek moet deelneem ook die waagmoed van 'n persoon belemmer. Die idee dat 'n persoon 'n sekere 'talent' moet hê om 'n kunswerk te kan skep en die tradisionele aanvaarding dat kuns slegs 'n beeldhouwerk of 'n skildery kan wees, lê ook nog vas in die gemoed van die blanke Afrikaanse vrou wat op 'n hoër vlak van opleiding en ontwikkeling staan. Vrees vir mislukking voor andere is ook 'n faktor. Belangstelling in kuns op sigself of in tuinmaak, naaldwerk of koskook het 'n invloed op die deelname aan aktiwiteite van die blanke plattelandse vrou. Tydskrifartikels, demonstrasies en die makliker bekombaarheid en bekostigbaarheid van kos en klere veroorsaak dat vroue kies om te doen en te koop waarvan hulle hou. Tien tot vyftien jaar gelede was die Vrouelandbou-unie 'n lewendige organisasie in die Swartruggens omgewing. Vroue het kursusse bygewoon en baie geleer. Die vier takke het almal gesluit en Swartruggens tak het ook in reses gegaan in 1998. Van die lede het by die Vroue Federasie aangesluit wat meer 'n welsyns organisasie is.

**Tabel 7: Response van fokusgroep 2: VROUE: SA Vroue Federasie (SAVF) & Vroue Landbou-unie (VRAELYS - AFDELING A)**


AFDELING A		JA	NEE	Geen Respons	TOTAAL
Vraag 1	Kunsopleiding	2	9	1	12
Vraag 2	Besit van elektroniese media	9	2	1	12
Vraag 3	Besit van: TV	11	1	0	12
	Rekenaar	4	8	0	12
	Videomasjien	8	4	0	12
	CD ROM	4	8	0	12
Vraag 4	Kyk van TV*	8	4	0	12
Vraag 5	Kunsopleiding vroeër ontvang mbv elektroniese media	0	12	0	12
Vraag 6	Video <i>Wat is Kuns</i> gesien	12	0	0	12
	- beter begrip van **				
Vraag 7	Belangstelling in elektroniese media	6	5	1	12

		0-1	1-2	2-3	3-4	4-5	5-6	
4*	Getal ure TV per dag	1	5	1				8
		15h-18h	18h-21h	21h-24h				
	Tyd	3	4	1				8
		Swak	Gem	Goed				Uitstekend
6**	Beter begrip kategorie		2	8				2

**Tabel 8: Response van fokusgroep 2: VROUE: SA Vroue Federasie (SAVF) & Vroue Landbou-unie (VRAELYS - AFDELING B)**

AFD. B		JA	NEE	Geen respons	TOT
Vraag 1	Spreek: 'Back to the Basics' as belangrikste mikpunt in die onderwys	6	0	0	6
Vraag 2	Mikpunt bereik sonder elektroniese media	3	2	1	6
Vraag 3	Klas ingerig vir elektroniese media	0	0	6	6
Vraag 4	Struikelblokke t.o.v elektroniese apparaat*				
Vraag 5	Graag in klaskamer wil hê: TV	4	1	1	6
	Video	5	0	1	6
	Rekenaar	3	1	2	6
Vraag 6	Belangstellende onderwyser moet eie apparaat aanskaaf en oppas	1	5	0	6
Vraag 7	Elektroniese apparaat hoort eerder in privaat skole	2	3	1	6
Vraag 8	Elektroniese apparaat is van groter waarde in remediërende as gewone onderrig	4	1	1	6
Vraag 9	Elektroniese apparaat is van groter waarde in verrykende as gewone onderrig	3	2	1	6
Vraag 10	Kuns as vak 'n plek in onderwysstelsel	5	1	0	6
Vraag 11	Kunsaanbieding deur onderwyser self	2	4	0	6
Vraag 12	Kunsapparaat (verf,papier) beskikbaar	5	1	0	6
Vraag 13	Aanbieding van kuns **				

4*	Geen elektrisiteit	6	0	0	6
	Skool besit nie elektroniese apparaat nie	0	6	0	6
	Weet nie hoe om apparaat te gebruik nie	1	4	1	6
	Kan dit nie herstel nie	5	0	1	6
	Moeite om apparaat in klaskamer te kry	2	0	4	6
	Moeite om kinders in mediasentrum te kry	2	0	4	6
	Min programmatuur	1	2	3	6
	Te veel leerlinge in klas	3	1	2	6
	Wil nie verantwoordelikheid aanvaar vir duur apparaat nie a.g.v: onveiligheid	1	0	5	6
	geen diefwering	0	0	6	6
	diefstal	2	0	4	6
	onhandigheid	2	0	4	6
	vandalisme	3	0	3	6
13**	Aanbieding van kuns is: te duur	3	3	0	6
	leerlingtalte groot	2	2	2	6
	lokale nie geskik	2	2	2	6



*Figuur 2: Die besig-wees en gevolglike oefeninge in lyn na 'n kunsles in lyn (SAVF-vroue)*



• **Fokusgroep 3: SENIOR BURGERS: Tehuis, Swartruggens**

*Aantal leerders: 14*

*Ouderdomme: 70-90 jaar*

*Rassegroep/e: Blank*

*Doel: Die navorser wou vasstel of die ouderdom van die leerders 'n effek het op die videoles asook op die kwaliteit werk wat daarna gedoen is.*


*Agtergrond:* Die ouetehuis is in 1980 gebou. Die hoofmatrone is mev O J Pelser. Sy is 56 jaar oud. Die meeste van die ou mense kry pensioen en moet feitlik hul hele pensioen inbetaal vir die etes, verblyf en versorging. Die gemiddelde ouderdom is 78 jaar. Daar is 'n versorgingseenheid vir die baie siekes maar daar is ook 16 woonstelletjies waar inwoners hulself versorg en self kos maak. Etes kan bestel word. In die siekeboeg is ook 34 mense. Daar is 'n groot sit-eetkamer met 'n TV en videomasjien waar die ou mense heeldag welkom is om te kyk. Almal het radio's en dié in die woonstelletjies het almal TV's, maar daar is net drie TV's in die siekeboeg.

*Reaksie/resultate/uitkomst t.o.v. die lesdeelname:* Die uitnodiging was aan die inwoners gerig om na 'n video-program te kyk en dan 'n werksessie by te woon. Dit sou om 14:00 plaasvind. Veertien van die inwonertal het kom kyk. Twee van hulle het gesê hulle wil net kyk hoe die ander werk, maar ál die ander 12 het met blye verwagting en oorgawe begin werk. Die mans het sonder enige skroom begin en meer as een werkstukkie voltooi. Een man en een dame het die aanbieder oor en oor genooi om in hul onderskeie kamertjies te kom kyk na hul handewerk. Mnr Hendrik Heystek het 'n skulpversameling mooi gemonteer en maak ook blokkies van hout wat soos legkaarte inmekaar pas. Een vrou is 83 jaar oud. Sy het beroerte gehad en haar regterkant is verlam. Sy brei lang stroke met verkorte breinaalde. Die een naald word tussen haar knieë vasgedruk en met die linkerhand swaai sy die wol om om te brei. Sy kon nie die kaartjie self vashou nie. Die kaartjie het geskuif as sy met die viltpen daarop begin teken. Haar maat het sonder klag die kaartjie vasgehou, aangemoedig en selfs vir 'n tweede en derde probeerslag vasgehou. Die

resultaat was baie soos dié van 'n klein kind, maar die plesier wat sy ervaar het was net so ongedwonge soos dié van 'n kind. Die groep ou mense se spontane reaksie was die bewys dat kuns 'n terapeutiese uitwerking het. Geen haas of gejaagdheid nie. 'n Kunstklub of 'n werkershoekie soos by 'n kleuterskool kan dalk 'n nagevolg wees van die proefneming.

**Terugvoering (ingevulde vraelyste):** Die vraelyste is uit die aard van die ouderdom en onbelangstelling in onderwys glad nie of baie swak ingevul - baie met hulp. Die matrone se kommentaar op die TV-kyktyd dui daarop dat min van hulle 'n eie TV besit en weens die koue of ongemak nie baie in die sitkamer kyk nie. Wanneer iemand egter 'n video as ontspanning kom wys, is die entoesiasme en bywoning baie beter. Ou mense se oë hou nie baie van die skerp bewegende lig nie. Die taal is ook 'n probleem. Daar is in vanaf 1997 min Afrikaanse programme op TV.

**Gevolgtrekking/aanbeveling:** Die gretigheid waarmee die senior burgers gewerk het en die angstige vraag na wol en lappies is tipies van die meeste ouetehuse. Die inwoners vind vervulling in die skep van artikels en die besef dat hulle nog waardevol en diensbaar is, maak 'n groot verskil in die gehalte van hul lewe en hul selfbeeld. Gereelde kunsklasse, die aanleer van kunstegnieke of vaardighede deur 'n kundige of belangstellende persoon sal baie doen om die ou mense se lewe sinvol te maak. Die instandhouding, kontrole en voorsiening van apparaat sal deur 'n kundige en verantwoordelike persoon behartig moet word. Die temas 'Kleur' en 'Lyn' is behandel. Meer lesse oor 'kleur' sal nodig wees om die ou mense se komberse of ander voorwerpe in aanvaarbaarder kleure te laat hekel of brei. Wol is aan hulle verskaf in sagter skakerings as die skel pienk, pers of rooi wat dikwels gebruik word. Donker kleure is egter moeiliker om mee te werk aangesien hul oë nie meer so goed sien nie. Dit kan een rede wees vir die skerp kleurgebruik.



*Figuur 3: Senior burgers se deelname in die kunsles en tekeninge in lyn*

• Fokusgroep 4: HOËRSKOLE

- Kunsklasgroepe:
- a) Hoërskool Rustenburg, Gr 8
  - b) Hoërskool Grenswag, Rustenburg, Gr 12
  - c) Reebone High School, Swartruggens

a) *Hoërskool Rustenburg*

*Aantal leerders: 24*

*Ouderdomme: 13-14 (Gr 8)*

*Rassegroep/e: Blank*

*Doel: Die aanbied van 'n kunsles met die video (vir kinders met 'n kunsagtergrond) as geïntegreerde hulpmiddel asook die invul van vraelyste om die tye wat hoërskoolkinders TV kyk, vas te stel.*

*Agtergrond:* Rustenburg Hoërskool is die oudste Afrikaanse Hoërskool in Rustenburg. Die skool in in 1922 gestig en het in Augustus 1997 sy 75e verjaarsdag gevier. Matriekuitslae is besonder hoog en daar was in 1996 twee leerlinge met sewe onderskeidings. In 1998 was die matriek slaagsyfer 100%. Op sport- en kultuurgebied vaar hierdie skool ook baie goed. In 1999 was hulle weereens die wenners van Interhoër en die netbal en rugby. Daar is tans 1 300 kinders en 38 onderwysers. Daar is 'n goed toegeruste koshuis wat leerlinge uit die omliggende plase en dorpe huisves. Die hoof is mnr Herman Venter. Die kunsonderwyseres is mej Suretha Rootman. Sy is 28 jaar oud en is 'n entoesiastiese kunsonderwyseres. Sy is slegs vir kunsonderrig verantwoordelik.

*Opmerking:* Die klaskamer was groot en ruim, lig en lugtig. Daar is 'n monitor en videomasjien op 'n rak met wiele in die klas. Elke keer wat die videomasjien gebruik word, moet dit in die pakkamer teruggestoot word vir veilige bewaring. Daar is nie diefwering voor die baie en groot vensters nie. Die tyd wat die leerlinge gehad het was slegs 30 minute en daarom is daar streng by die lesplan gehou. Gekleurde viltpenne en voorafgesnyde karton reghoeke is aan hulle voorsien.

**Reaksie/resultate/uitkomst t.o.v. die lesdeelname:** Die leerlinge het met groot entoesiasme gekyk. Hulle het nie veel ag geslaan op die voorbeelde van bene, lyne, riete, en skulpe wat uitgestal was nie. Hulle het net soos al die ander leerlinge openlik en met groot genot gewerk. Die werkies is kleurvol maar het nie 'n vastigheid, 'n fokuspunt en sterk individualiteit nie. Klein brokkies inligting, wat goed vasgelê word deur herhaling is 'n beter benadering. Omdat die tyd beperk was het die aanbieder die tweede video oor lyn deurentyd vertoon terwyl hulle gewerk het. Die musiek en aanhoudende stimuli kon verwarrend ingewerk het. Leerlinge se aandag was nie net op die een werkstuk voor hulle gevestig nie.

**Terugvoer (ingevulde vraelyste):** Die leerlinge het die vraelyste na die les ingevul en aan die kunsonderwyseres terugbesorg. Die leerlinge aanvaar hul kunslesse in die skool as kunsopleiding - 19 uit die 24 leerders het gesê dat hulle wel kunsopleiding gehad het (al is hulle in St 6/Gr 8). Drie-en-twintig het TV, 22 het 'n videomasjien en 15 het 'n rekenaar met CD ROM tuis. Agtien kyk TV tussen 16:00 en 18:00. Die sepies is hulle gunstelingprogramme. Die gemiddelde TV-kyktyd is 3,5 ure per dag. 'n Interessante aspek wat uit die vraelyste na vore gekom het was uit die laaste vraag van Afdeling B. Agtien uit die 24 leerlinge het wenke, raad en hul eie begeerte ten opsigte van kuns in die skool neergeskryf:

- 'n Groter klaskamer of 'n meer afgesonderde klaskamer wat ruimte het sodat hulle praktiese werk kan doen. Een het geskryf: 'Die banke vir die teorie neem al die plek in die klas in'.
- Kleiner groepe. Meer praktiese werk. Meer individuele aandag.
- Meer apparaat vir almal. Daar is nie genoeg vir almal nie.
- Meer tyd vir praktiese werk - langer periodes.
- Uitstappies na kunstenaars, kunsgalerye, uitstallings en vlooiemarkte.
- Leerlinge se opinie vra oor wat hulle wil hê en waarvan hulle hou.
- Demonstrasies oor nuwe tegnieke.
- Een wou meer lesse hê oor hoe om liggaamsdele te teken (figuurteken).
- Musieksentrum om barokmusiek in die klas te speel.


**Gevolgtrekking/aanbeveling:** Die video (van SOTAO) oor lyn is 'n video wat agtergrond- musiek speel terwyl allerhande soorte lyne uit die natuur en gebruiksartikels vertoon word. Die aanbieder

het gedink dat dit 'n stimulasie sou wees (omdat die tyd so min was), deur die musiek te laat speel en die voorbeelde op die monitor vertoon word, terwyl daar gewerk word. Die steuring in eie gedagtes terwyl die leerlinge besig was of die onderbreking van konsentrasie het die gevolg gehad dat van die werkies 'deurmekaar' vertoon het. Te veel stimuli in die toepassingstyd kan steurend wees.

**Tabel 9: Response van fokusgroep 4: HOËRSKOLE: Rustenburg Ou Hoërskool (Gr 8)**  
 (VRAELYS - AFDELING A)

AFDELING A		JA	NEE	Geen Respons	TOTAAL
Vraag 1	Kunsopleiding	19	3	2	24
Vraag 2	Besit van elektroniese media	20	3	1	24
Vraag 3	Besit van: TV	23	0	1	24
	Rekenaar	15	5	4	24
	Videomasjien	22	1	1	24
	CD ROM	15	2	7	24
Vraag 4	Kyk van TV*	21	3	0	24
Vraag 5	Kunsopleiding vroeër ontvang mbv elektroniese media	1	23	0	24
Vraag 6	Video <i>Wat is Kuns</i> gesien	24	0	0	24
	- beter begrip van **				
Vraag 7	Belangstelling in elektroniese media	18	5	1	24

		0-1	1-2	2-3	3-4	4-5	5-6	
4*	Getal ure TV per dag		5	6	6	2	2	21
			15h-18h	18h-21h	21h-24h			
	Tyd	16	4	1				21
		Swak	Gem	Goed				Uitstekend
6**	Beter begrip kategorie					16		8



*Fig 4a: Lyntekeninge deur verskeie kinders na die aanbieding van 'n kunsles met opleidingsvideo en uitstalling van riete as voorbeeld van lyn in die natuur ter stimulasie en aanvulling van kunsles*

b) **Hoërskool Grenswag, Rustenburg**

**Aantal leerders:** 17 leerlinge (matrieks met Kuns as vak)

**Ouderdomme:** 17-18 jaar (Gr 12)

**Rassegroep/e:** Blank

**Doel:** Die aanbieder van 'n praktiese kunsles met 'lyn' as tema. Die integrering van video-stimuli in die ontsluitingsfase.

**Agtergrond:** Hoërskool Grenswag bestaan sedert 1976. Daar is tans 750 kinders. Die skool het 25 swart leerlinge wat goed aanpas. Leerlinge kom uit Rustenburg Noord. Die meeste van hulle ouers is in die mynbedryf of werk in Sun City en Boshhoek omgewing. 'n Busdiens bring die leerlinge vanaf Sun City. Sommige kom dus daaglik die hele 40 km ver met 'n skoolbus.

**Opmerking:** Die kunsonderwyser is mnr P J Pienaar wat 'n bekende kunstenaar in Rustenburg is en 17 jaar lank al kunsonderwyser aan die skool is. Hy stel belang in weefwerk en pottebakkerie. Sy leerlinge presteer baie goed in hierdie praktiese afdelings. Daar is 'n monitor en videomasjien in sy klas geïnstalleer en die klas is met stewige staalhekke en diefwering voor die vensters beveilig. Dit is 'n groot klas met baie lig en groot werkoppervlaktes. Die leerlinge is reeds vyfjaar lank goed onderlê in kuns omdat die vak van Gr 8 af as keusevak vir matriek geneem kan word.

**Reaksie/resultate/uitkomst t.o.v. die lesdeelname:** Die leerlinge was baie geïnteresseerd en het stil en met aandag gekyk en geluister na die video's *Wat is Kuns* en *Lyn* wat vertoon is. Hulle was vrolik, vriendelik en behulpsaam. 'n Kartondoos met bene en skulpe is aan hulle gewys. Hulle kon dit gebruik in hul werk. Hulle het ook leë skyfieraampies gekry om deur te kyk<sup>11</sup> en 'n stel gekleurde natuurtydskrifte (*Ranger Rick*). Twaalf stelle viltpenne en vooraf gesnyde stewige gladde karton is aan hulle beskikbaar gestel. Hulle het na die video gekyk met die hulp van die aanbieder maar het sonder die hulp van die aanbieder die praktiese werkstukke voltooi. Al die viltpenne, tydskrifte en hulpmiddels is netjies en in 'n goeie toestand terugbesorg.

---

<sup>11</sup>Om 'n fokuspunt uit 'n groter geheel te 'raam'/om 'n gedeelte oor lyn uit die materiaal uit te soek om aan te werk.



**Terugvoer (ingevulde vraelyste):** Vraelyste is deur die leerlinge ingevul. Dit is opmerklik dat hulle net soos die meeste hoërskoolleerlinge tussen 17:00 en 18:00 TV kyk (sepietyd). Ook uit die terugvoer van hierdie hoërskoolleerlinge het die matrieks byna deurgaans geskryf dat hulle minder kunsgeskiedenis wil hê en meer voorrade soos olieverf en pastelle om praktiese werk te kan doen asook meer tyd vir praktiese werk.<sup>12</sup>

**Gevolgtrekking:** Die kunswerkies was goed afgerond en voltooid. Die resultate was baie individualisties en interessant. Die tema 'lyn' is deurgaans verstaan en goed toegepas. Hierdie leerlinge is bevoorreg om 'n bekende kunstenaar onderwyser te hê wat werklik hulle belange op die hart dra. Meneer Johann Pienaar het sy BA Beeldende Kunste opleiding in 1975 aan die Pretoria se Universiteit voltooi. Hy het 2 jaar in Namibië skoolgehou en daarna na Hoërskool Grenswag gekom. Byna elke middag is die kunsklas toeganklik vir leerlinge wat meer tyd aan hulle projekte wil bestee. In 1999 is 14 van die graad 12 leerlinge gekeur vir die Open Windows kunsskool in Pretoria. Die werklading op die onderwysers het egter so toegeneem as gevolg van die vermindering van poste en bykomende administrasie dat hy geen tyd meer het vir ekstra uitstappies met die kunsleerlinge nie. Hy gee ook nou Engels vir Graad nege. Die verantwoordelikheid van toesig tydens skoolfunksies vir die leerlinge by skoordanse of flieks is vir hom frustrerend.

Die versoek van die leerlinge het vrugte afgewerp in die sin dat daar sedert die invul van die vraelyste 'n kursus vir standaard graad ingestel is wat nie kunsgeskiedenis insluit nie.

---

<sup>12</sup>Die kunsonderwyser het heelwat video's beskikbaar gehad oor kunsgeskiedenis wat van SOTAO bestel was. Sy opmerking was dat die leerlinge so gewoon is aan TV kyk, dat sommige van hulle storieboeke lees in plaas van om na die kunsgeskiedenisvideo's te kyk. Die moonlikheid bestaan dat hulle onder mekaar besluit het om dieselfde opmerkings te skryf.

**Tabel 10: Response van fokusgroep 4: HOËRSKOLE: Hoërskool Grenswag, Rustenburg (Gr 10 leerlinge) (VRAELYS - AFDELING A)**


AFDELING A		JA	NEE	Geen Respons	TOTAAL
Vraag 1	Kunsopleiding	16	1	0	17
Vraag 2	Besit van elektroniese media	17	0	0	17
Vraag 3	Besit van: TV	17	0	0	17
	Rekenaar	7	1	9	17
	Videomasjien	16	0	1	17
	CD ROM	2	2	13	17
Vraag 4	Kyk van TV*	14	3	0	17
Vraag 5	Kunsopleiding vroeër ontvang mbv elektroniese media	16	1	0	17
Vraag 6	Video <i>Wat is Kuns</i> gesien	17	0	0	17
	- beter begrip van **				
Vraag 7	Belangstelling in elektroniese media	9	2	6	17

		0-1	1-2	2-3	3-4	4-5	5-6	
4*	Getal ure TV per dag	1	2	4	4	0	3	14
		15h-18h	18h-21h	21h-24h				
	Tyd	4	7	3				14
		Swak	Gem	Goed				Uitstekend
6**	Beter begrip kategorie	0	3	9				5


**Tabel 11: Response van fokusgroep 4: HOËRSKOLE: Hoërskool Grenswag, Rustenburg (Gr 10 leerlinge) (VRAELYS - AFDELING B)**

AFDELING B		JA	NEE	Geen respons	TOT
Vraag 1	Spreek: 'Back to the Basics' as belangrikste mikpunt in die onderwys	14	3	0	17
Vraag 2	Mikpunt bereik sonder elektroniese media	3	13	1	17
Vraag 3	Klas ingerig vir elektroniese media	16	1	0	17
Vraag 4	Struikelblokke t.o.v elektroniese apparaat*				
Vraag 5	Graag in klaskamer wil hê: TV	14	3	0	17
	Video	14	3	0	17
	Rekenaar	17	0	0	17
Vraag 6	Belangstellende onderwyser moet eie apparaat aanskaf en oppas	3	14	0	17
Vraag 7	Elektroniese apparaat hoort eerder in privaat skole	0	17	0	17
Vraag 8	Elektroniese apparaat is van groter waarde in remediërende as gewone onderrig	15	2	0	17
Vraag 9	Elektroniese apparaat is van groter waarde in verrykende as gewone onderrig	11	5	1	17
Vraag 10	Kuns as vak 'n plek in onderwysstelsel	17	0	0	17
Vraag 11	Kunsaanbieding deur onderwyser self	0	0	17	17
Vraag 12	Kunsapparaat (verf,papier) beskikbaar	14	2	1	17
Vraag 13	Aanbieding van kuns **				

4*	Geen elektrisiteit	0	2	15	17
	Skool besit nie elektroniese apparaat nie	2	2	13	17
	Weet nie hoe om apparaat te gebruik nie	0	4	13	17
	Kan dit nie herstel nie	9	8	0	17
	Moeite om apparaat in klaskamer te kry	4	1	12	17
	Moeite om kinders in mediasentrum te kry	4	1	12	17
	Min programmatuur	4	0	13	17
	Te veel leerlinge in klas	3	3	11	17
	Wil nie verantwoordelikheid aanvaar vir duur apparaat nie a.g.v: onveiligheid	2	0	15	17
	geen diefwering	2	0	15	17
	diefstal	3	0	14	17
	onhandigheid	3	0	14	17
	vandalisme	4	0	13	17
13**	Aanbieding van kuns is: te duur	10	6	1	17
	leerlingtalte groot	0	17	0	17
	lokale nie geskik	0	17	0	17



*Figuur 4b: Oefeninge in lyn en skaduwee (potlood op papier, swart en wit). Bestudering van been, deur Grenswag Gr.12 leerlinge, as voorbeeld van natuurlike lyn.*



deel te neem. Tydens die beoordeling van die  
polisie gemaak dat die lewensge werklike onder

c) ***Reebone High School, Swartruggens***

***Aantal leerders: Geen***

***Ouderdomme: 13 - 21***

***Rassegroep/e: Tswana***

***Doel: Die invul van vraelyste***

***Agtergrond:*** Borolelo is die swart woongebied in Swartruggens. Reebone skool<sup>13</sup> en Kgetleng was eers gesamentlik bedryf met Kgetleng, die swart laerskool in Borolelo. Daar was altesaam 1500 leerlinge. Nadat Swartruggens se blanke laer- en hoërskool gekombineer het, het die laerskool se geboue 'n tyd lank as die munisipaliteit se kantore gedien en later, na veel gesukkel, is die terrein en geboue oorhandig aan Reebone High. Die taal waarin die leerlinge onderrig word is Engels. Daar is 600 leerlinge in 1999 en 18 onderwysers. Die matriekuitslae het die afgelope jare verbeter vanaf 30% in 1996 tot 50% in 1998. Mevrou Gertrude Khumalo is die afgelope vyf jaar die hoof.<sup>14</sup> Sy het in 1998 haar B.Ed aan die Potchefstroomse Universiteit behaal en is in 1999 aanvaar as M.Ed student om die probleme wat die vroulike hoofde van skole ondervind te ondersoek. Tans is daar 635 leerlinge. Kuns word nie as vak aangebied nie. Die leerlinge stap skool toe vanaf Borolelo, ongeveer 1,5 kilometer ver. Leerlinge is nie stiptelik nie en klasse word dikwels afgegee of sporadies bygewoon. Die daaglikse rooster se tye wissel en dit was baie moeilik om 'n plek en tyd te kry om 'n les te gee en die poging is laat vaar na verskeie probeerslae. Mevrou Khumalo is 'n professionele vriendelike en realistiese persoon wat respek afdwing in die gemeenskap.

***Opmerking:*** Leerlinge is aangemoedig om aan die gemeenskaps polisieforum se kunskompetisie deel te neem. Tydens die beoordeling van die kunswerke is 'n opmerking deur die kaptein van die polisie gemaak dat die leerlinge werklike ondervinding van die geweld, inbrake en molestering het.

---

<sup>13</sup> Reebone beteken 'Ons kyk'

<sup>14</sup> Mev Khumalo is 42 jaar oud. Sy het 'n BA.HOD en B.Ed kwalifikasie. Hierdie kwalifikasies het sy op haar eie onkoste, privaat behaal. Haar ma is dood toe sy in St 6 was en niemand kon haar finansiële bystaan nie. Sy sukkel egter met bestuursvernuif en enige hulp of ekstra kennis daarin sal haar baie kan help.

Hulle werk het die tema van kriminaliteit en geweld direk verbeeld in teenstelling met die blanke skole se waarskuwingsplakkate.

**Reaksie/resultate/uitkomst t.o.v. die lesdeelname:** Die papier waarop hulle geteken het was van swak gehalte en die tekeninstrumente was inkleurpotlode en gewone potlood. Die werke was kreatief en die tema is besonder goed uitgebeeld. Gavin Young (1988:17) noem dit dat swart kunstenaars nog nie veel erg aan gekultiveerde tekenapparaat het om kreatief te wees nie.

**Terugvoer (ingevulde vraelyste):** Mev Gertrude Khumalo was deurgaans baie behulpsaam. Sy het egter gesê dat sy nie glo dat die leerlinge of onderwysers in staat sal wees om die vraelyste sonder baie hulp in te vul nie, al is dit in Engels. Sy het self 'n paar onderwysers en van die beste leerlinge uitgekies om die vraelyste in te vul. Vyftig vraelyste is aan haar gegee waarvan slegs sewe netjies ingevul teruggekom het (drie van onderwysers en vier van kinders). 'n Opname is gemaak oor die televisiekyk- gewoontes van die hoërskoolleerlinge. Hulle kyk, net soos die meeste blanke kinders, na die sepies laatmiddag. Vier persent van die leerlinge het TV's, maar hulle kyk dikwels by hul vriende se huise. Onderwys en opvoedkundige programme word slegs deur 'n baie klein persentasie leerlinge gevolg.<sup>15</sup>

**Gevolgtrekking/aanbeveling:** Dissipline, stiptelikheid en roetine is noodsaaklik by 'n skool om 'n beeld van kwaliteit en uitmuntendheid na buite uit te straal. Gavin Young (1988:17) noem ook dat swart skoliere ekspressiewe kuns lewer ten spyte van goeie papier, verf of duur tekenmateriaal.


---

<sup>15</sup> Persoonlike gesprek en opname met Frik Coetzee, rekeningkunde onderwyser, Reebone.



*Figuur 4d: Wentekening aangewys in gemeenskapspolisieform-kunskompetisie*





Figuur 4e: Verskeie tekening inskrywings in gemeenskapspolisieforum kompetisie

• Fokusgroep 5: LAERSKOLE & KLEUTERSKOLE

- LAERSKOLE:**
- a) Swartruggens Primary (Indiërskool)
  - b) Indiërdogters vir vakansielesse in kuns
  - c) Swartruggens Gekombineerd (koshuiskinders)
  - d) Radikwega-plaasskool, Schoongesicht
  - e) Boshhoek Laerskool

**KLEUTERSKOLE:** Tinini Mini School, Schoongesicht / (Swartruggens Kleuterskool/  
Metodiste Kerk Kleuterskool, Rustenburg)

- a) *Swartruggens Primary (Indiërskool)*

*Aantal leerders: 18*

*Ouderdomme: 9-15 jaar (Gr.4 - Gr.6)*

*Rassegroep/e: 4 Indiërkinders, 8 Kleurlingkinders, 6 Tswana-kinders*

*Doel: Om leerlinge deur middel van video as hulpmiddel 'n beter begrip van die kunsterm 'lyn' te gee*

**Agtergrond:** Die Indiërskool op Swartruggens se naam is Swartruggens Primary. Daar was 54 leerlinge in 1993 onder wie kleurling, Tswana en Indiërkinders.<sup>16</sup>Die taal van onderrig is Engels maar die meeste leerlinge kon Afrikaans praat en goed verstaan. Die skooltjie het tot 1994 slegs tot Gr.6 klasse aangebied. Daar was drie onderwyseresse waarvan mev Emsie Vermeulen die waarnemende hoof was. Die vorige hoof van die skool was tydelik aangestel. Hy het die Hindu geloof aangehang en was baie ongewild onder die Swartruggens gemeenskap wat Moslems is. Die

---

<sup>16</sup> Die kleurlingkinders kom van Eldoradopark in Krugersdorp af. Alle klere en lewensmiddele word aan hulle gegee deur die Indiërgemeenskap. Baie van die kinders het tragiese familie- verhale en ondervindings. Vier van die seuns se pa's is gedurende die geweldsperiode 1992-1994 dood. Die een seun wie se pa doodgesteek is se veertienjarige suster is gestuur om te gaan brood koop. Sy is wreed verkrag en langs die asdrom neergegooi. Sy is ook dood.

hoof kon geen huisvesting in die Indiërg gebied kry nie en het in die kantoor geslaap. Die verblyf in die skool het baie probleme veroorsaak en na ses maande was die hoofpos vakant verklaar. Mev Emsie Vermeulen het die groepklas Gr 1 - Gr 3 behartig asook alle kantooradministrasie. Mev SJ Visser het Gr 4, 5 en 6 gehad (18 leerlinge altesaam). Die derde onderwyser was slegs vir twee dae in die week daar om met naaldwerk, kunsvlyt en liggaamlike opvoeding te help. Karen Pretorius het voorheen in 'n swart gemeenskap vir die Departement Welsyn gewerk. Sy het simposiums gereël en dit met drama, sang en danse opgevoel. Hierdie jong dinamiese leerkrag het die dogters met haar bakkie na die blanke laerskool<sup>17</sup> se netbalbane aangery.<sup>18</sup> Mev Pretorius het onder andere 'n skoolkonsert gereël waar sy tradisionele Afrikaanse en Tswana liederes en danse aan die kinders geleer het. Daar is vooraf 'n klankbaan van die musiek gemaak deur 'n kundige op die gebied. Die kinders het hierdie ekstra aktiwiteite baie geniet maar vir die ouers was dit 'n erge aanpassing.<sup>19</sup> Daar was in November 1993 'n Vredesdag gehou.<sup>20</sup> Die leerlinge kon plakkaat maak en teken. Die reaksie was oorweldigend en aandoenlik. Hester Manicus (Gr 6), 'n kleurlingdogter wat pragtig vloeiend kon skryf, het met 'n paar stokke as raam en koerantuitknipsels van gewelddade haar plakkaat met prente geskep. Ons het die skooltuin 'kindvriendelik' gemaak deur al die skerp klippe en stene te verwyder. Daar is aan hulle vertel wat 'n 'grief' beteken en dat swarkry drie soorte mense kan maak: kliphard en bitter; traak-my-nie agtig en moedeloos; of deurskynend mooi.<sup>21</sup> Die leerlinge het met selfgemaakte griffels op die plat leiklippe geskryf en geteken.<sup>22</sup> Hulle kon dit wys as hulle wou, maar die meeste het hulle 'grudges' neergeskryf en gesê hulle wil dit self begrawe. Dit is toe ook gedoen in die nuut omgeploegde tuin.

**Opmerking:** Die leerlinge het geen formele kunslokaal gehad nie. Die videomasjien was stukkend. Die monitor was stukkend. Die platespeler was stukkend en die bandmasjien was stukkend. Die

---

<sup>17</sup> Omstandighede nog voor die nuwe bedeling en Onderwyswet

<sup>18</sup> Hierdie blanke laerskool is ontruim toe daar besluit is om Swartruggens se 200 blanke laerskoolkinders te kombineer met die 200 blanke hoërskoolleerlinge. Die laerskool het toe 'n paar jaar lank ongebruik gestaan en die netbalbane was betonbane in goeie kondisie.

<sup>19</sup> Die onderwysers het later eers bewus geword van die onmin in die Indiërgemeenskap oor hul vermyding van televisie en dansmusiek. Die ouers het uit respek vir die onderwysers nie ingemeng in die skool se besluite nie.

<sup>20</sup> Die leerlinge van die gekombineerde blanke skool het nie op dié dag 'n spesiale funksie gehou nie. Hulle is minder fel geraak deur die geweld wat soveel verskeurdheid veroorsaak het.

<sup>21</sup> As 'n mens hartseer en ongelukkigheid positief kan verwerk deur daarvoor te praat, te skrywe, te skilder, te beeldhou, te beitel of te borduur kan 'n persoon 'n hulp en seën vir sigself en andere word.

<sup>22</sup> Sien Figuur 5a (p 139) waar 'n seun met sy selfgemaakte griffel op 'n leiklip skryf.

stukkende apparaat moes deur die vyf Indiërgesinne herstel word. Nadat die videomasjien en die monitor reggemaak is, moes dit elke dag oor die stoep gestoot word om in die klas te kom. Die videomasjien en monitor is in 'n groot houtkas ingebou. Die kas kan sluit en het wielietjies waarop dit rondgestoot kan word. As die hele proses oor die hobbelrige gebarste stoep beweeg het, was iets in die masjien foutief en het die onderwyser nie die kennis gehad om dit reg te stel nie. Op verskeie geleenthede kon die video nie in die les gebruik word nie, omdat nie een van die drie personelede die instelprosedure van die elektroniese apparaat verstaan het nie. Elke dag moes die groot ongemaklike masjiene na die kantoor teruggestoot word oor die stoep om dit agter slot en grendel toe te sluit. Die klaskamers het naamlik geen diefwering nie en dit is 'n departementele reël dat alle elektroniese apparaat agter diefwerende vensters en deure geberg moet word anders word niks deur die versekering uitbetaal nie.<sup>23</sup>

**Reaksie/resultate/uitkomst t.o.v. die lesdeelname:** Mnr F Naidoo was die vakadviseur vir kuns in 1995. Hy het toevallig die skooltjie besoek en vir ons verf en waskryt gegee. Na 'n maand het hy weer die skool besoek. Ons het 'n uitstalling in die gemeenskapsaal net langs die skool van al die kunswerke wat die leerlinge van die verf en kryt gemaak het, gehou. Mnr Naidoo het ongeveer 25 werke uitgesoek vir die landwye uitstalling en die skool het 15 plekke gewen. Dit was die gebruik dat die Indiërskole se onderwysdepartement die jaarlikse gekose werke laat raam en dit dan in die vernaamste sentrums van die land uitstal. Ouers van leerlinge wie se werke gekies is, moes die koste van die raam betaal en kon dan die werk kry. Mnr Naidoo het bevestig dat Swartruggens Primary, dié Indiërskooltjie met sy 54 leerlinge die meeste inskrywings gehad het en die meeste skilderye geraam kon kry. Video's oor wiskunde en wetenskap is ook vanaf SOTAO bestel. Wanneer die onderwyseres die video's vertoon het, het meer as die helfte van die kinders op hul arms gaan lê en aan die slaap geraak. Die aanbieder was verslae en verwonderd hieroor.

---

<sup>23</sup> Diefstal in die skool en gemeenskap het sulke afmetings aangeneem dat permanente wagte aangestel is om bedags en snags die gebied te patroleer. Die Indiërgemeenskap Rodeonia is net langs die swart dorp Borolelo geleë.

Die leerlinge kon nie huis-werk huis toe neem nie omdat hulle elke middag ‘madressa’ moes bywoon.<sup>24</sup> Leerlinge kry egter baie min kans vir speel in die middag en weens die vroeg opstaan om te bid is hulle oor-moeg en raak aan die slaap as hulle doodstil moet sit en oplet na ‘n video.

**Terugvoering (ingevulde vraelyste):** Geen vraelyste is uitgegee aan die kinders nie. Daar is ook nie aan die twee personeellede gegee nie.

**Gevolgtrekking/aanbeveling:** Kulturele verskille is ‘n werklikheid in Suid-Afrika. Kennis van die verskillende kultuurgroepe is nodig om onnodige struikelblokke te oorkom. Nog ‘n groot les wat ‘n onderwyser wat van video in ‘n les gebruik wil maak moet leer, is hoe om die apparaat te verskuif sonder dat dit uitgestel raak of hoé om dit reg te maak. Daar is wel ‘n mate van aanleg, belangstelling en begrip nodig om suksesvol te leer hoe om ‘n videomasjien se monitor in te stel.<sup>25</sup> Die belangstelling en bemoeiing van ‘n vakkundige is belangrik.

---

<sup>24</sup> Dit is in ‘n leë huis langs die skool gegee deur die geestelike leier. Al die kinders se skoene word netjies voor die deur gelaat en hulle sit op die mat in die andersins leë vertrek en leer die Koran uit hul kop. Daar was van die intelligente leerlinge wat kon spog dat hulle 15 hoofstukke kon opsê. Dit is ook in die Indiërgemeenskap hul godsdienstige gebruik om vroeg op te staan en om dan die bidseremonie in die moskee by te woon. Seuns mag in die moskee ingaan maar dogters nie. Geen dogtertjie is ook in die koshuis toegelaat nie. Die dogters, mammas, oumas en tannies bid apart in hul huise.

<sup>25</sup> Lippert (1993:180) meld dat baie deeglike en noukeurige navorsing gedoen moet word alvorens daar met ‘n rekenaarsentrum begin kan word. Opleide, toegewyde instruktors en onderwysers is nodig asook persone wat die instandhouding kan doen. Die gelde wat betaal moet word en die leeftyd van die hardeware moet in ag geneem word. As ‘n individuele leerkrag ‘n videomasjien of rekenaar wil gebruik moet hy/sy self verantwoordelikheid daarvoor aanvaar. Verkieslik moet dit die onderwyser/opleier se eiendom wees en hyself moet dit verstaan, kan instel en regmaak of ‘n persoon hê wat dit kan doen.

b) *Indiërdogters vir vakansielesse in kuns*

*Aantal leerders: 10*

*Ouderdomme: 7-16 jaar (Gr 1 - Gr 6)*

*Rassegroep/e: Indiërkinders*

*Doel: Om van pottebakkersklei kunsvoorwerpe te maak*

**Agtergrond:** Van die Indiërkinders van Swartruggens Primary het gedurende die Oktober-vakansie vir ekstra kunslesse na die ateljee op die plaas Schoongesicht gekom. Hul ouers het gevra of hulle vir die lesse mag kom omdat daar so min buitemuurse aktiwiteite vir hulle bestaan. Hulle is met die skoolbussie<sup>26</sup> soggens gebring en smiddae laat gehaal vir drie dae na mekaar. Hulle was elke keer betyds. Hulle was baie beleefd en erkentlik.<sup>27</sup>

**Opmerking:** Die Indiërkinders en die ouers toon 'n respek en eerbied aan hul onderwysers wat nie tot dieselfde geloof as hulle behoort nie, deur opdragte te gehoorsaam as dit aan hulle gegee word. Om jou meerdere te gehoorsaam en te eerbiedig is ook 'n lewensreël wat seën inhou. Die gedissiplineerdheid van die fokusgroep by die Indiërskool was 'n uitstaande kenmerk. Die feit dat hulle geloof nie televisie-kyk goedkeur nie, maar die aanbieder toegelaat het om die video's te vertoon, ook in ander vakke, is 'n faktor wat met deernis onthou word. Leerlinge het die lesse besonder baie geniet. Die vreugde en oorgawe waarmee hulle elke kunsles afgewag en geniet het was 'n pluspunt. Die ouers en kinders het baie moeite gedoen om 'n goeie uitstalling van die werke te hou.

**Reaksie/resultate/uitkomst t.o.v. die lesdeelname:** Die Indiërkinders wat die vakansie-lesse bygewoon het, het die lesse oor 'vorm', met die klei, baie geniet. Een demonstrasie was van 'n

---

<sup>26</sup>Hierdie bussie ry die hoërskoolleerlinge elke dag 40 km ver aan na Rustenburg se Indiërhoërskool.

<sup>27</sup>Hulle het verkies om hul eie kos te bring en self voor te berei. Hulle het die eienaar gevra waar die vier windrigtings is en het gedurende die etensuur getrou hul godsdienstige verpligtinge nagekom deur op hul gebedsmatjies in die rigting van Mekka te bid. Hester Manicus se ouers kon nie busgeld of skoolgeld bekostig vir haar Hoërskool opleiding nie. Sy is na haar ma se suster in Johannesburg vir verdere skool en is wreed verkrag deur 'n familielid. Die verkragter dien nog tronkstraf uit.

knypotjie wat dan in 'n diertjie verander kon word deur 'n kop aan te sit en oë te maak deur 'n breinaald deur die kop te druk. Die gaatjie wat so gevorm word laat lig deur en dit laat die oë 'lewendig' lyk. Al die leerders het slegs potjies gemaak. Nie één het 'n diertjie met oë gemaak nie.<sup>28</sup> Op navraag blyk dit dat hul geloof hul verbied om mense of diere te maak aangesien hul in die hiernamaals gevra mag word om lewe aan hul skeppinge te gee. As die onderwyser hulle dwing om 'n opdrag uit te voer moet hul hul meerdere gehoorsaam. As hulle egter 'n keuse gegee word, kies hulle volgens hulle kultuur opdrag.

***Gevolgtrekking/aanbeveling:*** Daar is huidig nog baie onbegrip ten opsigte van die kultuurgebruike van die verskillende bevolkingsgroepe in ons land. Navorsing oor metodes hoe om brûe van begrip tussen spesifieke groepe te bou, kan nuttig wees (Degenaar, 1991:1-2).

---

<sup>28</sup> Op 'n vraag waarom niemand 'n dier wil maak nie was die antwoord dat hulle dit sal doen as die aanbieder hulle dit beveel. As daar egter 'n keuse aan hulle gegee word moet hul nie 'n dier of lewende wese maak nie, aangesien Allah eendag in die hiernamaals van hulle sal verwag om lewe aan hulle eie skepping te gee. Hulle vermy dus om oë in tekening te sit as daar nie 'n opdrag daartoe is nie. Hulle moet egter aan hul meerdere onderdanig wees. As die leerkrag nie hul geloof aanhang of dit nie ken nie, bly hulle gehoorsaam aan die opdrag.



*Figuur 5a: Gebruik van lyn in tekening met vetkryt en verf. Insetel: Indiërskoolkinders met moskee in agtergrond. 'n Seun van Swartruggens Primary wat met sy selfgemaakte griffel op 'n leiklip skryf.*



c) *Swartruggens Gekombineerde Skool, Koshuiskinders*

*Aantal leerders: 20*

*Ouderdomme: 6 - 9*

*Rassegroep/e: Blank*

*Typerk: Januarie 1995 - Desember 1996 (Kunslesse en video's op weeklikse basis)*

*Doel: Om die standaard van die skoolkinders se skoolwerk te probeer verbeter en kinders ná skool produktief besig te hou en te motiveer om nie ledig rond te drentel nie.*

*Agtergrond:* Swartuggens Gekombineerde Skool<sup>29</sup> kan 1 000 kinders huisves. Daar is 'n goed toegeruste seuns- en dogterskoshuis wat elkeen 200 leerlinge kan huisves. Gedurende die apartheidsjare het die skool met getalleprobleme geworstel. Toe die getalle van die blankes afneem weens die ontvolking van die platteland het die hoër- en laerskool besluit om as een skool te funksioneer.<sup>30</sup> Dit was die eerste gekombineerde skool in die voormalige Transvaal. In die Kaapprovinsie is en was sulke skole wat leerlinge van Gr 1 tot Gr 12 in een skool huisves, algemeen. Die sogenaamde Model C skole het ontstaan.<sup>31</sup> 'n Beperking is ingestel dat leerlinge met gedragsprobleme nie deur die voormalige skoolsielkundiges en maatskaplike werkers na die voormalige Rodeon Hoërskool verwys mag word nie. Die beperking van leerlinge met leer- of huislike probleme is opgehef en 'n spesiale klas is ingestel vir laerskoolkinders met leerprobleme. Die koshuise het gou gevul geraak met welsyngevalle uit Krugersdorp en die Witwatersrand. Na 1994 is die skool ook oopgestel vir ander bevolkingsgroepe. Aangesien die voertaal Afrikaans gebly het, is daar nie soveel swart leerlinge ingeskryf soos wat verwag is nie. Die personeel, die

---

<sup>29</sup>Die ou naam was Rodeon Hoërskool na aanleiding van dominee Gideon Roos wat geweldig baie positiewe opbouingswerk vir die dorp en omgewing gedoen het.

<sup>30</sup>Omdat daar soveel vrese was dat die akademiese standaarde drasties sal daal as blanke skole oopgestel sou word vir kinders van ander rasse, is baie tyd, geld en moeite gedoen om kindergetalle ook op hierdie 'gekombineerde' wyse te vermeerder.

<sup>31</sup>Die Model C is 'n skool waar die ouers van leerlinge die koste dra van telefoon, verbeterings aan geboue, instandhoudingskoste en so meer. Die onderwysdepartement van daardie provinsie betaal dan slegs die salarisse van onderwysers. Die taal- en etosvaandel waaronder onderrig plaasvind bly soos dit deur die ouers en bestuursraad besluit word. Leerlinge van enige kleur en ras mag toegelaat word solank hulle bereid is om in die vasgestelde taal en kultuur aan te pas en onderrig te word.

prefekte en die hoërskoolkinders het nie die opleiding, kennis of geduld met die 50 laerskoolkinders, waarvan die meeste Gr 1 tot Gr 3 is, nie. Hierdie kinders kom oor die algemeen uit gebroke en uiters arm huisgesinne. Sommige kinders se ouers het drankprobleme en 'n geskiedenis van herhaalde tronkstraf. Sommige se ouers is in die tronk of ander inrigtings. Dikwels is daar min dissipline, aandag of sorg tuis. Die kinders moet byna van kop tot tone voorsien word van klere en ook skoolbenodigdhede. So baie van die ouers van die plaaslike omgewing het mondelingse medelye met die omstandighede. Hulle wil die arm blanke Afrikanerkind help.<sup>32</sup> Die standaard van die skoolwerk daal egter. Diefstal en bakleiery neem toe en die las op die personeel word so groot dat dit onenigheid veroorsaak. Ten einde raad word al die personeel wat daar skoolhou verplig om ten minste vier dae en nagte per kwartaal koshuisdiens te doen om die las op die koshuispersoneel te verlig. 'n Koshuiskomitee is op die been gebring om te help met fondsinsameling en klere vir die koshuiskinders. 'n Speelkamer is ingerig met boeke, legkaarte en 'n televisiestel met videomasjien deur mev SJ Visser, wat ook leier van die koshuiskomitee was.

*Opmerking:* Om die skool se standaard te probeer verbeter is twee jaar lank gepoog om elke middag in die skool se mediasentrum opvoedkundige video's van SOTAO te wys. Ouers is gevra om te help met toesig. Die spesifieke hulp wat gegee moet word met die keuring van die programme en die kontrole oor die speelgoed is duidelik op die pligstaat aangedui en daar is ook kontrole uitgeoefen deur die koshuisvader en die diensdoende personeel. Dit het nie gewerk nie. Al was daar 'n lys opgestel sodat die gewillige mammas kon bel en uitruil het dit nie gerealiseer nie. Die leerlinge het na willekeur tussendeur opgestaan en uitgeloop of ingekom. Die stoutes het die klavier in die saal se note beskadig, ruitvensters wat pas ingesit is se stopverf uitgekrap, en ongekontroleerd op die skoolstoepe rondgehardloop en die skoonmakers in hul werk gehinder. Die maatskaplike werker, mev Marcella Hartwigsen<sup>33</sup> doen eenmaal elke week speltherapie in die speelkamer met behulp van poppe en 'n spieël wat spesiaal vir haar aangekoop is, vir dié doel, deur dames van die koshuiskomitee.

---

<sup>32</sup> Dit korreleer met die Blou denkylak (Olivier, 1994) - sien Bylaag 7 - waar dit wat reg en verkeerd is goed verstaan word maar die werklike praktiese hulp aan die slagoffer ontbreek.

<sup>33</sup> Mev Hartwigsen het 'n MA graad in die hantering van gemolesteerde kinders en haar individuele aandeel in die projek is baie belangrik.

**Reaksie/resultate/uitkomst t.o.v. die lesdeelname:** Die kunslesse is twee jaar lank aangebied. Leerlinge kon vrywilliglik kom. Die entoesiasme was oorweldigend en die groter kinders moes gereeld weggewys word omdat daar net plek vir 20 leerlinge in die kamertjie was. Die leerlinge het elke keer met plesier gewerk. 'n Paar maal is verf gemors en een dogtertjie het twee keer probeer om kaartjies uit te smokkel om iets te hê om gedurende studietyd op te teken. 'n Videomasjien en TV is aangekoop en die leerlinge kon onder toesig kyk. Die les oor 'lyn' is opgevolg deur prakties op hul geel gekleurde gordyne te mag verf. Almal wou so graag deelneem. Die materiaal en tekenapparaat is deur die navorser voorsien. Slegs vier kon aan een gordyn werk en almal kon dus op die end saamspog met hul gordyne. Die kunslesse was 'n geslaagde poging. Indien dit kon aanhou sou dit 'n welkome kreatiewe uitlaatklep vir soveel van die probleme van daardie kinders wees. Leerlinge van die Gekombineerde Skool Swartruggens wat aan die tennisklub behoort, se ouers het bygedra tot 'n fonds om die tennisbane te opgradeer. Die sinkplate van die tennishuisie se dak is twee keer afgebreek en gesteel. Die mure was gekalk en skilfer maklik af. Die gedagte was om die plekkie self 'n bietjie op te kikker met verf.<sup>34</sup> Die leerlinge het elkeen 'n gedeelte van die huisie gekry om te versier. Hulle het geordend en met konsentrasie gewerk en die resultaat was 'n vrolike skepping. Die snoepwinkel van die skool is een middag op eie inisiatief van die leerlinge geverf. Sommige tenniskinders was ook betrokke. Daar was nie vooraf leiding nie en die resultaat was nie so goed nie. Die leerlinge het mekaar geverf, die vloer besmeer en kolle op die yskaste en meubels gespat. Die tekeninge was sonder struktuur en geykte voorwerpe soos harte en katte en figure uit strookprente is nageboots.

**Terugvoer (ingevulde vraelyste):** Vraelyste is nie afsonderlik deur die kinders ingevul nie. Deur 'n mondelingse opname het dit vorendag gekom dat hulle tussen 17:00 en 19:00 TV kyk (dit is opmerklik dieselfde as dit wat deur ander fokusgroep kinders wat vraelyste ontvang het, ingevul is). Middagaktiwiteite hou hulle besig en dan kyk hulle na die 'sepies' as hulle by die huis kom. Opvoedkundige televisie word vroeër gebeeldsaai, tussen 14:30 en 15:00, met die gevolg dat geen koshuisleerling daarna kyk nie.


---

<sup>34</sup>Een middag het die leerlinge na die video oor kuns kom kyk. Die tema 'lyn' is vertoon uit die video *Wat is Kuns*.

**Gevolgtrekking/aanbeveling:** Die gevolgtrekking was dat slegs sekere persone in staat is om met kleiner kinders te werk en toesig te hou wat ordelik en sinvol is. Die oorgrote meerderheid leerlinge kyk nie graag na opvoedkundige video's nie. Omtrent net 'n derde van die kinders kyk met volgehoue belangstelling. 'n Derde skuif rond, staan op, verwissel van plek of gesels. 'n Derde vra om die kamer te verlaat en gaan dan buite toe om rond te speel of kom drentel-drentel terug. Die skoolkinders wat na 'n opvoedkundige video moes kyk het gesug en gesê: 'Ag, ons wil 'n storie kyk'. Hulle hou van stories of speletjies. Indien die opvoedkundige video's nie as integrale deel van 'n les aangebied word of as die toesighouer nie streng kontrole hou en self geïntereesd saamkyk nie, word niks bereik nie. Die onderwyseres moet 'n baie positiewe, ernstige en belangstellende medekyker wees in so 'n klassituasie. As oplossing is 'n dame aangestel wat nét verantwoordelik vir die 50 laerskoolkinders is. Sy word deur die skool betaal. Die klein seuntjies is oorgeplaas na die boonste verdieping van die dogterskoshuis en hul kamers is net met 'n ystersluithek geskei. Smiddae sit die tannie-mammie saam met hulle in die speelkamer en lesse luister en legkaarte bou en saans kyk sy saam TV of video. Kontrole en toesig is van die uiterste belang by so 'n projek. Kontrole is 'n absolute vereiste. Die meeste mense sal help as hulle betaling ontvang. Net individue met 'n ooraktiewe regterbrein en 'n jammerte vir die armes, help sonder om vergoeding te vra. Individuele aanleg, aard en belangstelling in 'n saak is dus 'n vereiste.



*Figuur 5b: Lyntekeninge om 'n versamelprent te vorm en tekeninge op speelkamer se gordyne. (groepprojek:koshuiskinders)*



*Figuur 5c: Tennishuise opgeknop (groepprojek deur tennisleerlinge)*

d) *Radikwega-plaasskool, Schoongesicht*

*Aantal leerders: 70*

*Ouderdomme: 5 - 15 jaar*

*Rassegroep/e: Swart, Setswana-sprekend*

*Doel: Kunslesse om kreatiwiteit te bevorder, plesier te verskaf en 'n bewuswording te skep van hoe kuns gebruik word vir oorspronklike idees om werkskepping en entrepreneurskap aan te help.*

*Agtergrond:* Hierdie skool is op die navorsers plaas, Schoongesicht, in die Swartruggens- distrik, geleë. Die skool is in 1977 gestig toe die huidige eienaar, Louis Visser, daartoe aangemoedig is deur 'n destydse sendingleraar van die NG Kerk van Afrika. Die skool het tans twee onderwysers en twee klaskamers.<sup>35</sup> Mev. Johanna Mabe van Zeerust<sup>36</sup> is aangestel as die eerste onderwyseres en is reeds die afgelope 22 jaar in die skool werksaam. Sy het St 8 (Gr 10) in 1972 geslaag. In 1997 het die kring direkteur, mnr Lekate die onderwysers wat nie matriek gehad het nie sterk gemotiveer om te skryf. Sy het toe sonder enige boeke of hulp graad 12 gekryf en Afrikaans en Tswana op laergraad geslaag. Sy is as 'Mistress' bekend by die kinders en plaaswerkersgesinne. Johanna het jare lank saam met haar kinders in 'n groepie van drie rondaweltjies gebly. In een van die rondaweltjies het sy skoolgehou. Die swartbord was 'n geverfde 'hardboard' op 'n esel. Sy was vrolik en het altyd gesê dat sy skoolhou geniet. In 1980 is daar twee goeie stewige klaskamers met groot vensters opgerig. Sy het 'n kursus geslaag in skooladministrasie wat haar 'n salarisverhoging besorg het. Dit het haar baie gehelp om beter te kon sorg vir haar kinders. Johanna het vir 20 jaar ook waargeneem as hoof. Na sewe jaar se alleen skoolhou het die departement vir Moses Molefe<sup>37</sup> as hulp gestuur. Hy het 11 jaar lank skoolgehou en het slegs 'n St 6-opleiding gehad. In 1996 het

---

<sup>35</sup>Die onderwysertal was sewe jaar lank slegs een en het later twee geword.

<sup>36</sup>Sy is later getroud met Jakob Tumane en het vier kinders gehad. Haar suster is oorlede en Johanna het ook haar drie kinders versorg. Johanna se ouers het in Zeerust gebly. Hulle het dikwels na die kleiner en groter kinders omgesien. Die wat moes skoolgaan het by Johanna gebly. Haar man het op Katu gewerk. Later is Jakob na 'n nader afdeling verplaas waar 'n ander vrou wat naby hom gebly het, Johanna se plek ingeneem het. Sy was toe alleen verantwoordelik vir die versorging van haar en haar suster se sewe kinders.

<sup>37</sup>Hy is 'n kunstenaar wat pragtige beeldjies van bokkies en mensfigure uit hout kan kerf. Moses het 'n voorliefde vir motorfiets en het ook later sy eie motorkar gehad. Baie dae het die seuns meer motorfietsstoot as skoolgaan geleer. Hy was byna nooit daar as die skool na 'n vakansie weer begin het nie.

mev Tumane vir mev SJ Visser gevra om te help toe die poste adverteer is. Sy het aansoek gedoen, 'n onderhoud gekry en is aangestel as hoof toe die huidige regering sy onderwysbeleid van gelyke geleenthede vir almal in plek gekry het. Mnr. Moses Molefe het 'n keuse gehad om aan te bly of 'n pakket te neem. Hy het besluit om skoolhou te los en die beloofde geld te vat. Hy wou graag 'n eie winkel begin en 'n jaar nadat hy aansoek gedoen het is die geld uitbetaal. Die leerlinge kom uit vier omliggende plase. Die kinders stap skool toe. Die verste leerlinge woon 12km ver. Hierdie plaaskinders het oor die algemeen 'n gelukkige huislike lewe. Die ouers werk op die plase en versorg hul kinders so goed as hulle kan. Twaalf van die kinders het net 'n ma wat sorg. Die leerlinge is egter arm. Hul skoolklere is nie netjies versorg nie en hul ouers betaal nie die R20 per jaar skoolfonds nie. Van die kinders is ondervoed en vir die meeste is die daaglikse beskuitjies en koeldrank pouse by die skool die eerste kos van die dag. Leerlinge kan hier net van Gr 1 tot Gr 4 skoolgaan. Die kinders gaan dan na naburige plase waar daar tot Gr 6 en Gr 7 skoolgegaan kan word. Hulle loop dan 4 kilometer of ry 20 kilometer met 'n openbare busdiens of ander openbare vervoer. Baie van die werkers sien nie kans om hul kinders ná Gr 4 verder te laat leer nie. Werk is egter baie skaars en hulle bly meestal aan op die plaas waar hulle help as dit rissie-oestyd is. Baie van hulle probeer vergeefs werk kry in naburige dorpe. Dit is hartseer om te sien dat veral die vroulike presteerders geen ondersteuning kry om verder te studeer nie.

**Opmerking:** Die beste presteerders kry elke jaar 'n prys tydens 'n funksie wat op die plaas aangebied word. Dikwels word die kind wat skolasties presteer as van meer waarde as sy eweknie wat met skoolwerk sukkel, gereken. In hierdie skool was 11 leerlinge wat in Augustus 1997 na Moedwil Kliniekskool (tussen Rustenburg en Swartruggens) kon gaan. Daar was in Julie 1997 nog die toewysing dat beurse aan 'slow learners' beskikbaar gestel kon word. Die kliniekskool het provinsie gerig geraak. Slegs leerlinge uit Noordwes is ingeneem en toe is baie van Gauteng se leerlinge nie weer toegelaat nie. Elf kinders van Radikwega plaasskool wat 15 en 16 jaar oud is (Gr 2 en Gr 3), is toegelaat om na Moedwil koshuis toe te gaan. Hulle het beurse gekry en die geleentheid is hulle gegun om 'n gestruktureerde lewe met gereelde kos, slaapplek en leergeleentheid te hê. Om die 11 kinders van skoolklere en koshuisklere te voorsien was 'n groot taak. Van die ouers kon min of geen hulp bied nie, wel baie dankbaarheid. Die terugvoer van die hoof en personeel van Moedwil oor hierdie leerlinge se vordering en gedrag is baie positief. In



1998 is 'n verdere 7 leerlinge toegelaat, ook 10 van Ramolala plaasskool. Ses van die leerlinge kon nie die druk van uithou en aanhou sonder ouer ondersteuning, weg van die huis en geen sakgeld nie, uithou nie. Hulle het net nie weer teruggegaan na die eerste koshuisnaweek nie. Twee het teruggekom na Radikwega toe al het hulle al Graad vier deurgekom. Die skoolfonds by Moedwil is slegs vyf en twintig rand per kwartaal. Dit sluit die busvervoer van hulle kinders na en van die plaas vir twee koshuis naweke en ook die vakansies in. Slegs een kind se ouers het iets betaal. As 'n ouer geld gee kom dit nie by die skool uit nie. Verantwoordelikheid en die kultuur van leer het nog nie posgevat by die plaasarbeiders nie. Die koshuise op Moedwil staan sluiting in die gesig as die beurse sou opgeskort word. Thutha Ke Matlha (Die voormalige Veldskool Martha Glatthaar se koshuise op Groot Marico in Noordwes, wat as Engelse Hoërskool omgeskakel is in 1996), en Grenville Hoërskool op Rustenburg moes almal sluit weens vandalisme, opstand en ongehoorsaamheid aan skoolreëls en weiering om skoolgeld te betaal. Die busdiens vir die plaasskool leerlinge van Moedwil is in 1999 weens gebrek aan fondse opgeskort.

**Reaksie/resultate/uitkomst t.o.v. die lesdeelname:** Die leerlinge het die afgelope twee jaar kunslesse by die navorser gekry. Die leerlinge gaan elke Donderdag en Vrydag na die plaashuis waar 'n klaskamer met TV en videomasjien ingerig is. Daar is ook lekker lang kliptafels (Swartruggens Mazista 'slate') waarop hulle kan werk. Die meeste kunsmateriaal moet deur die navorser voorsien word. Die skool besit geen skoolfondse om self verf te koop nie. Daar is vetkryt en 12 kwasse wat deur die Departement voorsien is. Die skool het ook heelwat gekleurde bordkryt. Wanneer die kryt in 'n sterk suikeroplossing gedoop word en dan daarmee op bruinpapier of donker pastelpapier geteken word, word sterk kleurrike verrassende effekte verkry. Geen gegooi met verf of ongedissiplineerde optrede het gebeur nie.

**Terugvoer (ingevulde vraelyste):** Geen vraelyste is deur Radikwega se kinders ingevul nie weens die ouderdom<sup>38</sup> en taal aspekte. Daar is wel mondelings inligting en algemene indrukke verkry

---

<sup>38</sup> Leerlinge kan hier net van Gr 1 tot Gr 4 skoolgaan.


***Gevolgtrekking/aanbeveling:*** Kinders van alle ouderdomme en bevolkingsgroepe verlustig hulle in die gebruik van verf of kryt of ander tekenmateriaal. Hierdie kinders het net soos die kleuterskoolkinders, die Indiërkinders, koshuiskinders en tenniskinders met vreugde en oorgawe gewerk.<sup>39</sup> Deur die afgelope jaar het die entoesiasme vir Vrydag se kunsles geensins afgeneem nie. Uit al die groepe kinders se werk en gedrag kan afgelei word dat kinders nog nie 'n geskeduleerde program het nie, dat die tyd wat aan 'n kunsaktiwiteit bestee word 'n aktiwiteit is wat hulle werklik geniet en dat handvaardigheid en kreatiwiteit 'n besliste plek in die skoolkurrikulum moet inneem ongeag die finansiële vermoë van die skool. Bordkryt op die skoolstoepe of skoolmure word deur die reën afgewas. Bolpuntpentekeninge op die agterkant van papier wat net aan die een kant gedruk was gee net soveel goeie tekenoefening as op duur papier. Leë koeldrankblikkies en skêre, draad en 'n tang is ook kunsmateriaal.

---

<sup>39</sup>Die ou mense in die ouetehuis het dieselfde ongedwonge ongekunstelde natuurlike genieting om met tekenapparaat te werk, uitgestraal.



*Figuur 5d: Die opleiding in kuns dmv 'n kunsvideo en die besigwees met tekeninge met lyn as tema*



Figuur 5e: Die gebruik van lyn in tekeninge van skoenlappers vir 'n groepprent (Radikwega-kindere)



Figuur 5f: Lyntekeninge van eie keuse deur leerlinge van Radikwega skool.

e) *Laerskool Boshhoek*

*Aantal leerders: 28 leerlinge*

*Ouderdomme: 10-13 jaar (Gr. 5-7)*

*Rassegroep/e: Afrikaans, Engels, Kleurling en Swart*

*Doel: Kunslesse om kreatiwiteit te bevorder, plesier te verskaf en 'n bewuswording te skep van hoe kuns gebruik word vir oorspronklike idees om werkskepping en entrepreneurskap aan te help.*

*Agtergrond:* Laerskool Boshhoek het in 1996 van 'n blanke Afrikaanse laerskool na 'n dubbelmediumskool verander. Hierdie skool is die oudste laerskool in die voormalige Transvaal. Die skool is in 1883 gestig. Die hoof is tans mev Juliana Meyer<sup>40</sup> wat reeds 26 jaar diens gelewer het. Daar was in 1997 260 leerlinge en agt onderwysers waarvan drie swart en vyf blank is. Al die onderwysers beskik oor 'n geldige onderwysdiploma. Niemand het formele kunsopleiding gehad nie. Daar is 200 swart en 60 blanke leerlinge. Die meeste kinders kom vanaf Sun City en omliggende dorpe en omgewing. Daar was net vier wat nie die R70,00 per maand skoolfonds in 1997 betaal het nie. Die leerlinge se ouers wat in Sun City werk kry goeie salarisse en stel baie belang in die leerlinge se vordering. In Boshhoek se geval kan genoem word dat die geskiedenis van die proses van oorgang in 1994/95 sigself volledig afgespeel het. Die skoolsituasie het in 'n baie kort tyd drasties verander en het baie spanning en probleme meegebring. Daar was 180 blanke leerlinge in die skool in Augustus 1995. Slegs 18 kinders het in die skool agtergebly nadat blanke ouers in 1994 hul kinders na Rustenburg Laerskool geneem het uit vrees vir die daling van standarde by die oopstel vir swart leerlinge in die nuwe bedeling.<sup>41</sup> Die skool het in Desember 1995 met hierdie 18 kinders gesluit. In 1996 het die skool ge-open met 28 blanke en drie bruin leerlinge. Die navorser is genader om vir een kwartaal die hoofpos te aanvaar omdat die vorige hoof weens die spanning en probleme nie in staat was om die hoofpos te beman nie. Die bestuursraad op Boshhoek het pal gestaan by hul voorneme om kwaliteit onderwys aan te bied. Die

---

<sup>40</sup>Mev Meyer het 'n meestersgraad in die selfbeeld-ontwikkeling van die kind. Dit kom haar baie goed te pas in haar unieke situasie.

<sup>41</sup>Sommige ouers het hul kinders 50 km ver elke dag Rustenburg toe, en 50km terug, aangery en doen dit steeds om te verseker dat hul kinders se onderrig op 'n hoë standaard bly.

kinders se velkleur het minder getel as die gesindheid van die ouers ten opsigte van dissipline, die gereelde betaling van skoolfonds en getroue skoolbesoek.<sup>42</sup> Huidig is daar 600 swart leerlinge en 4 blanke leerlinge. Daar is vier eksra klaskamers aangebou en die verkooplokale van die sportgronde is ook as klasse in gebruik. Die chroommyne se personeel en werkers se kinders gaan ook nou daar skool. Die skool se taal van onderrig is in 1999 net Engels. Kuns en Musiek het byna uitfasseer in die klaslesse. Die mediasentrum is nou 'n gewone klas. Die skool presteer goed op sportgebied. Die hoof stel baie in musiek belang. Die skoolkoor het 'n prys op die Afrikaanse Taal en kultuur organisasie se kompetisie gewen. Daar is 'n Rekenaar sentrum ingerig. Gebruikte rekenaars is van 'n CD ROM voorsien en 'n persoon van die Rekenaarmaatskappy behartig self die sentrum. Mevrou Meyer vind ook dat die Uitkoms Gebaseerde Onderwys baie positiewe aspekte bevat maar dat die herhaling en indril van basiese feite nie genoeg aandag kry nie. Kinders leer deur herhaling. Een onderwyseres is afgesonder en 'n spesiale stoorkamertjie is ingerig as Remediërings sentrum om leerlinge met uitvalle op standaard te bring.

**Reaksie/resultate/uitkomst t.o.v. die lesdeelname:** In 1996, toe die les aangebied is, was daar slegs 40 leerlinge. Die les is aangebied vir 'n St 3 tot 5 (Gr 5 tot 7) groepklas. Hulle het na die les oor lyn gekyk en daarna met akriliese verf op die grys betonskoolmuur gevef. Hulle kon hulself of hul maats teken en verf en dit was vir hulle almal 'n genotvolle ondervinding. Hulle het daarvan gehou om mekaar 'af te trek' en dan die gesig en klere in te vul. Net soos by alle kinders het die besigwees met kuns 'n geïntereerdheid en volgehoue toegewydheid aan 'n taak wat plesier verskaf, deurentyd deurgeskemer. Die kinders was deurgaans traag om op te hou toe die tyd verby was. Hulle het in groepe gewerk.

**Terugvoer (ingevulde vraelyste):** Basiese inligting rondom die vraelys is mondelings van die leerlinge verkry. Meer as die helfte van hierdie leerlinge het toegang tot televisie en kyk gereeld daarna. Hulle kom ook vroeg genoeg by die huis om Kinder-TV te kyk asook na die herhalingsprogramme op 'n Saterdag- en Sondagoggend. Die skool besit 'n TV en videomasjien


---

<sup>42</sup>Regstellende aksie het tog sy tol geëis in die sin dat daar onderwysers aangestel is deur die departement en nie deur die bestuursraad nie. Die ironie van hierdie aanstellings is dat die meeste klagtes van swart ouers kom oor die gesindheid van swart onderwysers ten opsigte van skoolwerk en aandag aan die onderwys van hul kind. Die indiensopleidingsbeleid van Mev Meyer het ook hier 'n positiewe uitwerking gehad.

maar daar is nie meer 'n aparte mediasentrum nie. Die mediasentrum word as klaskamer gebruik en slegs daardie juffrou het maklike gebruikstoegang tot die videomasjien en monitor. Persoonlik besit almal TV's. Die kyktyd is tussen 18:00 en 22:00. Almal sou graag 'n videomasjien en rekenaar in hul klasse wou hê en drie het hul eie rekenaars tuis met CD ROM. Die onderwysers het wel vraelyste ingevul.

***Gevolgtrekking/aanbeveling:*** Mev Meyer doen gereeld klasbesoek en positiewe indiensopleiding met haar personeel. Daar is min reëls maar onderwysers en leerlinge weet presies wat van hulle verwag word. Aan die begin van 1999 was daar baie klagtes oor swak taalgebruik en diefstal maar weens die volgehoue positiewe voorbeeld en streng dissipline het die leerlinge se gedrag baie verbeter. Die skool brei vinnig uit. Daar is tans vier nuwe klaskamers in aanbou. Die voordeel hier is dat die Gr 1 en 2 leerlinge baie meer as die ander klasse is en 'n sterk grondslag kan gevolglik gelê word. Kultuurverskille onder die personeel moes al 'n keer deur die hoof met geduldige onderhandeling reggestel word. Klagtes mag skriftelik voorgelê word. Hierdie skool kan as voorbeeld vir die kultuur van leer voorgehou word. Swart ouers stel belang, neem deel aan ouervergaderings en betaal vir kwaliteit onderwys. Kuns sal net in privaatesse of as daar weer 'n opgeleide entoesiastiese onderwyser aangestel word, herleef. Danse, drama en sang geniet baie aandag .





*Figuur 5g: Tekeninge van hulself en hul maats op die skoolbetonmuur (Boshhoek se kinders-groepprojek)*



*Figuur 5h: Mev. Juliana Meyer en leerlinge van Laerskool Boshhoek. Nuwe klaskamers in aanbou.*

## KLEUTERSKOLE

*Tinini Mini School, Schoongesight / (Swartruggens Kleuterskool /*

*Methodiste Kleuterskool, Rustenburg)*

*Aantal leerdere: 6 leerlinge*

*Ouderdomme: 4 tot 6 jaar*

*Rassegroep/e: Swart/Blank/Geïntegreerd*

*Doel: Denke te stimuleer en te ontwikkel d.m.v. eenvoudige kunsbeginsels en om sodoende op 'n informele manier te leer*

**Agtergrond:** Op die plaas Schoongesicht is 'n kleuterskooltjie vir die plaaswerkers se kinders wat al vyf jaar bestaan. Die eerste jare was daar 16, 14, 12, agt en nou ses leerlinge. Die ouers het 'n minimumbedrag van R4,00 per maand betaal en dit is aangevul deur die eienaar. Baie van die enkelma's kon nie die 20c per dag bekostig nie. Die kleuterskooljuffrou, Bernice Tshose, het St 8 geslaag. Sy het die Boskop opleidingskursus in 1995 saam met 11 ander dames suksesvol geslaag en het besondere deeglike werk gelewer terwyl haar eie kind in die kleuterskool was.<sup>43</sup> Sy het die kursus wat op die plaas aangebied is, in die drie weke voltooi en dring toe aan op 'n hoër salaris. Dit is nie 'n staatskleuterskool nie, en dit kon nie verder deur die ouers en eienaar alleen bekostig word nie.<sup>44</sup> Tans sukkel die skool om 'n nuwe juffrou te kry.<sup>45</sup> Die skoolgeboutjie van

---

<sup>43</sup> Tans is hy 'n goeie presteerder in Rating Plaasskool

<sup>44</sup> Die werklike belangstelling, insette en hulp van die ouers en plaaseienaar se kant is essensieël. Deurlopende bemoeienis van 'n belangstellende persoon is nodig om 'n kleuterskool op 'n plaas te laat slaag. 'n Gereelde, vasgestelde salaris uit 'n standvastige bron moet aan die leerkrag betaal word. Om op die betalings van die plaaswerkers alleen staat te maak is fataal. Die aanvaarding van eie verantwoordelikheid vir die opvoeding en onderrig van hul eie kinders op plase het 'n lang en moeisame pad om te gaan. As daar nie vanuit 'n besigheidssoospunt vooraf beplan word vir 'n salaris nie, moet daar nie daarmee begin word nie. Renate Lippert (1993:180) bepleit ook deeglike voorafbeplanning. Onrealistiese salarisverwagtinge na Tegnologie-gebaseerde Leer (TBL) moet vooraf deur groot maatskappye in ag geneem word. So ook op 'n plattelandse plaas. Die hantering van armoede lê volgens Brenda Olivier (1994) in kreatiewe selfhelp-aksies. Die weerloosheid van die werklik armes in Suid-Afrika laat menige moedige idealistiese mens se moed krimp.

<sup>45</sup> Bernice wil graag verder studeer. Die navorser het aan Sukses Kollege geskryf en die inskryfvooms en boekie aan haar gegee. Daar het egter nog geen inskrywing plaasgevind nie. Bernice neem egter nou 'n kursus in Kinderevangelisasie wat deur die navorser betaal is en sy neem die opening op 'n Maandagoggend in Radikwega plaasskool waar, met groot sukses. Sy gee ook elke Sondag Sondagskool in 'n leë klaskamer vir die plaaswerkers se kinders. Bernice het twee eie kinders maar maak nou haar swaer se vier kinders ook groot.

Tinini Mini skool het nie diefstaling gehad nie en gedurende skoolvakansies en naweke was daar sporadies gevalle van inbrake deur skoolkinders. Hulle het koeldrank en koekies gevat en die speelgoed verniel.

**Opmerking:** Die kleuterskoolkinders word elke jaar minder. Dit is aan drie faktore toe te skryf naamlik:

- Die werkerskorps bly die afgelope 10 jaar dieselfde. Daar is 'n gesinsboustydperk wanneer daar klein kinders is wat later pre-primêr en primêre skool toe gaan.
- Die Gesondheidsdienste se bussie het tot aan die einde van 1996 gereeld vanaf Rustenburg die omliggende plase en skole besoek. Dit het 'n belangrike diens aan die ou mense, ma's, babas en skoolkinders gelewer. Hierdie diens is weens geldelike tekorte aan die einde van 1996 opgeskort.<sup>46</sup> Hulle was gewoon aan die bussie wat die plaas gereeld besoek het, en neem nie eie verantwoordelikheid vir hul eie en hul kinders se gesondheidsdienste nie. Die mense op plase het ook 'n vervoerprobleem weens 'n tekort aan geld en die hoë koste van openbare vervoer.
- Die arbeidswetgewing wat in 1997 vir plaaswerkers ingestel is, het meegebring dat baie gesinne na dorpe toe verhuis het in 'n poging om 'n munisipale huis te bekom. Boere het ook nie nuwe arbeiders aangestel nie.

**Reaksie/resultate/uitkomst t.o.v. die lesdeelname:** Die video's *Wat is Kuns?*, *Lyn* en *A place to play* is deur Bernice gesien. Verskeie video's wat geskik is vir kleuters is ook tot haar beskikking gestel. Swartruggens Kleuterskool en die kleuterskool van die Metodiste kerk in Rustenburg is ook genader om deel te neem aan die projek. Die juffouens het net na die video *Wat is kuns* en die video oor 'lyn' van SOTAO gekyk en die leerlinge het opdraggies gedoen. Bernice was baie getrou. Sy het elke Donderdagmiddag, weekliks, twee jaar lank na die navorser gekom om 'n hele week se lesse uit te werk en voorbereiding te doen. Sy het sukses met haar werk gehad. Die dissipline, netheid en stiptelikheid was deurgaans goed. Elke Vrydag kom die kinders na 'n

---

<sup>46</sup>As gevolg van die gerief van hierdie diens vir die mense en die min begrip waarvoor die kontrasepsie-inspuitings so belangrik is, was daar die afgelope jaar drie swangerskappe wat nie beplan was nie: Lydia - 42 jaar, Emma Tumane - St.9 en Rebekka Mogorosi - 18 jaar.

saaltjie by die plaashuis waar 'n TV en videomonitor ingestel is. Mev Tshose het dikwels haar eie radio met bandmasjien gebruik. Sy pas die apparaat mooi op en kry lof en aanmoediging van persone soos die klinieksusters en die dames van die omgewings ontwikkelingskomitee. Die kinders het graag na storie-video's gekyk en het ook gedeeltes van die video oor lyn gesien. Die leerlinge het met vetkryt en viltpenne gewerk en eenaardig genoeg steeds hul gewone bome, sonne, voëls, huise en mannetjies geteken nadat hulle 'n paar lyne getrek het om Juffrou tevrede te stel. Swartruggens Kleuterskool se kleintjies kon op die muur van hul skooltjie teken.


**Terugvoer (ingevulde vraelyste):** Die resultaat van die invul van die vraelyste deur Tinini Mini skool en Swartruggens was positief, maar een Engelsprekende juffrou van die Metodiste Kleuterskool het gesê dat die video swak is. Dit was die enigste negatiewe antwoord wat 'swak' by vraag 6 Afdeling A, ingevul het.

**Gevolgtrekking/aanbeveling:** 'n Mens sou tot die gevolgtrekking kon kom dat die kleuters se begrip, konsentrasie en insig nog nie so ontwikkel is dat die nuwe inligting veel invloed op hul tekenwerk het nie. Hulle doen die lyne-opdrag maar begin gou weer hul eie kindertekeninge maak. Hulle gebruik in elk geval onbewustelik en outomaties lyn in hul willekeurige en onpretensieuse betekenisvolle tekeninge.

Die variasie in ouderdomme by die kleuterskole wat getoets is, het ook die uitslag beïnvloed. Individuele leerlinge het sterk positief reageer op die video stimuli oor lyn. Die rook uit een huis se skoorsteen was lyn-georiënteerd. Die drie-jarige Konrad van der Walt kan al twee uur lank met die rekenaar besig bly. *Dr Seus, Paint Brush* en ander programme ken hy uit sy kop. Hy kan ook al self die videomasjien gebruik en die digitale televisie-kanale met afstandbeheer na die kinder-TV en strokiesprente oorskakel. Die lyne op blare en die lyne van die kaal takke van winterbome het hom tot die ontdekking gelei van immergroen en bladwisselende bome wat hy akkuraat kan uitwys.<sup>47</sup>

---

<sup>47</sup>Die ouderdom, gesondheidstoestand en individuele vermoë van die bejaardes het dieselfde variasie in die uitkoms beïnvloed.



*Figuur 5i: Kleuterskoolkinders besig met tekenwerk (vetkryt ,verf en elektronies)*



*Figuur 5j: Ongekunstelde kleutertekeninge*

• **Fokusgroep 6: ONDERWYSERS**

*Aantal leerders:* Swart plaasskoolonderwysers: 6

*Swart hoofde en OBE-kursusgangers in die Zeerust distrik: 48*

*Blanke onderwysers: 68*

*Ouderdomme: Gemiddeld 45*

*Rassegroep/e: Swart, Setswana-sprekend / Blank*

*Doel: Om onderwysers op te lei en 'n beter begrip te gee van kunsbeginsels sodat hulle beter lesse in kuns kan aangebied. 'n Algemene bewusmaking van die gebruik van tegnologiese hulpmiddels in enige vak of onderwerp wat hul onderrigmetodes kan verryk asook Lewenslange Leer kan ondersteun.*

**Agtergrond - plaasskole:** Die Lindleyspoort Staatwaterskema is 'n besproeiingsgebied, 20km lank, wat onder die Lindleyspoortdam geleë is.<sup>48</sup> Op die skema is vyf plaasskole wat plaaswerkers se kinders bedien. Daar is tans 160 leerlinge en nege onderwysers. Die onderwyseresse het jarelange diens, maar nie geldige onderwyskwalifikasies nie. Meeste se opleiding wissel van St 6 tot 10. Slegs twee het 'n na matriek onderwysopleiding en 'n paar vakke wat reeds geslaag is vir 'n onderwysdiploma. Vier het St 10 geslaag en vier het 'n St 8 sertifikaat.<sup>49</sup> Die navorser is in die gelukkige posisie om vanaf 1996 aktief betrokke te wees by die plaasskole deur 'n onderwyspos by Radikwega plaasskool te vul.<sup>50</sup> Vir twintig jaar was sy slegs betrokke deur belangstelling in die skool op die plaas en later deur die stigting van die Brakkenlin Omgewingsontwikkelings komitee.

---

<sup>48</sup>Die skema bestaan uit 1 600 hektaar ingelyste grond met 45 eienaars wat 30 km langs die Elandsrivier lê. Hier is 'n kanaalstelsel wat deur die boere self in stand gehou moet word. Die afgelope 15 jaar is die gebied deur ernstige droogtes gekniehalter en die boerderypotensiaal uit besproeiing het drasties afgeneem omdat die dam vir lang tye sonder water was. Tans is daar slegs vyftien boere wat besproeiingsboerdery aktief toepas.

<sup>49</sup>Moses Molefe was die enigste manlike onderwyser en het slegs 'n St.6 sertifikaat gehad. Hy het bedank om die keuse van 'n pakket geneem.

<sup>50</sup>Hierdie posisie het haar in staat gestel om in die groter Zeerust kring die 30 plaasskole se onderwysers se omstandighede te leer ken en hul kunsaktiwiteite na te vors.



Die getal plaaskinders het vanaf 1994 met meer as die helfte verminder (daar was toe 700 laerskoolkinders).<sup>51</sup> Twee skooltjies is reeds gesluit in 1997 en Patattafontein het net een onderwyseres en 15 leerlinge. As 'n skool minder as 15 leerlinge het word dit gesluit. Een van die skole (Hoëbome), gaan tot by Gr 7. Die ander net tot Gr 4 en een tot Gr 6.

**Agtergrond - plaasskoolonderwysers:** Die navorser het onderwysers uit al die nabye plaasskole uit die omgewing genader en begeleidende opleiding aan hulle gegee met die video as hulpmiddel. Hierdie onderwysers is gemotiveer om 'n les aan hul leerlinge te gee met 'lyn' en dan hulle leerders aan te moedig om iets te skep. Die onderwysers op die plaasskole in die omgewing hou al baie jare skool. 'n Paar aan wie die les gegee is, se agtergrond word kortliks gegee:

- Mev **Johanna Tumane** (48 jaar oud) hou al 22 jaar by Radikwega skool. Sy het St.8 geslaag en het waargeneem as hoof. Elke jaar moes sy tydelik heraangestel word omdat sy nie geldige ondewyskwalifikasies het nie. In 1992 het die navorser probeer om eenvoudige soeklees-tegnieke aan haar te verduidelik asook 'n paar eenvoudige studiemetodes. Sy het die kursus in skoolbestuur geslaag om as departementshoof te funksioneer. Dit het haar salaris baie verbeter. Pogings om haar en mnr. Moses Molefe te leer om deeglike voorbereiding en boekhouding te doen, het nie na wense geslaag nie. Hier is geen naskoolse bedrywighede nie en die onderwyser wat op eie inisiatief wil studeer of ekstra klasse wil aanbied, het 'n goeie geleentheid wat tyd betref. Dit realiseer egter nie. Tog het die onderwyseres die vermoë om 'n baie groot groepklas (50 leerlinge) in Gr 1 en Gr 2 te leer lees en skryf met min spanning en min hulpmiddels. Die groot, vriendelike, rustige, gulhartige 'mistress' is 'n geliefde persoon by groot en klein. Sy het vir die eerste paar jaar in 'n klein rondaweltjie skoolgehou en vertel soms hoe "lekker" dit was.
- **Mabel Legoale** (52 jaar) is hoof van Hoëbome Plaasskool, Ramolala. Hierdie skool gaan tot St 5/Gr 7. Die skool is 20 km Oos vanaf die navorser se plaas (en Radikwega-plaasskool) geleë. Sy hou al 25 jaar daar skool. Sy is 'n dinamiese vrolike vrou wat 'n baie inspirerende invloed op die omgewing se mense en kinders uitoefen. Sy het haar

---

<sup>51</sup>Baie boere hou dieselfde werkers vir jare. Hul kinders word groot en gaan uit die huis uit. Die afgelope twee jaar het heelwat boere hul werkerstal verminder. Die langdurige droogtes het baie boere bankrot agtergelaat. Die plase is deur professionele mense gekoop wat slegs een of twee gesinne op die plaas gehou het om die huis op te pas.

kwalifikasies verbeter deur selfstudie en moedig haar onderwysers voortdurend aan. Daar was 95 leerlinge in 1997 en 70 in 1999. Sy het al die omliggende skole uitgestof met atletiek. Ses van haar leerlinge is vir langafstand items Port Elizabeth toe in 1997 en 10 van haar skool se kinders is Malawi toe in 1998. Hulle het vir die Nasionale span deelgeneem en met verskeie goue medaljes teruggekeer. Sefoke (Die Modderskool) was vir 20 jaar 'n eenman skool op Korenfontein. Die skooltjie het in 1998 gesluit en Mevrou Agnes Mabe, met Standaard ses opleiding en twintig jaar diens het as vierde onderwyseres na Hoëbome, Ramolala plaasskool gegaan. Agnes het net lof van haar skool se bestuurder gekry. Sy was getrou op haar pos en haar leerlinge was goed dedisiplineer en hulle kan besonder goed lees en skryf. Sy is nou die staatmaker op Hoëbome en Mabel kan as hooforganiseerder van sport in die Zeerust kring makliker reëlings tref vir die baie administrasie, kursusse en byeenkomste omdat Agnes die klas waarneem.

**Regina Potsane** is 49 jaar oud. Sy sê haar naam beteken koningin. Sy is 'n mooi en vriendelike hoof van Patattafontein Laerskool. Regina het 3 kinders wat sy alleen grootmaak. Haar huis is op Zeerust en haar ma sien om na haar kinders. Regina het 'n Standaard agt kwalifikasie en hou al 26 jaar lank skool. Patattafontein was lank op die plaas van Meneer Cronje in die Waterval omgewing, distrik Rustenburg. Die onderwysershuisie was 'n stewige geboutjie maar die skool was baie bouvallig en nadat die skool na 'n swaar reëntyd inmekaar geval het, het Regina onder die groot ou wynboom skoolgehou vir 'n paar jaar. Die skool is omtrent 12 kilometer vanaf Hoëbome en die kinders gaan na standaard twee (graad 4) na Ramolala by Mabel Legoale. Meneer Coertze is 'n boer wat met groot implemente werk. Hy het die plaas gekoop waarop die ou blanke skool, Waterval, gebou is. Die skool het hy as stoor en werkplek ingerig. Nadat niemand bereid was om 'n bydrae te maak om 'n skool vir die werkers se kinders te bou nie, het meneer Coertze een van die huisies by die werkers kampong vir Regina gegee om as skool te gebruik. Die navorser moes op verskeie kere na 'n hoofvergadering op Zeerust vir Regina oplaai na haar blyplek op Waterval. Dit is 200 kilometer vanaf Zeerust. Sy het so jammer gevoel vir Regina in haar omstandighede totdat sy tot haar verbasing op navraag uitvind dat Regina baie tevrede met haar omstandighede is. Regina sê sy kry soveel dank en ondersteuning van die gemeenskap wat so naby om haar bly. Die kinders is by die skool

en die huisie met die groen geverfde deur het 'n televisie in waarna die kinders elke middag mag gaan kyk. Dit bevestig die navorsing van Van der Linde (1998:180) dat die kollektiwistiese aard van die Afrika kultuur daartoe lei dat swart onderwyseresse, minder eise ervaar, beter onderlinge ondersteuning in die familie-opset geniet en dus minder stress en uitbranding beleef as wit Afrikaanstalige onderwyseresse. Dit het ook die gedagte by die navorser versterk dat duur skole op plase nie in alle gevalle nodig is nie. Regina het dieselfde kleurvolle hulpmiddels en boeke ontvang waarmee haar leerders net so lekker werk as hulle eweknieë in deftige dorpskole.

**Gertrude Modise** is hoof van die plaasskool Rating, 5 km wes van die navorser se plaas. Hierdie skool het drie klasse en kinders kan tot Gr 6 hier skoolgaan. Ongeveer 60 leerlinge gaan hier skool. Gertrude se skool het drie goeie klaskamers met netjiese swartborde en goeie skoolbanke. Sy het dikwels 'n groot toeloop van kinders uit die naburige dorpe, Silverkrans en Pella, wat dan weer afneem. Gertrude se personeel wissel baie. Sy ondervind probleme met verhoudings met personeel en die bestuur. Sy het 'n Graad 12 sertifikaat en is besig met verdere studie vir 'n diploma in onderwys.

Die bogenoemde onderwyseresse het jarelange ondervinding van 'n plaasskool situasie. Hulle woonhuise is almal in Zeerust. Dit is 200 kilometer van hulle werkplek, hulle mans en kinders af. Hulle werk sonder murmuring onder hierdie omstandighede en spreek net lof en dank uit oor al die jare se "lekker" werk op die plaas. Weliswaar was daar nooit baie druk uitgeoefen om te presteer op buitemuurse gebied nie. Die skoolwerk het die basiese lees, skryf en reken ingesluit en die kinders uit die plaasomgewing is oor die algemeen gehoorsaam en soet. Hierdie onderwyseresse staar nou herontplooiing in die gesig omdat die leerlingtal so drasties gedaal het.

*Opmerking:* PC van der Westhuizen (1994:145) het navorsing gedoen oor die faktore wat werksbevrediging by die onderwyseres beïnvloed. Daar is bevind dat die belangrikheid van behoeftes die volgende is: gesonde verhoudings met leerlinge, aangename werksomstandighede en 'n regverdige werklading. Hy haal ook aan uit Steer & Porter (1975) dat die vrou hoë waarde aan haar sosiale behoeftes heg en uit Claesson&Brice(1989) wat die behoefte aan versoenbaarheid

tussen haar rol as moeder, tuisteskepper en onderwyseres uitlig. Dit blyk uit die navorsing dat administratiewe werk die aspek in 'n onderwyseres se dagtaak is waarvan sy die minste hou.<sup>52</sup> Die swart onderwyseres ervaar die meeste bevrediging uit faktore soos aangename werksomstandighede en veiligheid in die werksituasie asook gesonde verhoudinge met leerlinge. Die faktore soos persoonlike lewe en verhoudinge met kollegas bevredig ook baie. Uit die ondersoek het dit geblyk dat swart onderwyseresse meer werksbevrediging ervaar as wat algemeen gedink word. Van der Linde (1998:180) het bevind dat swart onderwyseresse baie minder uitbranding ervaar as Afrikaanssprekende onderwyseresse in voormalige Model C-skole. Uit persoonlike gesprekke met onderwyseresse kan bogenoemde stellings bevestig word. Die plaasskoolonderwyseresse ly wel dikwels aan lae moreel as gevolg van oorbelading van administratiewe werk en pligte wat hulle nie verstaan nie en nie kan afhandel nie, weens gebrek aan hulpmiddels soos 'n tikmasjien of 'n fotostaatmasjien.<sup>53</sup>

**Reaksie/resultate/uitkomst e.o.v. die lesdeelname:** Die uitnodiging is aan die juffrouens gerig om die videoles by te woon. Almal wou baie graag maar het gesê dat hulle vervoer probleme het.<sup>54</sup> Die hele video is in een sessie vertoon. Nie een van die juffrouens het aantekeninge gemaak nie. 'n Praktiese les met vetkryt en verf is daarna gedoen. Hulle het elkeen omtrent sewe werkstukkie

---

<sup>52</sup>Die groot bron van ontevredenheid by die swart onderwyseresse sentreer rondom die onderwysstelsel en die administrasie daarvan.

<sup>53</sup>Uitbranding in die onderwysberoep is al deur onder andere Gold & Roth (1993), Cherniss (1984), Faber (1983), Kyriacou (1987) en van der Linde (1998) nagevors. Hulle sien dit as verwant aan 'n onderwyser se belewing van fisiese uitputting, hulpeloosheid, depressie en ontnugtering. Van die mees kreatiewe en talentvolle onderwyseresse word hierdeur geraak. Enkele van die resultate van die stresvolle aspekte wat beleef word is afname in werkprestasie, lae moreel, selfsugtigheid, negatiwiteit, depressie, frustasie, woede-uitbarstings, verlating van beroep en ook fisiese gesondheid soos hoofpyne, maagsere en psigosomatiese toestande (Burke & Greenglass, 1993:371). Uitbranding as resultaat van langdurige stres waaraan onderwysers blootgestel word is internasionaal en nasionaal reeds nagevors by skoolhoofde en onderwysers. Die onderwyseres beleef addisionele stress. Volgens Burke & Greenglass (1993:622) het navorsing getoon dat getroude dames in alle beroepe, in vergelyking met mans, addisionele stressors beleef, soos groter gesins- en huisverantwoordelikhede, meer rolkonflik deur huis en beroep, sowel as geslagsdiskriminasie wat bydra tot die uitbrandingsindroom. In 'n klein skooltjie word baie ekstra laste ten opsigte van administrasie en algemene skoolorganisasie op 'n leerkrag gelaai.

<sup>54</sup>Die navorser het gereël dat sy hulle om 13:00 na skool sou kry op 'n bepaalde dag soos afgespreek. Drie van hulle het gesê dat hulle die bus om 13:30 moet haal. Hulle moes toe weer dadelik na die bushalte teruggeneem word. Hulle het nie kans gesien om die 15:30 bus te haal nie. Net een het toe die video gesien. Hulle het gevra of hulle dit 'n volgende keer mag sien maar dat hulle om 10:00 wil kom. Dit is toe so gereël. Al vier juffrouens het weer gekom en hul skoolkinders laat huis toe gaan. Patatta-fontein en Ramolala is ongeveer 7 km uitmekaar. Daar is gereël dat hulle ook een middag gehaal sal word. Ten spyte van al die reëlings het die derde probeerslag geslaag. Die navorser het tweemaal verniet gery om hulle te gaan haal terwyl vooraf afgespreek was. Hulle was deurentyd positief en vriendelik, maar het nie die tyd, ongerief of onkoste besef nie.

op A4 papier gedoen. Die plesier en genot wat hulle met die eerste ervaring van verf gekry het, was opmerklik. Vir die juffrouens was dit hul heel eerste ervaring ooit van verf en kryt. Die Departement van Gesondheid het in Junie 1997 'n bewusmakingsveldtog geloods oor kinderveiligheid. Leerlinge kon deelneem aan 'n kunswedstryd en een van die skole, Ramolala (Hoëbome Plaasskool), het na afloop van die videoles deelgeneem aan die wedstryd. Drie pryse is gewen. Die eerste prys was toegeken aan Hilda. Dit was die juffrou wat haar tekening ook ingestuur het!

**Terugvoer (ingevulde vraelyste):** Aan Rating is twee keer vraelyste gegee maar dit is nie terugbesorg nie. Die vraelyste is met die hulp van die aanbieder ingevul en die inligting op Afdeling B is nie betroubaar nie aangesien hulle baie raad gevra het. Die swart onderwysers wat die vraelyste voltooi het is van die omliggende plaasskole asook hoofde van skole en kursusgangers by Noordwes OBE-werkskole in die Zeerust-kring.<sup>55</sup> Die inligting op Afdeling A korreleer met dié van die blanke onderwysers. Hulle kyk gemiddeld 3 tot 4 ure televisie en tussen 17:00 en 21:00. Almal sou graag 'n TV, videomasjien en rekenaar in hul klas wou hê al is hulle nog nie in staat om dit te hanteer nie. Die gedagte dat tegnologie wondere kan verrig lê sterk in die onderwysers se denke. Die swart onderwysers het die hoogste verwagtinge van die vermoë van TV en elektroniese media ten opsigte van onderwysverbetering. Die blanke onderwysers wat die vraelyste voltooi het is onder andere van Laerskool Boshoeck, Laerskool Protea Park en Hoërskool Grenswag en Hoërskool Rustenburg.

**Gevolgtrekking/aanbeveling:** Johanna Tumane en Onica Lebeko<sup>56</sup> van Radikwega gee getrou elke Vrydag hul kunslesse en hulself en die leerlinge geniet dit baie. Die leiding en die kunsbenodigdhede word aan hulle verskaf. Dit bevestig die gedagte dat 'n mentor vir 'n hele tydperk nodig is. As daar nie opvolgwerk of vasleggingswerk gedoen word nie, word die inhoud baie gou vergeet. Hildebrand (1990:274) bevind dat die belangrikste faktor wat die onderwysers/esse motiveer om harder te werk, op die vlak lê van intrinsieke motivering. Hulle

---

<sup>55</sup> Die verslae (gebinde kopieë) wat in die OBE werkskole behandel en uitgegee is onder onderwysers, is van swak gehalte en laat nie 'n goeie indruk nie. Die drukwerk is onnet gedoen en helfte van die 'boekie' (elke verspringende bladsy) is onderstebo gebind en maak dit moeilik lees- en hanteerbaar.

<sup>56</sup> Nuwe onderwyseres wat baie onlangs by Radikwega aangestel is

word gemotiveer deur faktore in die werk self soos trots op en ego-betrokkenheid by die vak, die leerlinge se reaksies en prestasies (hetsy direk of plaasvervangend deur die leerlinge) asook die erkenning wat daarvoor ontvang word.

Indien die plaasskooltjies een oorkoepelende Mentor of helper kon hê wat toegang het tot 'n fotostaatmasjien om vraestelle en algemene inligting en hulp te verskaf sal dit 'n groot hulp wees. As die algemene tydrowende administrasie en roosteropstelling, voorbereiding en tye waarop byvoorbeeld Tswana programme op die kinder TV vertoon word, deurgegee kan word of gesamentlik gedoen kan word, sal dit die las op die groepklas onderwyseres verlig. Selfs die aanbieding van 'n kunsles een keer per maand of die broodnodige hulp en wenke in sokker, netbal en in atletiek sal 'n leemte vul en die koste van die ver afstande verminder. Die herontplooiing van een van hierdie onderwyseresse om die spesifieke administratiewe leemtes te vul is 'n aanbeveling wat aan die onderwysdepartement gemaak kan word.

**Tabel 12: Response van fokusgroep 6: ONDERWYSERS - Swart plaasskoolonderwysers (VRAELYS - AFDELING A)**

AFDELING A		JA	NEE	Geen Respons	TOTAAL
Vraag 1	Kunsopleiding	0	6	0	6
Vraag 2	Besit van elektroniese media				
Vraag 3	Besit van: TV	5	1	0	6
	Rekenaar	0	6	0	6
	Videomasjien	0	6	0	6
	CD ROM	0	6	0	6
Vraag 4	Kyk van TV*	5	0	1	6
Vraag 5	Kunsopleiding vroeër ontvang mbv elektroniese media	6	0	0	6
Vraag 6	Video <i>Wat is Kuns</i> gesien	6	0	0	6
	- beter begrip van **				
Vraag 7	Belangstelling in elektroniese media	5	0	1	6

		0-1	1-2	2-3	3-4	4-5	5-6	
4*	Getal ure TV per dag			2	2		1	5
		15h-18h	18h-21h	21h-24h				
	Tyd	2	3					5
		Swak	Gem	Goed				Uitstekend
6**	Beter begrip kategorie					4		2

**Tabel 13: Response van fokusgroep 6: ONDERWYSERS - Swart plaasskoolonderwysers (VRAELYS - AFDELING B)**

AFDELING B		JA	NEE	Geen respons	TOT
Vraag 1	Spreuk: 'Back to the Basics' as belangrikste mikpunt in die onderwys	6	0	0	6
Vraag 2	Mikpunt bereik sonder elektroniese media	6	0	0	6
Vraag 3	Klas ingerig vir elektroniese media	0	6	0	6
Vraag 4	Struikelblokke t.o.v elektroniese apparaat*				
Vraag 5	Graag in klaskamer wil hê: TV	6	0	0	6
	Video	6	0	0	6
	Rekenaar	6	0	0	6
Vraag 6	Belangstellende onderwyser moet eie apparaat aanskaf en oppas	4	2	0	6
Vraag 7	Elektroniese apparaat hoort eerder in privaat skole	0	6	0	6
Vraag 8	Elektroniese apparaat is van groter waarde in remediërende as gewone onderrig	0	6	0	6
Vraag 9	Elektroniese apparaat is van groter waarde in verrykende as gewone onderrig	4	2	0	6
Vraag 10	Kuns as vak 'n plek in onderwysstelsel	6	0	0	6
Vraag 11	Kunsaanbieding deur onderwyser self	6	0	0	6
Vraag 12	Kunsapparaat (verf,papier) beskikbaar	0	6	0	6
Vraag 13	Aanbieding van kuns **				
4*	Geen elektrisiteit	6	0	0	6
	Skool besit nie elektroniese apparaat nie	6	0	0	6
	Weet nie hoe om apparaat te gebruik nie	6	0	0	6
	Kan dit nie herstel nie	6	0	0	6
	Moeite om apparaat in klaskamer te kry	0	0	6	6
	Moeite om kinders in mediasentrum te kry	0	0	6	6
	Min programmatuur	0	6	0	6
	Te veel leerlinge in klas	0	6	0	6
	Wil nie verantwoordelikheid aanvaar vir duur apparaat nie a.g.v: onveiligheid	6	0	0	6
	geen diefwering	6	0	0	6
	diefstal	6	0	0	6
	onhandigheid	6	0	0	6
	vandalisme	6	0	0	6
13**	Aanbieding van kuns is: te duur				
	leerlingtalte groot	0	6	0	6
	lokale nie geskik	0	6	0	6






*Figuur 6a: Mev Johanna Tumane en Moses Molefe by die eerste skoolgebou van Radikwega. Mev Hannatjie Visser en Johanna by die ou plaasopstal wat tans as skool ingerig is. (1996-1999)*



*Figuur 6b: Mev Gertrude Modise by Laerskool Rating. Lindleyspoort Laerskool se ablusieblok en gradeklas wat oorgebly het nadat sandsteen gedeelte verskuif is.*




*Figuur 6b: Mev Gertrude Modise by Laerskool Rating. Lindleyspoort Laerskool se ablusieblok en gradeklas wat oorgebly het nadat sandsteen gedeelte verskuif is.*



*Figuur 6c: Mev Regina Potsane, Patattafontein met die skool se leerlinge.*



*Figuur 6d: Lindleyspoort Laerskool wat in Pelgrimsrust as Golfklubhuis opgerig is*



*Figuur 6e: Anglikaanse Kerk (Rustenburg). Die saal word as kleuterskool gebruik.*



*Figuur 6f: Brakkloof skool wat in 1992 gesluit het en Mev Mabel Legoale met die leerlinge van Ramolala Plaasskool.*

**Tabel 14: Response van fokusgroep 6: ONDERWYSERS - Swart hoofde en OBE-kursusgangers in die Zeerust-distrik (VRAELYS - AFDELING A)**

AFDELING A		JA	NEE	Geen Respons	TOTAAL
Vraag 1	Kunsopleiding	12	36	0	48
Vraag 2	Besit van elektroniese media	18	26	4	48
Vraag 3	Besit van: TV	21	23	4	48
	Rekenaar	3	40	5	48
	Videomasjien	11	32	5	48
	CD ROM	2	41	5	48
Vraag 4	Kyk van TV*	44	4	0	48
Vraag 5	Kunsopleiding vroeër ontvang mbv elektroniese media	0	40	8	48
Vraag 6	Video <i>Wat is Kuns</i> gesien	4	36	8	48
	- beter begrip van **				
Vraag 7	Belangstelling in elektroniese media	33	6	9	48

		0-1	1-2	2-3	3-4	4-5	5-6	
4*	Getal ure TV per dag	6	7	12	7	5	7	44
		15h-18h	18h-21h	21h-24h				
	Tyd	0	43	1				44
		Swak	Gem	Goed				Uitstekend
6**	Beter begrip kategorie	0	4	0				0



**Tabel 15: Response van fokusgroep 6: ONDERWYSERS - Swart hoofde en OBE-kursusgangers in die Zeerust-distrik (VRAELYS - AFDELING B)**

AFDELING B		JA	NEE	Geen respons	TOT
Vraag 1	Spreuk: 'Back to the Basics' as belangrikste mikpunt in die onderwys	40	1	7	48
Vraag 2	Mikpunt bereik sonder elektroniese media	25	15	8	48
Vraag 3	Klas ingerig vir elektroniese media	17	25	6	48
Vraag 4	Struikelblokke t.o.v elektroniese apparaat*				
Vraag 5	Graag in klaskamer wil hê: TV	36	2	10	48
	Video	37	2	9	48
	Rekenaar	37	2	9	48
Vraag 6	Belangstellende onderwyser moet eie apparaat aanskaf en oppas	5	27	16	48
Vraag 7	Elektroniese apparaat hoort eerder in privaat skole	10	25	13	48
Vraag 8	Elektroniese apparaat is van groter waarde in remediërende as gewone onderrig	20	6	22	48
Vraag 9	Elektroniese apparaat is van groter waarde in verrykende as gewone onderrig	14	13	21	48
Vraag 10	Kuns as vak 'n plek in onderwysstelsel	37	5	6	48
Vraag 11	Kunsaanbieding deur onderwyser self	26	17	5	48
Vraag 12	Kunsapparaat (verf,papier) beskikbaar	16	27	5	48
Vraag 13	Aanbieding van kuns **				
4*	Geen elektrisiteit	24	11	13	48
	Skool besit nie elektroniese apparaat nie	27	6	5	48
	Weet nie hoe om apparaat te gebruik nie	35	4	9	48
	Kan dit nie herstel nie	30	1	17	48
	Moeite om apparaat in klaskamer te kry	15	18	15	48
	Moeite om kinders in mediasentrum te kry	6	6	36	48
	Min programmatuur	20	11	27	48
	Te veel leerlinge in klas	15	18	15	48
	Wil nie verantwoordelikheid aanvaar vir duur apparaat nie a.g.v: onveiligheid	4	0	44	48
	geen diefwering	18	0	30	48
	diefstal	6	0	42	48
	onhandigheid	10	0	38	48
	vandalisme	5	0	43	48
13**	Aanbieding van kuns is: te duur	21	17	10	48
	Leerlingtal te groot	12	22	14	48
	lokale nie geskik	11	22	15	48

**Tabel 16: Response van fokusgroep 6: ONDERWYSERS - Blanke onderwysers  
(VRAELYS - AFDELING A)**

AFDELING A		JA	NEE	Geen Respons	TOTAAL
Vraag 1	Kunsopleiding	16	52	0	68
Vraag 2	Besit van elektroniese media	58	10	0	68
Vraag 3	Besit van: TV	61	7	0	68
	<b>Rekenaar</b>	46	22	0	68
	Videomasjien	54	14	0	68
	<b>CD ROM</b>	18	50	0	68
Vraag 4	Kyk van TV*	41	27	0	68
Vraag 5	Kunsopleiding vroeër ontvang mbv elektroniese media	2	65	1	68
Vraag 6	Video <i>Wat is Kuns</i> gesien	7	61	0	68
	- beter begrip van **				
Vraag 7	Belangstelling in elektriese media	53	8	7	68

		0-1	1-2	2-3	3-4	4-5	5-6	
4*	<b>Getal ure TV per dag</b>	21	19	0	0	0	1	41
		15h-18h	18h-21h	21h-24h				
	Tyd	7	27	7				41
		Swak	Gem	Goed				Uitstekend
6**	Beter begrip kategorie			1				6

**Tabel 17: Response van fokusgroep 6: ONDERWYSERS - Blanke onderwysers  
(VRAELYS - AFDELING B)**

AFDELING B		JA	NEE	Geen respons	TOT
Vraag 1	Spreek: 'Back to the Basics' as belangrikste mikpunt in die onderwys	55	12	1	68
Vraag 2	Mikpunt bereik sonder elektroniese media	31	33	4	68
Vraag 3	Klas ingerig vir elektroniese media	40	47	2	68
Vraag 4	Struikelblokke t.o.v elektroniese apparaat*				
Vraag 5	<b>Graag in klaskamer wil hê: TV</b>	49	15	4	68
	Video	52	12	4	68
	Rekenaar	50	14	4	68
Vraag 6	Belangstellende onderwyser moet eie apparaat aanskaf en oppas	10	54	4	68
Vraag 7	Elektroniese apparaat hoort eerder in privaat skole	6	59	3	68
Vraag 8	Elektroniese apparaat is van groter waarde in remediërende as gewone onderrig	24	41	3	68
Vraag 9	Elektroniese apparaat is van groter waarde in verrykende as gewone onderrig	31	32	5	68
Vraag 10	Kuns as vak 'n plek in onderwysstelsel	57	10	1	68
Vraag 11	Kunsaanbieding deur onderwyser self	24	43	1	68
Vraag 12	Kunsapparaat (verf, papier) beskikbaar	50	15	3	68
Vraag 13	Aanbieding van kuns **				

4*	Geen elektrisiteit	2	60	6	68
	Skool besit nie elektroniese apparaat nie	4	60	4	68
	Weet nie hoe om apparaat te gebruik nie	0	64	4	68
	Kan dit nie herstel nie	58	1	9	68
	Moeite om apparaat in klaskamer te kry	38	44	6	68
	Moeite om kinders in mediasentrum te kry	20	43	5	68
	Min programmatuur	21	42	5	68
	Te veel leerlinge in klas	29	24	5	68
	Wil nie verantwoordelikheid aanvaar vir duur apparaat nie a.g.v: onveiligheid	8	10	40	68
	geen diefwering	14	15	39	68
	diefstal	13	14	41	68
	onhandigheid	5	22	41	68
	vandalisme	16	11	41	68
13**	Aanbieding van kuns is: te duur	16	33	19	68
	Leerlingtal te groot	30	24	14	68
	lokale nie geskik	36	21	11	68

• **Fokusgroep 7: BELANGSTELLENE PERSONE**

*Aantal leerders: 30*

*Ouderdomme: 20-70 (gemiddeld 45)*

*Rassegroep/e: 28 Blank/ 2 nie-Blank*

*Doel: Om vas te stel of persone sonder die hulp van 'n aanbieder met die hulp van elektroniese media alleen 'n beter begrip van die algemene kunsbeginsels kan bekom.*

**Agtergrond:** Net soos 'n mens kunskritici kry wat in kuns belangstel maar nie self kunswerke skep nie, is daar mense uit alle vlakke en alle beroepe in die samelewing wat nie as kunstenaars van beroep sal deurgaan nie, maar wat wel deeglik in kuns en kunsaktiwiteite belangstel. Die video is ook aan persone gegee wat dit op hul eie en in hul eie tyd bestudeer het. Hulle is ook gevra om die vraelys in te vul. Hierdie persone het nie hulp van die onderwyser of aanbieder gekry nie, buiten dit wat in die video aangebied is. Hulle is persone wat toevallig van die video gehoor het, of dit by 'n vriend gesien het of 'n persoon wat aan die aanbieder gesê het hy stel belang en dan is die video aan hom of haar geleen.

**Reaksie/resultate/uitkomst t.o.v. die lesdeelname:** Hierdie mense se reaksie was oorwegend besonder positief. Die persone se vlak van geleerdheid en geletterdheid is ver bo die gemiddelde persone. Hulle het ten minste vier tot sewe jaar opleiding na matriek.

**Opmerking:** Hierdie persone het spontaan gereageer op die video. Daar is nie druk op hulle uitgeoefen om na die video te kyk nie.

**Terugvoering (ingevulde vraelyste):** Die vraelyste is volledig ingevul met sinvolle wenke en sterk aanmoediging. Daar is ook die meeste vrae gevra en kritiek op die video ten opsigte van die inhoud is uitgespreek. Positiewe wenke is gegee byvoorbeeld dat die video in leseenhede aangebied moet word. Twee van die persone sou ook meer uitgebreide kennis oor kuns as net die basiese wou hê. Die meeste kritiek en wenke het gekom van die belangstellende persone wat kunsopleiding gehad het (13 uit 38). Die grootste dankbaarheid en lof het gekom van die persone wat nog nooit

kunsopleiding gehad het nie (28 uit 38). Die helfte van die persone het aangedui dat 'n persoon wat in elektroniese media belangstel hul eie apparate moet aanskaf en verantwoordelikheid daarvoor moet aanvaar. Byna almal besit hul eie elektroniese apparaat. Hierdie persone kyk ongeveer een tot twee ure televisie. Sewe uit 30 kyk wel twee tot drie ure saans. Die meeste kyk nuus en sport. Hoe hoër die akademiese kwalifikasie, hoe minder ure word daar aan TV-kyk spandeer. Die persone gebruik TV vir inligting en nie vir vermaak nie.

***Gevolgtrekking/aanbeveling:*** Die ideale toestand is dat mense uit vrye wil leer en kennis wil opdoen. Selfstudie op eie tyd en eie koste lewer die beste resultate.

**Tabel 18: Response van fokusgroep 7: BELANGSTELLEENDE PERSONE (VRAELYS - AFDELING A)**

AFDELING A		JA	NEE	Geen Respons	TOTAAL
Vraag 1	Kunsopleiding	10	28	0	38
Vraag 2	Besit van elektroniese media	38	0	0	38
Vraag 3	Besit van: TV	37	1	0	38
	Rekenaar	30	8	0	38
	Videomasjien	35	3	0	38
	CD ROM	19	19	0	38
Vraag 4	Kyk van TV*	33	5	0	38
Vraag 5	Kunsopleiding vroeër ontvang mbv elektroniese media	2	36	0	38
Vraag 6	Video <i>Wat is Kuns</i> gesien	28	10	0	38
	- beter begrip van **				
Vraag 7	Belangstelling in elektroniese media	36	2	0	38

		0-1	1-2	2-3	3-4	4-5	5-6	
4*	Getal ure TV per dag	15	11	6		1		33
		15h-18h		18h-21h		21h-24h		
	Tyd			30		3		33
		Swak		Gem		Goed		Uitstekend
6**	Beter begrip kategorie			4		14		10

**Tabel 19: Response van fokusgroep 7: BELANGSTELLENDEN PERSONE (VRAELYS - AFDELING B)**

AFDELING B		JA	NEE	Geen respons	TOT
Vraag 1	Spreuk: 'Back to the Basics' as belangrikste mikpunt in die onderwys	25	3	10	38
Vraag 2	Mikpunt bereik sonder elektroniese media	26	2	10	38
Vraag 3	Klas ingerig vir elektroniese media	24	4	10	38
Vraag 4	Struikelblokke t.o.v elektroniese apparaat*				
Vraag 5	Graag in klaskamer wil hê: TV	22	4	12	38
	Video	25	1	12	38
	Rekenaar	25	1	12	38
Vraag 6	Belangstellende onderwyser moet eie apparaat aanskaf en oppas	19	12	17	38
Vraag 7	Elektroniese apparaat hoort eerder in privaat skole	5	21	12	38
Vraag 8	Elektroniese apparaat is van groter waarde in remediërende as gewone onderrig	4	22	12	38
Vraag 9	Elektroniese apparaat is van groter waarde in verrykende as gewone onderrig	4	22	12	38
Vraag 10	Kuns as vak 'n plek in onderwysstelsel	25	2	11	38
Vraag 11	Kunsaanbieding deur onderwyser self	12	15	11	38
Vraag 12	Kunsapparaat (verf, papier) beskikbaar	18	4	16	38
Vraag 13	Aanbieding van kuns **				

4*	Geen elektrisiteit	5	20	13	38
	Skool besit nie elektroniese apparaat nie	5	21	12	38
	Weet nie hoe om apparaat te gebruik nie	3	23	12	38
	Kan dit nie herstel nie	26	0	12	38
	Moeite om apparaat in klaskamer te kry	9	26	13	38
	Moeite om kinders in mediasentrum te kry	10	24	4	38
	Min programmatuur	9	23	6	38
	Te veel leerlinge in klas	7	25	6	38
	Wil nie verantwoordelikheid aanvaar vir duur apparaat nie a.g.v: onveiligheid	4	30	14	38
	geen diefwering	7	17	14	38
	diefstal	9	15	14	38
	onhandigheid	5	17	14	38
	Vandalisme	4	20	14	38
13**	Aanbieding van kuns is: te duur	3	24	11	48
	leerlingtal te groot	5	18	15	48
	lokale nie geskik	8	8	22	48

He who fails to plan fails | What? Where? Who? Why? When? How?  UNIVERSITEIT VAN PRETORIA UNIVERSITY OF PRETORIA YUNIBESITHI YA PRETORIA

Moenie meer afbyt as wat jy kan kauwe

wise - penny pound foolish!

Doen wat jy kan waar jy is met wat jy het.

Proverbs 22/9 Show me a man who does a good job and I'll show you a man who is better than most and worthy of the company of Kings.

Leë hante




leë glasbottels met mooi verwerde deksels. Kinderspeelgoed. Opvoedkundige speelgoed?

neute

fudge

tomaties

gebuijgde draad om die voeljie verder aan op te hang in 'n boom naby jou venster.



blikkie vir water

krummeplaatjie

bakkie vir kos.

oorbelle koop by Kraaines in Rustenburg.




verf knope - maak met kunsklei of lap




Planties



wilde boompies



BONSAI




in Goudvisse in geverfde bottels



geverfde of vir hangers of vir vensters.



gevegte maties - baaltou - gras - stokkies - lap ou sykoue hekel plastiese sak wat in stroke gesny is "rattles" = ratels



ou koffieblik oorgetrek met rubber wat uit ou binnebande gesny is - dis 'n trom of drom vir kleuterskoolkinder



Houtblokkies of sykoue vir kleuterskool.



balle van


Allerhande soorte houers / boksies vir geskenkies of verrassings.

Syserpe Knoop + doop Verf op lap

Bak koekies beskuit - Biltong in klein sakkies.



draadblomme.



Eierbroeimasiene

toiletjie brei in R5.00 tafel in R2.00 tafel.

Maak 'n groot duidelike advertensie - Prys duidelik. Dink nodige werk uit! Bante skuur Klasse vee

Droe sade gras rose Fakies doppe

crisier gaas


Plant

greente en verkoop dit



Brietkaartjies.

Verf T-hemde




verkoop kuitens



## HOOFSTUK 7

# Sintese



*'Kennis is mag'*

*'Thuta ke matla'*

*Kennis is direk verbind met ontwikkeling.  
Die kwaliteit van lewensstandaard hang af  
van die opvoedingspeil. (Madeleen Claasens)*

## INLEIDING

Op grond van die dikwels teenstrydige aansprake en uitsprake oor die moontlikhede al dan nie van Tegnologie Gesteunde Onderwys in die media en navorsingsliteratuur kan dit verwarrend inwerk op die gemoed van onderwyskundiges en ouers wat dikwels besluite moet neem oor die aankoop van duur rekenaars en toerusting vir onderrigdoeleindes in die huis, skool of instansie. In Suid-Afrika is daar 'n verskeidenheid ontwikkelingsvlakke en denkrigtings uit die groepe wat die Reënboognasie vorm. In die proses van verandering en vernuwing in die onderwys moet versigtige en korrekte keuses gemaak word om die brose struktuur in stand te hou en uit te bou tot 'n stewige werkbare stelsel uniek aan Suid-Afrika se omstandighede. In 1994 het die huidige regering meer as 300 geskrewe aanbevelings uit alle sektore van die bevolking insake sy onderwysbeleid ontvang. Die beleidsraamwerk is in 1995 gepubliseer met die sleutelkenmerke van hoe en deur wie dit geïmplementeer moet word. Die onderwys- en opleidingsbeleid vorm 'n integrale deel van die nasionale Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP). Die beskikbaarstelling van geleenthede vir mense om hulself te ontwikkel en die lewenstandaard te verhoog moet nagestreef word. In Januarie 1997 is die nuwe Onderwyswet in werking gestel. Vanweë die veranderde persepsie wat deur Kurrikulum 2005 geskep word oor rigiede slaag- en druipevereistes en die vervanging daarvan met 'n stelsel van leeruitkomste en lewenslange leer, is daar weer unieke geleenthede om die breë onderwyskorps van inligting te voorsien oor hoe om die nuwe tegnieke toe te pas. Indien daar van tegnologie gebruik gemaak kan word in die heropleiding van onderwysers kan baie tyd en geld bespaar word aan reiskostes en verblyf. Vanweë die snelle verandering gebeur dit dat die skoolverlater se kennis reeds gou verouderd is of dat dit verryk moet word in die werksituasie. Nie alleen hou die spesifieke werksgeleenthede aan om te verander nie, maar mense hou aan om van werk te verander. Tegniese opleiding het 'n lewenslange proses geword vir elke land se werksmag omdat die tegnologie, byvoorbeeld rekenaars, snel verander.<sup>1</sup>

---

<sup>1</sup> Die Apple eMate 300 is 'n mobiele rekenaar wat met batterye werk. Die batterye het 'n 28-uur leeftyd. Elektrisiteit is dus nie 'n vereiste nie en die rekenaar kan feitlik enige tyd en enige plek gebruik word

Die ekonomiese groei in Suid-Afrika (die groei nadat die inflasiekoers in berekening gebring is) het die afgelope 30 jaar van 6 persent in die vroeë sestigerjare gedaal tot een persent in die vroeë negentigerjare. Uit die verslag van die SADEK lande, Julie 1999, blyk dit dat Suid-Afrika van die 89ste plek in 1998 tot die 134ste plek uit 174 lande gedaal het. Dit word onder andere bereken uit faktore soos die behandeling en voorkoming van Vigs, die werkloosheidspeil, geweldsvlakke en die stand van die ekonomie. Daar is 'n hoë werkloosheidsyfer in Suid-Afrika en die persentasie verhoog weens privatisering, die verlaging van die goudprys en ander faktore. Faktore soos die internasionalisering van ondernemings, 'globalisation', die verandering in die basiese ekonomiese faktore en teorieë, tegnologiese veranderinge en die ontwikkeling van inligtingstechnologie stel nuwe eise aan ondernemings en bestuur. Genoemde faktore sowel as toenemende mededinging en sosiale verandering het 'n afname in groei van ondernemings tot gevolg gehad. Die antwoord op die uitdagings van die hede en die toekoms is **innovasie**. Innovasie word vandag wêreldwyd as nasionale prioriteit beskou.<sup>2</sup> Die rol van die **individu** in hierdie proses word sterk beklemtoon.

'n Artikel deur dr Theo Veldsman (1997:4-6) oor die 'veranderde werk-wêreld' is in die nuusbrief van die RGN, *The graduate*, gepubliseer. Veldsman, 'n kenner op die gebied van organisatoriese effektiwiteit, beweer dat verandering op die gebied van die tegnologie baie vinniger gaan plaasvind in die toekoms. Organisasies gaan meer kompleks word omdat die vloeï van informasie so vinnig uitbrei. Die konsep van 'globalisation' is 'n werklikheid, asook die deursigtigheid van internasionale grense. In 'n onlangse studie deur die Europese Unie word beweer dat 80 persent van die hedendaagse werkseleenthede nie meer in sy huidige

---

(Arnold, 1997:14).

<sup>2</sup> Daar word onderskeid getref tussen 'n **entrepeneur** en 'n **entrepreneur**. 'n **Entrepeneur** is 'n dromer of 'n persoon met visie wat oorgaan tot optrede binne-in 'n gevestigde saak. Dit is 'n persoon wat persoonlik verantwoordelik is vir innovasie in 'n onderneming. Wood, aangehaal deur Du Preez (1991:14) meen die **entrepeneur** kan die uitvinder of skepper wees, maar die vereiste is om die idee of uitvinding te omskep in 'n winsgewende realiteit en die risiko en bestuur daarvoor te aanvaar. Wêreldwyd is daar groter druk op ondernemings om te innoveer. Die internasionalisering van ondernemings, tegnologiese veranderinge, die bewaring van die omgewing, internasionale politieke verandering (byvoorbeeld Oos-Europa, Rusland en Suid-Afrika), asook interne faktore soos die verandering in die bestuurstaak, produktiwiteit, die kwaliteit van die werklewe en die verandering in die werknemerprofiel wat bestuursvernuf en **kreatiwiteit** vereis, verg kreatiewe innovering.

vorm in die jaar 2000 sal bestaan nie. Twintig persent van professionele vaardighede sal onnodig en uitgedien wees 'n enkele jaar na graduering!

Om in die moderne organisasies te kan kompeteer is **kreatiewe, innoverende** denke nodig. 'n Vermoë om op langtermyn doelwitte te fokus, om deurdagte kansen te waag, om sosiale vaardighede te ontwikkel, om 'n buigbaarheid ten opsigte van verandering te kan hanteer en om die diversiteit in mense te aanvaar, veral ook in die gesindhede ten opsigte van werk, is essensieel. Die tradisionele Protestantse etiek wat werk as 'n plig gesien het, is deur ander waardes vervang. Werk word gesien as 'n middel tot 'n doel, byvoorbeeld om ondervinding op te doen, of as selfekspresie en selfverwesenliking. In één omgewing kan al hierdie verskillende perspektiewe saam bestaan.

Die onderwyssisteem in Suid-Afrika moet op laerskoolvlak begin om lewensvaardighede aan kinders te leer en om kennis toe te pas (Kurrikulum 2005). Konseptuele probleemoplossende vaardighede word gekoppel aan mens-oriëntasie en sosiale vaardighede. Kunsonderwys leen hom daartoe om samewerking met mense, selfverwesenliking en kreatiwiteit te ontwikkel.<sup>3</sup> Om onderwys te gee en lesse so te beplan dat die leerders doelgerig gelei word om 'nuut' te sien en te dink en te onthou in die kort bestek van 'n leseenhede of een leerervaring, verg ook innoverende denke van die onderwyser. Faktore wat geheue beïnvloed is die assosiatiewe bande met die lesonderwerp. Dit word in die les ingebou, sodat die leerling dit wil onthou. Die basiese vaardighede van lees, skryf en reken moet steeds stewig vasgelê en ingedril word.

Die sluitsteen en hoeksteen vir 'n multikulturele samelewing is 'n gemeenskaplike kultuur van menseregte. Die uitkomst van multikulturele onderwys was tot dusver ietwat teleurstellend. 'n Belangrike oorsaak is die rol van kultuur in onderwys (Van Niekerk, 1996:50-54). Skepping van gelyke geleenthede vir alle individue is 'n ideaal wat moeilik realiseerbaar is. 'n Herwaardering van die ryk kultuurerfenis wat mense vir mekaar kan oopmaak verg 'n sprong in welwillendheid, 'n paradigmaskuif, 'n hartsverandering. Kuns kan hier 'n besondere

---

<sup>3</sup> Exactly the same basic principles apply to ordinary education as to the teaching of art. 'Hierdie woorde is in 1946 deur Clive Bell in sy boek *Art* gebruik. Dit is in 1999 nog van toepassing. Die klem moet val op self-uitdrukking. In elke kind en volwassene bestaan die vermoë om deur ontdekking te leer. Die onderwyser moet die kind lei sodat hy 'n individuele ekspedisie kan maak en dit wat hy ontdek het, in die gewone lewe kan toepas. Kuns leen hom by uitstek tot hierdie ontdekkingsreis.

bydrae lewer omdat daar nie 'n wen of verloor element ingebou is nie. Die rekenaar kan van 'n baie jong ouderdom ingespan word om 'n kind met kleure, vorms en die uitoefening van keuses en besluitneming te help. Die werklike fisiese spel met klei, verf en water kan nie deur 'n rekenaar, video of Televisie-uitsending vervang word nie. Indien die voorbeeld op bogenoemde media van so 'n aard is dat dit die kind of onderwyser so kan motiveer dat hy daardeur op sy eie onafhanklik kan voortgaan om 'n kunswerk of gebruiksartikel te skep, is die doel bereik.

## BEANTWOORDING VAN HOOFVRAAG EN SUBVRAE

Beantwoording van die hoofvraag en subvrae wat gestel is in die Oriënteringshoofstuk voor die ondersoek begin is, word een vir een onderneem met terugskouing op die navorsing en direkte uitkomst wat daarmee ondervind is:

### HOOFVRAAG

**Kan die video as opleidingshulpmiddel 'n bydrae lewer in kunsonderwys en, as 'n voorbeeldtipe van elektroniese media, help om 'n nuwe leerkultuur in Suid-Afrika, in formele asook informele onderwys, te skep?**

Hierdie navorsing met die video as opleidingshulpmiddel kon ook met 'n vak soos musiek of wiskunde of enige ander skoolvak gedoen geword het. Kuns is egter 'n universele en algemeen geliefde en verstaanbare medium. Kuns dek 'n wye spektrum van vaardighede. Dit is 'n natuurlike integreringsmiddel van die regter- en linkerbreinhelftes. Dit kan in enige vak gebruik word om dit te verhelder of interessant te maak. Dit is redelik maklik verstaanbaar

deur persone van alle ouderdomme en alle vlakke van die samelewing. Die gebruik van tegnologie in opleiding kan kostebesparend wees. Persone kan in groepe in hul werkplek, skool, of tuis opgelei word. Deurdad die rekenaar of video nabyskote en gebruiksvoorwerpe direk vertoon, het die opleier slegs nodig om alle apparaat en media slegs eenmalig voor te berei en te demonstreer. Kunsonderwys is 'n verpligte vak tot Gr 7 in die nuwe onderwysbeplanning. Kuns en kultuur is een van die agt leerareas van Kurrikulum 2005. Duisende kinders word blootgestel aan kunsonderrig. In die wyer of minder rigiede skoolsisteem is gehalte-onderwys steeds van kardinale belang. Die videolesse het onderwysers deur selfopleiding en die hulp van die opleier 'n beter gehalte kunsles laat gee. Lewenslange leer word sterk gepropageer. Kunsartikels van goeie gehalte en gebruikartikels wat goeie kunssmaak weerspieël, is en was nog altyd in aanvraag. Deur die video-opleiding in kuns is inisiatief, werkskepping, verbetering in lewensomstandighede en die nuttige en produktiewe gebruik van tyd bevorder. Kuns omvat 'n wye spektrum van handeling en vaardighede wat die brein stimuleer en die persoon gedurig voor keuses te staan bring. Onnodige detail moet uitgelaat word en daar moet gedink en besin word oor grootte, vorm en kleur. Hierdie handeling help mense om logies te dink en hul huise, kantore, klere en leefruimtes beter te beplan en te orden. Indien 'n mentor in 'n bepaalde omgewing kunsopleiding aanbied met deernis en kennis van die omstandighede, kan daar 'n verbetering in die lewensomstandighede plaasvind. 'n Kultuur van ontwikkeling en die uitstyg bokant omstandighede van traak-my-nie-agtigheid word aangemoedig.

Probleme wat ondervind is, was onder andere die afgesonderdheid van die plattelandse plaasskole, die ver afstande, die probleme van bekikbaarheid en terugbesorging van uitleensagteware, die gebrek aan maklike kontak met kundige persone en inwin van inligting oor die nuutste tendense in kunsonderwys en tegnologie. Die werklikhede van die probleme in die onderwyssituasie en die felheid van die nood aan goedkoop maar kwaliteit-opleiding vir onderwysers is sterk aangevoel en beleef. Die ontsaglike verwagtinge wat soveel mense gehad het van die nuwe regering ten opsigte van onderwys en die verbetering van lewenstandaarde was ver bokant die ekonomiese vermoë van die land. Om dus nuwe onrealistiese verwagtinge te skep ten opsigte van tegnologiese media sal slegs teleurstelling

of apatie in die hand werk. Regering is 'n stadige proses. So ook die deursuur van die moontlikhede van tegnologie. Renate Lippert (1993:5) bring hulde aan die **individuele** onderwysers en persone wat tegnologie bevorder het. Die onderwysers is nie onbewus van die moontlikhede van tegnologie nie. In die maandelikse onderwys-koerant, *The Teacher*, word gereeld verwys na die nuwe moontlikhede. Twee afsonderlike artikels in *The Teacher* (Grey, 1997:5) noem ook die probleme wat beide blanke en swart leerlinge met integrasie in skole het. Kultuur, agtergrond en taal speel die belangrikste rol. Jonathan Jansen, 'n professor in die onderwysfakulteit, Universiteit van Durban-Westville, het in Maart 1997 'n publikasie uitgegee oor die redes waarom Uitkomsgebaseerde-onderrig (OBE) volgens hom nie sal slaag nie. Een rede is dat daar massiewe insette ten opsigte van opleiding en hulpbronnondersteuning nodig is. 'n Groot leemte tussen die beleidmakers aan die een kant en die werklikheid van die klaskamer aan die ander kant, bestaan.

Die antwoord op die hoofvraag is dus, **JA**, met die voorbehoud dat met omsigtigheid en deernis gelet sal word op die ontsettende leemtes en verwarring in die verwagtinge wat individuele onderwysers van die onderwys en tegnologie het. Motivering, dank en erkenning vir die bydraes wat menige onderwyser met min middele maak. Die wetenskap van die medisinale waarde van kruiemiddels uit die veld en die kleure wat in die klei gemeng is waarmee vloere gesmeer word en die uitgekerfde houtstok waarmee die partone gemaak is, is in wese net so belangrik as die proefnemings in 'n laboratorium en die keuse van 'n kleur op die skerm met die muis van 'n rekenaar (Report by the Oxford Centre for the Environment, Ethics and Society. 1998:12-15). 'n Onderwyskanaal op TV in gewone huishoudings kan 'n besondere bydrae lewer.

## SUBVRAE

- **Is die ouderdom van die persone 'n faktor wat in ag geneem behoort te word by die opleiding in kunsonderwys?**

Na aanleiding van die resultate van die fokusgroepe Kleuterskole en Bejaardes in die Ouethuis kan gesê word dat die kleuter nie nodig het om gestimuleer te word deur video-opleiding nie. Die kleuters sal die les met 'lyne' wat deur die video gestimuleer word geniet en met stokke of kryt lyne teken. Hulle sal egter net soveel plesier daaruit put om deur die juffrou alleen leiding te ontvang. Kleuters geniet stories meer as 'n formele les. Die ou mense bo 70 jaar het dikwels met probleme van sig en rumatiek te doen. Hulle kyk min TV en die video-opleiding is nuttig vir dié wat dit kan benut. Die aktiwiteit wat die element van verveling aanspreek was die belangrikste pluspunt by die bejaardes. Die aandag wat hulle kry ten opsigte van die sinvolle tydverdryf is 'n positiewe aspek wat aandag behoort te kry van kerke, helpers en maatskaplike werkers. Die ouderdom van die ander vyf fokusgroepe het hulle geensins verhinder om die video-opleiding te ontvang nie. Hul persoonlike belangstelling en bedrywigheid ten opsigte van daaglikse werkprogram, kinders en eggenoot speel 'n rol in die deelname.

- **Is die vlak van geletterdheid en geleerdheid 'n faktor wat in ag geneem behoort te word in die benutting van die video?**

Na aanleiding van die ondersoek met die rissie-oesters, die waarneming en empiriese gegewens verkry van die fokusgroep vroue-arbeiders blyk dit dat die vlak van geletterdheid by die begrip van dit wat vertoon word 'n faktor is. Hierdie persone sal nie sonder hulp en herhaling in staat wees om nut uit die video-opleiding te kry nie. 'n Mentor, 'n aanbieder en herhaaldelike verduideliking is nodig. Die vermoë om waar te neem en te interpreteer vanaf



die visuele moet ontwikkel word. Die benutting en sinvolheid is egter net soveel as by die ander groepe as dit herhaaldelik gedoen word.

Persone wat belanggestel het om op hul eie na die video te kyk, het positief gereageer en herhaaldelik bevestig dat die nuwe kennis hul persepsievermoë geprikkel het om byvoorbeeld lyne in die natuur en in voorwerpe raak te sien. Die vlak van geletterdheid en geleerdheid van die persone wat die vraag<sup>4</sup> oor die aanvaarding van verantwoordlikheid vir die duur tegnologie positief beantwoord het, is 'n interessante waarneming. Die persone wat gesê het dat 'n persoon wat in tegnologie belangstel, sy eie apparaat moet aankoop en versorg, se opleidingsvlak is gemiddeld 7 tot 8 jaar na matriek. Dit is ook hierdie groep persone wat op hul eie, sonder enige hulp van die aanbieder, besonder positief gereageer het op die bykomende kennis en beter begrip van die elemente van kuns, wat hulle met die kyk van die video opgedoen het.

- **Is die persone in staat om sinvol te reageer op vrae en op voorbeelde van 'n eenvoudige kunsbegrip soos lyn?**

Na aanleiding van die waarneming, die beantwoording van vrae en die evaluering van die werk was al die groepe in staat om sinvol op die vrae te antwoord.

- **Wat is die houding en gesindheid ten opsigte van die video as hulpmiddel?**

By al die groepe was dit besonder positief. Die ouers uit die Moslem-gemeenskap het die video-hulp op onderwys- en opleidingsgebied goedgekeur, hoewel hul geloof nie die kyk van TV toelaat nie.

---

<sup>4</sup> Vraelys: vraag 6 afdeling B

- **Kan die spesifieke eienskappe van die video meehelp om kunsonderwys te bevorder?**

Uit die navorsingsresultate aangaande die programme wat gebruik is sowel as die menings wat uitgespreek is deur die onderwysers en belangstellende persone wat geen kunsopleiding gehad het nie, blyk dit dat die video 'n uitmuntende hulpmiddel vir 'n persoon is om op sy eie tyd opleiding te kry en sy lesaanbiedinge te verbeter. Die metodes wat gebruik kan word, die demonstrasies waar kinders besig was met kleur en klei en papier kon vinniger en goedkoper verduidelik word as 'n demonstrasie waar die opleier fisies teenwoordig sou wees.

- **Watter mate van begeleiding het die groepe persone nodig om die videostimuli sinvol te benut?**

Fokusgroepe plaasskoolonderwyseresse, bejaardes en rissie-oesters het die meeste begeleiding nodig gehad. Die bejaardes en rissie-oesters sou glad nie in staat gewees het om hierdie video geheel en al sonder begeleiding te benut nie. Die rissie-oesters het die meeste begeleiding nodig gehad en die videoles is herhaal sodat hulle ook die vermoë om te kyk kon bemeester. Die onderwyseresse van die plaasskole kon nie self die video-kasset in die videomasjien hanteer nie aangesien hulle nog nooit met 'n videomasjien gewerk het of opleiding deur middel van video gekry het nie. Hulle het baie gou geleer en het die hele 57 minuut-lange video opleidingsles met aandag gevolg. Slegs een juffrou het gelê-sit maar tog die hele video gevolg.

- **Is beskikbare videoprogramme oor kuns geskik vir kunsopleiding?**

Die afgelope dekade het die Sentrum vir Onderwys Tegnologie en Afstandonderrig (SOTAO) besonder baie video's oor kunsgeskiedenis en praktiese kunsvaardighede in sy versameling bygekry. Tien jaar gelede was daar slegs agt videos oor kuns. Huidiglik is daar 'n groot verskeidenheid (sien bylaag 3). Mev Salsie Fourie wat 'n meestersgraad in kunsgeskiedenis

het, het die afgelope 12 jaar in die kunsafdeling haar voorliefde laat geld. By beide die hoërskole Grenswag en Ou Hoër Rustenburg was verskeie video's van SOTAO te sien en die onderwysers het met lof van die diens gepraat.

• **Watter moontlikheid bestaan daar om soortgelyke video's te vervaardig?**

Die koste van 'n video deur die Onderwyskollege vir Onderwysopleiding (voormalige OKSA), was in 1997, R350 per minuut, met redigeringskoste ingesluit. Daar word egter nie meer video's gemaak wat deur die departement betaal word nie, aangesien dit te duur is vir die departement. Die noodigheid vir 'n bepaalde indiensopleidingsvideo moes deur 'n inspekteur of superintendent vir 'n bepaalde vakgebied aangevra word. Die draaiboek vir die video moet deur die onderwyser geskryf word, deur die inspekteur nagegaan en goedgekeur word en dan ook deur die hoof van die ateljeespan geredigeer word. Die onderwyser moes sorg vir alle bykomstighede, apparaat, verblyf vir die leerlinge, vervoer, kos en dies meer. Die moontlikheid om tans so 'n opleidingsvideo te maak is min. Die koste sal geheel en al deur die onderwyser self gedra moet word. Die fasiliteite bestaan steeds, maar word meer vir advertensiedoeleindes gebruik. Video's word ook deur instansies soos Net Tech vervaardig om hul rekenaaraanbiedinge te ondersteun en hulle sal self 'n onderwyser aanstel en self die vervaardiging behartig. Programme word ook van oorsee af aangekoop. Die Onderwyskollege vir Onderwyseropleiding se video-afdeling het ook bevind dat die oorgrote meerderheid swart onderwyseresse nog nie toegang tot 'n videomasjien het of een besit nie. Dit help dus nie om 'n videokasset met lesmateriaal aan 'n onderwyseres te gee nie omdat sy nie die tegnologie besit om dit te benut nie. Indien die SABC(Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie) se onderwys afdeling oorgehaal kan word om 'n sinvolle inset te lewer om voorbeelde van werkbare, praktiese, basiese kunslesse op te neem, in samewerking met die onderwysvakkundiges, kan so 'n video in die elf tale vertaal word en op aanvraag aan skole teen 'n bekostigbare prys beskikbaar gestel word. Dit sal 'n oplossing bied vir die koste wat klein ondernemings nie kan onderneem nie. Min onderwysers het die finansiële vermoë, die

kennis om 'n draaiboek te skryf en redigeer. Video kameras, ook soos selfone, word al hoe meer gewild. Die soort tuisvideo's kan dalk help.

- **Bestaan daar 'n behoefte by onderwysers om met video- of rekenaarhulp hul lesaanbiedinge interessanter te maak?**

In 1997 is SOTAO geraadpleeg oor die aanvraag van rekenaar en videoprogramme. Die nuutaangestelde personeel het besonder innoverende planne wat nog nie die toets van die tyd deurstaan het nie. Baie nuwe lede vanuit die swart skoolgemeenskap het ingeskryf en ledegeld betaal vandat die bekendstellingsbriewe uitgestuur is maar het nog nooit iets bestel nie. Baie swart skole is jare lank al getroue lede wat gereeld bestel en terugbesorg. Baie hoofde erken dat daar nie 'n verantwoordelike media-onderwyser by die skool is wat die bestelvorms, datums en versendings kan behartig nie. Uit onderhoude met die verskillende instansies wat rekenaar- en videoprogramme vervaardig, verkoop en uitleen, blyk dit dat daar vanaf 1997 nog nie 'n merkbare toename in die behoefte by swart onderwysers bestaan om programme te bestel nie, weens gebrek aan tegnologiese apparaat, onkunde, onbetrokkenheid, die hoë diefstalsyfers, die gebrek aan elektrisiteit en diefwering en die onwilligheid van onderwysers om verantwoordelikheid te aanvaar vir sulke duur toerusting en sagteware in die huidige omstandighede. Tuisskole maak al hoe meer gebruik van tegnologie.

- **Is daar 'n behoefte aan tegnologie?**

Uit die vraelyste afdeling B vrae 4 en 5 blyk dit dat die oorgrote meerderheid van alle onderwysers graag 'n TV, video en rekenaar in hul klas sou wou hê, maar dat hulle geen verantwoordelikheid daarvoor wil aanvaar nie. Die antwoorde op vraag 7 van Afdeling A: 'Is u geïnteresseerd in elektroniese media' was by almal uit alle fokusgroepe 'JA'.

• **Word die vermoë van tegnologie dalk te hoog aangeslaan?**

Uit die navorsingsliteratuur is daar baie meer geskrywe oor die positiewe waardes van tegnologie en die wonderlike vermoëns van hierdie medium. Die meeste van hierdie positiewe menings is afkomstig van kenners op die gebied uit lande, omgewings en instansies van die Westerse wêreld. Die vermoë van elektroniese media word met reg deur die kenners en kundiges op die gebied baie hoog aangeslaan. Die persone wat ook die mislukkinge erken is navorsers wat direk in Afrika en Suid-Afrika gewerk het en steeds moedig besig is daarmee. Coombs (1985), Green (1988), Lippert (1993) en Van Niekerk (1996) het byvoorbeeld meer realistiese sienings oor die beperkinge wat die elektroniese media in afgeleë gebiede het wat sonder elektrisiteit en menslike hulpbronne moet klaarkom. Persone moet kennis hê van die werking en installing en die instandhouding van die apparaat kan behartig. In Suid-Afrika bewys die praktyk in die oorgrote meerderheid van ons skole dat die gebruik van elektroniese media nog 'n ver pad het om te loop. As 'n onderwyser sy eie rekenaar besit en werklik daarmee werk, beseft hy die waarde daarvan al hoe meer. So 'n individuele onderwyser sal verantwoordelikheid vir sy eie apparaat aanvaar, hetsy tuis of in die skool. Die meeste onderwysers begeer egter alle moontlike tegnologiese apparaat maar wil nie verantwoordelikheid aanvaar nie, of dit self aankoop en versorg nie. Die vermoë vir elektroniese media word geïdealiseer.

Die vermoë van tegnologie sal in die toekoms op alle regerings oor die wêreld 'n impak hê. Die mag van die staat sal al hoe meer beperk word, nie by die stembus nie, maar deur die dinamiek van die privaatsektor wat gedryf word deur die **Inligtingstegnologie**. Politici, ook in ons land, het te doen met faktore buite hul beheer wanneer die vermoë van tegnologie gevoel word, byvoorbeeld die Britse goudverkope wat myne in Suid-Afrika kan laat sluit en Transnet, wat massa- afdankings in 1999 moes doen omdat hulle nie kompetender en effektief is nie.

• **Is daar nuwe kreatiewe idees by mense aanwesig ten opsigte van kunsonderrig?**

'n Verbasende en verblydende getal onderwysers het kuns 'n besliste plek in die kurrikulum gegee. Daar was op vraag 10 in afdeling B slegs vyf blankes wat gemeen het kuns het nie 'n plek in die kurrikulum nodig nie. Die helfte het gemeen dat kuns te duur is. Dit kan dalk 'n keusevak vir Gr 8/9 leerlinge wees sodat minder leerlinge op 'n slag hanteer hoef te word. Sommige leerlinge kan op eie inisiatief tuis werk. Die teorie en praktyk van kuns kan geskei word. Leerlinge kan net prakties en andere net kunsgeskiedenis leer. Dit word reeds deur die Departement in Kuns 1 en Kuns 2 sedert 1998 so toegelaat. Leerlinge kan kies of hulle kunsgeskiedenis wil neem of net die praktiese deel wil doen. Leerlinge wat kunstalent het moet meer tyd in skooltyd kry vir praktiese werk. Kuns moet meer by buitekurrikulêre aktiwiteite soos Landsdiens, Voortrekkers of kultuurorganisasies se aktiwiteite ingesluit word. Kunslokale moet net vir kunslesse gebruik word. Die meeste kinders het aangedui dat hulle meer praktiese werk en minder kunsgeskiedenis wil doen. Daar was egter geen kreatiewe nuwe idees om kunslesse interessanter te maak nie.

• **Word daar 'n kunsprodukt van 'n beter gehalte gelewer na opleiding?**

Beslis, ja. Leerders het meer krities na hul kunsprodukte gekyk.

• **Reflekteer die kennis van algemene kunsbeginsels in die gehalte van die werke wat gelewer word?**

Ja. Hierdie aspek is in al die werke wat gelewer was toegepas. Slegs die kleuterskole het minder krities na hul werke gekyk ten opsigte van lyn. Al die fokusgroepe onder andere die koshuiskinders, tenniskinders, ouetehuis en rissie-oesters was almal deurentyd bewus van dit wat hulle geleer het en was besig om dit toe te pas. Die tema 'lyn' is deurgaans in die werke herken.

• **Is daar 'n opmerklike verbetering in lewensgehalte?**

Nee. By die rissie-oesters wat deurlopend gestimuleer was deur die SAVF se ontwikkelingsprogram, deur die bemoeienis van die gesondheidswerkers, deur die bywoning van programme en opleidingskursusse wat deur Boskop Opleidingskollege en die maatskaplike werkers van Rustenburg en Zeerust aangebied is, is daar 'n merkbare verbetering in lewensgehalte. Twee keer se kyk na een kunsvideo met die werkwinkel daarna, kan egter nie 'n blywende verbetering in lewensgehalte meebring nie.

**SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS en AANBEVELINGS**

In die hitte van die stryd in die onderwys kan die gebruik van tegnologie as die ideale en maklike uitweg gesien word om probleme op te los. **Volgens hierdie navorsing blyk individuele inisiatief die oplossing te wees**. Die gevolgtrekking waartoe die navorser gekom het na die praktiese vervaardiging en gebruik van die video as voorbeeldtipe van elektroniese media, kan weergegee word in die volgende letters - **M A B I T**<sup>5</sup>:

**M - Media:** Die geskrewe, gedrukte en elektroniese media moet meer konsentreer op die positiewe werklikhede wat wel in die onderwys realiseer.

**Mentor:** Skole met dieselfde behoeftes moet 'n mentor hê wat koördinasie kan bewerk en behou. Dit kan 'n onderwyser wees wat byvoorbeeld getaak word met die opdrag om fotostate aan 'n groep skole te versprei.

**A - Aanstellings** moet kreatief behandel word. Selfs twee onderwysers wat hul salaris deel kan in een pos diens doen waar daar nie buitemuurse aktiwiteite is nie

---

<sup>5</sup> 'M A B I T vir krag vir die toekoms'  
'M A B I T meer af as wat sy kon kou'

(plaasskole). As daar 'n hoë werkslading is kan die werk verdeel word om stressors te vermy (prestasie skole met baie buitemuurse aktiwiteite)

**Afdankings** moet met omsigtigheid geskied. Ongekwalfiseerde onderwysers met jarelange praktiese ondervinding kan nuttig diens lewer. Onderwysers wat nie hulle kant bring nie, deur afwesigheid sonder verlof en laksheid, moet afgedank word.

- B - Basiese begrippe** moet ingedril word. In alle vakke, ook in uitkomsgebaseerde onderwys vorm die basiese kennis die grondslag vir sukses.

**Bouwerk** op plase waar klousules van teruggawe van grond voorkom, moet heroorweeg word. Die geld wat sou spandeer word, moet aan tegnologiese aparate bestee word. 'n Fotokopieërder, TV, videomasjien, radio of rekenaar kan met min koste verskuif word, 'n gebou nie.

- I - Individualisme** in die onderwys moet aangemoedig word. Individuele onderwysers wat professioneel optree kan in 'n skool uitstyg as gevolg van kreatiwiteit en prestasie op sy/haar vakrigting of gebied.

**Indiensopleiding** met betrekking tot die gebruik van tegnologie moet bevorder word.

- T - Tegnologiegebruik** moet realities benader word. Sinvolle en suksesvolle onderwys kan ook sonder tegnologie plaasvind. Tegnologiese hulpmiddels en aparate moet self deur onderwysers as deel van hul professionele pakket aangekoop en versorg word.

**Tuisskole** moet uitgebrei word ook na plase toe. Die onderwyseresse met 'n klein leerlingtal wat tegnologie gebruik, moet as 'n tuisskool gesien word en deur die Staat betaal word.

Professor Johan van Staden (1994:ii), die voorsitter van 'n weeklange konferensie wat in 1994 in Suid-Afrika te Midrand gehou is waar sprekers van oor die wêreld hul mening oor die tema '**Hoe kan kwaliteit-onderwys vir almal in ontwikkelende lande voorsien word?**' gelug het, se gevolgtrekkings wat met hierdie navorsing strook, word hier genoem:

- Kulturele verskille kan nie geïgnoreer word nie



- Meer as één oplossing moet oorweeg word
- Onderwys is die hoofsaak en nie Tegnologie nie
- Die belangrikheid en uitdaging van onderwyser-bemagtiging moet nie onderskat word nie.

Kreatiewe planne moet uitgedink word te wete om:

- verby kritiek en/of ongeraaktheid te kom om werklik te kan help
- beleidmakers te bereik
- perspektief te kry van die gebreke en die realiteite wat in die klaskamer is
- kontinuïteit te behou
- aksie in ontwikkelende lande te bewerkstellig

Daar moet verder as rekenaar-gebaseerde onderwys na **alle** inligtingstegnologie gekyk word.

Moontlike aksies vir die bereiking daarvan kan die volgende insluit:

- Fokus op kulturele sensitiwiteit en ontvang die bydrae van verteenwoordigers van agtergeblewe gemeenskappe
- Versprei inligting so wyd moontlik
- Kry ondersteuning van die besigheid- en omgewingsektor en beleidmakers.

Organisering in 'n onderneming of 'n skool is van kardinale belang. Voorafbeplanning moet geskied alvorens enige projek aangepak word. 'He who fails to plan, plans to fail'. As 'n skool misluk in sy beplanning vir die aankoop en gebruik van duur tegnologie soos rekenaars, beplan hy mislukking. In vele skole staan die rekenaar-sentrum vol ongebruikte verouderde rekenaars soos wit olifante. Indien daar nie 'n belangstellende onderwyser, of persoon met visie is wat bereid is om ekstra ure te werk om programme te bestel, te kopieër of te ontwerp nie en ook te reël dat daar streng toesig tydens die gebruik daarvan is nie, word mislukking in die gesig gestaar.

In *Informedia* (1995:8), die tydskrif van SOTAO, noem die redaksie die algemene foute wat met die implementering van tegnologie gemaak word:<sup>6</sup>

- die aankoop van hardeware (rekenaars/videomasjiene) voordat bepaal is watter sagteware/programme beskikbaar is
- die afdwing van tegnologie op onwillige onderwysers en studente
- die uit-die-oog-verloor dat die visie/doelwit die onderwys/opvoeding van die kind bly
- geen beplanning vir personeelontwikkeling en ondersteuning nie
- onderwysers wat nie vooraf gemotiveer en geleer word nie
- pogings om almal te vinnig betrokke te kry
- die infasering van 'n onbuigbare langtermyn tegnologieplan.

In die huidige Suid-Afrika (1999) sal die **taal** in ag geneem moet word. Daar is elf amptelike tale waarvan Engels die taal van die onderwys genoem kan word. Die baie skole wat in afgeleë gebiede geleë is of in plakkerskampe of stedelike skole, se pos- en telekommunikasiediens is swak.

Die huidige regering in Suid-Afrika se beleid ten opsigte van gespesialiseerde onderwys is dat die leerling met probleme ten opsigte van leer of fisiese probleme, in die hoofstroomonderwys opgeneem moet word. Daar is nie genoeg gespesialiseerde sentrums en skole om aan al die spesiale gevalle diens te lewer nie. Bestaande spesiale skole sal soos voorheen voortgaan. Die slag vir gespesialiseerde onderwys sal in die gewone klaskamer gelewer moet word, dit wil sê remediërende onderrig, onderrig vir die begaafde kind en die leergestremde en leergestremde kind sal alles in dieselfde klaskamer plaasvind. Lesse in kuns, musiek, liggaamlike oefeninge en/of ekstra lesse vir die begaafde en gestremde leerling sal deur middel van differensiasie deur elke skool, maar meer besonder deur elke onderwyser aangespreek moet word. Die motivering, leiding en inspirasie wat deur die onderwyser aan die kind oorgedra word is van die uiterste belang. Veel sal geverg word aan optimisme, kennis van die kind, toekomsvisie en kreatiwiteit aan die kant van die onderwyser. Die onderwyser sal gevolglik van 'n bepaalde kwaliteit moet wees. Deur die eeue heen was daar oor die wêreld en ook in ons land dié

---

<sup>6</sup> Dit korreleer ook met Lippert (1993) en Butcher(1997).

onderwysers wat enkelinge en groot klasse of groepklasse met onderskeiding kon hanteer. Navorsing deur die Universiteit van Potchefstroom het bevind dat daar nie 'n verskil in die uitkomst of sukses van 'n les en die grootte van die groep is nie (Van der Linde, 1999).

Hierdie tydsgewrig in Suid-Afrika se geskiedenis leen hom by uitstek vir daardie idealiste, dromers en denkers, maar veral vir die **dadere** van die droom om Suid-Afrika met geestelik en akademiese sterk individue te vul. Die kreatiewe onderwyser sal kuns en musiek as 'n integrale deel van sy lesaanbieding moet gebruik sodat al die leerlinge sinvol besig gehou kan word. Die stadige en vinnige leerder wat in dieselfde klas is kan deur byvoorbeeld die illustrasie of ekstra tekeninge by sy werk, of op 'n rekenaar wat in die klas is, werk. Die navorsing ten opsigte van die werking van die linker- en regterbrein bevestig dat deur kunste te integreer met alle skoolvakke, leer bevorder word (Buzan, 1995:38).

In baie gevalle is 'n onderwyser opgelei om vir hoërskoolkinders klas te gee maar is hy nie in die aanbieding van kuns opgelei nie. Omstandighede dwing baie om by laerskole skool te hou. 'n Onderwyser is tydelik of permanent in 'n posisie waar hy 'n vak moet aanbied waarvoor hy geen opleiding gehad het nie. Hy het dikwels ook min of geen kennis of belangstelling in daardie vak nie. Die navorsing wat deur GF Prinsloo (1988:77) gedoen is vir sy doktorsale verhandeling, bevestig en staaf hierdie gegewens. Vervolgens kan onderwysers met inisiatief baat vind by video's en klankkassette of skyfiereekse oor hierdie vakke.

In hierdie navorsing is 'n video oor kunsonderwys gebruik ten einde aan onderwysers en kinders agtergrondkennis te verskaf. In die OBE onderwys word hierdie probleme vervang deurdat die fasiliteerder kies watter afdelings hy/sy wil gebruik.

Kunsonderwys word in die nuwe bedeling al hoe moeiliker bekostigbaar. Groot klasse, 40 laerskoolleerlinge per klas vir een onderwyser, met min of geen kunsfasiliteite, maak die uitvoering van kunsopdragte, waar byvoorbeeld met water en temperaverf gewerk word, byna onmoontlik. 'n Onderwyser moet werklik geskoold wees in die hantering van soveel leerlinge om chaos te vermy. Groot velle papier, kwaste en verf sal vervang moet word met kleiner formaat. Groepwerk moet ingevoeg word om groot hoeveelhede te vervang. Media soos kryt, potlode en viltpenne wat self aangekoop, opgepas en versorg moet word deur leerlinge, sal gebruik moet word. Dikwels moet die onderwyser self hierdie voorrade aankoop uit eie

fondse. In 'n klimaat van ekonomiese agteruitgang, armoede en die sindroom van gratis onderwys, word die aanbieding van 'n kunsles 'n byna onmoontlike taak.

Verbeeldingrykheid, motivering om self op eie inisiatief tuis te skep, kan deur die onderwyser geïnisieer word. Hierdie verhandeling raak aan die moontlikheid om slegs deur motivering mense aan te moedig om kreatief te skep onder watter omstandighede ook al - 'n klein stukkie papier en 'n balpuntpen, bordkryt wat in suikerwater gedruk word of byvoorbeeld 'n demonstrasie van hoe 'n draadblom gemaak kan word.<sup>7</sup>

Die uitkomsgebaseerde kurrikulum bied 'n gulde geleentheid om basiese, relevante, byna tydlose kennis aan te bied.<sup>8</sup> 'Back to the basics' is 'n slagspreuk wat uit Japan afkomstig is. Leer 'n kind om te lees, skryf en reken. Sulke basiese, praktiese materiaal, raadgewing en die opstel en uitgee van standaardtoetse en lesse (byvoorbeeld vraestelle, boekies met spelwoorde, bande met maklike liedjies vir sang) kan baie help om onderwysers en leerlinge te help. 'n Handleiding met byvoorbeeld 40 werkbare eenvoudige kunslesse waarvoor niks anders as 'n balpuntpen en 'n stuk papier nodig is nie, sal onderwysers wat nie opleiding in kunsonderrig gehad het nie, ver kan bring met die suksesvolle aanbieding van die vak. In die mediasentrum by die kringkantoor kan rekenaars of videomasjiene wees wat deur die mentor opgepas en gehanteer word om leiding aan die mense te gee sonder beterweterigheid of veroordeling.<sup>9</sup> Die fundamentele beginsels in elke vakrigting, van kuns en kultuur tot

---

<sup>7</sup> Kurrikulum 2005 of uitkomsgebaseerde-onderwys het kuns in die grondslagfase as geïntegreerde afdeling van die drie hoofstroomrigtings naamlik taalvaardigheid, syfervaardighede en lewensvaardighede. Kunsaktiwiteit word in al drie vakke geïntegreer. Die individuele onderwyser kies watter aspek van kuns en kultuur hy of sy in 'n bepaalde leergeleentheid wil gebruik. Skiktyd is beskikbaar indien 'n onderwyser/fasiliteerder 'n kunsaktiwiteit as groepwerk wil inkorporeer. Alle leerlinge moet dus nie terselfdertyd aan 'n kunsaktiwiteit blootgestel te word nie. Dit kan 'n oplossing wees vir die tekort aan kunsmateriale. Die evaluering/assesseringskriteria van die werk gee aan almal die geleentheid om te sien en krities en opbouend te leer wat kuns en kultuur is.

<sup>8</sup> 'n Groep onderwyseresse uit die plaasskole en woongebiede naby Groot Marico het 'n Engelse boekie *Mapep (McMillan Primary English Project)* deur Cocks (1979) onder mekaar bespreek. Hierin is die mees elementêre en noodsaaklike Engels op 'n eenvoudige en duidelike manier uiteengesit. Die boekie is nou hersien maar nog net so van hulp omdat die groetvorme en betekenis van die meeste woorde in 30 jaar nie prakties verander het nie. Hierdie juffrouens klou daaraan vas omdat dit duidelike riglyne gee wat prakties toepasbaar is en was. Dit wys daarop hoe tydloos boeke met die basiese kennis kan wees.

<sup>9</sup> Die voorstel van Olivier (1994) dat daar 'n mentor moet wees in 'n omgewing om hulp te verleen en rigting aan te dui op maatskaplike vlak is des te meer noodsaaklik in die onderwys. As daar 'n onderwyser as mentor vir 'n groep plaasskole aangestel kan word wat nie nog 'n skooldagtaak moet vervul nie, maar byvoorbeeld by die kringkantoor wat die bron en hoop is vir soveel van die plaasskoolonderwysers/esse, gestasioneer kan word, sal 'n groot leemte sinvol en met min koste gevul kan word. So 'n persoon kan skole help wat geen infrastruktuur soos 'n telefoon, fotostaatmasjien of handboeke het nie.

wiskunde en tale, moet in die basiese leerplanne van elk van die leerareas vervat word. Hierdie basiese kennis kan in handleidings, uitgewerkte lesse, uitgewerkte vraestelle, videobande op 'n sentrale plek (byvoorbeeld die kringkantoor in elke distrik) deur 'n persoon wat alleenlik vir daardie taak afgesonder is, bewaar, versorg en uitgebou word. Indien 'n onderwyser afskrifte wil hê moet hy/sy dit daar kan kry of koop. Ook 'n mediasentrum of onderwysersentrum waar 'n mentor met begrip, insig en inisiatief 'n plaasskooljuffrou kan help en oplei, kan by of deur die kringkantoor hanteer word.

Gemeenskappe moet verantwoordelikheid aanvaar vir hul lotsbestemming ten opsigte van veiligheid, maatskaplike orde, onderwys en kleuter- en bejaardesorg. 'n Skool in 'n skeepskrat ('container school of hope') kan deur 'n individuele persoon met inisiatief en 'n plek waar hy leermiddele en hulp kan kry, uitgebou word tot uitmuntendheid.<sup>10</sup> Die inisiatief tot lewenslange leer moet van die individuele onderwyser af kom en uitkring na sy gemeenskap. Gemeenskapstrots en aanmoediging speel ook 'n belangrike rol in die opbouing van 'n groep mense.<sup>11</sup>

Controlesia, die vereniging van tradisionele leiers van Noordwes provinsie, het op Sondag, 5 Oktober 1997, besluit om hulle van die huidige regering te distansieer omdat hul kulturele leierskap in gedrang kom. Die diepgewortelde kultuurinvloed moet deur ontleders met geduld raakgesien en geïnkorporeer word in die Suid-Afrikaanse multikulturele samelewing. Daar kan nie teruggedraai word na 'n suiwer Afrika-kultuur, Indiër- of Afrikanerkultuur toe nie. Daar moet egter ruimte en begrip daarvoor toegelaat word om in elke gemeenskap die boodskap van begrip deur middel van lesse met behulp van tegnologie uit te dra.<sup>12</sup> As persone

---

<sup>10</sup> As die Japanners hul beste studente na Amerikaanse universiteite toe stuur omdat dit 'n naam van uitmuntendheid het, moet die universiteite, teknikons en skole met kundigheid en kreatiwiteit die standaard van onderwys hoog hou.

<sup>11</sup> Groei in die Derdewêreld-bevolking sal die reeds oorlaaide wankelrige onderwyssisteem oorbelas en versmoor. Die regering kan nie genoeg skole voorsien nie. Die privaatsektor moet metodes soek om die regering hierin te help. Boere op plase kan dalk skole van uitmuntendheid help skeep deur werklike finansiële en akademiese insette te lewer. Die Japanse maatskappye doen baie vir hul werkers en bied onder andere skole uitsluitlik vir hulle aan. Die lojaliteit van die Japanse werker teenoor hul werkgewers is van die beste in die wêreld (Green, 1988:61). Die gehalte onderwys tel meer as die kwantiteit.

<sup>12</sup> Groot klasse kan hulp uit tegnologie onderwys kry (Sunter, 1987:44). Clem Sunter (1987:44) beveel aan dat daar in Suid-Afrika ten minste vier televisiekanale behoort te wees wat feitlik dwarsdeur die dag pre-primêre, primêre, sekondêre en universitêre opleiding sal bied (die vraag is of die leerlinge daarna sal kyk as daar nie 'n gehalte eersteklas onderwyser/fasiliteerder by is nie?). In Japan is die sleutel tot hul onderwysukses die hoë opvoedingspeil in die land. In 1990 (vyfde hersiene uitgawe van Sunter, 1987:41)

die denkvlak waarop hy of sy funksioneer begryp, kan hy met meer genade na sy naaste se reaksies kyk (Degenaar, 1994:14).

Op plase of in 'n infomele behuisingseenheid naby 'n groot stad kan skole in 'n kamer of stoor net so effektief bestuur word as in 'n duur goed toegeruste klaskamer. As daar 'n Televisiestel met video-toerusting by is en die opvoedkundige programme kan onder streng toesig aan leerders vertoon word kan nagenoeg dieselfde resultate as dié van 'n Tuisskool verkry word. Tegnologie is 'n magtige hulpmiddel in die opvoeder se hande. Die regterbrein denkers, 'Teachers, Preachers, Nurses, Doctors and Artists' kan help om op te bou of toe te sien hoedat ons kinders passief in die drein van sepies, geweld en verkragting, wat so in oormaat op televisie en koerante verskyn, afspoel. Wanneer onderlinge begrip en vertrouwe die klimaat van wantroue, vrees vir uitbuiting, oorheersing en vandalisme vervang, kan vrugbare onderwys plaasvind.

Indien daar in die gedrukte media en die televisie-uitsendings gelyke hoeveelhede nuus van opbouende aard en sensasionele aard publiseer en uitgesaai word, sal die gemoedere van die mense in hierdie land kalmeer, sê Degenaar in *Writing as Revolutionary Activity* (1992:10-14) Dieselfde mens wat die berig hoor van die boer van Balfour wat sy werkers beveel het om 'n betreder silwer te verf (RSG Nuus, 14 Julie:1999) kan dalk ook hoor van 'n boer met 'n minder makabere kunsgevoel, wat 'n hoërskool op sy plaas het wat besondere matriekuitslae behaal, (Dawie van Staden, Hartebeesfontein) of dalk sy koorlede vol patrone laat verf vir 'n koorkompetisie? Ben Smit hou skool naby die ou Dominionville myn tussen Klerksdorp en Wolmaranstad. Hy plant groente saam met sy leerlinge en het spogtuine. As daar ten minste een maal per maand ook 'n positiewe berig of artikel in tydskrifte vanaf De Kat en Tribute tot die Huisgenoot en Landbouweekblad oor onderwys geplaas word, in plaas van slegs die geweld en kritiek, hoe waar of geregverdig ook al, sal meer mense hoop kry vir die toekoms.

---

was die ongeletterdheid persentasie net een persent in vergelyking met Amerika se 13 persent. In 1870 is verpligte primêre onderwys ingestel. Na die Tweede Wêreldoorlog is verpligte sekondêre opvoeding ingestel. Meer as 90 persent van alle drie- en vierjarige Japanners woon private pre-elementêre skole by waar taal, kommunikasie en die belangrikheid daarvan om lid van 'n span of groep te wees, hoë prioriteit geniet (dit korreleer met Early Childhood Education en die baie groepwerk in die werksvoorbeelde van Kurrikulum 2005).

Daar is baie onderwysers, boere en boervroue, gewone mense in dorpie of plase, wat onopgemerk blom waar hulle geplant is. Intrapreneurskap, mense wat kreatiwiteit en kundigheid in 'n bestaande organisasie uitbou en bevorder, is in ons onderwysstelsel nodig. Dr Niemand van die Entrepreneurs Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria en Mike Lipkin, 'n Joodse multi-miljoenêr, het op 1 Julie 1999 om 15:30 op Radio Sonder Grense gesprek gevoer oor entrepreneurskap, persone wat 'n eie onderneming begin. As Joodse kleuter is Mike al gekonfronteer oor watter soort besigheid hy eendag gaan bedryf. Hy moes van kleins af besin oor wat hy werklik wil en kan doen. 'n Diep begeerte tot onafhanklikheid is by die ware entrepreneur aanwesig. Dr Niemand het beweer dat min onderwysers ware entrepreneurs is. Om leerlinge werklik te motiveer in 'n vak waarvan jy nie grondige kennis het nie, is moeilik. Die kultuur van entrepreneurskap moet geskep word. Niks wat die moeite werd is, is maklik nie, dit is die mening van Mike Lipkin. Minderheidsgroepe in 'n land word dikwels tot entrepreneurskap gedwing. Die Indiërs, Jode en Portugese in Suid-Afrika het eie besighede begin omdat hulle nie in die staatsdiens opgeneem was nie. Die sombere prentjie van grootskaalse werkloosheid in Suid-Afrika is ook geskilder. Dr Niemand meld dat 180 000 poste in 1998 afgeskaf is. In 1999 sal daar 400 000 skoolverlaters en graduandi wees wat iewers werk moet kry. Slegs 7 uit elke 100 kry werk in die formele sektor. Die goudkrisis in 1999 sal verreikende gevolge vir die arbeidsmag in Suid-Afrika meebring. Louis Kruger, die direkteur van Klerksdorp bemarking in Noordwes, noem die samewerking wat deur die privaatsektor en die regering se heropbou program (HOP) in die vroeë negentigerjare begin is, om die goudkrisis wat toe al ter sprake was, af te weer en nou positiewe resultate lewer deurdat talle werkgeleenthede vroegtydig deur innovering geskep is (Monitor, RSG Radiodiens, 19 Julie 1999).

In 1999 is die herontplooiing van onderwysers aan die orde van die dag. Die Onderwysunie SADTU het beswaar geopper omdat bestuursrade ekstra persone huur om sekere vakke of pligte by 'n skool te doen vir salarisse wat baie minder is as wat deur die Onderwysdepartement betaal word (Van der Linde, 1999:1).

Meer skole trag om die skool op 'n besigheidsgrondslag te bestuur deur geld te vra vir die verhuur van 'n ontspanningskompleks wat deur ouers gebou is (Hoërskool Rustenburg) of verbruikersartikels te verkoop (Moedwil Spesiale skool en die skool vir dowes in Rustenburg)

en St. James Boys High wat spesiale rekenaarklasse aanbied. 'n Halwe eier is beter as 'n leë dop. Indien onderwysers in hierdie tyd van die heropbou van die land, bereid sal wees om hul salaris met 'n medepersoneellid te deel net om werk te hê, in stede van afdanking of herontplooiing in die gesig te staar, sal die kinders van Afrika daarby baat. As slegs een tiende van 'n onderwyser se salaris aan hulpmiddels en toerusting vir die verbetering van sy of haar effektiwiteit spandeer word, kan so 'n onderwyser op die lang duur werklik van professionaliteit praat.

Ons minister van Onderwys, Kader Asmal wil dat onderwysers hul eie visie vir hulle werk sal hê en HOOP (Garson, 1999:3). Professor Degenaar van die Departement Filosofie van die Universiteit van Stellenbosch sê dat ons in 'n fase van ons geskiedenis lewe waar daar in die domein van kuns nog nie 'n gelyke speelvak is nie. Die gaping tussen die sogenaamde hoë en lae kultuur is nog nie gesluit nie. Etnisiteit moet erkenning kry. Respek vir die diversiteit van die kultuurverskille kan 'n groot bydrae tot kuns maak. Die kruisbestuiwing tussen die kuns van ons verskillende kulture sal kontak tussen die persone van verskillende kulture bewerk as ons dit nie as geslote eenhede uitleef nie. Degenaar noem pessimisme die destruktiewe element in ons toekoms. Onrealistiese optimisme wat nie die kompleksiteit en die tragedie van ons huidige situasie in ag neem nie, is kunsmatig. Slegs HOOP, as 'n kreatiewe verwagting, sal ons laat oorleef (Degenaar, 1994:14).


\*\*\*

Indien ons nie die kuns van kreatiewe denke en dade bemeester en uitleef nie, kan ons Tsaya dilo o tsamaya, Ferreira (Vat jou goed en trek, Ferreira) sing, of ons kan met vrymoedigheid bid: Nkosi Sikelel'i Afrika (God seën Afrika).




*Vrees nie die oorlog nie,  
Vrees nie die pes nie,  
Vrees diè wat sê hulle weet  
wat goed vir jou is.*

(Anonieme russiese digter aangehaal  
deur BBC - van Niekerk, 1996:75)



# Bylae



## BYLAAG 1: VERKLARING VAN EN UITBREIDING OP VERBANDHOUDENDE BEGRIPPE

Begrippe vorm die boustene van enige wetenskaplike betoog en uitleg. Die kwaliteit van laasgenoemde hang af van die eersgenoemde se duidelikheid (Landman, 1985:1).

Die volgende begrippe word verduidelik met die oog op duidelikheid:

- **ONDERRIG:** Formele-, Nie-formele-, Informele onderwys, Geïndividualiseerde onderwys, Tuisskole
- **VIDEO,** Interaktiewe video, Digitale video
- **REKENAAR,** Internet, batteryrekenaar
- **HULPMIDDEL**
- **MEDIA EN ONDERWYSMEDIA**
- **LINKER- EN REGTERBREINFUNKSIES**  
KUNS: Wat is kuns, Kunsvaardighede, Kunsterme

### **ONDERRIG**

- **Formele onderwys**

Dit is onderwys wat op beplande wyse verloop in erkende onderwysinrigtings soos skole, kolleges, teknikons, universiteite en dies meer. Dit het 'n stabiele aard en is slegs vir 'n beperkte periode wat geleentheid bied om 'n bydrae ten opsigte van 'n spesifieke individu se opvoeding te lewer. Formele onderwys dien as basis van die nie-formele onderwys (Carstens, 1985:56).

- **Nie-formele onderwys**

Dit is enige georganiseerde, sistematiese onderwysaktiwiteit wat plaasvind buite die raamwerk van die formele onderwysstelsel. Dit voorsien geselekteerde tipes ontwerpte leerprogramme vir spesifieke subgroepe - kinders sowel as volwassenes. Dit is egter nie noodwendig met die doel om formele kwalifikasies te verwerf nie. Gerig op geletterdheid, induksie, indiensopleiding en ondersteunende programme, byvoorbeeld ouerbegeleiding. Dit spreek dus tot persone wat nie tot die formele onderwysstelsel toegetree het nie of op 'n vroeë ouderdom gestaak het. Dus het dit ten doel om persone met 'n onvoldoende onderwysvlak beter te kwalifiseer (Carstens, 1985:57).

Leerders se beskouing van nie-formele onderwys word deur Schutte (1989:20) oorsigtelik ondersoek. In die BF Nel gedenklesing van 1983 huldig Van der Stoep en Louw die mening dat leerders wat probleme ondervind het in die formele onderwys dikwels onder die indruk verkeer dat hulle nie die vermoë het om te slaag nie.

Hulle verwag dieselfde van die nie-formele onderwysituasie. Vriende, bure en familie ontmoedig hulle om te leer. Vroue ondervind ook probleme weens die tradisionele rol van die vrou in die gemeenskap.

- **Informele onderwys**

Dit vorm die basis van beide formele en nie-formele onderwys. Dit is onderwys wat in lewensituasies wat spontaan na vore tree, voltrek word, byvoorbeeld in die omgang van die gesin en die buurtlewe. Dit is in die algemeen ongeorganiseerd en dikwels onsistematies; nogtans omvat dit die grootste deel van enige persoon se totale leeftyd van leer. Verskillende vorme van media soos radio, televisie, koerante en boeke dring die lewe van die mens binne, sonder dat informele onderwys die uitdruklike doel is. Die kwaliteit en omvang van die informele onderwys is bepalend van die waarde wat die mens kan put uit formele sowel as nie-formele onderwysvoorsiening (Carstens, 1985:58).

- **Geïndividualiseerde onderwys**

Dit is onderwys met die inagneming van leerlinge se persoonlikhede, talente, bekwaamhede en belangstellings (RGN, 1981:31).

- **Tuisskole**

In voorstedelike Seattle in die VSA is kinders wat in die Puget Sound Community skool is. Dit is 'n skool waar leerlinge in hul eie huise deur middel van Internet leer. Sedert die begin van die negentigerjare het die getal leerlinge wat in tuisskole in Washington leer verdriedubbel. In 1987 was daar 14 000 leerlinge in tuisskole en in 1994 was daar 42 000. Daar was toe 915 000 skoolgaande leerlinge. Washington Staat vereis dat 'n tuisskoolonderwyser 'n gekwalifiseerde onderwyser moet wees of 45 krediete by 'n kollege moet hê, of deur 'n ander onderwyser begelei moet word. Tuisskole moet slegs hul bestaan registreer en resultate van gestandaardiseerde toetse inlewer.

Hancock (1994:50) haal Perelman aan uit sy boek *School's Out* dat tegnologie dit meer aantreklik maak om tuis te studeer as in 'n gewone skool. Ouers wat leerlinge tuis laat leer beweer dat hulle 'n veiliger omgewing as die permissiewe staatskole verkies. Leerlinge het leermaats op Internet en ontmoet mekaar in groepe in biblioteke, boekwinkels of parke (Hancock, 1994:50). Leerlinge kan dus ook sê dat hulle nie net in hul huise bly nie. Sommige leerlinge werk as hulp by 'n kleuterskool, 'n perde-afrigtingskool of as hulp by 'n masseersalon of fisioterapeut. Tuis kan 11 tot 14 jaar-oue leerlinge klassieke werke en kunswerke uit Internetlêers bestudeer. Universiteitsbiblioteke is deur Internet tot hul beskikking, interaktiewe klasse kan bygewoon word. Algebra, literatuur, droomuitleg, dier- of plantkunde kan bestudeer word.

Die debat gaan voort. Dr. Patricia Lines van die Verenigde State se Ondewysdepartement beweer dat tegnologie nooit die onderwyser-kind verwantskap sal kan vervang nie. Sedert 1990 het die getal leerlinge wat tuis studeer jaarliks met 15% toegeneem (Hancock, 1994:50).

In Suid-Afrika het die getal tuisskole in die afgelope jare sterk toegeneem. In 1999 is daar tussen ses en tienduizend leerders wat tuis studeer, volgens Meneer Leendert van Oostrum, onderwysadviseur aan die Universiteit van Pretoria. Drie jaar gelede was die getal drie honderd.

## VIDEO

Die video is 'n susterskind van televisie. 'n Televisieprogram word dikwels regstreeks uitgesaai. Die video kan gebruik word om die inhoud van 'n televisieprogram te bewaar. Die inhoud kan dan op 'n geskikte tyd hervertoont word. In Brittanje is daar al sedert die vyftigerjare die sogenaamde skool van die lug. Sillabusgerigte skoolprogramme is oor die radio en televisie uitgesaai. Die televisielesse is en was op video's oorgeneem. Dit kon dan op meer geskikte tye vertoon word of slegs gedeeltes daarvan kan in die les gebruik word.

'n Video is 'n kasset wat inligting bevat wat op 'n televisieskerm of monitor vertoon kan word. 'n Mens het dieselfde gewaarwording asof jy televisie kyk. Die video het egter die volgende voordele bo die televisie:

- 'n videoprogram kan op tye wanneer dit vir die kyker geskik is, vertoon word
- die video kan deur die kyker of die persoon wat dit vertoon, beheer word
- die beeld op die video kan gestop word om langer na 'n sekere deel te kyk, of die video kan teruggespeel word om weer 'n keer na 'n sekere afdeling te kyk
- slegs 'n gedeelte wat deur die opleier geselekteer is, kan gebruik word
- onderwysers kan hul eie videoversameling opbou
- die video kan op 'n laserskyf oorgeplaas word om in 'n rekenaar gebruik te word.

## INTERAKTIEWE VIDEO

Interaktiewe video word gebruik om die rekenaar en die video te kombineer. Interaktiewe video word gebruik omdat dit 'n leeromgewing skep wat die leerder self kan kontroleer, waar hy volgens sy eie leerspoed kan leer en wat geïndividualiseer is. Interaktiewe video het sigself baie gou gevestig as 'n unieke instruksietegnologie in baie areas waar teksboekinstruksie te abstrak is, en waar eerstehandse of direkte ondervinding nie haalbaar is nie vanweë te hoë koste of waar 'n mate van risiko of gevaar ter sprake is.

Daar bestaan egter 'n sistematiese spanning tussen die twee mediums: video en rekenaar. Hul integrasie is 'n moeilike taak. Elkeen verteenwoordig twee verskillende, amper teenoorgestelde benaderings tot leer. Video leer deur analogie en holistiese herkenning en die rekenaar deur logiese ontledings en definisies. Hierdie benadering bou op 'n tradisie wat in die sestigerjare ontstaan het toe video 'n gewilde terugvoerinstrument geword het.

In 'n artikel in *Tecnological Trends* noem Sorge et al. (1993:19) 'n paar kriteria waarvolgens interaktiewe video sagte- en hardeware geëvalueer kan word. Daar is 'n lysie waarvolgens die standaard gemeet kan word, ook deur leerders. Die Purdue Academic Learning Opportunity System (PALOS) projek was ontwerp om die wiskunde standaard van die volwasse populasie van Indiana te verhoog. Dit is 'n landwyse program met die basis by die Purdue Universiteit.

Interaktiewe video word dikwels in tuisskole, private skole en skole wat hul standaard in 'n vak wil verhoog, gebruik.

- **Digitale video**

Op SABC 3 op 10 Maart 1997 om 20:30 is die gebruik van 'n digitale videokasset wat deur Ruth Prolin saamgestel is gedemonstreer. 'n Versameling van 2 600 Amerikaanse kunswerke vir onderwys is byeengebring. 'n Persoon sal 'n baie groot versameling boeke nodig hê om dit wat op een videokasset vasgevang is, te bevat.

Gedetailleerde dele kan gesien word. In 'n werk van Windsor Homer van twee eende kan die jagter in die agtergrond met selfs die rook uit sy geweer, waargeneem word. In 'n foto-afdruk in 'n boek is dit nie moontlik nie. Van hierdie kassette is 25 000 verniet aan onderwysinrigtings versprei. Dit kan 'n reisende museum van Amerikaanse kuns oor die wêreld word. Hierdie videokasset bied aan die onderwyser en die leerder vele opsies. Dit word meer as prente op 'n skerm. 'n Taalonderwyser het byvoorbeeld parallelle getrek tussen Amerikaanse letterkunde en kuns uit 'n sekere periode.

Digitale video is ook deur Frederick Church en Tuggy Nolan gebruik. Detail is gefotografeer by en na die ontdekking van skatte uit historiese skeepswrakke. 'High Tech' het hulle in staat gestel om die opwinding van die ontdekking van kunsskatte aan duisende persone te toon.

## **REKENAAR**

Die tydperk sedert die Tweede Wêreldoorlog word gekenmerk deur dramatiese tegnologiese deurbrake. Seker dié belangrikste deurbraak van hierdie eeu is die ontdekking van supergeleiers. Die aanspraak dat materiale gevind is wat elektrisiteit by kamertemperatuur gelei, is nog nie geverifieer nie. Hierdie ontdekking baan egter die weg vir ultra-hoëspoed rekenaarstroombane, supermotors, doeltreffende geleiding van elektrisiteit en hoëspoedtreine. Ander belangrike tegnologiese ontwikkelings sluit in die laserstraal, bio-ingenieurswese, optiese elektronika, biotegnologie, motorenjins van keramiek en bio-elektronika. Laasgenoemde verwys na die ontwikkeling van stelsels en prosesseerders in 'n rekenaar wat die brein se ongelooflike vermoë van hoë-vlak inligtingsprosessering kan naboots. Die benutting van optiese tegnologie, byvoorbeeld laserstrale in die rekenaarbedryf, kan tot revolusionêre nuwe rekenaars lei.

Rekenaartegnologie het die afgelope twee dekades dramaties toegeneem. Die rekenaar het onontbeerlik geword in groot nywerhede, besighede en regerings oor die wêreld. Met die druk van 'n knoppie kan inligting van byna enige deel van die wêreld verkry word. Tot 'n groot mate het die rekenaar die video vervang in die CD ROM-programme.

Wat opleiding betref is die rekenaar met die CD ROM by uitstek geskik vir persoonlike gebruik. Die rekenaar word op een plek geïnstalleer. Die persoon wat dit gebruik moet sy werking ken en verstaan en inligting daaruit verkry. In 'n goeie gesin se huis kan 'n rekenaar wat deur 'n kind

gebruik mag word die skoolwerk ondersteun. Verrykende programme, remediërende werk, of selfs 'n tuisskool, kan met die rekenaar gedoen of gehou word.

Die rekenaar word al hoe meer as deel van die elektroniese media in die onderwyssituasie gebruik. Moderne rekenars het ook 'n skerm wat kleure weergee. Dit kan ook, soos die video, beheer word deur die kyker. Die rekenaar het egter 'n beter terugvoer- en kommunikasievoordeel as die video omdat die rekenaar met die kyker kan praat en foute uitwys en korrigeer.

Z. Apostolides van die Departement Biochemie bespreek die voordele en koste van rekenars in tersiëre onderrig (1982:8). Hy is van mening dat die vernaamste voordele wat aan rekenaargesteuende onderrig toegeskryf kan word 'n vermindering in onderrigtyd is, wat nodig is om studente spesifieke leerdoelwitte te laat bereik en 'n verhoging in die akademiese prestasie te laat realiseer. Studente kan teen eie tempo vorder en onmiddellike terugvoering en reaksie is moontlik. Die onderhoudskoste is omtrent 10% van die aanskafkoste per jaar. Vervangingskoste is op 'n leeftyd van 10 jaar gemik. Tegnologiese (meganiëse) leeftyd wat veroudering in ag neem is omtrent vyf jaar (vir nuwe tegnologiese ontwerpe). Apostolides meen dat daar tussen 20 en 300 man-uur benodig word om 'n les te ontwikkel wat een of meer studente een uur lank, sal besig hou. Die omvang van man-uur word ook deur die moeilikheidsgraad van die lesmateriaal beïnvloed (1982:13).

Toenemende gebruik van rekenars is onvermydelik. Daar bestaan verskillende gebruiksmodesse wat elkeen 'n eie doel dien en as sodanig 'n eie effektiwiteitsfaktor het. Kuns en musiek op die rekenaar kan kreatiwiteit by die leerders aanwakker. Prente, klank en beweging kan op 'n rekenaar bymekaar gebring word. Die moontlikheid om die rekenaar as tekenbord of doek te gebruik vir teken of verfpprogramme fasineer beide kind en volwassene. 'n Algemene gebruik van die grafiese programme is om stories te illustreer. LOGO kan gebruik word om eenvoudige tekeninge soos blomme of diere te skep deur eenvoudige programme te skryf. Hoërskool- of kollegestudente kan grafiese kuns op rekenaar doen (Kearsley, 1992:125).

#### • Internet

Internet stel die moderne mens in staat om 'n bestelling te plaas vir 'n eenvoudige item soos 'n pastei of 'n oproep na enige deel van die wêreld. 'n Revolusie het plaasgevind in die beskikbaarstelling en verspreiding van inligting. Internet stel 'n persoon in staat om wêreldwyd uit 'n verskeidenheid bronne inligting elektronies te bekom en boodskappe te stuur wat nie net tyd bespaar nie, maar ook koste-effektief en uiters funksioneel is. Terselfdertyd bied die Internet kommersiële moontlikhede. Internet is 'n inisiatief wat tydens die Koue Oorlog sy beslag gekry het en bestaan uit rekenaarnetwerke wat aan mekaar gekoppel is. Die gebruikers van die verskillende netwerke word in staat gestel om inligting te deel.

In 1950 het Douglas Engelbart die prentjie van 'n groep mense om tafels in sy gedagtes weerspieël gesien. Hulle kon 'n rekenaar beheer deur slegs met hul vingers daarna te wys. In 1977 het hy 90% van sy gedagteprentjies 'n werklikheid gemaak deurdat die teorie waarop Internet gebaseer is, ontwikkel is deur 'n groep mense wat geglo het jy kan menslike denke en kommunikasie verbind. In 1985 is Internet deur ander wetenskaplikes behalwe uitsluitlik die rekenaarwetenskaplikes, begin

gebruik. In die vroeë negentigerjare het dit in die kommersiële mark posgevat. Daar deur het die //www.co.za. E-pos op Internet gekom om te bly.

Om toegang tot Internet te kry is gespesialiseerde apparatuur, programmatuur en infrastruktuur nodig. Vrye toegang is tot enige soort inligting in die vorm van gewone teks, grafika, klank en video wêreldwyd in verskillende formate, die belangrikste eienskap en voordeel daarvan. Inligting kan verkry word en ook beskikbaar gestel word deur jou eie www-bladsye ('world wide web'). Jy kan jouself inskryf vir 'n kursus aan 'n buitelandse opleidingsinstansie soos 'n universiteit en die kursus deur Internet voltooi. Daar is toenemende aanduidings dat die Internet sal beweeg in die rigting wat die sake-ondernemings besluit dit moet gaan. Reeds hou ABSA-Bank tred met die Net. Hulle Internet-tuisbankdiens bied rekeninghouers 'n praktiese en gerieflike manier om rekeningstate te sien en saldo's aan te vra. 'n Persoon sou in die toekoms toegang tot enige elektriese toestel in sy huis kan verkry waar hy ook al in die wêreld is. Hy sou byvoorbeeld sy alarmstelsel kan aan en afsit as hy dit aan sy Internet gekoppel het.

Kommunikasie is een van die sleutels van menswees. Die koste van kommunikasie hetsy 'n telefoonoproep of 'n faks op Telkom word deur twee faktore bepaal, naamlik afstand en tyd. Met E-pos verander dit. Die koste na jou buurman of 'n vriend in Japan bly dieselfde. Enige persoon op aarde wat Internet gebruik kan egter jou boodskap lees as hy jou E-pos kodenommer het. In *Finansies en Tegniek* van Junie 1997 word beweer dat 'n gemiddelde telefoonoproep drie minute duur en 'n gemiddelde Internet oproep 25 minute. Daar is ook geen sensuur op Internet nie. Kinders het vrye toegang ook tot die skadelike inligting en beelde soos byvoorbeeld kinderpornografie of E-pos-maats wat hulle wil uitbuit. In die *De Kat* van Maart 1997 word die verslaafdheid van 'n man aan die Internet as hoofrede aangevoer vir sy egskeiding.

Internet is 'n kragtige kommunikasiemiddel waarvan die krag en moontlikheid nog lank nie die einde gesien het nie. In 'n besprekingsprogram op Radio Sonder Grense (13 Julie 1999) is strenger beheer oor die gebruik van internet bepleit deur Kanada en Noorweë omdat Globalisering die rykes ryker en die armes armer maak. Suid Afrika was in 1998 89e op die lys van 174 lande en in 1999 is Suid-Afrika 101 uit die 174 SADEK lande geplaas. Dit word onder andere op die groei en ontwikkeling, investering, gemiddelde inkomste, vigs, behuising en lewensverwagting van 'n land se inwoners bereken.

- **Batteryrekenaar**

Die Apple eMate 300 mobiele rekenaar kos R5 514.40 (Arnold, 1997:14). Dit kan in 'n rugsak pas en kan in 'n laboratorium, op 'n staproete of tuis gebruik word. Dit is stewig in 'n sterk kas verpak en kan 28 uur lank met sy batterykrag werk. Met 'n woordverwerker, ingeboude optelmasjien en 'quick-sketch' moontlikhede, kan daar maklik 'n diagram of tekening op enige plek of tyd gemaak word sonder dat elektriese krag nodig is.



Dit is 'n apparaat of 'n voorwerp wat 'n persoon gebruik om hom/haar in staat te stel om 'n taak beter te doen as wat hy/sy dit daarsonder sou kon doen (Freysen, 1989:14). In onderwyskringe word die term 'Hulpmiddel' deur 'Onderwysmedia' vervang. Kachelhoffer (1984:79) wys daarop dat die term 'media' afkomstig is van die woord medius wat verwys na 'n tussenganger. 'n Medium word gebruik om 'n boodskap oor te dra. Daar is, aldus Kachelhoffer, 'n verskil tussen 'n Hulpmiddel - ook 'n gebruiksartikel genoem - sonder die doel om te kommunikeer en 'n hulpmiddel as kommunikasiemedium. Die inhoud van die rekenaarpakket, of die video, word in afstandsonderrig as vervanging van die onderwyser of opleier gebruik. Dit wat die onderwyser of opleier die leerder wil leer is in die inhoud van die diskette en kassette vervat. African Growth Network (AGN) het in 1996 een duisend en twee honderd matrikulante ingeskryf om hul I.E.B. (Independent Matriculation Board), met behulp van afstandsonderrig af te lê (Rapport-Tydskrif, 26 Mei 1996).

## MEDIA EN ONDERWYSMEDIA

Voor die uitvinding van die boekdrukkuns was die onderwyser hoofsaaklik die persoon wat inligting versamel, geberg, verwerk en aan die leerlinge bekend gestel het. Met die totstandkoming van die boekdrukkuns het inligting geredelik meer toeganklik geraak vir die mens. Dit het verrykende gevolge gehad vir die algemene geletterdheid, nywerheid en wetenskap (Freysen, 1989:17). Die tegnologiese ontwikkeling het verdere moontlikhede daargestel vir die versameling, ontsluiting en beskikbaarstelling van inligting. Vanweë die tegnologiese ontwikkeling het nuwe apparatuur die lig gesien, waarvan sommige in die onderrig-leergebeure aangewend word.

Binne die onderwysgebeure word formeel onderskei tussen die personale medium, die onderwyser of enige ander persoon wat as medium in die onderrig-leergebeure ingeskakel word, en die nie-personale media, dit wil sê alle ander vorme van media buite die onderwyser, wat deur hom/haar gebruik word om leerinhoud te kommunikeer. Onderwysmedia is dus enige persoon of voorwerp wat doelgerig aangewend word om leerinhoud binne 'n didaktiese situasie aan leerders te onderrig sodat sinvolle leer kan plaasvind (Kachelhoffer, 1994:32).

'n Medium word 'n onderwysmedium wanneer dit binne 'n didaktiese situasie sinvol en verantwoordelik aangewend word synde leerinhoud aan die leerder beskikbaar te stel, sodat 'n beplande leergeleentheid sinvolle leerervaring tot gevolg kan hê. Schramm (1977:13) is ondermeer die volgende mening toegedaan: hy beweer dat daar nie uit die oog verloor moet word nie dat feitlik alle onderrig uit meer as een afdeling bestaan. Die naam 'multimedia' is modern maar die gebruik is antiek. Die grotbewoner het sy seun deur middel van gesprekvoering (personale medium) geleer om te jag. Hy het egter ook demonstrasie en oefening gebruik (nie personale media en realiteit).

In die vroeë sewentigerjare het Wilbur Schramm in sy boek *Big Media, Little Media* beweer dat daar tussen komplekse gesofistikeerde duur media soos televisie, video en rekenaars en

eenvoudiger media soos die radio, skyfies, bandspeler en die truprojektor onderskei moet word. In ontwikkelende lande is dit nie haalbaar om op die duur media te konsentreer nie. Hierdie bewering is gestaaf deur ontwikkelende omgewings-navorsers wat al hoe meer besef het dat tradisionele vorme van algemene kommunikasie soos poppespel, volksdramas, ballades en storievertellers, baie mense bereik. Hierdie tradisionele metodes wat in samewerking met ander aktiwiteite gebruik word, het verskeie voordele. Dis goedkoop, dis bekend en dit word aanvaar deur die mense. Dit kan idees en kennis van ontwikkeling, gesondheid, tuinmakery, familiebeplanning en selfstandige omgewingsontwikkeling bevorder. Baie duisende jongmense wat uit die skool was kon makliker deur hierdie metodes bereik word. Hierdie innoverende kombinasies van opvoedkundige tegnologie en relevante leerinhoud het minder pedagogiese dogmas gehad wat oorkom moes word.

Waarom is dit noodsaaklik dat onderwysmedia gebruik word? Waarom kan die personele medium, die onderwyser, nie maar alleen tydens onderrig-leer figureer nie? ('Talk and chalk'). Die verwerking van die waarneming op aanskouing is wanneer dit ook 'n kind se gevoelslawe aangespreek het. Volgens pedagoë het aanskouing ook met **doen** te make (Fröbel, Perquin, Conradie, Duminy, Van Wyk en Van der Stoep is almal van mening dat aanskouing mèer is as net waarneming).

Leer is 'n proses van ordening en sistematisering om tot oorsigtelikheid te kom. Die kind leer primêr deur aanskouing. Die innerlike verwerking van die uiterlike beleving is moontlik omdat die mens in staat is tot denke (Briel, 1983:26). Aanskuingsonderwys vind sy toepassing deur die gebruikmaking van soveel sintuie as moontlik om die leerling te help om begrippe op te bou. Die middele wat gebruik word om hierdie doelstelling te bereik word aanskuingsmiddele of audiovisuele hulpmiddels genoem.

Hierdie kommunikasiemedia word op verskillende plekke en vir verskillende doeleindes aangewend. Een plek waar hul moontlikhede benut word is die onderwys. In hierdie geval verskil die gebruik van media van ander moontlike gebruike. Hoewel die gebruik of die doel verskil, bly dit nog dieselfde media. Onderwysprogramme word oor dieselfde televisiekanale as ontspannings- en sportprogramme uitgesaai; skoolradioprogramme oor dieselfde klankstelsel wat nuusbuletins en populêre musiek verskaf. Opvoedkundige televisie-programme word deur dieselfde proses as vermaaklikheidsprogramme vervaardig.

Die onderwys in die skool staan nie los van die wêreld daarbuite nie (Briel, 1983:2). Die huidige tydperk is een waarin die boek, potlood en papier wat so 'n groot rol in die Westerse wêreld gespeel het, besig is om plek te maak vir woordverwerkers en rekenaars.

## LINKER- EN REGTERBREINFUNKSIES

Gedurende die laaste 10 jaar is daar soveel soos 95% van alle informasie aangaande die werking van die brein ingesamel. Vrae soos die volgende is aangespreek (Buzan, 1995:25):

- Uit watter dele is ons brein saamgestel?

- Hoe word inligting geprosesseer?
- Wat is die hoofdoel van die brein?
- Hoe leer ons en watter kennis word die maklikste herroep?
- Watter tegnieke is deur die 'geniale' mense gebruik?

Sir Charles Sherrington, die oupagrootjie van moderne nueropsigologie, soos aangehaal deur Buzan (1995:27), beweer dat die brein 'n wonderweefraam is waar miljoene sinvolle veranderende patrone geweef word in 'n vervlietende harmonie van subpatrone. Dit is asof die Melkweg in 'n kosmiese dans inbeweeg.

In elke menslike brein is daar 'n geraamde miljoen miljoen breinselle (1000 000 000 000). Die eerste keer dat 'n gedagte of idee in die brein kom word die biochemiese elektromagnetiese weerstand wat daardie gedagte dra, verminde. Hoe meer kere die gedagte herhaal word hoe makliker word die paadjie. Dit is soos die oopmaak van 'n wandelpad deur digte struikgewas. Herhaling in sigself vermeerder die moontlikheid van herhaling. Hoe meer dikwels 'n gedagte of frase herhaal word, hoe makliker word dit onthou en hoe vaster word dit gelê. Elke individuele breinsel besit die vermoë om soveel as

10 000 of meer ander breinselle op dieselfde oomblik te kontak (Buzan, 1995:31).

Verskeie werke het die afgelope aantal jare aangaande die werking van die linker- en regterbrein van die mens verskyn. In die laat sestigerjare het professor Roger Sperry van California navorsing gedoen oor die linker- en regterbrein hemisfeer. Hoewel elke hemisfeer dominant is in sekere aktiwiteite, kan albei kante in alle areas diens doen. Die integrasie van die twee breinhelftes is die ideaal. Die brein poog om 'n geheel, 'n gestalt te wees. Van die outeurs verwys veral na die werk van dr RW Sperry, die Nobel-pryswenner, wat ontdek het dat die twee breinhelftes ingrypend van mekaar verskil ten opsigte van hul funksies, wat kortliks soos volg opgesom kan word:

- Die linker- en regterbrein kan onafhanklik van mekaar funksioneer.
- Die twee breinhelftes word deur verskillende stimuli gestimuleer.
- Die linkerbrein spesialiseer in taal, logika (wiskunde) en motoriese handeling.
- Die regterbrein is sonder taal en handel met die visuele, die vormlike en die ruimtelike.

Aangesien taal hoofsaaklik die medium vir kommunikasie is, is die linkerbrein by die meeste mense dominant. Die belangrikheid van die stimulering van die regterbreinhelfte word veral beklemtoon wanneer in ag geneem word dat beroepe waarby buitengewone vaardighede betrokke is, soos snykunde, ingenieurswese, die skone kunste en musiek, hoofsaaklik afhanklik van die regterbreinhelfte is.

Toe die mens sy innerlike breinprentjie vergestalt het in uiterlike simbole soos rotstekeninge en die latere skryfsimbole het die mag van die letter oor die vervlietende gedagte begin seëvier. Die gedagtes van die mens kon toe in tyd en ruimte vasgelê word deur verstaanbare merke, syfers en lettersimbole. Ons het die woord, die sin, logika en syfers as die hoekstene van ons beskawing beskou. Ons breine is geforseer om hierdie simbole as die enigste regte maniere van uitdrukking te sien. Baie van die groot geniale individue het prentjies by hul aantekeninge gevoeg. Assosiasies wek kreatiwiteit. In die *Mindmap Book* van Buzan (1995:295-304) is voorbeelde van die

aantekeninge van Picasso, da Vinci, Isaac Newton, Albert Einstein, Edison, Beethoven, Christopher Columbus, William Blake, Mark Twain, Charles Darwin en Vincent van Gogh. Hierdie mense se aantekeninge het sketse en tekeninge, diagonale of vertakte lyne om kennis te orden en te help om die persoon te laat onthou en verstaan. Buzan (1995:228) lig die verskil tussen oppervlakkige en diep-leer uit. Wanneer 'n leerder trag om te verstaan waarom hy leer, die konteks van nuwe idees en konsepte begryp, onthou hy makliker.

Die skoolstelsel spesialiseer daarin om kinders dié logika van skryf en reken in te dril. Die linkerbrein word goed ontwikkel. As skryf die beste manier is om kennis in te win, te analiseer en te versprei, waarom is daar dan soveel mense wat probleme ondervind om te leer, te dink, kreatief te wees en te onthou? (Buzan, 1995:38).

## KUNS

### • **Wat is kuns?**

Die term 'kuns' is moeilik definieerbaar. In die HAT (Verklarende Woordeboek van die Afrikaanse taal) word die woord 'kuns' in vyf afdelings geklassifiseer, naamlik:

- Vaardigheid, bekwaamheid.
- 'n Besondere slag om iets te doen of tot stand te bring.
- Behendigheid of 'n handeling waarvoor 'n besondere slag nodig is byvoorbeeld die boekdrukkuns, delikate kookkuns, wynmaak, goël of toorkuns.
- Die vermoë om dit wat in die gees lewe, op so 'n wyse tot uitdrukking te bring, dat dit ontroer of meeskep.
- Elkeen van die vakke wat deur onder meer kunstenaars beoefen word soos argitektuur, beeldhoukuns en glaswerk.

Kuns is 'n openbaring van die mens se siel en gees. Kuns spreek tot die mens se denke en gevoel (Prinsloo, 1985:115). Prinsloo (1985:35) haal die volgende persone aan ten opsigte van wat kuns is: Leuschner skryf dat 'kuns' afgelei is van die woord 'kan'. Tolstoy beskryf kuns as die emosies van die mens wat deur lyne, kleure, beweging, geluide of woorde uitgedruk word; elke kunswerk bied aan die ontvanger toegang tot 'n sekere verwantskap tussen homself en die skepper van die kunswerk. Gardner meen dat kuns 'n middel tot kommunikasie is. Kuns is volgens Cronjé 'n inherente noodsaak vir die mens. Cohen en Gainer beweer dat kinders spontaan en natuurlik kuns skep terwyl volwassenes sekere norme vir kinderkuns aan die een kant en 'skone kunste' aan die ander kant het.

Dit is vir Frieda Harmsen (1985:171) opvallend dat die Concise Oxford Dictionary, kuns 'n 'imitative or imaginative skill' noem, wat in ontwerp en skilderye voorkom. Die belangrike woorde hier is vaardigheid en verbeeldingrykheid. Sy is van mening dat 'egtheid' hierby gevoeg moet word. Die tradisionele siening is dat kuns esteties of mooi moet wees.

Op uitstallings en in publikasies sien 'n mens egter soms werke wat blatant lelik of onsmaklik en selfs vulgêr is. Dit is beslis nie 'mooi' nie, maar sommige van hierdie werke is kunswerke van gehalte, wat die toets van die tyd deurstaan het. Die begrip estetie is deur Alexander Baumgarten (1714-1762) afgelei van 'n Griekse woord wat waarneming beteken. Hierdeur het hy gepoog om die vinnig opeenvolgende beelde in die verbeelding te bestudeer (Landman, 1991:7). Kant (in Tillman, 1969:145-175) beweer dat skoonheid deur 'n voorwerp, hetsy 'n blom of skildery beleef word. Hierdie belewenis stel 'n mens in staat om homself te distansieer van die praktiese, wêreldse behoeftes van die alledaagse bestaan.

CG Van der Walt van Departement van Omgewingsake van die afdeling Natuurbewaring *Fauna en Flora* (1977:28) meld dat Cythna Letty met 'ontroering' werk. Sy vind dus iets van die emosie waarmee die kunstenaar andere deur middel van sy werk aanraak in die aanskoue van haar plantsketse en skilderye. Haar werk het daardie **ondefinieerbare element** wat dit 'n kunswerk maak. Cythna Letty het 40 jaar lank in 'n hoekie van 'n kantoor by 'n museum in Pretoria fyn waterverf- en pensketse van Suid-Afrikaanse plante gemaak.

In sy boek *Art* (1914) konstateer Clive Bell dat daar 'n ontwykende element in 'n ware kunswerk is wat estetiese emosie by die aanskouer opwek of veroorsaak. Dit is hierdie onpeilbare aspek wat deur die eeue heen verwondering en bewondering by die mens ontlok het maar ook, in sommige werke, verwerping en emosies van negatiewiteit opwek.

Hoewel daar nie 'n vaste definisie vir die woord 'Kuns' bestaan nie, aanvaar die meeste mense dat hulle weet wat kuns is en soms is hulle meer seker van wat kuns nie is nie. Elke mens moet poog om sy eie waarnemings en reaksies ten opsigte van kuns te formuleer eerder as om staat te maak op die opinies van ander mense (Harmsen, 1985: 175).

- **Kunsvaardighede**

Vaardigheid veronderstel bekwaamheid, handigheid of bedrewenheid in 'n rigting of vakgebied. So veronderstel kunsvaardigheid 'n sekere vermoë of vaardigheid in 'n spesifieke kunsbeoefening. In hierdie studie sal kunsvaardigheid die verskillende aktiwiteite wees wat die persone wat na die video oor kuns gekyk het, beoefen het. Die kunsvoorwerpe, kunswerke en aktiwiteite wat daaruit voortvloei sal geëvalueer word om die mate van sukses of begrip van dit wat geleer is, te bepaal.

Rembrandt van Rhÿn het in sy opleidingstyd by 'n leermeester sekere tegnieke en vaardighede geleer soos hoe om 'n doek voor te berei waarop daar geverf moet word; hoe om 'n komposisie te beplan; Hoe om verf te meng en te gebruik. Hy het weer later leelinge gehad aan wie hy hierdie tegnieke oorgedra het. Elke soort kuns of vakmanskap het sy eie geskiedenis, eie gereedskap, eie gebruike, tegnieke en materiale. Die vermenging van tegnieke en materiale en die oorvleueling van sekere kunsoorte soos byvoorbeeld verfwerk op beeldhouwerk, gee 'n unieke en vrye karakter aan kunsuitinge. Goeie vakmanskap op enige gebied sluit sekere vaardighede in. Kunsvaardigheid sal dus die basiese tegnieke van 'n kunsoort insluit.

- **Kunsterme**

Dit sluit nou aan by kunsvaardighede. 'n Kunstenaar of vakman het die basiese woordeskat nodig om te verstaan wat bedoel word met sekere woorde. In elke vakgebied is daar woorde of terme

wat eie is aan daardie bepaalde gebied. Die woord 'lyn' het byvoorbeeld in kuns 'n ander betekenis as in wiskunde. Gerhard Hagg haal terme aan uit LR Rogers se boek oor beeldhoukuns. Om 'n begrip te hê van beeldhoukuns moet 'n persoon verstaan wat die volgende terme beteken: volume, soliditeit, oppervlaktes, verskuiwings, interspel van soliedes en ruimtes. In die taal van kuns het sekere algemene woorde 'n spesiale betekenis. Woorde soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, diepte, balans, tinte, skakering, wasse, rondings en so meer is eie aan kuns. 'n Persoon wat geen opleiding of agtergrond in kuns het nie, sal nie verstaan wat hy lees as hy 'n artikel oor kuns sou lees waar hierdie woorde gebruik word nie.


Net soos met byna alle bedrywe of handeling op aarde, speel taal en die betekenis van sekere woorde 'n groot rol in die verstaan van daardie handeling. In die bestudering en beoefening van kuns is daar baie terme wat die belangstellende persoon moet ken om te begryp waarom dit gaan. 'Petroglyphs' of rotsgravures, 'serigraphy' of systerwerk kan Grieks wees vir die leek in kuns. Die kunswoordeskat wat in hierdie navorsing gebruik word is 'n verduideliking van die mees algemene of elementêre kunsbeginsels soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, fatsoen en patroon. Uit die aard van die saak sal baie kunswoorde na die beste pogings om te verduidelik nog aan leerlinge en leerders onbekend wees. Die persoon wat werklik moeite wil doen sal deur navraag en leeswerk sy kennis kan uitbrei. Vir 'n kind wat teken of 'n vrou op 'n plaas wat haar huis met kleipatrone wil versier is die kennis van kunsterme in kunsboeke van minder belang. Die werklike besig-wees met 'n kunsvaardigheid is die natuurlike en mees inspirerende aksie om kennis oor kuns in te win.

Kennis van kunsterme is egter baie nodig vir 'n persoon wat artikels en resensies oor kuns wil verstaan. Dit is ook nodig vir 'n onderwyser om te weet wat word met kunsterme bedoel. As 'n onderwyser nie weet wat 'Ultramaryn' beteken nie, sal hy nie weet watter kleur verf hy bestel nie. Slegs indien die opvoedkundige of student die kernbegrippe wat tuishoort by die opvoedkunde grondig begryp en met gemak en selfvertroue kan gebruik, sal hy met ander opvoedkundiges kan kommunikeer. Sekere terme wat in die gewone omgangstaal met allerhande verwarrende konnotasies gebruik word, moet daarom helder omlin wees. Dit is 'n belangrike voorvereiste vir wetenskapbeoefening (Landman, 1994:8). Hierdie opmerkings is ewe waar ten opsigte van kunsterme. Indien 'n persoon weet wat 'n woord soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, diepte, skaduwee, 'n was, 'n tint, 'n skakering, oorvleueling of verskuiwing in kunstaal beteken, sal hy 'n beskrywing of 'n verduideliking beter verstaan.

# VIDEOKATALOGUS

1995

# VIDEO CATALOGUE



## Die Nasionale Filmoteek The National Film Library

Privaatsak X239  
Private Bag X239  
PRETORIA  
0001

Tel: (012) 322-6625  
Faks: (012) 322-1862  
Fax: (012) 322-1862

Privaatsak X86  
Private Bag X86  
BELVILLE  
7535

Tel: (021) 945 1170/1  
Faks: (021) 948 9534  
Fax: (021) 948-9534

Privaatsak X9090  
Private Bag X9090  
PIETERMARITZBURG  
3200

Tel: (0331) 94-2391/8  
Faks: (0331) 45-3077  
Fax: (0331) 45-3077

## Algemene inligting General information

### LIDMAATSKAP

Geregistreerde lede van die Nasionale Filмотеек mag media leen vir gebruik. Alle onderwys- en opleidingsinrigtings asook kultuur- en gemeenskapsinstansies kom in aanmerking vir lidmaatskap. Die volgende voorwaardes is van toepassing:

- \* Geen gelde mag op 'n direkte of indirekte metode gehef word vir vertonings, opleidingskurse of aanbiedings waar die Nasionale Filмотеек se materiaal gebruik word nie. Bywoning van sulke geleenthede word beperk tot lede van die betrokke organisasie.
- \* Media mag vir veertien dae gehou word.
- \* Jaarlikse ledesgeld moet voor of op 28 Februarie van die betrokke jaar betaal word.

### GEBRUIKERSINLIGTING

Katalogusnommers en outeursreg-reëlings in hierdie katalogus vervang alle vorige nommers en reëlings. Gebruikers moet slegs dié katalogusnommers wat in hierdie katalogus voorkom, gebruik.

Neem verder kennis dat alle titels in die katalogus in die VHS-videoformaat beskikbaar is. Indien titels ook in ander formate beskikbaar is, word dit by FT aangedui, byvoorbeeld Beta (B) en Video 8 (8).

Beide katalogusnommer en titel moet op die besprekingsvorm (BOF2) aangedui word. Om teleurstelling te voorkom, kan u minstens een alternatiewe aandui vir elke program wat u bespreek. Die voltooië besprekingsvorm (BOF2) moet die amptelike stempel van die skool of organisasie dra.

Media moet in die verpakking waarin dit ontvang word, aan die Nasionale Filмотеек terugbesorg word. Alle media wat in een besending ontvang is, moet in een besending teruggestuur word. Die posdiens is gratis. Media mag ook per hand afgehaal en teruggebring word.

Rekenaarprogramme, en langspeel- en laserplate is slegs vanaf die NF se tak in Pretoria beskikbaar.

### MEMBERSHIP

Registered members of the National Film Library may borrow media. Membership is granted to all education, training, cultural and community development institutions. The following conditions apply:

- \* No fees may be charged, either directly or indirectly, for screenings, training courses or presentations during which material distributed by the National Film Library is used. Attendance of these functions is limited to members of that organisation only.
- \* Media may be retained for fourteen days.
- \* Annual membership fees must be paid on or before 28 February of each year.

### USER INFORMATION

The catalogue numbers and copyright arrangements in this catalogue supercede all previous numbers and arrangements. Catalogue numbers must in future only be used as they appear in this catalogue.

Please note that all titles contained in this catalogue are available on VHS. Where a title is also available in other formats (FT), it will be indicated as B for Beta and 8 for Video 8.

Both catalogue number and title should be filled in on the booking form (BOF2). To avoid disappointment, you are advised to submit at least one alternative title for each program booked. Completed booking forms (BOF2) must bear the official stamp of the school or organisation.

Media must be returned to the NFL in the same packaging in which they were received. Return each consignment of media in one batch. Do not separate a consignment. Media on loan are returned by mail free of charge. Media may also be collected or returned by hand.

Computer programs, long-playing records and CD's are available from the NFL's Pretoria Branch only.

*In 1997 is die laaste lysie vir video en rekenaar programme deur die Sentrum vir Onderwys-tegnologie uitgegee.*

**BYLAAG 2: BESKIKBARE VIDEO- EN REKENAAR PROGRAMME IN 1997  
DEUR VERSKEIE INSTANSIES, GESKIK VIR SKOOLOPLEIDING**



## Skilderkuns/Painting

